# *Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1948*

**Johannes Degenaar Froneman,**
Hons-BA, M Joernalistiek (Stell)

**Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Philosophiae Doctor in die Departement Kommuuikasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Promotor: Prof. dr. A.S. de Beer**
**Mede-promotor:Dr. N.S. Jansen van Rensburg**

**Potchefstroom**
**1995**

Hierdie werk word opgedra aan

- *die nagedagtenis van my ouers,* ***Deodat*** *en* ***Helena Froneman***

- *die duisende Stellenbosse studente wat, ten spyte van menslike swakhede en dus ook talle foute, oor dekades heen help bou het aan 'n beskawing.*

// Bedankings

Ek betuig graag my hartlike dank en waardering teenoor die talle mense en instansies wat my oor jare heen ondersteun en dié studie moontlik gemaak het. In die besonder:

- my gesin, familie en skoonfamilie
- vriende en kollegas
- onderwysers en dosente
- die personeel van die Carnegie- en J.S. Gericke-biblioteke aan die Universiteit van Stellenbosch en die Ferdinand Postma-biblioteek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
- oud-Maties wat hul onvervangbare herinneringe met ons gedeel het
- my promotor en mede-promotor

Uiteindelik kom alle dank en eer aan Hom toe wat ons roep, toerus en krag gee.

Finansiële ondersteuning van die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) word hiermee erken. Menings hierin uitgespreek is nie dié van die SWO nie.

# *Abstract*

This study describes the communication of Afrikaner nationalism within the Stellenbosch student community from 1902-1948 - a period which started with the defeat of the Boer republics by Great Britain, and ended with a watershed election victory by the National Party.

After briefly noting the evolving *contexts* in which the students of each sub-period (1902-1924, 1925-1938 and 1939-1948) communicated their nationalism, the *content* of their verbal and non-verbal ritual communication of nationalism is described in detail.

In an effort to achieve clearer understanding, the content is analysed by using an adapted version of Schillinger's "dynamic theory for the press".

It was found that the dominant motive in the period 1902-1924 was *survival*, with *ideology* (implying domination) not yet that prominent. In the next period (1925-1938) ideology moved to the fore, replacing survival as the dominant motive, as the Afrikaner became stronger, both economically and culturally. During the period 1939-1948, which was overshadowed by World War II, ideology dominated.

It is noted, however, that survival in the long term was always an important aspect of Afrikaner nationalism, which makes a consistent and clear-cut distinction between these two dominant motives difficult. In the end, this limits the use of Schillinger's theory, although it is of some use.

The material is also analysed in terms of the development model for the media. It was found that the students' communication of Afrikaner nationalism could indeed be described as a form of

development communication. The use of this particular model in describing communication, is thus extended beyond its contemporary Third World context.

Particular attention is also given to various *forms* of communication utilised by the students. It was found that they communicated extensively via cultural activities (e.g. plays, music and clothes), which is understandable as they had little other means. By identifying these different ("alternative") forms of communication - which are also described as *woord-en-daad-kommunikasie* (communicating by word and action) - a broad concept of communication is used and championed in this thesis.

Finally, the study is offered as a contribution to communication historiography as a distinct approach. In terms of this approach, theory can be used in explaining historical material, but the importance of unique events are stressed.

It is suggested that different approaches to the study of communication are necessary and should be seen as enriching, supplementary ways in studying the ways and means in which people create meaning.

# Inhoud

**Hoofstuk 1**
**Inleiding, terreinafbakening, navorsingsvrae en doelstellings......1**

**1.1 Geskiedenis van kommunikasie**
1.1.1 Filosofiese oriëntasie
1.1.2 Verskillende metodes
1.1.3 Die narratief
1.1.4 Die partikuliere en konteks
1.1.5 Teorie en generalisasie
1.1.6 Terreine van moontlike navorsing
1.1.7 Vraagstelling

**1.2 Verklaring van enkele sleutelbegrippe**
1.2.1 Kommunikasie
1.2.2 Intensionaliteit
1.2.3 Kultuur as instrument van versorging en/of mag
1.2.4 Nasionalisme, volksnasionalisme en ideologie
1.2.4.1 Gebruik van enkele sleutelbegrippe
1.2.4.2 Afrikanernasionalisme as ideologie
1.2.4.3 Ideologie as magsinstrument

**1.3 Onderwerpkeuse en terreinafbakening**
1.3.1 Studente-aktivisme
1.3.2 Studente van die US
1.3.3 Die periode 1902-1948

**1.4 Navorsingsvrae**
1.4.1 Konteks
1.4.2 Inhoud van kommunikasie
1.4.3 Vorme van kommunikasie
1.4.4 Primêre dryfvere
1.4.5 Schillinger se dinamiese teorie
1.4.6 Ontwikkelingsmodel

**1.5 Doelstellings**
1.5.1 Konteks
1.5.2 Inhoud van kommunikasie
1.5.3 Vorme van kommunikasie
1.5.4 Primêre dryfvere
1.5.5 Schillinger se dinamiese teorie
1.5.6 Ontwikkelingsmodel

**1.6 Metode van ondersoek**
1.6.1 Invalshoek
1.6.2 Waarneming en 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van simboliese vorme
1.6.3 Kontekstuele beskrywing
1.6.4 Vergelyking
1.6.5 Opskerping van begrippe
1.6.6 Triangulasie

**1.7 Oorsig van hoofstukke**

**Hoofstuk 2**
**Teoretiese raamwerk en sentrale teoretiese stellings....................34**

**2.1 Schillinger se dinamiese teorie**
2.1.1 Premis 1
2.1.2 Premis 2
2.1.2.1 Oorlewing
2.1.2.2 Ideologie
2.1.2.3 Markgerigtheid
2.1.3 Premis 3

**2.2 Die ontwikkelingsmodel vir die media**
2.2.1 Nasiebou kry voorrang
2.2.2 Kritiek nie geduld
2.2.3 Inligting nie neutraal
2.2.4 Die reg tot sensuur
2.2.5 Samevatting

**2.3 Sentrale teoretiese stellings**
2.3.1 Vorm, inhoud en konteks
2.3.2 Identifikasie van primêre motiewe
2.3.3 Dominansie van primêre motiewe
2.3.4 Gebruik van Schillinger se dinamiese model
2.3.5 Gebruik van die ontwikkelingsmodel

**Hoofstuk 3**
**Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1902-1924**......50

**3.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks**
3.1.1 Die tydperk vóór 1902
3.1.2 Breë politieke, ekonomiese en kulturele konteks
3.1.3 Totstandkoming van die Universiteit van Stellenbosch
3.1.4 Studentelewe: sosiale lewe, kleredrag, vermaak, getalle, gedrag en groepsgees
3.1.5 Massamedia
3.1.6 Die invloed van dosente en sprekers

**3.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme**
3.2.1 Politieke en ekonomiese nasionalisme
3.2.2 Standpunte oor rassesake
3.2.3 Die US as "volksuniversiteit"
3.2.4 Bevordering van Afrikaans
3.2.5 Debatsaande, toneel en sprekers
3.2.6 Bevordering van Afrikaanse sang en musiek
3.2.7 Steun vir eie monumente en simbole
3.2.8 Volksopvoeding en hulpverlening
3.2.9 Betrokkenheid by buiteverenigings en studente-organisasies

**3.3 Vorme van kommunikasie**
3.3.1 Amptelike besluite

3.3.2 Publikasies
3.3.3 Kultuurlewe
3.3.4 Samevatting

**Hoofstuk 4**
**Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1925-1938 ....... 125**

**4.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks**
4.1.1 Kulturele, intellektuele en sosiale lewe
4.1.2 Studentelewe: vermaak, kleredrag en sedes
4.1.3 Massamedia en openbare debat
4.1.4 Studentegetalle, koshuislewe, groepsgees en rol van dosente
4.1.5 Swak gedrag en belangstelling, ontgroening en studentepret

**4.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme**
4.2.1 Politieke en ekonomiese situasie en kommunikasie van Afrikanernasionalisme
4.2.2 Die verhouding met Nusas en die ANS
4.2.3 Herdenking van die Voortrekkereeufees en die dreigende oorlog
4.2.4 Die Universiteit van Stellenbosch as "volksuniversiteit"
4.2.5 Hulpverlening; bou van eie monumente en bevordering van Afrikaanse musiek, sang en danse

4.2.6 Debatte, toneel, sprekers en kultuurdae
4.2.7 Kuns en letterkunde
4.2.8 Handhawing en uitbou van Afrikaans as skryf- en spreektaal
4.2.9 Sport

**4.3 Vorme van kommunikasie**
4.3.1 Amptelike besluite
4.3.2 Publikasies
4.3.3 Kultuurlewe
4.3.4 Samevatting

**Hoofstuk 5**
**Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1939-1948..........207**

**5.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks**
5.1.1 Studentelewe: sosiale lewe, kleredrag, vermaak, getalle, gedrag en groepsgees
5.1.2 Massamedia
5.1.3 Invloed van dosente

**5.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme**
5.2.1 Politieke nasionalisme: die Tweede Wêreldoorlog en die verhoudings met die HNP, Ossewa-Brandwag, ANS, Nusas en ander universiteite
5.2.2 Apartheid en die republikeinse strewe

5.2.3 Die Universiteit van Stellenbosch as "volksuniversiteit"
5.2.4 Ekonomiese nasionalisme
5.2.5 Bevordering van die Afrikaanse taal, sang, musiek en toneel
5.2.6 Verenigingslewe en volksfeeste
5.2.7 Sport

**5.3 Vorme van kommunikasie**

5.3.1 Amptelike besluite
5.3.2 Publikasies
5.3.3 Kultuurlewe
5.3.4 Samevatting

**Hoofstuk 6**
**Verdere interpretasie, verantwoording en slotgevolgtrekkings ........ 278**

**6.1 1902-1924. Interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese model vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.**

**6.2 1925-1938. Interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese model vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.**

**6.3 1939-1948. Interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese model vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.**

**6.4 Samevatting**

**6.5 Verantwoording**

6.5.1 Binne welke breër politieke, kulturele en sosiale konteks het die Stellenbosse studente opgetree?

6.5.2 Wat was die inhoud van hul kommunikasie?

6.5.3 Watter vorme van kommunikasie is deur die studente gebruik om hul Afrikanernasionalisme te help skep, onderhou, herstel en te herskep?

6.5.4 Watter primêre dryfvere kan in die studente se kommunikasie aangetoon word?

6.5.5 Kan Schillinger se dinamiese teorie vir perssisteme gebruik word om 'n beter begrip te verkry van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente?

6.5.6 Is die ontwikkelingsmodel vir die media aanvullend bruikbaar by die verklaring van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente?

**6.6 Ten slotte**

**Afkortings en bronnelys ........................................................320**

# 1

# *Inleiding, terreinafbakening, navorsingsvrae en doelstellings*

Afrikanernasionalisme is een van die belangwekkendste bewegings van hierdie eeu en het beslissende implikasies vir Suid-Afrika gehad. Afrika se politieke en ekonomiese toneel is eweneens merkbaar daardeur beïnvloed, terwyl die wêreld se oë in die jare ná 1948 toenemend op Suid-Afrika gevestig is nadat Afrikanernasionalisme 'n besondere vorm van rassisme, te wete apartheid, voortgebring, geïnstitusionaliseer en toegepas het.

Hoe Afrikanernasionalisme in al sy gedaantes tot stand gekom het via 'n verskeidenheid van verbale en nie-verbale kommunikasievorme, sit aan die hart van die verstaan van dié nasionalisme. Vanweë die feit dat die Afrikanernasionalistiese leiersklas byna deur die bank produkte van Afrikaanse universiteite

was, lê die belang van die verstaan van Afrikanernasionalisme onder studente voor die hand. Tog is weinig navorsing tot dusver hieroor gedoen en word dié kritieke faset van die latere leiers se ontwikkeling telkens afgeskeep.

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die wyse waarop Afrikanernasionalisme deur studente van die Universiteit van Stellenbosch en sy voorganger, die Victoria-Kollege, in die tydperk van 1902 (net na die Anglo-Boereoorlog[1]) tot 1948 (toe die Nasionale Party die bewind beslissend oorgeneem het) gekommunikeer is.

Meer spesifiek het die studie ten doel die kontekstualisering en beskrywing van die vorme en inhoud van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente in die genoemde tydvak. Verder word groter begrip van die historiese stof gesoek deur die toepassing van 'n aangepasde weergawe van Schillinger (1989) se sg. dinamiese teorie vir die pers (met sy identifisering van die motiewe oorlewing, ideologie en mark, kyk 2.3) asook 'n uitgebreide weergawe van die ontwikkelingsmodel vir die media (soos onder meer deur Hachten [1992] en McQuail [1989a:111-123] beskryf [kyk 2.4]).

## 1.1 Geskiedenis van kommunikasie.

Waar geskiedskrywing neig om op politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkelinge te konsentreer, word die *geskiedenis van kommunikasie* hier aan die orde gestel. Daarmee kry die verskynsel kommunikasie 'n sentrale plek.

'n Hele aantal navorsingswerke het al oor aspekte van die Suid-Afrikaanse mediageskiedenis verskyn.[2] Dié werke verteenwoordig wyd uiteenlopende benaderingswyses tot die skryf van mediageskiedenis, wat waarskynlik verband hou met hul bedoelings; die skrywers het meer dikwels nie pertinent *geskiedskrywing* ten doel gehad nie. Tog het hulle bydraes tot die breër geskiedenis van kommunikasie in hierdie land gelewer. Dit geld ook navor-

singswerke oor die geskiedenis van mondelinge kommunikasie (soos debatsverenigings en volksvertelkuns). Oor die verband tussen die ontwikkeling van kommunikasie en die geskiedenis van tegnologiese ontwikkeling (soos dié van die telegraaf en telefoon) en selfs die geskiedenis van die ontwikkeling van paaie en treinverbindings, is elders al navorsing gedoen (kyk Crowley & Heyer, 1991; Stevens & Garcia, 1980), maar in Suid-Afrika is dit nog 'n braak terrein. Wel is enkele werke al gepubliseer oor die geskiedenis van telekommunikasie (bv. Olmesdahl, 1980; Bennett, s.a.; Posmeester-generaal, 1935) en verskeie tydskrifartikels oor die geskiedenis van paaie en passe, wat basiese boustene kan vorm van 'n omvattende geskiedenis van kommunikasie in Suid-Afrika - geskiedenis wat die brug tussen tegnologiese ontwikkeling en die aard en plek van kommunikasie as eg-menslike handeling sal moet slaan.

Die belang van kommunikasie as faktor in die geskiedenis het egter hier en elders nog nie naastenby genoeg aandag geniet nie. Waar sommige werke oorbelaai is met teoretiese en filosofiese bagasie, en basiese historiese navorsing agterweë gelaat word, is dit ook so dat kommunikasiegeskiedskrywing dikwels te min teoretiese begronding het (Crowley & Heyer, 1991:1; Jowett, 1975:34,37; Stevens & Garcia, 1980:8). Die een uitsondering is die rol en effek van die massamedia in die twintigste eeu.

'n Haas onoorsigtelike aantal boeke met selfs meer uiteenlopende vertrekpunte en perspektiewe het al oor die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiale geskiedenis verskyn.[3] In die kontekstualisering van hierdie studie se kommunikasiehistoriese stof, word noodwendig heelwat hieruit geput en by aansluiting gevind.

Hierdie studie wil teen bogenoemde agtergrond poog om in 'n mate ook reg te laat geskied aan die groeiende behoefte aan interdissiplinêre navorsing. Op die gebied van kommunikasiegeskiedenis is dit eintlik onvermydelik: politieke, ekonomiese, tegnologiese, kultuur- en kommunikasiegeskiedenis is ten nouste verwant en

behoort nie gekompartementaliseer te word nie (Startt & Sloan, 1989:7,15). Terselfdertyd word aansluiting gesoek by die ontwikkelende korpus van kommunikasiehistoriografiese denke wêreldwyd (kyk Stevens & Garcia, 1980; Christians & Carey, 1989; Crowley & Heyer, 1991; Schudson, 1991).

Maar soos met politieke e.a. geskiedskrywing, kan kommunikasiegeskiedenis filosofies verskillend benader en metodologies vanuit verskillende invalshoeke aangepak word. Sleutelkwessies sluit in: filosofiese oriëntasie, die betekenis van geskiedenis, metodes, die narratief as kenmerk van geskiedskrywing, klem op die partikuliere besonderhede en die kontekstualisering daarvan, die gebruik van teorie (en daarmee saam die moontlikheid van generalisasie), velde van moontlike historiese navorsing en vraagstelling.

**1.1.1 Filosofiese oriëntasie.** Epistemologiese, antropologiese en ontologiese vertrekpunte kom in spel wanneer wetenskaplikes - dus ook historici - hul taak aanpak. Die taak wat in hierdie studie aangepak word is: die nastreef van begrip van die partikuliere optrede van Godgeskape mense in 'n gegewe konteks (kyk Jansen, 1989:24-27).

Vanuit 'n Christelik-reformatoriese perspektief beteken dit dat voorwetenskaplik aanvaar word dat:

* die historikus se vermoë om te ken en te begryp deur God aan hom gegee is, maar dat dit uiteindelik beperk is omdat ons hier en nou slegs ten dele ken;
* die mens - as voorwerp van studie - geen willose wese is wat uiteindelik tot 'n ratjie in 'n masjien gereduseer mag word nie;
* die menslike geskiedenis sinvolle gebeure is wat onder die beskikking van God plaasgevind het en die moeite werd is om na te vors en te probeer verstaan; en
* kommunikasie 'n sentrale menslike vermoë is wat roep om wetenskaplike ondersoek. Die bestudering van kommunikasiegeskie-

denis spruit dus nie bloot voort uit 'n antikwariese interesse nie (vgl. Schudson, 1991:185; Dray, aangehaal deur Jowett, 1975:34).

Ten einde die implisiete opdrag van bg. vertrekpunte uit te voer, word hier gekies vir wat vry algemeen as 'n *humanistic* benadering (in teenstelling met 'n *social scientific* benadering) getipeer word (Nord, 1989:294). 'n "Humanistiese" benadering val egter vreemd op binne 'n reformatoriese benadering. Maar die bedoeling van die sg. *humanistiese* historiese benadering is, met voorbehoude, in die kol: om in hoofsaak unieke gebeure en sekwense te probeer begryp wat in 'n spesifieke konteks, plek en tyd plaasgevind het (Stacks & Hocking, 1992:100,101).

Anders as die sg. *wetenskaplike* benadering, word hier nie soseer na teorieë oor die geskiedenis gesoek nie - veral nie makrohistoriese konstruksies nie. Die gebruik van teorieë in die verklaring van historiese stof word egter nie afgewys nie en kan inderdaad verhelderend wees. In soverre kommunikasiegeskiedskrywing die blote byeenbring van feite transendeer en verduidelikings probeer aanbied, word teorie gevorm (Christians & Carey, 1989:358).

Die sg. *wetenskaplike* benadering se tipiese gebruik van kwantifisering, identifisering van effekte en gepaardgaande voorspellings, val wel buite die skopus van hierdie studie.

Die keuses wat hier uitgeoefen is, het verdere implikasies wat vervolgens aan die orde kom:

**1.1.2 Verskillende metodes.** Ten einde voorafgaande opdrag uit te voer, word breedweg binne die kwalitatiewe paradigma gefunksioneer. Historiese navorsing is egter nie eenvoudig gelyk te stel aan 'n kwalitatiewe benadering nie, aangesien kwantitatiewe metodes wel deur historici gebruik kan word (vgl. Stevens & Garcia, 1980:71-84; Startt & Sloan, 1989:10,11). Verder merk Christians & Carey (1989:358) op: "Qualitative studies emulate historical explanation as method, not history as subject."

In hierdie studie word slegs van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak, maar uiteindelik is die vraag eerder

**whether historians will indulge in impressionistic research and the subsequent necessarily empty rhetoric or whether communication historians will discipline themselves to the rigor of empirical study (Smith, 1989:316).**

Hier word gekies vir 'n empiriese benadering en empirisisme, met sy a-historiese vooroordele, terselfdertyd afgewys (Christians & Carey, 1989:365).

**1.1.3 Die narratief.** 'n Kenmerkende element van die historikus se werk is dat dit uitloop op 'n beskrywing van gebeure, 'n narratief. En dié chronologiese narratief is, aldus Tuchman (1991:9), "the spine and blood stream that brings history closer to 'how it really was' and to a proper understanding of cause and effect...". Daarom is die historikus "in a sense a teller of stories, stories of the past that describe and attempt to explain what happened in the spirit of the particular time" (Stack & Hocking, 1992:101).

Waar 'n groot deel van hierdie studie merendeels aan 'n chronologiese narratief gewy word, is dit in die tradisie van geskiedskrywing en moet dit nie misverstaan word as 'n horisontale opstapeling van voorbeelde ten einde 'n bepaalde teorie te toets nie.

**1.1.4 Die partikuliere en konteks.** In die narratiewe word groot klem op unieke, spesifieke (partikuliere) besonderhede geplaas (Startt & Sloan, 1989:10,12). Die belangrike is egter om hierdie detail in 'n breër konteks te plaas en te probeer verstaan (Startt & Sloan, 1989:15, Jowett, 1975:34). Dit sou ideaalgesproke ook die integrasie van kommunikasie as verskynsel by die breër politieke, ekonomiese en sosiale geskiedenis behels (Schudson, 1991:183). Kommunikasiegeskiedenis is immers 'n integrale deel van geskiedenis in die breë.

**1.1.5 Teorie en generalisasie.** Verskillende standpunte word deur historici oor die rol van teorie en generalisasie nagehou. Die sg. humanistiese historikus kies vir die verkryging van begrip deur noulettende aandag aan die unieke en partikuliere te gee (Nord, 1989:297). Daardeur word die soeke na veralgemenings en teorieë nie totaal genegeer nie, maar grootskaalse generalisasie met 'n mindere of meerdere mate van skeptisisme bejeën.

In hierdie studie word teorieë wel as instrument gebruik in die noodsaaklike interpretasie van die historiese stof, maar geen omvattende teorie word voorgehou nie (vgl. Startt & Sloan, 1989:20;154). Geskiedenis het 'n manier om inkapseling in teoretiese vakkies vry te spring omdat "in human behaviour and history it is impossible to isolate or repeat a given set of circumstances" (Tuchman, 1991:248,249). Die uiteindelike doel van die sg. humanistiese historikus "is not to generalize but to illuminate. Experience, not generalization, is what the humanities have to offer to human understanding" (Nord, 1989:296).

Teen bg. agtergrond, som Startt & Sloan (1989:154) die benadering wat in hierdie studie gevolg word raak op:

> Simply stated, theory does not play the role in historical inquiry that it does in the social sciences. Historians use theories in a more elastic manner than social scientists. In most cases, they employ theory as they would use any interpretation, as an explanation to be adapted, developed, or rejected.

**1.1.6 Terreine van moontlike navorsing.** 'n Groot aantal velde kan deur die kommunikasiehistorikus nagevors word (vgl. Phifer, aangehaal deur Stacks & Hocking, 1992:105). Dit sluit in die studie van bewegings of ideë, wat die onderwerp van hierdie studie, nl. die spesifieke nasionalisme van 'n bepaalde groep mense in tyd en ruimte, kan insluit.

**1.1.7 Vraagstelling.** Hoewel hier nie sprake mag wees van 'n tendensieuse inlê van die verlede in die hede nie, word die

vraagstelling telkens deur die huidige situasie en die empatie van die navorser bepaal of ten minste mede-bepaal (vgl. Nord, 1989:297).

Die motivering vir die vrae wat in hierdie studie aan die orde kom, vloei breedweg voort uit vrae oor die dominante en steeds groeiende rol van die massamedia in die samelewing, en die wyse waarop verbale en nie-verbale kommunikasie binne gemeenskappe (kan) funksioneer in die konstruksie en instandhouding van 'n ideologie (soos apartheid) (vgl. Schiller, 1993:117). Lg. vraag kan veral in die lig van die verandering in en beskikbaarheid van tegnologie gestel word.

## 1.2 Verklaring van enkele sleutelbegrippe

'n Basiese vertrekpunt vir hierdie studie is die verstaan van die begrippe *kultuur* as *kommunikasie* en *kultuur* as *wyses van versorging* of as **magsinstrument,** asook die verskynsel van *(Afrikaner-)nasionalisme* as *ideologie* en as 'n *volksnasionalisme* - veral dan binne die geledere van Stellenbosse studente in die jare 1902-1948.

**1.2.1 Kommunikasie.** Soos met die meerkantige begrip kultuur, word kommunikasie op 'n groot aantal wyses omskryf. Volgens Carey (1989:15) word meestal gedink in terme van kommunikasie-as-transmissie, d.w.s. as 'n proses waardeur boodskappe oor tyd en afstand heen gestuur en versprei word met die oog op beheer. Daarteenoor stel hy die gedagte van kommunikasie-as-ritueel. In terme van dié siening is kommunikasie gemik op die byeenbring van mense ten einde gemeenskap (*fellowship*) te beoefen. Anders gestel:

> A ritual view of communication is not directed toward the extension of messages in space but toward the maintenance of society in time; not the act of imparting information but representation of shared beliefs (Carey, 1989:18).

Dit vind plaas deur die daarstelling van visuele, mondelinge of kinekinetiese simboliese vorme soos dans, dramaopvoerings, boeke, argitektuur en koerante. Daardeur word die werklikheid geskep, in stand gehou, herstel of getransformeer (Carey, 1989:23,27,30).

Thompson (1990:59) sluit hierby aan wanneer hy simboliese vorme tipeer as "a broad range of actions and utterances, images and texts, which are produced by subjects and recognized by them and others as meaningful constructs".

Die simboliese vorme besit ook die vermoë om terselfdertyd voorstelling (*representations*) *van* én *vir* realiteit te wees. Dit beteken: as "simbole van" verteenwoordig hulle realiteit; as "simbole vir" skep hulle die realiteit wat hulle verteenwoordig (Carey, 1989:29).

Om kommunikasie in dié sin te bestudeer, is om die betekenisgewende en -soekende sosiale proses te ondersoek waarbinne simboliese vorme geskep en gebruik word (Carey, 1989:30; Pinnock, 1991:145-146; kyk ook Thompson, 1990:138; Farrell, 1989:137). Kortom, om kommunikasie só te ondersoek, is om 'n gemeenskap in sy kultuurskeppende aktiwiteit te ondersoek, om *woord-en-daad-kommunikasie* na te vors. In hierdie studie word *dit* beoog.

Tog sluit die rituele siening van kommunikasie (as kultuur) nie die prosesse van inligtingoordrag of -transmissie en houdingsverandering uit nie; dit beteken bloot dat kommunikasie-as-transmissie nie buite die rituele raamwerk begryp kan word nie (Carey, 1989:21,22).

McQuail (1989b:327-349) se tipologie van kommunikasie kan teen dié agtergrond gelees word. Hy wys daarop dat bykans alle aspekte van sosiale groepslewe in terme van kommunikasiefunksies uitgedruk kan word. Die term funksie word hier nie in 'n tipiese eng-funksionalistiese sin gebruik nie, maar dui bloot, op spoor van Max Weber, op "voorlopige oriëntering en praktiese illustrasie" (soos aangehaal deur McQuail, 1989b:328).[4]

McQuail (1989b:339-340) se aanduiding van die funksies van (sosiale) groepkommunikasie (wat by uitstek in hierdie studie ter

sprake is) is ter sake (kyk ook Hiebert, Ungurait & Bohn, 1991:5). Die funksies sluit ten eerste in: die artikulering van groepsidentiteit, die aandui van grense deur simbole, die skep van gemeenskaplike norme en waardes, en die ontwikkel en instandhou van groepsbewussyn.

Volgens McQuail (1989a:139,140) is die "solidariteits-funksie" van kommunikasie in groepe van besondere belang en heelwat van die kommunikasie binne die groep is daarop gemik. Hy identifiseer die volgende funksies in hierdie verband: die artikulering van solidariteit asook die instandhouding van kommunikatiewe kontak met die oog op *belonging*.

Wat betref die kontrolefunksie van kommunikasie binne groepsverband, is die volgende ter sake: die verwerwing en instand-houding van status; die ontwikkeling, verspreiding en toepassing van groepsnorme; die bekendmaking van afwyking van norme; die gee van simboliese beloning en straf; en kontak, verligting van spanning en afleiding deur vermaak (McQuail, 1989b:340). Hierby kan die mobilisasie van lede gevoeg word, wat McQuail (1989b:343) elders indeel.

Al genoemde funksies is in die huidige studie ten minste by implikasie ter sprake en sal vanuit die siening van kommunikasie-as-ritueel nagespeur word. Alle intra- en interpersoonlike kommu-nikasie word egter uitgesluit. Slegs intensionele verbale en nie-verbale kommunikasie wat in die openbaar plaasgevind het (of op gestruktureerde wyse in groepsverband, bv. monstervergaderings wat soms vir die publiek geslote was), word hier ondersoek.

Die kommunikasie wat ondersoek word, sou as *openbare kommunikasie* aangedui kon word, maar dié term word dikwels in verband met openbare redevoering ("public speaking") of selfs massakommunikasiemedia ("public communication") gebruik. In hierdie studie word gevolglik bloot na die *kommunikasie* (van Afrikanernasionalisme) verwys.

**1.2.2 Intensionaliteit.** In die lig van voorafgaande, word in hierdie studie ook besondere aandag aan nie-verbale kommunikasie gegee, waardeur die netelige kwessie van intensionaliteit ter sprake kom (vgl. Williams, 1989:55). Wat verbale kommunikasie betref, word slegs aandag gegee aan dié kommunikasie wat *klaarblyklik* Afrikanernasionalisties van aard was en bedoel was om so te wees - dus alle verbale kommunikasie wat bewustelik die Afrikaner se strewe tot politieke en kulturele vryheid en selfstandigheid ten doel had.

Die intensionaliteit al dan nie van nie-verbale kommunikasie, is enigsins moeiliker om te peil. Die vraag kan verder gevra word of alle waarneembare gedrag kommunikasie is. Drie standpunte kan hier onderskei word: (a) Alle waarneembare vorme van gedrag is kommunikasie, (b) slegs doelbewuste of doelgerigte gedrag is kommunikasie en (c) slegs gedragsvorme ten opsigte waarvan onder meer bewyse bestaan dat enkodering plaasvind, kan as kommunikasie beskou word (Terblanche, 1994:38,39).

Hoewel (politieke) boodskappe uit nie-intensionele gedragsvorme afgelei kan word, word hier in hoofsaak gekies vir die tweede benadering en slegs nie-verbale gedrag opgeteken waardeur die Stellenbosse studente *klaarblyklik* intensioneel hul nasionalisme mee wou kommunikeer.

Sodanige werklike of behoorlike nie-verbale kommunikasie behels, aldus Terblanche (1994:39), "informatiewe nie-verbale kommunikasiegebeure waar die mededeler die bedoeling het om 'n bepaalde boodskap te kommunikeer".

Indien daar enige redelike twyfel oor die intensionaliteit van 'n bepaalde kommunikasiehandeling bestaan, word dit eerder opgeteken as uitgelaat. Die "gewig" van sodanige kommunikasiehandeling sal uit die konteks en beskrywing blyk. Daardeur word, gegee die studie se kwalitatiewe raamwerk, probleme rakende "operasionalisering" ondervang (vgl. Terblanche, 1991:27).

**1.2.3 Kultuur as instrument van versorging en/of mag.** Carey (1989:30,33) se siening van kommunikasie/kultuur as 'n proses waardeur realiteit geskep, gedeel, aangepas, versorg en herstel moet word, sluit regstreeks aan by onder andere Botha (1970:27-32) se gebruik van die begrip kultuur as versorging. Die woord kultuur is afgelei van die Latynse *cultus* en *cultura*, wat saamhang met die werkwoord *colere* (Venter, 1966:90). Dié woord dui op algemene versorging. Sodra die mens hom sorgsaam met iets besig hou, is daar van kultuur sprake. Dit dui, aldus Botha (1971:224,225) terselfdertyd op bebouing, versiering, bewaring en diens. De Klerk (1972:253) plaas kultuur onder die noemers beheersing, bewerking en bewaking, terwyl Venter (1966:93) die kernelemente as ontwikkeling, (bou), bewaring en herstel identifiseer.

Vanweë die sondige natuur van die mens, neig hy meermale om, Godonterende, wankultuur te skep, d.w.s. die mens hou hom op 'n sondige wyse met die natuur besig. Sodanige gekontamineerde kultuur kan dan ook op oorheersing, afbreking en verwaarlosing uitloop (kyk 1.2.4.2). Daarom kan kultuur as magsinstrument funksioneer en 'n ideologiese karakter verkry.

Hoewel kultuur ook op die materiële resultaat van die kultuurdaad kan dui, word dit hier eerder in die werkwoordelike sin gebruik en kan saam met Venter (1966:91,92; vgl. ook Van Peursen, 1975:11) gesê word dat kultuur eerder 'n gebeure is, 'n proses van menslike handeling, van sorg (of, in die geval van wankultuur, die gebrek aan sorg). So gesien oorvleuel kultuur en kommunikasie wesenlik.

Waar in hierdie studie ondersoek ingestel word na die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, word telkens gelet op "volksversorgende" handelinge; terselfdertyd moet telkens gevra word in welke mate, indien wel, dié handelinge ten koste van ander gedoen is en as magsinstrument gefunksioneer het.

### 1.2.4 Nasionalisme, volksnasionalisme en ideologie

As 'n basiese vertrekpunt word hier aanvaar dat Afrikaner-nasionalisme op 'n verskeidenheid van wyses gekommunikeer is. Hierdie wye reeks van simboliese vorme waardeur (Stellenbosse) Afrikaner(-studente) hul nasionaliteitsgevoel en -strewes deur die jare heen op verskillende maniere geartikuleer en uitgeleef het, kan oorkoepelend as 'n diskoers getipeer word. *Hiermee word die term diskoers dus in 'n breë, inklusiewe sin van die woord gebruik sonder om diskoersanalise as metode te betrek*[5].

Die mate waarin hierdie nasionalistiese kommunikasie-handelinge 'n ideologiese nasionalisme was (en of 'n nie-ideologiese, positiewe nasional*isme* moontlik is), kom metterwyl aan die orde. Enkele begrippe wat daarmee verband hou, is die begrippe nasie, nasionalisme, volk en volksnasionalisme.

**1.2.4.1 Gebruik van enkele sleutelbegrippe.** Die sleutelbegrippe nasie, nasionalisme, volk en volksnasionalisme word, net soos die begrippe kommunikasie en kultuur, in die literatuur op heel verskillende maniere omskryf en gehanteer. Met inagneming van die volksnasionalistiese paradigma van die diskoers wat in hierdie studie beskryf word, word die begrippe hier op 'n bepaalde wyse verstaan en gebruik. Daarmee word nie soseer kategoriese definisies voor-gehou nie, maar, in soverre 'n beskrywing van kommunikasie gegee word, volle ruimte gegee aan die gangbare gebruik van die begrippe binne die betrokke nasionalistiese diskoers. Sodoende word gepoog om die betrokke diskoers - wat vanselfsprekend bepaalde voor-veronderstellings impliseer - as *konstruksie* te begryp sonder om noodwendig daarmee akkoord te gaan of dit as gegewenhede te aanvaar. Vandaar die stel van bepaalde voorbehoude hier wat nie telkens in die latere beskrywing van die volksnasionalistiese kommunikasie herhaal word nie. Die studie is immers nie soseer 'n grondige prinsipiële kritiek op die betrokke diskoers nie, maar 'n

beskrywing en kritiese analise ten einde groter begrip daarvan te verkry.

**Nasie en nasionalisme**. Nasie is hoofsaaklik 'n politieke konsep wat dui op 'n groep mense (volk, volke of etnies diverse groepe) wat bewustelik streef na die bereiking of handhawing van onafhanklikheid (en dus vryheid) binne 'n staat (vgl. Breytenbach, 1987:197-199; Botha, 1970:26; Kotzé, 1968a:11). Dié proses sou as 'n nasionaliteitstrewe met 'n sterk territoriale konnotasie beskou kon word (Breytenbach, 1987:199). Nasie sou voorts, aldus Degenaar (1976: 45), kon dui op "'n volk in die toestand van bewustheid dat soewereiniteit in hom geleë is". Dié volk (wat in dié geval klaarblyklik terselfdertyd 'n nasie is), is "bewus van die waarde dat die hoogste politieke outoriteit in homself gelokaliseer is, en... strewe dan daarna om hom dienooreenkomstig in 'n (nasionale) staat te organiseer".

In aansluiting daarby kan nasionalisme omskryf word as "'n politieke lewenshouding of ideologie waarvolgens die hoogste lojaliteit van die burger die nasie (nasionale staat) toekom" (Degenaar, 1976:45).

Wanneer volk (as kulturele begrip) 'n sentrale rol speel, sê Degenaar (1976:45), praat ons van volksnasionalisme. Hiermee is die begrippe volk en volksnasionalisme reeds gebruik, wat binne die studie van die Afrikanernasionalisme van Stellenbosse studente van sleutelbelang is en daarom verdere aandag geniet.

**Volksnasionalisme**. Dié begrip dui op 'n etniese groep (volk) se strewe na staatkundige en kulturele vryheid. *Gegewe dié strewe, kan sodanige groep ook 'n nasie genoem word.* Ingevolge die *volks*-nasionalisme moet 'n volkstaat tot stand kom (of in stand gehou word) waarbinne die volk as homogene groep mense soewerein oor homself kan regeer en sy taal en kultuur in vryheid kan uitleef.

Volgens Degenaar (1976:51; vgl. ook 1977) *veronderstel* volksnasionalisme verder dat " 'n volk 'n siel of 'n gees het wat aan

hom 'n identiteit verleen wat deur God aan hom gegee is". Daar sou dan 'n mistieke band tussen lede van die volk bestaan wat die eis om hoogste lojaliteit teenoor die volk verduidelik. Die bande wat in terme van dié siening die volk saambind, is allesinsluitend: taal, kultuur, arbeid, politiek, ens. So 'n nasionalisme het duidelik 'n totalitêre karakter (Kotzé, 1968a:13). Dit is hieruit duidelik dat 'n volk - of dan 'n etniese groep - wat onder die leiding van verkose of selfaangestelde leiers na staatkundige en/of kulturele vryheid streef, 'n *nasie* genoem kan word. *Die term nasie en volk is dus in 'n volksnasionalistiese sin sinonieme en word binne sodanige paradigma as wisselterme gebruik,* soos by herhaling sal blyk uit die beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme (hoofstukke 3, 4 en 5).

**Volk.** Volk is primêr 'n kulturele konsep en dui op 'n groep mense met 'n bepaalde lewenstyl en kontinuïteitservaring wat gebaseer kan wees op 'n gemeenskaplike land, afkoms, verlede, tradisie, sedes en gewoontes, taal, godsdiens, sosiale organisasie en lotsverbondenheid (vgl. Degenaar, 1976:44,45; Grobbelaar, 1974:35; Kotzé, 1968a:8-10). Tog is die ontstaan (en voortbestaan) van 'n volk (en sy identiteit) nie los te sien van politieke dinamiek en individuele keuses nie (vgl. Sharp, 1989:79,80). 'n Volk is geen skeppingsgegewe wat staties bly of noodwendig hoef voort te bestaan nie. Uiteindelik word die volk voortdurend deur sy lede gedefinieer, herdefinieer, in stand gehou of tot niet laat gaan. Dit geld ook die Afrikanervolk. Daarom moet

volksidentiteit nie gesien word as 'n verborge en heilige metafisiese essensie nie, maar as 'n verskynsel wat uitgepak kan word in terme van aantoonbare eienskappe wat ontstaan en vergaan binne historiese konteks (Degenaar, 1976:51).

Met dié beskouing ontkom Degenaar suksesvol aan die negatiewe konnotasies van 'n statiese siening van "kulturele identiteit" as onveranderlike gegewe (vgl. ook Schlesinger, 1987:233-234).

'n Mistieke, bo-historiese, organiese volksbegrip word dus hier afgewys - maar sonder om die ontstaan en bestaan van volke los te sien van 'n eg-menslike, emosionele verbondenheid van mense wat vanweë afkoms, taal, kultuur, lewenstyl, gewoontes, tradisie, geskiedenis en so meer mekaar as volksgenote erken en ervaar. In die optekening in hierdie studie van 'n faset van die Afrikanernasionalistiese diskoers word bg. benadering as invalshoek gebruik.

Hoewel identiteit en die konstruksie van identiteit nie in hierdie studie aan 'n noukeurige filosofiese analise onderwerp word nie (die stof leen hom wel daartoe), is dit 'n duidelik waarneembare onderliggende motief in die kommunikasie van Afrikanernasionalisme. Individue en groepe neem deur hulle kommunikasie en optrede deel aan die vorming (of skepping) van identiteit. Lg. is, aldus Melucci (aangehaal deur Schlesinger, 1987:238), "the result of decisions and projects". Vandaar die belang van 'n noukeurige optekening van alle identiteitskeppende besluite en projekte; dit vorm inderwaarheid 'n essensiële faset van 'n volksnasionalistiese diskoers.

Anders gestel: om 'n volk se nasionalistiese kommunikasie te bestudeer is om daardie volk (wat per definisie ook 'n nasie is omdat hy as groep streef na politieke, ekonomiese en kulturele vryheid) se identiteitskeppende optrede te bestudeer.

Afrikaanssprekende blankes wat 'n (enger) Afrikanernasionalistiese standpunt of houding verwerp het, of nie eens was met die definisie wat deur sommige selfaangestelde of verkose politieke en kulturele leiers van die Afrikaner gegee is nie, word nie in hierdie studie uitgesluit van die breë, inklusiewe konsep Afrikanervolk nie. Hul nie-nasionalistiese kommunikasie is egter ook van kontekstuele belang.

Ten einde 'n onderskeid tussen nasionalistiese en nie-nasionalistiese Afrikaners te trek, word e.g. as Nasionalistiese of nasionaalgesinde Afrikaners aangedui. 'n Verdere onderskeid is nodig tussen Nasionaal/Nasionalisties/Nasionaalgesind/Nasionaliste (met hoofletter-N) en nasionaal/nasionalisties/nasionaalgesind/nasionaliste (met kleinletter-n). E.g. dui op die Nasionale Party se benadering en sy ondersteuners; l.g. is omvattender en sluit e.g. in. Afrikanernasionalisme het steeds meer as 'n partystandpunt en die ondersteuners van die Nasionale Party behels.

**1.2.4.2 Afrikanernasionalisme as ideologie.** Waar manifestasies van Afrikanernasionalisme in hoofstukke 3-5 geïdentifiseer, beskryf en geïnterpreteer word, is die vraag na Afrikanernasionalisme as ideologie fundamenteel.

Vrae wat gevolglik uiteindelik aan die orde gestel sou kon word, is: Is daar wel ruimte vir die gedagte aan 'n positiewe, nie-ideologiese nasionaliteitsgevoel? En is Afrikanernasionalisme in al sy verskyningsvorms per definisie ideologies? Pertinente antwoorde word egter nie hiér op sodanige vrae aangebied nie. Wel sou dit in die lig van dié en ander studies gewaag kon word en word die huidige studie as 'n bydrae tot sodanige gesprek aangebied.

'n Belangrike vraag wat wel hier beantwoord moet word, is of die begrip ideologie in dié studie in 'n positiewe, negatiewe of neutrale sin gebruik word.

Dit blyk dat 'n onderskeid tussen ideologie in 'n negatiewe sin en die begrippe nie-ideologiese ideësisteem, nasionaliteitsbesef en verbandhoudende begrippe moontlik en wenslik is.

Die behoefte "aan 'n positiewe selfbeeld deur middel waarvan mense individueel en in groepsverband hulself (kon) verbeeld en verwerklik" kan bv. volgens Van Niekerk (1987:28) nie *sonder meer* as 'n ideologie beskryf word nie - behalwe as die begrip ideologie in 'n positiewe sin gebruik word.

Degenaar (1987:223) se onderskeid tussen 'n ruimer en enger Afrikanernasionalisme sluit eweneens hierby aan: e.g. dui volgens hom op "die sisteem van idees waarvolgens die Afrikaner homself oor 'n lang tydperk verstaan het in situasies wat as sentrale voorbeelde van 'n groepsbewussyn onder Afrikaners geïnterpreteer kan word".

Vraag is of hierdie nasionaliteitsgevoel of -besef los van duidelik omlynde nasionalistiese doelwitte kan bestaan? Dit slaan in 'n sin weer terug op wat Goudzwaard (1984:18) as die oorspronklike betekenis van die woord *ideologie* voorhou, nl. "'n omvattende sisteem van waardes, konsepsies, oortuigings en norme wat as instrumente gebruik word in die bereiking van 'n enkele, konkrete, alles-insluitende doelwit".

Hierdie lewensvisie kan egter eers 'n ideologie in 'n negatiewe sin word wanneer dit in 'n geslote ideësisteem of verstolde lewensvisie ontaard. En tipies van alle ideologieë is hul hermeneutiese raamwerk wat "een aspek van die werklikheid ten koste van ander aspekte verabsoluteer. Dit het dus 'n selektief-eensydige karakter" (Esterhuyse, 1987:314).

As die verstolde, eensydige en selfs totalitêre aard van die lewensvisie bepaal of dit ideologies (in 'n negatiewe sin) is al dan nie, sou nie net van 'n (positiewe) nasionaliteitsbesef gepraat kan word nie, maar selfs 'n (positiewe) nie-imperialistiese nasional*isme* of selfs liberale nasionalisme (Kotzé, 1968a:16). Maar daarmee ontstaan ook 'n taalkundige probleem: kan 'n *-isme* anders as ideologies wees?

Hier word Afrikanernasionalisme as 'n breë, inklusiewe begrip gebruik: dit dui veral op 'n ideologie, maar kan ook 'n breër lewensvisie, d.w.s. 'n nasionaliteitsbesef, aandui. Dus: Om alle *-ismes* per definisie as totalitêr en dus as ideologies te tipeer, mag tegnies meer korrek wees, maar strook nie met die verskillende (meer algemene) gebruike van die term nie.

Groter terminologiese presiesheid sou eerder vanuit 'n omskrywing van die begrip ideologie gesoek kan word. Die sleutelvraag kan dus as volg geformuleer word: Wanneer is 'n diskoers (of dan kommunikasiehandelinge) ideologies? Of: Wat word met die term ideologie bedoel?

Die begrip ideologie is deur die jare meer in 'n negatiewe sin gebruik; vandaar die pogings deur sommige om 'n neutrale ideologiebegrip te skep (Thompson, 1990:5). Om die verskeidenheid van soms uiteenlopende en dubbelsinnige beskouings oor die begrip (vgl. Van Niekerk, 1987:3-33; McLellan, 1989:1) te ondervang en 'n sinvolle onderskeid tussen Schillinger (kyk hoofstuk 2) se konsepte oorlewingsmotief en ideologiemotief te kan maak, word *ideologie* hier, saam met Thompson (1990:56) e.a., konsekwent in 'n negatiewe sin gebruik. Wat ideologie in positiewe sin betref, sal die terme lewensvisie of ideësisteem eerder gebruik word.

Die manifestasie van ideologie wissel van 'n oënskynlik (maar reeds verabsoluteerde) positiewe houding jeens die eie tot doelbewuste dominansie van groepe wat as 'n bedreiging beskou word. 'n Ideologie kan juis van die oënskynlik onskuldige tot blatante onderdrukking ontwikkel.

Aansluitend daarby word aanvaar dat 'n statiese of ongenuanseerde konsep van Afrikanernasionalisme onbruikbaar is. Afrikanernasionalisme het vele gedaantes (of het dit gehad) en kan nie enkelvoudig omskryf of vasgepen word nie. Moodie (1975), De Klerk (1975;1979), Giliomee & Adam (1981) e.a. toon bv. oortuigend aan dat Afrikanernasionalisme 'n wesenlike ontwikkeling (en radikalisering) in die twintigste eeu deurloop het, alvorens dit o.m. uitgekristaliseer het in die (nogmaals) veranderende apartheidsbeleid van die jare 1948-1990.

Waar in hierdie studie voorwetenskaplik aanvaar word dat die kiem van (negatiewe) ideologie en sondige skeeftrekking in alle diskoerse skuil, word aanvaar dat selfs 'n oënskynlik positiewe nasionaliteitsbesef maklik kan oorgaan in 'n ideologie. Daardeur

word nie apriories 'n oordeel oor Afrikanernasionalisme gevel nie. Maar in soverre dit daar wel 'n ideologisering van die Afrikaner se nasionaliteitsgevoel plaasgevind het, sal dit pertinent of by implikasie aangetoon word.

Die voorafgaande illustreer die kompleksiteit van die begrippe en konteksgebondenheid van die gebruik daarvan. In hierdie proefskrif word genoemde sleutelterme dan op 'n bepaalde manier omskryf en gebruik; dit is nie deel van die huidige opgaaf om deur 'n omvattende beredenering uitsluitsel oor die gebruik van die berippe te probeer gee nie.

Wat onder ideologie in 'n eng (negatiewe) sin van die woord verstaan moet word, verdien egter verdere omskrywing, veral waar die begrip wesenlik is tot die sinvolle, verhelderende gebruik van Schillinger se dinamiese teorie (kyk hfst.2).

**1.2.4.3 Ideologie as magsinstrument.** Thompson (1990:56) verwerp die pogings om aan ideologie 'n neutrale betekenis te gee. Hy stel 'n ideologiebegrip voor wat hoofsaaklik geïnteresseer is in die wyses waarop simboliese vorme in die magspel funksioneer. Daarom is die navors van ideologie vir hom die bestudering van "the ways in which meaning serves to establish and sustain relations of domination".

Thompson se ideologiebegrip is enigsins enger, maar gevolglik meer gefokus as dié van bv. Goudzwaard (1984): dit beklemtoon 'n krities belangrike faset van ideologie, veral dan in nasionalistiese gedaante (vgl. o.a. Degenaar, 1987; McLellan, 1989:83) en sluit nou aan by die opmerkings oor kultuur as middel tot magsuitoefening (in teenstelling met versorging) (vgl. 1.2.2).

Thompson se benadering het heelwat nut, veral waar tussen verskillende manifestasies van nasionalisme onderskei moet word. Ideologie in 'n enger sin van die woord dui dan hier op die daarstelling van verhoudinge en gesindhede van dominansie; ideologie in 'n breër sin dui op enige skeeftrekking van die waarheid ten

einde 'n enkele gekose gedagte tot enigste of belangrikste idee te verhef.

Maar soos met die probleme om te onderskei tussen 'n blote nasionaliteitsbesef en nasionalisme, is dit klaarblyklik problematies om altyd te onderskei tussen nasionalisme in den breede en nasionalisme as spesifieke magsinstrument. In soverre kommunikasie verstaan kan word in terme van die funksie wat dit vervul binne 'n nasionalistiese diskoers, is hierdie onderskeid (indien dit wel getref kan word) belangrik en kry dit in hierdie studie spesifieke aandag.

Hoewel hier, soos reeds gestel, nie *by voorbaat* aanvaar word dat alle simboliese vorme (of dan kultuur) wat in hierdie studie beskryf word *per se* ideologies in genoemde negatiewe sin van die woord was nie, word tog aanvaar dat die *kiem* van skeeftrekking en ontaarding in beginsel by alle rigtinggewende ideëgehele aanwesig is. Dit kan, in beginsel, ook by die ontwikkelende Afrikaans-nasionale diskoers (of Afrikanernasionalistiese kommunikasie-handelinge) in die jare 1902-1948 uitgewys word.

Die magskarakter van simboliese vorme kan volgens Thompson nie van die fenomene as sodanig afgelei word nie, maar slegs deur hulle binne hul sosiaal-historiese kontekste te plaas. Vandaar die poging om in hierdie studie reg te laat geskied aan die politieke en sosiale konteks waarbinne die Stellenbosse studente hul nasionalisme gekommunikeer het.

Ten einde dié kommunikasiehandelinge op 'n genuanseerde wyse te interpreteer (vgl. Degenaar, 1987:321), word bg. gedagtes en ander verhelderende begrippe betrek. In die besonder word Schillinger se dinamiese teorie (2.1) en die ontwikkelingsmodel vir die media (2.3) ingespan.

Waar Schillinger spesifiek die begrip ideologie gebruik, sal bg. onderskeid tussen ideologie in 'n eng en breër sin van die woord deeglik in ag geneem moet word. Daarmee saam word aanvaar dat Afrikanernasionalisme (of verwysings daarna) nie noodwendig in

alle gevalle dui op manifestasies van 'n ideologie in die eng of breër sin van die woord nie.

Die regstreekse verband tussen 'n (aanvanklik) positiewe nasionalisme en een wat uiteindelik vergroei tot 'n starre ideologie met oorheersing as dryfveer, sal in die hoofstukke wat volg aandag geniet.

**1.3 Onderwerpkeuse en terreinafbakening**

Die onderwerp en terrein is gekies in die lig van die reeds geïdentifiseerde leemtes in die kommunikasiegeskiedenis en die politieke, kulturele en tegnologiese ontwikkelinge in die eerste bykans vyf dekades van die eeu. Hoewel die tydperk wat in die ondersoek betrek word betreklik lank is, word dit tog beperk deurdat op 'n enkele studentegemeenskap gefokus word en daar 'n spesifieke invalshoek is. Die onderwerpkeuse en afbakening is voorts om die volgende redes gedoen:

**1.3.1 Studente-aktivisme.** In die sestiger- en vroeg sewentigerjare het studente-aktivisme in Amerika en ander Westerse lande onverwags na vore gekom en groot prominensie geniet. Dit is selfs teen Junie 1970 in meningspeilings as Amerika se belangrikste probleem aangedui (Keniston, 1971:5).

Tog is politieke aktivisme geen vreemde verskynsel onder studente nie en is dit in menige lande 'n "ou en bekende verskynsel" (Duvenhage, 1973:13). In Suid-Afrika het swart jeugdiges (insluitende universiteitstudente en skoolkinders) bv. in die sewentiger- en tagtigerjare sterk na vore getree as politieke faktor en het hulle 'n sleutelrol gespeel in die mobilisering van opposisie teen die blank-oorheersde staatsbestel (Pinnock, 1991). Hierdie opposisie is in die tagtigerjare onder meer deur populêre kultuur gekommunikeer. Dieselfde geld die politieke aktivisme van Afrikanerstudente in die nasionalistiese strewe van die Afrikaner van 1902-1948 en verder (Froneman, 1992)

Daar is egter tot dusver nie na behore aandag gegee aan die eiesoortige rol van die Afrikaanse studentekultuur/kommunikasie in die ontplooiing van twintigste-eeuse Afrikanergeskiedenis nie.

**1.3.2. Studente van die US.** Die Universiteit van Stellenbosch en sy studente was klaarblyklik op 'n besondere wyse by die immer ontwikkelende Afrikanernasionalistiese diskoers en konkretisering daarvan betrokke.

Die historiese bande tussen die eerste Afrikaanse universiteit en die Nasionale Party en die Nasionale Pers verhoog die historiese belang van dié universiteit en sy studente. Dit word bevestig deurdat vyf agtereenvolgende Nasionale eerste ministers (genl. J.B.M. Hertzog, dr. D. F. Malan, adv. J.G. Strijdom, dr. H.F. Verwoerd en adv. B.J. Vorster) op Stellenbosch gestudeer het - e.g. twee in die tydperk voor die Anglo-Boereoorlog en die ander daarna. Genl. Jan Smuts, wat twee keer as premier gedien het, het ook voor die eeuwending op Stellenbosch gestudeer.

Daarbenewens is 'n groot aantal kabinetsministers en leiers op kerklike, kulturele, akademiese en ander terreine in die jare 1902-1948 op Stellenbosch gevorm en het hulle in hul beroepslewens hul stempels afgedruk (vgl. Kotzé, 1966:437-529). Kennis en begrip van hul kritiese universiteitsvormingsjare, waarby ingesluit die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur hulself en ander, is noodsaaklik vir die verstaan van hul en ander Afrikaners se politieke denke. Tog is dit tot nou toe meestal geïgnoreer of slegs terloops in navorsing aangeraak.[6]

**1.3.3 Die periode 1902-1948.** Die tydvak van net na die Anglo-Boereoorlog (of, in Afrikanernasionalistiese terme, die Tweede Vryheidsoorlog) tot 1948, toe die Afrikaner die alleenmag verkry het, vorm politiek en kultureel 'n eenheid omdat die Afrikaner-republieke in 1902 hul onafhanklikheid verloor het en 'n nuwe fase in die Afrikaner se geskiedenis in 1948 ingelui is (vgl. De Klerk,

1979:1). Die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning in 1948 (met die hulp van die Afrikanerparty) het inderwaarheid 'n waterskeiding verteenwoordig in die ontplooiing van Afrikanernasionalisme op pad na die daarstelling van die Republiek van Suid-Afrika in 1961.

Die subperiodes 1902-1924, 1925-1938 en 1939-1948 (soos in die hoofstukindeling gereflekteer word) verteenwoordig breedweg politiek-kulturele fases in die ontplooiing van Afrikanernasionalisme. Vanselfsprekend word nie daarmee geïmpliseer dat die indeling waterdigte periodes verteenwoordig nie. Uiteindelik vorm dit 'n geheel en word dit in hoofstuk 6 saam aan die hand van Schillinger (1989; kyk hoofstuk 2)) se sg. dinamiese teorie vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media (Hachten, 1992; kyk hoofstuk 2) geïnterpreteer word.

**1.4 Navorsingsvrae**

Die volgende algemene navorsingsvrae kom aan die orde:

1.4.1 Binne welke *breër politieke, kulturele en sosiale konteks* het die Stellenbosse studente opgetree?

1.4.2 Wat was die *inhoud* van hul nasionalistiese kommunikasie?

1.4.3 Watter *vorme* van kommunikasie is deur die studente gebruik om hul Afrikanernasionalisme te help skep, onderhou, herstel en te herskep?

1.4.4 Watter *primêre dryfvere* kan in die studente se kommunikasie aangetoon word, en

1.4.5 Kan Schillinger (1989) se *dinamiese teorie vir perssisteme* en die identifisering van die motiewe oorlewing, ideologie en mark gebruik word om 'n beter begrip te verkry van die skep, onderhou, herstel en herskep van die Afrikanernasio-

nalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente, 1902-1948?

1.4.6 Is die *ontwikkelingsmodel vir die media* aanvullend bruikbaar by die verklaring van die Stellenbosse studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie?

Die probleemstelling kan gevolglik as volg saamgevat word:

Kan die identifisering van die motiewe *oorlewing, ideologie en mark* binne 'n breër nasionalistiese raamwerk groter begrip gee van die aard en dinamika van die nasionalistiese kommunikasie van Stellenbosse studente in die jare 1902-1948?

**1.5 Doelstellings**

Die doel van die ondersoek is om *'n bydrae tot kommunikasie-historiese kennis en insig* te lewer deur die volgende primêre (1.5.1 tot 1.5.4) en sekondêre (1.5.5 en 1.5.6) doelwitte te bereik:

1.5.1 Die *konteks* waarbinne die betrokke studente se nasionalistiese kommunikasie plaasgevind het te beskryf.

1.5.2 Die *inhoud* van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente kontekstueel en kwalitatief te beskryf.

1.5.3 Die *vorme* wat die Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme (d.w.s. hul diskoers) in die tydvak 1902-1948 in die openbaar aangeneem het kontekstueel te beskryf en te analiseer.

1.5.4 In die lig van 1.4.3 die onderliggende *primêre dryfvere* aan die hand van duidelik omskrewe "woordeskatte" aan te toon, en te

analiseer in welke mate hulle afwisselend binne die studente se nasionalistiese kommunikasie "gedomineer" het.

1.5.5 Schillinger (1989) se *dinamiese teorie vir perssisteme* van nasiestate aan te pas en uit te brei sodat dit ook toegepas kan word op volksnasionalistiese kommunikasie.

1.5.6 Die *ontwikkelingsmodel* vir die media (vgl. Hachten, 1992 en McQuail, 1989a:111-123) buite die kontemporêre Derdewêreldse konteks te gebruik in die tipologisering van Afrikanernasionalistiese kommunikasie (1902-1948), asook om dit by Schillinger se aangepaste model te integreer.

Hoewel hier dus 'n historiese-beskrywende benadering gebruik word, word uiteindelik gepoog om die gebeure met gebruikmaking van bepaalde teorieë/modelle te verduidelik en 'n *beperkte* mate van generalisasie te doen. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat menslike gedrag en geskiedenis onmoontlik is of om te isoleer of 'n gegewe stel omstandighede te herhaal.

**1.6 Metode van ondersoek**

**1.6.1 Invalshoek.** Die uitdruklike invalshoek van die studie is 'n historiese benadering, waarin die verlede vanuit die hede as betekenisvolle verskynsel bestudeer word en insigte van sowel die verlede as hede ingespan word om die verlede (insluitende die aard en funksie van kommunikasie daarin) te begryp (Montgomery, 1962:16,17) en te interpreteer. Lg. bring nie die wetenskaplike karakter van (kommunikasie)-geskiedskrywing in die gedrang nie (Breisach, 1983:409); trouens, Christians & Carey (1989:358,359) lig die basiese taak van kwalitatiewe studies uit as synde die *interpretasie* van menslike interpretasies - 'n opgaaf wat ook op hierdie historiese studie van toepassing is:

> Qualitative studies start from the assumption that in studying humans we are examining a creative process whereby people produce and maintain forms of life and society and systems of meaning and value... Humans live by interpretation. They do not merely react or respond but rather live by interpreting experience through the agency of culture (Christians & Carey, 1989:359).

Waar hierdie studie simboliese vorme ondersoek wat in die kreatiewe, menslike proses van interpretasie/betekenisgewing deur 'n bepaalde groep daargestel is, word riglyne soos deur Christians & Carey (1989:359-374) aangedui, in hierdie studie as leidraad gebruik:

**1.6.2 Waarneming en 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van simboliese vorme.** Vanweë die historiese aard van hierdie studie (1902-1948), is regstreekse persoonlike waarneming uitgesluit, maar kan "waarneming" deur middel van die volgende bronne plaasvind: argivale bronne (w.o. notules van die studenteraad en ander studenteliggame, ander argiefstukke en persoonlike dokumente soos ongepubliseerde herinneringe); publikasies (w.o. die *Stellenbosse Student* en *Die Matie*); boeke (w.o. enkele outobiografieë van en biografieë oor studente en dosente van die Universiteit van Stellenbosch); en onderhoude met oud-studente en -dosente. Daar word dus 'n hoë premie geplaas op die gebruikmaking van primêre bronne.

**1.6.3 Kontekstuele beskrywing.** Die beskrywing van die simboliese vorme is betekenisloos indien dit nie binne 'n juiste konteks geplaas word nie. Daarom word dit hier gedoen, onder meer deur die studente (as duidelik identifiseerbare groep) se kommunikasie te ondersoek, asook deur uitvoerig aandag te gee aan die breër Afrikanergemeenskap waarvan hulle deel was. Daar word gestreef na 'n betekenisvolle analise van die tekstuur van die "kulturele sisteem" asook die peiling van die tydsgees van die opeenvolgende eras.

Bronne wat in hierdie verband ontgin is, is geselekteerde uitgawes van *Die Burger* en *Die Huisgenoot* (wat deur die studente gelees is) en literatuur oor die politieke, kulturele en sosiale toestande; en geskrifte deur en onderhoude met oud-studente en -dosente van die Universiteit van Stellenbosch.

**1.6.4 Vergelyking.** Dié belangrike dimensie van die interpretasieproses word op 'n beperkte skaal in hierdie studie ingespan. In terme van die kwalitatiewe benadering, word studentegroepe uit verskillende historiese tydvakke met mekaar vergelyk (vgl. hoofstukindeling). Aangesien (Afrikaanse) Stellenbosse studente uit verskillende eras met mekaar vergelyk sal word, word die probleme met vergelykings tussen heel andersoortige groepe (vgl. Lester-massman, 1991) hier vrygespring.

**1.6.5 Opskerping van begrippe.** Schillinger (1989; kyk punt 1.6 en hoofstuk 2) se dinamiese teorie van persmotivering en die ontwikkelingsmodel vir die pers word as belangrike verklaringsinstrumente in hierdie studie gebruik. Hoewel hier geen teorietoetsing in 'n kwantitatiewe sin beoog word nie, word 'n mate van teoriebou wel in die vooruitsig gestel, soos genoem in 1.5.5.

Dit sluit in die benutting van bestaande begrippe maar ook die daarstel van opgeskerpte begrippe ("sensitized concepts"). Deur konsepte steeds te toets, te verbeter en uit te bou, word dié boustene van kwalitatiewe navorsing al hoe bruikbaarder - ook in die verklaring van historiese stof. In Christians & Carey (1989:371) se woorde: "Sensitized concepts capture meaning at different levels and label them accordingly." Hierdie "opgeskerpte" konsepte help om 'n gesofistikeerde interpretasie van die historiese stof te kan maak - nie soseer met die oog op voorspelling nie - maar ten einde groter begrip te verwerf.

**1.6.6 Triangulasie.** Ten einde die betroubaarheid van die ondersoek te help verseker, word verskillende invalshoeke en bronne gebruik, waardeur 'n geronde interpretasie van die stof nagestreef word. Anders gestel: in terme van die kwalitatiewe triangulasienavorsingsmodel (vgl. De Beer, 1993a; Hsia, 1988:288) word die betroubaarheid van die bevindinge versterk deur o.m. die proses van kruiskontrole - inligting wat uit een bron verkry is, word waar moontlik aan ander bronne of met ander metodes getoets. (Kyk hfst. 6 vir bespreking van spesifieke probleme in die navorsingsproses.) Uiteindelik sal die omvang, aard en metodestoepassing van die navorsing uit die narratief en die gepaardgaande bronverwysings blyk[7].

## 1.7 Oorsig van hoofstukke

**Hoofstuk 1:**

Inleiding. Terreinafbakening en probleemstelling. Doelstellings. Metodes van ondersoek.

**Hoofstuk 2:**

Bespreking van teoretiese raamwerk. Sentrale teoretiese stellings.

**Hoofstuk 3:**

Kontekstuele beskrywing en interpretasie van Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1902-1924.

**Hoofstuk 4:**

Kontekstuele beskrywing en interpretasie van Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1925-1938.

**Hoofstuk 5:**

Kontekstuele beskrywing en interpretasie van Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1939-1948.

**Hoofstuk 6:**

Verdere interpretasie van voorafgaande drie hoofstukke. Samevattende gevolgtrekkings en verantwoording.

---

[1] Dié oorlog word in Afrikanernasionalistiese terme die Tweede Vryheidsoorlog genoem en vanuit ander perspektiewe as die Boereoorlog of Suid-Afrikaanse Oorlog beskryf. Hier word die neutraalste term, nl. Anglo-Boereoorlog, gebruik, behalwe waar ander terme in aanhalings mag voorkom.

[2] Hieronder tel etlike akademiese tesisse/proefskrifte/verhandelings oor die Afrikaanse pers, waaronder Dry (1939) se *Ons Kleintji, sy historiese agtergrond; sy ontstaan; sy betekenis vir ons kultuur*; Du Plessis (1943) se *Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling* vroeë voorbeelde is.

Daarna het gevolg werke soos Van Zyl (1978) se *Die geskiedenis van Het Westen en Die Volksblad, 1904-1925*; Barnard (1979) se empiriese studie oor *Ons Vaderland*, 1915-1932; De Wit (1981) en Appel (1985) se studies oor onderskeidelik *Die Burger* as regeringsmondstuk, 1924-1928, en *Die Oosterlig*, 1937-1948, en daarmee saam Wessels (1979), Van Wyk (1983), en De Beer & Steyn (1993) se studies oor die verhouding tussen die Nasionale Party en Afrikaanse koerante en die verbandhoudende *Die verkrampte aanslag* van J. H. P. Serfontein (1970); werke oor *Die Huisgenoot*, t.w. Labuschagne (1949) se *Die kultuurhistoriese betekenis van Die Huisgenoot*; Schoombee (1931) se MA-verhandeling, *'n Beoordeling van Die Huisgenoot as tydskrif*, en Van Eeden (1981) se *Die Huisgenoot as gesinstydskrif van 1916 tot 1978*; Bossert (s.a.) se studie oor die kultuurhistoriese betekenis van *Die Brandwag* (1910-1922) en Rabe (1985) se geskiedenis van die tydskrif *Sarie Marais*; Davis (1983) se studie oor die politieke en joernalistieke impak van die Sondagkoerant *Die Beeld*, 1965-1970; en Froneman (1989) se *'n Beeld van die kerk in die pers* - 'n Joernalistieke ondersoek na kerklike beriggewing in die dagblad *Beeld*.

'n Betreklike kort maar breed opgesette werk oor die geskiedenis van die pers in Suid-Afrika het in 1982 uit die pen van Wessel de Kock verskyn om saam te val met die honderdjarige bestaan van die Nuusbladpersunie. Diederichs se *An overview : history of the printed press in South Africa* volg in 1990. In dieselfde jaar verskyn die mees omvattende werk oor 'n faset van die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis: Muller (1990) se *Sonop in die suide*, gevolg deur nog 'n institusionele opdragwerk oor die Nasionale Pers, *Oor grense heen* (onder redaksie van W.D. Beukes, 1992). Veral Muller het groot moeite gedoen om baie omvangryk die konteks te skets waarbinne die Nasionale Pers ontstaan en ontwikkel het. Vroeër het Steinmeyer (1946) se boek oor die eerste dekades van Nasionale Pers en die meer anekdotiese versamelbundel *Keeromstraat 30*, saamgestel deur Scannell (1965), oor die eerste vyftig jaar van *Die Burger* verskyn.

Oor individuele joernaliste se bydraes het enkele werke verskyn, w.o. Muller (1973) se werk oor dr. H.F. Verwoerd se joernalistieke bydrae tot die republikeinse ideaal en Nienaber (1968) se boek oor Louis Henri Meurant. Dit word aangevul deur meer populêre en persoonlike bydraes, soos dié van joernaliste J.M.H. (Marcus) Viljoen (1953) Piet Meiring (1987), A.M. van Schoor (1979), Dirk Richard (1985 en 1986) en Piet Cillié (1980a), en een oor Cillié (Anon., 1985). Soms verteenwoordig lg. werke die somtotaal van wat oor bepaalde episodes in die Afrikaanse joernalistiek-geskiedenis opgeteken is.

In werke met 'n breër opset, onder meer Scholtz (1974) se biografie van H.F. Verwoerd, en Booyens (1969) se beskrywing van D.F. Malan se eerste veertig jaar, Pretorius (1959) se biografie oor Bruckner de Villiers, I.D. du Plessis (1975) se herinneringe, Kannemeyer (1986) se biografie oor D.J. Opperman, Meiring (s.a.) se boek oor 'n redakteur van *Die Kerkbode*, ds. P.G.J. Meiring, en Kannemeyer (1995) se omvattende biografie oor Langenhoven, is waardevolle historiese inligting oor die Afrikaanse joernalistiek opgeteken. Dieselfde geld *Mass media for the nineties* (red.: A.S. de Beer, 1993b), waarin mediageskiedenis in verskeie hoofstukke aan die orde kom. In die versamelbundel *Afrikaans pêrel van groot waarde* verskyn ewenwel bydraes oor die mediageskiedenis - deur Kruger (1974) oor die pers en Van den Berg (1974) oor die radio.

Louw (1993) lewer vanuit 'n kritiese paradigma bydraes oor die ontstaan en ontwikkeling van sowel die Afrikaans- as Engelstalige pers. Steyn (1980) bespreek in sy *Tuiste in eie taal* kortliks die rol van Afrikaanse koerante in die stryd om erkenning van Afrikaans, 'n onderwerp wat ook in werke van Nienaber (1975) e.a. aan die orde kom.

Wat die geskiedenis van die Engelstalige en swart pers betref, het onder andere Green (1947), Rosenthal & Neame (1956), Stent (1972), St.

Leger (1975), Shaw (1975), Switzer & Switzer (1979), Mervis (1989) en Heard (1990) bydraes gelewer. Manoim (1983), Tomaselli, Tomaselli & Muller (1987) en Tomaselli & Louw (1991), het vanuit 'n krities-teoretiese perspektief fasette van die persgeskiedenis behandel. In aansluiting hierby skryf Jackson (1993) en Tyson (1993) uitvoerig oor die pers se stryd in die afgelope dekades. Hier kan ook melding gemaak word van die belangrike werk van Potter (1975), Rees & Day (1980) se boek oor die rol van die *Rand Daily Mail* in die sg. Inligtingskandaal, en Ries & Dommisse (1982 en 1990) se werke oor grepe uit die politieke geskiedenis waarin die rol van Afrikaanse koerante soos *Die Burger* prominent figureer.

Die geskiedenis van die uitsaaiwese in Suid-Afrika (of fasette daarvan) kom o.a. in Rosenthal (1974), Le Roux (1974), Steyn (1987) en De Villiers (1993) aan die orde. En in Gutsche (1972), Tomaselli (1983) en Louw & Botha (1993) word die geskiedenis van die rolprent in Suid-Afrika belig.

In enkele werke word uitnemende voorbeelde van Suid-Afrikaanse joernalistiek weergegee, o.a. Kamfer (1963), Cillié (1980b), Vosloo (1975) en Crwys-Williams (1989) se *South African despatches. Two centuries of the best in South African journalism.*

[3] Van die belangrikste werke wat in dié verband geraadpleeg is, is De Klerk (1975), Giliomee & Adam (1981) en Moodie (1975).

[4] Waar McQuail (1989b) homself "ten beste agnosties" jeens die "ernstige" funksionalisme uitspreek en die nut daarvan verwerp omdat dit te gediskrediteerd is, word die vertrekpunt van dié belangrike denkskool in die kommunikasiewetenskappe in hierdie proefskrif ook prinsipieel afgewys. Tog word nie geïmpliseer dat alle funksionele benaderings 'n eng positivistiese benadering impliseer wat kousale verhoudings tussen verskynsels wil uitwys nie.

[5] Diskoersanalise is 'n wydlopende en diverse benadering wat veral in die taalkunde, maar ook kommunikasiewetenskappe, voorkom. Williams (1993) toon bv. aan hoe 'n vorm van diskoersanalise besonder bruikbaar kan wees in die analise van kommunikasie, terwyl Brown & Yule (1983) taalkundiges se hantering van diskoersanalise gesaghebbend bespreek.

[6] Vgl. bv. Miller (1993) se waardevolle bedrae oor dr. H.F. Verwoerd se jare as dosent, maar haar ignorering van Verwoerd se studentejare en sy sterk nasionalistiese optrede en standpuntinnames in dié tyd (kyk hoofstuk 3). Scholtz (1974) gee wel meer aandag aan Verwoerd se studentejare,

terwyl Kenney (1980:25) dit kortliks aanraak en tot die volgende belangrike gevolgtrekking kom: Verwoerd se jare as student en dosent aan die Universiteit van Stellenbosch "were decisive in shaping his intellectual outlook". Basson (1980) se werk oor J.G. Strijdom en D'Oliviera (1977) se boek oor B.J. Vorster gee 'n kykie op dié twee latere premiers se studentejare, maar behandel dit nie diepgaande nie. Wel het Booyens (1969) breedvoerig oor D.F. Malan se studentejare op Stellenbosch geskryf, maar dié het in die tydperk net voor die Anglo-Boereoorlog geval.

[7] Startt & Sloan (1989:163) merk op: "Some historians ... fill their manuscripts with tedious descriptions of their research methods... Historic methods has a long and solid tradition. Historians using it properly face no compulsion to provide ponderously minute descriptions of precisely where and how they got their material. The quality of the research should be obvious from the narrative, the sources, and the soundness of historians' reasoning."

# 2

# *Teoretiese raamwerk en sentrale teoretiese stellings*

Die historiese stof wat in hoofstukke 3, 4 en 5 georden en beskryf word, word telkens ook aan die hand van Schillinger se dinamiese teorie vir die pers asook die sg. ontwikkelingsmodel vir die media geïnterpreteer. Die bruikbaarheid van hierdie toepassing sal uiteindelik beoordeel word, veral in die lig van die voorbehoude oor die wenslikheid om historiese stof in sisteme of patrone vas te vang (Tuchman, 1991:148).

Alvorens die geskiedenis van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente vir die tydperk 1902-1948 aan die orde gestel word, word die genoemde teorie en model hier beskryf en, waar nodig, voorlopig aangepas.

Uit die teoretiese vertrekpunte volg die sentrale teoretiese stellings, wat ten slotte in dié hoofstuk aan die orde gestel word en

saam met die uiteensetting van navorsingsvrae (1.4) en die doelstellings (1.5) gelees moet word.

**2.1 Schillinger se dinamiese teorie**

Siebert, Peterson & Schramm (1956) se klassieke *Four theories of the press* het vir dekades as basis vir akademiese ondersoek na perssisteme (mediasisteme ingesluit) gedien. Schillinger (1989:1) wys daarop dat dié rigtinggewende werk bloot vier perssisteme (te wete die outoritêre, libertynse, Soviet-kommunistiese en sosiale verantwoordelikheidmodelle) tipeer. Die model is staties en dui geensins aan hoe 'n perssisteem kan ontwikkel nie.

Hoewel bruikbaar vir die kategorisering van nasionale perssisteme, het dit, volgens Schillinger (1989:2), oorvereenvoudiging en etikettering meegebring wat ernstige beperkinge op empiriese ondersoek plaas.

Hachten (1992:14-34) het die oorspronklike tipologie na vyf kategorieë uitgebrei (te wete die outoritêre, Westerse, kommunistiese, revolusionêre en ontwikkelingsmodelle) en 'n enigsins minder rigiede afbakening aan die hand gedoen. Sy belangrikste bydrae was die identifisering van 'n ontwikkelingsmodel. In hierdie studie is veral lg. model van belang (kyk 2.2).

Ondanks verdere pogings tot die verfyning van die tipologisering van perssisteme, meen Schillinger (1989:3) dat tipologieë nie daarin slaag om 'n teoretiese model daar te stel wat die *Waarom?*- en *Wat sal gebeur?*-vrae probeer beantwoord nie. Hiermee impliseer sy dat die funksie van teorie verder strek as beskrywing, maar ook moet kan verduidelik, verbande lê en voorspel.

Ten einde bogenoemde gaping te vul, stel Schillinger (1989:4) 'n teorie voor wat die dinamiese en interaktiewe aard van die wêreld se perssisteme ondervang. Belangrik is dat die voorgestelde holistiese paradigma nie antiteties tot bestaande tipologieë staan nie; hulle word ingesluit en kan aanvullend tot Schillinger se teorie gebruik word. Dit blyk dus ook moontlik te wees om die Afri-

kanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente in terme van die sg. ontwikkelingsmodel (met sy klem op nasiebou en die bevordering van taal, kultuur en ekonomiese ontwikkeling) te beskryf (kyk 2.2.1).

Schillinger poog om vooroordele rakende die tipologisering van perssisteme wat in die Koue Oorlog-era gegeld het, te vermy en in daardie sin neutraal te wees. Haar teorie is spesifiek op "nasionale perssisteme" van toepassing, waarmee verwys word na die normatiewe konsepte wat die doelstellings en optrede (*purpose and performance*) van die pers (media) binne 'n enkele land beheer (*govern*). Die nasiestaat is dus die analise-eenheid.

Hachten (1992:16) en andere wys daarop dat alle perssisteme die waardes weerspieël van die politieke sisteme waarbinne hul funksioneer. Schillinger (1989:5) beklemtoon egter ook die impak van pers (media) op beleid, asook die derde element, te wete die mense (as burgery en mediagebruikers). Haar bedoeling is dus om verder te delf as die voor die hand liggende verbande tussen ekonomiese, politieke en kulturele strukture enersyds, en perssisteme andersyds.

Schillinger (1989) se teorie berus op die volgende premisse:

**2.1.1 Premis 1.** Persoptrede en waardes word deur primêre motiewe bepaal en geïdentifiseer. **Dieselfde primêre motiewe word deur die mense, die regering en ander nasionale instellings gedeel.**

Motiewe word hier verstaan as "koherente strategieë" gerig op die regverdiging van optrede. Schillinger, wat die begrip by C. Wright Mills geleen het, stel *motiewe* in hierdie konteks min of meer gelyk aan *(lewens-)filosofie, waardes* of *rigtinggewende beginsels*. (Dit sluit weer aan by die begrippe **lewensvisie en ideësisteem,** of *ideologie in 'n positiewe sin,* soos genoem in 1.2.4.) Sy beklemtoon dat die filosofieë/waardes/rigtinggewende beginsels (of dan: lewensvisies/ideësisteme) eers *motiewe* word wanneer daar 'n bedreiging ontstaan en dit verdedig moet word: "Motives are conscious

responses to behavior that is vulnerable to attack." Die argumente wat gebruik word om die motief te "verkoop" of optrede te regverdig, word die woordeskat van die betrokke motief (*vocabulary of motives*) genoem. Schillinger (1989:6) voeg by:

> Motive, then, has utility in synthesizing public opinion, promoting social harmony, and justifying social control. Shared motive is essential for shared identity and is indispensible in the creation and maintenance of national identity.

Hiermee word aangesluit by McQuail (1989b: 339-340) se uiteensetting van die *funksies van kommunikasie* (kyk 1.2.1) en Esterhuyse (1987:309-322) se aanduiding van die *funksies van ideologie.*

Waar Mills die konsep motief oorspronklik met betrekking tot die sosialisering van individue gebruik het, brei Schillinger dit uit na makrovlak, in die besonder nasiesstate en hul perssisteme.

*In hierdie studie word gekies om dit toe te pas op meer as die individu maar minder as die nasiestaat, te wete die kommunikasieoptrede van 'n mono-etniese (blanke, Afrikaanse) studentegemeenskap (Stellenbosch), d.w.s. mense wat hulself deel van 'n volk (die Afrikanervolk) geag het (kyk 1.2.3.1).*

Die (nasionalistiese) kommunikasie van die Stellenbosse studente (1902-1948) word dus in hierdie studie beskryf en ontleed soos wat die persoptrede (lees: mediaoptrede) binne 'n nasiestaat beskryf en ontleed sou kon word. In hoeverre die gekose benadering bruikbaar is (al dan nie), sal metterwyl blyk (kyk hoofstuk 6).

**2.1.2. Premis 2.** Nasies en hul perssisteme onderskryf drie primêre motiewe, nl. oorlewing, ideologie en markgerigtheid, asook hul gepaardgaande woordeskatte. Op enige gegewe oomblik is een van die motiewe van die grootste belang.

Hiërargies is oorlewing die mees fundamentele motief, maar wanneer dit nie 'n kwessie is nie, kry een van die ander twee motiewe prioriteit. Binne die nasiestaat-konteks, soos deur Schillinger gebruik, word die regering en pers se optrede deur die motiewe bepaal, maar tree hulle terselfdertyd op as agente van die primêre motiewe: die regering veral as formuleerder, en die pers meer as bekendmaker daarvan (Schillinger, 1989:7).

*In hierdie studie word gelet op die wyse waarop leidende figure en Afrikanerinstellings (waaronder die Stellenbosse studenteraad) as formuleerders van die motiewe opgetree het, die wyse waarop die Stellenbosse studente deur hul kommunikasie/kultuur daaraan meegewerk het, en veral hoe hulle as agente van die primêre motiewe opgetree het.*

**2.1.2.1 Oorlewing.** Volgens Schillinger (1989:7) is die eerste motief van alle nasies oorlewing. Regerings het deur die geskiedenis hul eie voortbestaan met dié van die geregeerdes gelyk gestel. Daarom word bedreigings vir die heersers en regerings selde onderskei van bedreigings vir die burgery.

Die vertrekpunt van die oorlewing-woordeskat is gevolglik: *alleen die regering kan oorlewing verseker.* Gepaardgaande waardes is: lojaliteit teenoor die regering en heersers, nasionale identiteit en sosiale kohesie.

*In hierdie studie word bg. vertrekpunt en waardes binne 'n andersoortige toepassingskader geplaas (nl. dié van 'n mono-etniese groep studente wat hulle deel van 'n bepaalde volk geag het). Die oorlewingsmotief se vertrekpunt sal binne sodanige konteks kan lui: die enkeling kan slegs binne die "volksverband" oorleef. Gepaardgaande waardes kan wees: die hoogste lojaliteit is aan die volk (en sy leiers) verskuldig; nasionale (lees: die volk se) identiteit en eenheid staan voorop.*

Schillinger (1989:14,15) se karakterisering van *oorlewing*-gemotiveerde sisteme (wanneer 'n nasiestaat as analise-eenheid

gekies word) kan voorlopig as volg "vertaal" word indien dit op 'n volk se kommunikasiesisteem(e) toegepas sou word *(met deeglike inagneming van die gelykstelling van nasie en volk binne 'n volksnasionalistiese paradigma* [1.2.4.1]):

**Motief.** Om die volk te bou, te bewaar en te verdedig.

**"Woordeskat".** Net toegewyde en doelgerigte optrede deur die volksleiers, volksinstellings en lede van die volk en die benutting van alle beskikbare kommunikasiemiddele kan die bedreiging vir die volk verminder of verwyder en sy voortbestaan verseker. Volksleiers is die belangrikste beskermers van die volk/nasie en moet ondersteun word. Alle kommunikasiemiddele moet benut word om steun vir die leiers te mobiliseer en die vasbeslotenheid en moreel van die mense te versterk. Die pers (en alle ander kommunikasiemedia) is die volksleiers se vennote.

**Wat word as kommunikasiewaardig** (d.w.s. nuus-waardig wanneer net op die pers toegepas word) **beskou?** Alle inligting, van eie of vreemde oorsprong, wat nie die oorlewing of ontwikkeling van die volk of die moreel van lojale lede van die volk ondermyn nie, word as nuuswaardig beskou.. Die doel is nie om "objektief" te wees in die seleksie of aanbieding van "nuus" rakende die oorlewing of ontwikkeling van die volk nie. Tydigheid is nie 'n prioriteit in die deurgee van die inligting nie, en die klem val buite verhouding groot op positiewe en pragmatiese (nuttige) inligting.

**Eienaarskap en finansiering.** Kommunikasiemiddele kan in private of volksbesit wees, of 'n kombinasie van albei. Die onderskeid is nie ter sake nie omdat alles eintlik maar as volksbesit beskou word. Wanneer die stryd om oorlewing (ook) ekonomies van aard is, word private eienaarskap gekniehalter en 'n beperking geplaas op die diversiteit van die kommunikasiekanale asook hul effektiwiteit. Die

media (en ander kommunikasievorme) kan institusioneel of deur middel van advertensies en verkope gefinansier word.

**Beheer oor kommunikasie.** Sensuur kan voor en/of na die tyd toegepas word en gaan met selfsensuur gepaard. Inligting wat deur die volksorganisasies verskaf word, verteenwoordig 'n aansienlike deel van wat gekommunikeer word. Volksgenote word aangemoedig om plaaslik alle vorme van kommunikasie in te span om die regte inligting oor te dra.

**Vermaak, kuns en reklame.** Reklame, vermaak en kuns van eie of vreemde oorsprong word gewoonlik nie aan die fynkam onderwerp nie omdat dit as irrelevant vir die primêre oorlewingswaardes beskou word.

**Houding jeens (volks-)vreemde nuus/kommunikasie-inhoud en (volks-)vreemde kommunikeerders.** Hulle word as 'n reël buite gehou. Inligting van "buite" wat die volk nie raak nie, word as van weinig belang beskou. Tog word heelwat moeite gedoen om te sorg dat uitgaande inligting gekontroleer word.

**Die vertrekpunt van hierdie (aangepaste) motief is dus volksnasionalisme.** Dit bring die vraag na vore hoe hierdie motief (met sy ideologiese ondertone) onderskei kan word van die hieropvolgende ideologiemotief.

**2.1.2.2. Ideologie.** Die tweede motief wat geïdentifiseer word, is ideologie - d.i. ideologie wat geaktiveer is deurdat dit teenstand ontlok waarop weer gereageer word (Schillinger, 1989:8). Dié motief kom, volgens Schillinger, tipies voor in lande met 'n sterk Marxisties-Leninistiese, Christelike of Islamitiese inslag omdat hulle utopiese ideologieë of godsdienste is en in stryd kom met (vrye) markwaardes.

Die belangrikste vertrekpunt van die ideologie-woordeskat is: *alleen die streng nakoming van amptelike ideologie kan verhinder dat ideale geërodeer word. Dit lei dan uiteindelik tot die triomf van ideologiese waardes wat lynreg met "ons s'n" bots.* Daarmee saam word aanvaar: die oordeel van diegene wat die ideologie interpreteer en daaroor waak, mag nie bevraagteken word nie. Soos by die oorlewingsmotief, word hier 'n hoë premie op kohesie en konformiteit geplaas.

*In hierdie studie word die vraag pertinent gevra na die ideologie Afrikanernasionalisme as magsinstrument (d.i. ideologie in 'n eng sin van die woord).* Dit word spesifiek gedoen teen die agtergrond van wat in 1.2.3 oor Afrikanernasionalisme en ideologie aangestip is. **Die sleutelgedagte daarvan is dat ideologie in die enger definisie van die woord dui op die daarstelling en instandhouding van verhoudings van oorheersing.** In hierdie studie word simboliese vorme, d.w.s. alle vorme van kommunikasie, as manifestasies van die ideologiemotief getipeer wanneer hulle aan die eng én breër omskrywing van ideologie voldoen. Laasgenoemde dui, in die konteks van hierdie studie, op 'n Afrikanernasionalisme wat die werklikheid op die een of ander wyse verteken deur een aspek daarvan so te verabsoluteer dat dit as 'n verstolde (of verstollende) lewensvisie getipeer kan word. Dit gebeur egter sonder dat daar noodwendig reeds tekens is van die bewuste of onbewuste daarstelling van verhoudings van dominansie.

Volgens Schillinger (1989:15,16) kan die volgende eienskappe van 'n ideologie-gemotiveerde sisteem geïdentifiseer word (hier voorlopig aangepas vir die volk as analise-eenheid):

**Motief**. Om die ideologie te bou, bewaar en te verdedig.

**"Woordeskat".** Alle kommunikasiemiddele (w.o. kultuur, ofte wel simboliese vorme) word ingespan om die ideologie te propageer en te populariseer, om die toepassing daarvan in die alledaagse lewe te

demonstreer, en om steun te gee aan ideologiese leiers en hul politieke agente. Ideologiese tekortkominge in eie geledere en die mislukkings van ander ideologieë moet uitgewys word. Kommunikasiemiddele/kultuur staan in diens van die ideologie, en by implikasie die volk en sy leiers.

**Wat word as kommunikasiewaardig** (d.w.s. nuus-waardig wanneer net op die media toegepas word) **beskou?** Inligting wat die gekose ideologie bevoordeel. "Objektiwiteit" word saam met relatiwisme en huiwerigheid negatief beoordeel omdat dit die ideologie verswak. Die tydigheid van inligting is minder belangrik as ideologiese korrektheid. Lg. word as akkuraatheid beskou. Positiewe inligting wat die moreel verhoog, kom buite verhouding baie in die kommunikasie voor.

**Eienaarskap en finansiering.** Alle kommunikasiemiddele/ simboliese vorme is volksbesit en word as sodanig beheer en gefinansier.

**Beheer oor kommunikasie.** Alle kommunikasiemiddele is uiteindelik agente van die volksbeweging en val onder die beheer van die volk en sy leiers. Die homogene ideologiese standpunte van alle betrokkenes kanselleer die nodigheid vir 'n amptelike sensor uit. Volksgenote wat die ideologiese norme oortree, word o.m. deur uitsluiting gestraf. Diegene wat inligting en gedagtes wil kommunikeer wat in stryd is met die gekose ideologie, moet "ondergronds" funksioneer.

**Vermaak, kuns en reklame.** Dié vorme van kommunikasie word met agterdog bejeën. Materiaal uit volksvreemde oord word oor die algemeen vermy.

**Houding jeens (volks-)vreemde nuus/kommunikasieinhoud en (volks-)vreemde kommunikeerders.** Kontak hiermee word noukeurig beheer en waar nodig geag verbied.

In die toepassing van hierdie motief op die stof wat in die hieropvolgende drie hoofstukke beskryf word, sal veral gelet word op die verskynsel segregasie/apartheid/afsonderlike ontwikkeling in die Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme. In soverre dié nasionalisme ook dominansie oor ander (Engelssprekende) blankes geïmpliseer het, sal dit eweneens as ideologies aangestip word.

**2.1.2.3 Markgerigtheid.** Die markmotief, ofte wel die vryemarkgedagte, kom tipies in kapitalistiese lande voor. Lande met markekonomieë is in die verlede wêreldwyd deur nie-markgeoriënteerde lande uitgedaag (Schillinger, 1989:8), maar sedert die ineenstorting van die Soviet-Unie as sosialisties-Marxistiese moondheid, het dié uitdaging (*challenge*) heelwat afgeneem. Die gedagte van markekonomie en die daarmee gepaardgaande waardes word egter steeds nie universeel aanvaar nie.

Volgens Schillinger (1989:9) word die volgende eienskappe in die woordeskat van die markmotief aangeprys: die aanvaarding van 'n verskeidenheid van uiteenlopende gedagtes en menings (dus pluralisme), persoonlike vryheid, inisiatief, demokrasie en individualisme. Daardeur word innovasie, kompetisie en die verbruik van goedere en dienste (*consumerism*) aangemoedig.

Daarbenewens word 'n hoë premie op verdraagsaamheid vir ander waardestelsels geplaas. Daarom sê Schillinger (1989: 9):

Nations motivated primarily by market are seldom able to sustain an ideological motive over a long period of time, because of inherent contradiction. Pluralism and individual freedom are not compatible with overarching ideologies dependent upon social conformity and control.

Die eienskappe van die markmotief is die volgende:

**Motief.** Om 'n vryemarkekonomie te beskerm en private ondernemerskap aan te moedig.

**"Woordeskat".** Die pers en ander kommunikasiemiddele word ingespan om private ondernemerskap te beskerm. Die media (en ander kommunikeerders) tree op as waghond oor die regering en ander leiers en dien as 'n "markplek" waar idees vrylik uitgeruil kan word.

**Wat word as kommunikasiewaardig** (d.w.s. nuus-waardig wanneer net op die media toegepas word) **beskou?** Net tydige inligting wat winsgewend aan die publiek verkoop kan word. Inligting oor die buitengewone, die abnormale - en gevolglik die negatiewe - is hoogs bemarkbaar en is buite verhouding sterk in die simboliese vorme aanwesig.

**Eienaarskap en finansiering.** Eienaarskap van die media en ander kommunikasieproduksiemiddele setel by enige private individue of instansies.

**Beheer oor kommunikasie.** Reklame-inkomste, die voorkeur van gehore/mediagebruikers en eie oordeel gee die deurslag. Die skeppers van simboliese vorme is alleen-hekwagters.

**Vermaak, kuns en reklame.** Alle mediavorme word gewoon as produkte beskou wat verkoop kan word. Bemarkbaarheid is die enigste norm. Individuele kommunikasie wat met die heersende markgedrewe motief in botsing is, word toegelaat.

**Houding jeens (volks-)vreemde nuus-/kommunikasieinhoud en (volks-)vreemde kommunikeerders.** Geen onderskeid word getref nie, aangesien bemarkbaarheid van die produk al norm is.

**2.1.3. Premis 3.** Nasies en hul perssisteme fluktueer (vacillate) gedurig van die een primêre motief na een of albei die ander.

Volgens Schillinger (1989:10,11) is perssisteme dinamies en in 'n permanente toestand van fluktuasie. Gevolglik vertoon geen nasionale perssisteem die "suiwer" eienskappe van 'n enkele motief nie. Binne die konteks van die studie word gepostuleer dat geen enkele motief tot volledige uitsluiting van ander in enige bepaalde tydvak van die ontwikkeling van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente voorkom nie.

Die aanvaarding van 'n ander primêre motief kom by radikale en geleidelike verandering voor - of as agent, of in reaksie op gebeure. Die veranderinge in motief en woordeskatte dien as katalisator vir sosiale verandering en help ook om dit aanvaarbaar te maak. Die (potensieel) ingrypende aard van so 'n verandering, is volgens Perinbanayagam (soos aangehaal deur Schillinger, 1989:11) "... to change vocabularies of motives is to change identities of many types and to change identities that are considered crucial to the maintenance of a particular social order is to change the social order itself".

In die soeke na groter begrip van die kommunikasiesisteem van die Stellenbosse studente (1902-1948) sal die genoemde drie primêre motiewe geïdentifiseer word. Daardeur verskuif die vraag weg van 'n blote *Watter tipe sisteem was dit?* na 'n belangrike verdere vraag, nl. *Wat het dit gemotiveer?* (vgl. 1.4) en word 'n breër verklaringsraamwerk geopen waarin elke sisteem se eie kombinasie van intrisieke logika, kultuur, geskiedenis en doelstellings veronderstel word (Schillinger, 1989:13).

**2.2 Die ontwikkelingsmodel vir die media**

Aanvullend tot die gebruik van Schillinger se (aangepaste) dinamiese teorie, word die ontwikkelingsmodel vir die media hier gebruik om die stof te orden en te verklaar.

Die oorspronklike tipologie van die pers/media (Siebert, Peterson & Schramm, 1956) is deur Hachten (1992) uitgebrei, onder meer deur die toevoeging van die ontwikkelingsmodel. Daarmee is ontwikkelinge in die Derde Wêreld ondervang, in die besonder dié na verkryging van politieke onafhanklikheid (Hachten, 1992: 34).

Die gebruik van die woord *ontwikkeling* in dié konteks sluit aan by die gebruik daarvan in die tydvak na die Tweede Wêreldoorlog toe die Eerstewêreldlande toenemend, vir verskillende redes, hulp begin gee het om "ontwikkeling" in arm lande van Afrika, Asië en Latyns-Amerika aan te help. Die kontemporêre gebruik van die woord hou dus regstreeks verband met die verhouding tussen lande van die Eerste en Derde Wêreld.

Volgens McQuail (1989a:120) is die beginpunt van die sg. ontwikkelingsteorie of -model vir die media die gemeenskaplike omstandighede in sg. ontwikkelende Derdewêreldlande. Wat die media betref, is die belangrikste enkele kenmerk die gebrekkige kommunikasie-infrastruktuur en die afwesigheid van omstandighede waarbinne 'n massamediasisteem kan ontwikkel (McQuail, 1989a:120). Hachten (1992:34,35) motiveer die daarstelling van die ontwikkelingsteorie verder deur te wys op die duidelike gebrek aan koerante, uitsaaiers en videofasiliteite in die betrokke lande - "the world's 'have-nots'" in media resources" .

Die ontwikkelingsmodel is, volgens Hachten (1992:34), "an amorphous and curious mixture of ideas, rhetoric, influences and grievances". Die konsep is gevolglik nog nie glashelder gedefinieer nie.

Tog teken Hachten (1992:35) en McQuail (1989a:121) 'n aantal kenmerke aan wat die model duidelik genoeg van ander mediamodelle onderskei. Die kenmerke (McQuail [1989a:121] noem

dit beginsels) wat toepaslik is op 'n nasiestaat, word hier effe aangepas met die oog op gebruik op 'n volk *wat streef na onafhanklikheid* (d.w.s. 'n nasie - vgl. 1.2.3.1):

**2.2.1 Nasiebou kry voorrang.** Alle kommunikasiemiddele moet deur die staat (of, as die "volk" nie die bewind voer nie, die "volksinstellings") gemobiliseer word in die opbou van die volk, d.w.s. die "nasiebouproses". Dié proses sluit in: die stryd teen ongeletterdheid en armoede, die bou van 'n politieke bewussyn, ekonomiese ontwikkeling en die bevordering van die volkskultuur en -taal. (Voorafgaande impliseer 'n bewuste definiëring van wie en wat die betrokke nasie is of wil wees.)

**2.2.2 Kritiek nie geduld.** Kommunikasiemiddele het 'n positiewe funksie. Dit moet nie gebruik word vir kritiek teen die volksleiers nie, maar hul gesag moet aanvaar word. Afwykende idees moet vermy word; vryheid van spraak is ondergeskik aan die "ontwikkelingsbehoeftes" van die volk. (Dit impliseer dat selfaangestelde of verkose leiers/instellings moet bepaal wat "afwykend" is.)

**2.2.3 Inligting nie neutraal.** Inligting is 'n nasionale bate (d.w.s. die volk s'n) en moet gebruik word om die volk se doelwitte te verwesenlik. Daarom het alle openbare sprekers, joernaliste, uitvoerende kunstenaars, akteurs ens. 'n verantwoordelikheid teenoor die volk. Die individu se regte en mening is altyd ondergeskik aan die volk se gemeenskaplike doelwitte. (Hierdie doelwitte word soos by 2.2.2 bepaal.)

**2.2.4 Die reg tot sensuur.** Die volk (of groep binne die groter volksgeheel) het 'n "reg" om beheer uit te oefen oor wat in sy geledere gekommunikeer word. Dit impliseer die "reg tot sensuur", ofte wel die inperking van vryheid van spraak. (Nogmaals moet die

perke van vryheid deur selfaangestelde of verkose individue/-instellings bepaal word.)

**2.2.5 Samevatting.** Schillinger (1989:4) postuleer dat binne 'n nasiestaat se perssisteem (waaronder sowel gedrukte as uitsaaimedia, d.w.s die media in den breede, verstaan word) drie primêre motiewe, nl. **oorlewing, ideologie en mark***gerigtheid*, elk met sy eie "woordeskat" telkens aanwesig is en afwisselend "domineer", maar dan nie tot volledige uitsluiting van die ander motiewe nie. (Die [aangepaste] woordeskatte van die primêre motiewe en [aangepaste] kenmerke van die motiewe vorm die basis vir die analise van die stof.)

Die gebruik van hierdie verklaringsinstrumente sluit nie die gebruik van tipologieë van die media uit nie. Daarom word die ontwikkelingsmodel vir die media hier aanvullend gebruik om die vorme en inhoud van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente (1902-1948) in perspektief te plaas.

Sodanige toepassing van die model is weliswaar ongewoon, maar is geregverdig omdat die politieke en sosiale faktore wat op die moderne massamedia inspeel eweneens ter sake is by verbale en nie-verbale kommunikasievorme buite-om die massamedia, soos in hoofstukke 3, 4 en 5 sal blyk..

**2.3 Sentrale teoretiese stellings**

In die lig van voorafgaande, kan die sentrale teoretiese stellings as volg geformuleer word:

**2.3.1** Die *vorme en inhoud* van 'n volk se kommunikasie/diskoers - dus ook dié van die Afrikanervolk (w.o. die meeste Stellenbosse studente) in die tydperk 1902-1948 - kan in terme van sy politieke, sosiale en kulturele *konteks* begryp word.

**2.3.2** Die drie *primêre motiewe* wat deur Schillinger (1989) geïdentifiseer is (nl. oorlewing, ideologie en markgerigtheid) kan by volksdiskoers geïdentifiseer word en 'n verklaring help bied van die ontwikkeling daarvan.

**2.3.3** Weens die dinamiese aard van kommunikasiesisteme "domineer" die *primêre motiewe* afwisselend binne so 'n sisteem, dog nie op 'n deterministiese wyse nie. Dit was ook die geval by die Stellenbosse studente, 1902-1948.

**2.3.4** Schillinger se dinamiese teorie is, in aangepaste vorm, bruikbaar in die analise van volksnasionalistiese kommunikasie (soos dié van die Stellenbosse studente, 1902-1948).

**2.3.5** 'n Volksnasionalistiese kommunikasiesisteem en kommunikasie (soos dié van die Stellenbosse studente in die tydperk 1902-1948) kan deels in terme van 'n (aangepaste) *ontwikkelingsmodel* vir die media beskryf en begryp word.

Hierdie stellings word in hoofstuk 6 weer aan die orde gestel nadat die kommunikasie van die Stellenbosse studente in die tydperk 1902-1948 beskryf is.

# 3

# *Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1902-1924*

Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom, waarskynlik die hoogtepunt in die opmars van twintigste-eeuse Afrikanernasionalisme. In sekere sin was dit ook die voltooiing van 'n tydvak wat begin het toe die Boererepublieke die knie in 1902 voor Brittanje moes buig.

Die staatkundige triomf van 1961 het egter reeds dertien jaar vantevore in vervulling begin gaan met die verrassende 1948-verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party en sy bondgenote (Kruger, 1973a: 559).

Dié beslissende sege - een van die grootste keerpunte in die land se geskiedenis (Liebenberg, 1973:389) - het op sigself die einde van 'n tydvak beteken: vir die eerste keer sedert Uniewording was

die politieke mag in die hande van Afrikaners alleen (Van Jaarsveld, 1976:299).

Nasionaalgesinde Afrikaners het toe reeds gevoel hulle het "hul land" teruggekry (Van Jaarsveld, 1978:18). Vandaar die tonele van ongebreidelde vreugde onder nasionaalgesinde Afrikaners landwyd.

Buite *Die Burger* se kantore in Keeromstraat, Kaapstad, was die gejuig van die wagtende skare byvoorbeeld "onbedaarlik" nadat Smuts se nederlaag in Standerton aangekondig is (De Villiers, 1965:209). En op Stellenbosch, waar opgewonde studente die jongste verkiesingsuitslae selfs in die klas oor draradio's gevolg het, het pandamonium losgebars toe die Standertonuitslag bekend word: "Dit het gelyk of almal oombliklik mal geword het en binne minute was die helfte van die inwoners (van Dagbreek, 'n manskoshuis - JDF) besig om te dans en te skreeu in die vierkant" (Verwoerd, 1988).

Teen die volgende dag (Vrydag) was 'n Nasionale meerderheid 'n voldonge feit en is 'n optog gehou na Môrewag, woning sedert 1942 van die aangewese eerste minister, dr. D. F. Malan.

Die pas verkose plaaslike LV, mnr. Paul Roos, was vooraan in 'n koets getrek deur "'n dubbele ry meisies en heel voor was 'n Voortrekkernooientjie op 'n perd" (Verwoerd, 1988). Die honderde studente was almal spierwit geklee.

Die trane van vernedering wat die Stellenbosse studente in 1902 moes wegsluk terwyl Britsgesinde Kleurlinge in die strate van Stellenbosch "soos onsinniges te kere gaan" (Van Schalkwyk, 1932), het eindelik plek gemaak vir trane van vreugde en bevryding.

Tussenin het 46 jaar van stryd gelê - 'n moeisame, omvattende stryd om politieke, kulturele en ekonomiese oorlewing, opbou en uiteindelik ideologiese ontplooiing. Daaraan het die nasionalistiese studente op Stellenbosch stap vir stap deelgeneem en 'n sleutelrol gespeel.

Hul kommunikasie van Afrikanernasionalisme het deurentyd teen 'n besondere historiese agtergrond en binne 'n steeds veranderende konteks gestalte gevind. In dié en die hieropvolgende twee hoofstukke word die historiese agtergrond en kontoere van die politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele konteks van die tydperke 1902-1924, 1925-1938 en 1939-1948 geskets, waarna die inhoud en vorme van die studente se ontplooiende nasionalisme telkens beskryf word.

Dit word ten slotte in hoofstuk 6 in die lig van Schillinger se dinamiese teorie en die ontwikkelingsmodel vir die media geïnterpreteer.

## 3.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks

Die agtergrond waarteen en konteks waarbinne die Stellenbosse studente in die tydvak 1902-1924 hul Afrikanernasionalisme geartikuleer het, het veral verband gehou met die gebeure wat die Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het, die oorlog self en die nadraai daarvan, waarby ingereken word Uniewording en die daaropvolgende besluit van die eertydse Boeregeneraals Louis Botha en Jan Smuts om hulle aan Brittanje se kant te skaar in die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1919.

Dié staatkundig-politieke raamwerk het ook verreikende kulturele en ekonomiese implikasies vir die Afrikaner gehad - veral vir die nasionaalgesinde Afrikaner, insluitende die studente van die Victoria-Kollege op Stellenbosch, vir wie die situasie onaanvaarbaar was. Dit het voorts die georganiseerde studentelewe ná 1902 ingrypend geraak, asook die aard en inhoud van die kommunikasie deur Stellenbosse studente, soos blyk uit die voorkoms van sekere dominante motiewe en gepaardgaande "woordeskatte".

**3.1.1 Die tydperk vóór 1902.** In die vooroorlogse jare was Stellenbosch in meer as een opsig 'n tipiese Victoriaanse universiteitsdorp. Die dosente was oorwegend Engels en oor die

algemeen het 'n Engelse gees geheers en is oorwegend Engels in debatte, privaatbriewe en studentejoernalistiek gebruik (Booyens, 1969:47,49; Muller, 1990:38).

Aanvanklik was daar geen besondere entoesiasme vir die Genootskap van Regte Afrikaners nie (vgl. Hugo, 1966:271; Muller, 1990:35), maar Afrikaans het algaande 'n belangrike debatsonderwerp geword. So het J.B.M. Hertzog in 1889 by 'n debatsaand (onsuksesvol) vir die vertaling van die Bybel in "Cape Dutch" gepleit (Hugo, 1966:288), hoewel hy self Engels in korrespondensie gebruik het (Van den Heever, 1935:36,37). Teen die volgende jaar is heftig oor die invoer van 'n vereenvoudigde skryftaal geredeneer (Booyens, 1969:50). Daar moet hier reeds in gedagte gehou word dat die taalkwessie vir baie jare nie net om 'n keuse tussen Engels en 'n vereenvoudigde Hollands (Afrikaans) gegaan het nie, maar ook tussen die voorstanders van Nederlands en Afrikaans (vgl. Muller, 1990:41).

Die hartlike ontvangs wat die Boeregeneraals Paul Kruger en Piet Joubert in 1880 op Stellenbosch te beurt geval het, was 'n vroeë aanduiding van steun aan volksleiers aan wie die voortbestaan van die Afrikaner gekoppel is. Die besoek was ook instrumenteel in die "aanmerklike verandering" wat by Stellenbosse studente se gesindhede ingetree het (Hugo, 1966:272; vgl. Booyens, 1969:50).

'n Bedrag van 25 pond is deur die studente van die junior debatsvereniging ingesamel en Transvaal toe gestuur vir die verpleging van gewondes, en 'n onbestrede mosie is by die Uniedebatsvereniging aanvaar dat die Boere-oorwinning by Majuba die kroon op die Afrikaner se vryheidstrewe geplaas het (Meiring, s.a.:19). Die studente het hul nuutgevonde verbintenis met hul Noordelike volksgenote voorts getoon deur die sing op 16 Desember 1881 van die Transvaalse en Nederlandse volksliedere ter afsluiting van die jaarlikse "Entertainment" . Voorheen is *God save the queen* gesing. Maar, sê Hugo (1966:272), "toe die opwinding van die

oorlog eenmaal verby was, het hierdie gevoelens ook weer grotendeels verdwyn".

In 1890 het die twee Boeregeneraals Stellenbosch weer besoek en is hulle nogmaals hartlik ontvang (Meiring, s.a.:17). Die binneval van die ZAR deur Jameson in 1895 het egter die politieke gemoedere behoorlik wakker gemaak en kan as die "aanvangspunt van 'n hernieude oplewing van nasionale bewustheid" onder die studente bestempel word (Booyens, 1969:52).

*Ons Land* (wat sedert 1895 onder redakteurskap van F.S. Malan gestaan het en op Stellenbosch deur studente gelees is) het hom skerp oor die Jamesoninval uitgespreek. En in die opspraakwekkende *Eeu van onreg*, wat op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog verskyn het, is dié formulering van *Ons Land* herhaal:

> Die dolksteek waarmee geprobeer is om die Afrikanerdom eens en vir altyd in die republieke te verlam, het 'n elektriese skok na die nasionale hart gestuur. Die Afrikanerdom het ontwaak met 'n erns en bewustheid wat ons nie sedert die roemryke vryheidsoorlog van 1881 bespeur het nie (Le Roux, 1985:40).

Die onafhanklikheidstrewe van die Boererepublieke was gevolglik teen 1895 volledig op die agenda en het die "staatkundige Afrikanerdom van die twee republieke... sy weerklank gevind in die intellektuele en die 'geleerde' Afrikanerdom van Stellenbosch" (Kotzé, 1966:513). Stellenbosch is, volgens Muller (1990:34,44), reeds lank voor die einde van die 19e eeu "beskou as die Kaapse kultuursentrum van die Afrikaner waar intellektuele leiers na wie opgesien is, gevestig was". Die koms van die motor en 'n verbetering in die treindienste, het Stellenbosch se posisie net verder verstewig deurdat die dorp nou "nader" aan Kaapstad gebring is.

Die diplomatieke stryd in 1899 tussen Milner en Kruger is druk deur die studente bespreek en 'n sterk "pro-Boere"-gevoel was onder hulle vaardig (Booyens, 1969:59). Vroeër het die Stellenbosse

studente, in pas met die gebruike van die Victoriaanse era, die Stellenbosch College Cadet Corps in 1883 tot stand gebring (in 1888 is dit tot die Victoria College Volunteer Rifles hernoem).

Toe daar egter sprake was dat hulle opgekommandeer sou word vir aktiewe diens teen die Boere in Natal, is die "vrolike soldaatspelery" abrup beëindig. Uniforms, gewere en musiekinstrumente is "soos een man" ingelewer en die korps het ook talle van sy offisiere verloor (Hugo, 1966:275; Notules van die Stellenbosch College Cadet Corps, 1899). Daarmee is die oppervlakkige aard van dié assosiasie met die Britse ryk uitgewys en het die studente hulle vereenselwig met die staatkundige ideale van die Afrikaner in die Noorde.

Tydens die driejarige oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke het die studente, ondanks die skaarsheid van nuus (Van Schalkwyk, 1932), "intens meegeleef" met die gebeure in die Noorde (Kotzé, 1966:514), veral ook vanweë die deelname aan die oorlog deur 'n aantal republikeinsgesinde studente (Hugo, 1966:302). Verder was sommige studente Britse krygsgevangenes wat op parool vrygelaat is om hul studies voort te sit (Van Schalkwyk, 1932). Studente het dus daagliks kontak gehad met mede-studente wat die wapen teen die Britte opgeneem het.

Die politieke toestande het in die joernale van die debatsverenigings neerslag gevind. Trouens, "dwarsdeur die oorlog het daar patriotiese artiekels verskyn wat van 'n sterk nasionale trots getuig (het)..." (Rothman, Murray, Schlengeman & Buhr, 1924:38).

Boonop het 'n groep predikante op 28 en 29 November 1899 op Stellenbosch oor die oorlog besin en steun vir die Boererepublieke uitgespreek. En teen die winter van 1900 was 'n "uitgebreide handelsboikot" teen Britsgesinde sakeondernemings op Stellenbosch van krag en is beweer dat die studente as 'n boikotkomitee optree.

Volgens Muller (1990:40)

**het algaande versoening gekom en boikotte is opgehef, maar Stellenbosch was nie meer dieselfde nie. As reaksie op die ondergang van die republieke, en die wyse waarop die republieke onderwerp is, het die Afrikanernasionalisme ook daar sterk opgewel.**

Betrekkinge tussen die dorp se bruin bevolking en die studente het wesenlik onder die oorlog gely: gevegte tussen Maties en Kleurlinge het voorgekom, veral wanneer die Kleurlinge die nuus van Britse oorwinnings gevier het deur op straat te marsjeer (Van Schalkwyk, 1932). Dié botsings was tekenend van die ideologiese stryd wat later by herhaling tussen die Afrikanernasionalistiese studente en die bruinmense van Stellenbosch tot uiting sou kom. Die studente se motief om hul volk te bou, te bewaar en te verdedig en alle bedreiging daarvan af te weer, sou metterwyl oorgaan in die daarstelling en ondersteuning van 'n ideologie wat die volk se toekoms veilig sou stel - desnoods ten koste van ander mense.

Bande tussen Kaapse Afrikaners en dié in die Boererepublieke is, daarenteen, vanweë die oorlog hernieu en versterk (Moodie, 1975:41). Dit het 'n student genoop om in die *Stellenbosch Students' Quarterly* (Mei, 1900) op te merk dat die oorlog meer Afrikaners gemaak het as wat sou omkom. Dié opmerking bevestig die rol van faktore buiten bande van afkoms, taal, godsdiens ens. (kyk 1.2.3.1)

Die oorlog was brutaal en het 'n reuse-tol geëis. Aan Boerekant het altesame 3 990 burgers gesneuwel en sowat 1 080 is op kommando oorlede (De Kock, 1973:321,322) Daarbenewens het meer as 26 000 vroue en kinders in die haglike omstandighede van die krygsgevangenekampe omgekom (Wiid, 1973:434; Van Reenen, 1984:11-117), 'n situasie wat 'n openbare skandaal geword het (Davenport, 1988:216-217).

In die konsentrasiekampe en elders is Afrikanervroue aan aanranding, plundering, verkragting en ander vernedering onderwerp (Raath & Louw, 1993). Meer as 30 000 Boereplaasopstalle is

afgebrand en plase is gestroop van lewende hawe en gesaaides (Spies, 1973:325; kyk ook Davenport, 1988:214). Materiële ontbering het nie tot die ou Boererepublieke en Natal beperk gebly nie; ook in die Kaapkolonie het boere swaar verliese gely deurdat Boere vee opgekommandeer het of die Britse militêre vee geneem en oeste verwoes het om dit van die Boere te weerhou (Davenport, 1988:217,218).

Die aktiwiteite van en optrede teen Kaapse rebelle het die oorlog des te meer aktueel vir alle Stellenbosse studente gemaak - ook dié wat nie uit die Boererepublieke afkomstig was nie. Optrede wat die aandag getrek het, het ingesluit die opsluit van die oud-Victoriaan en redakteur van *Ons Land*, F.S. Malan, vir wat as opruiende artikels beskou is (Davenport, 1988:218).

Met die vredesluiting op 31 Mei 1902 is die militêre en politieke nederlaag van die Boererepublieke en hul Kaapse simpatiseerders voltrek. Op Stellenbosch is die nuus met hartseer deur die studente verneem. In een student se woorde:

> ...die duurgekogte onafhanklikheid is prysgegee; die oorlog was tevergeefs. En terwyl die kleurlinge daarbuite in die strate soos onsinniges te kere gaan, skreeu, raas en "Red, white and blue" sing, sit ons in ons kamers met trane in die oë (Van Schalkwyk, 1932).

Vir Afrikanernasionaliste was dié tipe vernedering 'n motivering om te probeer sorg dat dit nie weer gebeur nie.

**3.1.2 Breë politieke, ekonomiese en kulturele konteks.** Die Afrikanervolk is geestelik en materieel erg deur die Anglo-Boereoorlog geknou. Daar was boonop 'n sterk verdeeldheid tussen dié Afrikaners wat hulle op die een of ander tydstip aan Britse kant geskaar het, en die bittereinders (vgl. Van Jaarsveld, 1976:244; Wiid, 1973:435-437).

Verder het 'n minderwaardigheidgevoel sedert die vredesluiting in 1902 by party Afrikaners bestaan (Nienaber, 1941:30) en

is dit deur die Britse regering se verengelsingsbeleid vererger (Botha, 1970:86; Kannemeyer, 1995:222). Maar die gevolglike pessimisme het mettertyd plek gemaak vir "nuwe en hoopvoller vergesigte" (De Villiers, 1977:11; Nienaber, 1941:21,110,111) en was daar inderwaarheid 'n herlewing van die nasionale Afrikanerdom (Davenport, 1988:234-235). Enkele hoofmomente hiervan was die kultureel--politieke ontwikkelinge; die ontstaan van private CNO-skole as "teenhanger" vir die regeringskole weens die gevoel by Afrikaners dat Hollands nie tot sy reg kom nie (vgl. Schoeman, 1977:35; Rautenbach 1975:119); die stigting van Afrikaanse kultuurverenigings, met as mylpaal die totstandkoming in 1909 van die samebindende Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (vgl. Botha 1970:109); die erkenning van Nederlands as amptelike landstaal in 1910 (vgl. wel ook Davenport, 1988:287) en enkele jare later ook Afrikaans - as staatsdienstaal (Langenhoven, 1973a:446), kerktaal (Kannemeyer, 1978:90), universiteitstaal en koerant- en tydskriftaal.

Trouens, die tydperk 1913-1916 is op Stellenbosch ervaar as 'n tyd waarin 'n sterk volksbewussyn posgevat het en die aanvang van die groot stryd vir wat beskou is as die volle regte van die Afrikaanse taal en kultuur. Dit was dus vir Afrikanernasionaliste 'n tyd van bou en bewaar; 'n tyd waarin hoofsaaklik gekeer moes word dat die Afrikaner nie deur 'n Engelse kultuur oorweldig word nie; 'n tyd waarin Afrikaans/Hollands sy plek naas Engels in die Parlement en staatsdiens moes inneem (vgl. Kannemeyer, 1995:427,429).

Namate die oorlogsherinnering effens begin vervaag het, het die Boere ook politiek weer bewus geword en het die Boerepartye oorwinnings in Transvaal en die Vrystaat behaal (vgl. Schoeman, 1977:4). In 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand en word dié nuwe staatkundige entiteit erfgenaam van al die probleme waarmee die voormalige Boererepublieke en kolonies in die verlede mee te kampe gehad het, o.m. die konstitusionele verhouding met Brittanje,

die verhouding tussen die twee blanke taalgroepe en dié tussen blankes en swartmense (Van Jaarsveld, 1976:270).

Die onopgelostheid van hierdie probleme het reeds in 1912 daartoe gelei dat genl. J.B.M. Hertzog ná sy De Wildt-toespraak uit genl. Louis Botha se kabinet gelaat is - 'n keerpunt in die ontplooiing van Afrikanernasionalisme (Van Jaarsveld, 1976: 273,274; Schoeman 1977:38).

Kort daarna het Hertzog 'n vergadering voor 'n hoofsaaklik studentegehoor op Stellenbosch gehou om sy posisie te verduidelik, nl. die stel van Suid-Afrika se belange eerste (De Villiers, 1977:24). Terselfdertyd het die nasionaaldenkende Afrikaner nou meer as 'n politieke leier gehad omdat politiek en kultuur onlosmaaklik verweef geraak het (vgl. Van Jaarsveld, 1976:274).

Die ineenstrengeling van die oorlewingsmotief en dié van ideologie het hiermee ook 'n stap verder gegaan. Eersgenoemde motief se klem op die opbou, bewaar en verdedig van die volk (en die daarmee gepaardgaande woordeskat van toegewyde, doelgerigte optrede deur leiers en volksgenote) het metterwyl al hoe meer in regstreekse verband gestaan met die ideologiemotief.

Dié motief, met sy klem op ideologiese suiwerheid en die bevordering en alledaagse toepassing daarvan met behulp van alle kommunikasievorme, het groepskohesie en eenvormigheid verder bevorder - al was dit tot uitsluiting van "afwykende" volksgenote.

Na die stigting van die Nasionale Party in 1914, die rebellie (of "gewapende protes") en die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, met die gewese Boeregeneraals Botha en Smuts wat hulle - net twaalf jaar na beëindiging van die Anglo-Boereoorlog - geesdriftig aan Britse kant skaar (Davenport, 1988:271,272; Liebenberg, 1973:352-356), was die Afrikaner polities volledig in twee kampe gejaag (Van Jaarsveld, 1976:276; Du Plessis, 1964:34).

Dit was kernelemente van 'n politieke stroom wat 'n "sterk invloed" op "Jong Suid-Afrika" uitgeoefen het (Rautenbach, 1975:119; vgl. ook Meiring, 1974:89). Die rebellie het Afrikaner-

nasionalisme gestimuleer en die republikeinse gedagte op die voorgrond geplaas (Van Jaarsveld, 1976:277; Coetzee, 1969:241). Dit het die nasionaalgesinde Afrikaners ook laat saamstaan: deur die Helpmekaarbeweging (met *De Burger* as belangrike fondswerwer) het Afrikaners geld bygedra om rebelle se skuld te betaal (Kruger, 1973b:498).

Na die skielike dood van die eerste minster, genl. Louis Botha, in 1919 volg die gewese Stellenbosse student Jan Smuts hom op. Slegs samesmelting met die Unioniste kon Smuts na die 1920-verkiesing aan bewind hou (Schoeman, 1977:98), maar in 1921 vaar hy veel beter. John X. Merriman is onbestrede in die kiesafdeling Stellenbosch verkies as lid van die regerende SAP.

In 1924 durf Paul Sauer hom onsuksesvol aan. Die sterk anti-Nasionale Kleurlingstem het die deurslag gegee (De Villiers, 1977:30), terwyl die studente weinig regstreekse bydrae kon lewer aangesien stemreg in daardie stadium beperk was tot dié bo 21 jaar. Hertzog het egter met die hulp van die Arbeiders aan die bewind gekom en Suid-Afrika het, tot vreugde van die nasionale Maties, sy eerste Nasionale premier gekry (Van Jaarsveld, 1976:277,278; Kruger, 1973b:509).

Intussen het duisende Afrikaners na die stede gestroom om as verarmde, ongeskoolde arbeid 'n heenkome te probeer vind. Dié trek na die stede het nie slegs enorme maatskaplike probleme meegebring nie, maar die blanke Afrikaanssprekendes as groep diverser gemaak (Du Plessis, 1964:31,32; kyk ook Albertyn, Du Toit & Theron, 1947).

Teen dié politieke en maatskaplik-ekonomiese agtergrond is ook werk gemaak van die kulturele strewe van nasionaaldenkende Afrikaners as tweede komponent van die nasionaaldenkende Afrikaner se omvattende vryheidstrewe (Van der Walt, 1968:230). Daar is dus doelbewustelik gewerk aan die mobilisering van Afrikaanssprekende blankes met die oog op die behoud van die Afrikaner as afsonderlike volk (vgl. 1.2.4.1).

**3.1.3 Totstandkoming van die Universiteit van Stellenbosch.** Hoewel die jare 1914-1919 oorlogsjare was, was dit, wat die nasionaaldenkende Afrikaners betref veral 'n tyd van "oorlog teen Engelse oorheersing!" (Meiring, 1974:89; kyk ook 3.2.3).

'n Mylpaal in dié stryd was die stigting (op Stellenbosch) van 'n spreekbuis vir nasionaaldenkende Afrikaners. *De Burger* (later genoem *Die Burger*) sou nuwe stimulus aan die nasionale gedagte gee (Muller, 1990:119-164). Die band tussen die Afrikaner-nasionalistiese lewensvisie en Stellenbosch is ook op 'n besondere wyse herbevestig: die oud-Victoriaan en kampvegter vir Stellenbosch as inrigting vir hoër onderwys, dr. D. F. Malan, is as die eerste redakteur aangewys en hy het kort daarna ook die leierskap van die Kaaplandse Nasionale Party aanvaar.

As redakteur van *De Burger* het dr. Malan "in sierlike, deftige styl... duidelike rigting aan die nasionale aspirasies van die Afrikaner gegee en uit die staanspoor status en aansien aan hierdie dagblad verleen..." (Booyens, 1974).

Op opvoedkundige gebied was die aanloop tot en motivering vir die totstandkoming van die Universiteit van Stellenbosch 'n besonderse mylpaal in die daarstelling van 'n konstellasie van Afrikanerinstellings waarin die Afrikaner tuis sou voel en wat aktief kon bydrae tot die uitbou en handhaaf van sy identiteit (vgl. Booyens, 1969:185-189, 242; Du Toit & Venter, 1966:63,65).

Die regering se goedkeuring vir die omskepping van die Victoria-Kollege in die Universiteit van Stellenbosch het doelgerigte en volgehoue inspanning geverg van dié leiers wat dit op hulle geneem het om die voortbestaan van Stellenbosch as tuiste van hoër onderwys vir die Afrikaner te verseker.

Die oorgang van kollege tot universiteit in 1918 het "met verbasende skielikheid" 'n heel ander era ingelui en het die studentelewe 'n nuwe en lewenskragtige voorkoms gekry vergeleke met die sestien jaar sedert die Anglo-Boereoorlog (1902-1918) (Hugo,

1966:330). 'n Faktor wat die nuwe gees op die kampus stukrag gegee het, was die uittrede kort na mekaar van 'n ouer geslag professore en hul opvolging deur jeugdige dosente, waarvan heelparty oud-Victoriane was (Hugo, 1966:328-30; Cilliers, 1973:138).

Die Afrikaner se reaksie op beleidsrigtings wat skadelik geag is vir sy voortbestaan, moes, volgens die nasionalistiese denke van die tyd, omvattend wees en op alle terreine van die volkslewe tot uiting kom. Dit het sekerlik die wêreld van kolleges en universiteite ingesluit en daarom was die deelname van studente 'n belangrike skakel in die ketting. Meer nog: dit was deur die jare die teelaarde vir die Afrikanerleiers van die toekoms - van eerste ministers tot gemeenskapsleiers, van skrywers tot leraars, van onderwysers tot wetenskaplikes (vgl. Kotzé, 1966:437-529).

Weens die Groot Griep van 1918 - 'n tragedie wat weens die onmiddellikheid daarvan selfs dié van die oorlog in Europa oorskadu het - het die nuwe era ietwat gedemp begin (Mönnig, 1931). Akademiese bedrywighede is laat in die jaar vir twee maande deur die griepepidemie ontwrig, studente moes inspring om noodsaaklike dienste aan die gang te help hou en alle byeenkomste is in 'n stadium verbied (Du Toit & Venter, 1966:70; Boshoff, 1993:16; Mönnig, 1931).

**3.1.4 Studentelewe: sosiale lewe, kleredrag, vermaak, gedrag en groepsgees.** Die universiteitsdorp Stellenbosch het in die tydperk 1902-1924 nog 'n plattelandse gees geadem (Malherbe, 1977:97); boonop was Suid-Afrika as geheel nog oorwegend plattelands met 'n daarmee gepaardgaande landelike kultuur. Net 29% van alle Afrikaners was teen 1911 verstedelik en teen 1926 was die syfer steeds minder as die helfte, nl. 41% (Van Jaarsveld, 1976:136). Maar die proses was onkeerbaar aan die gang en het leiers soos dr. D.F. Malan reeds in 1917 laat uitroep: Terug na die platteland! (Van Jaarsveld, 1976:364).

Waar die US juis 'n plattelandse universiteit was waar 'n hoë premie op sy verbintenis met die plattelandse Afrikaner geplaas is, was Malan se oproep geensins teen die US gemik nie (kyk 3.2.3). Die jare na 1917 was, aldus prof. Fransie Malherbe (1977:82), juis "die vormingsjare van 'n eie frisse volksuniversiteit", maar dan nie vry nie van politieke en sosiale konvensies en gebruike wat deur studente as inperkend en ouderwets ervaar is: die studente had nie stemreg nie en wou dit ook op munisipale vlak hê (SR, 7 Sept. 1919); streng reëls het vir inwoners van dameskoshuise gegeld (vgl. SUB, Jun. 1919; SS, Mei 1924); mansstudente moes hul teenwoordigheid by 'n dameskoshuis met 'n visitekaartjie aanmeld (Pohl, 1974:55; Malherbe, 1977:25) en kontak tussen mans- en vrouestudente is streng beheer, soveel so dat mans- en damestudente op treine na bv. 'n Heldedagviering in Kaapstad nie in dieselfde waens mag gereis het nie (Pretorius, 1979:369; Heldedagprogram, 1916). Oor wat as aanvaarbare etiket en as fatsoenlike en gepaste kleredrag beskou kon word, was daar 'n deurlopende debat (vgl. SUB, Sept. 1918; SS, Sept. 1924; SS, Okt. 1924) en oor die algemeen was daar uiterlik 'n "uitlandse vormlikheid" (SS, Mei 1924).

'n Aspek daarvan, te wete die dra van togas as normale klasdrag, is egter vroeër op besluit van die studente self verpligtend gemaak (MV, 15 Jul. 1908). Die senaat was teësinnig om dit af te dwing (MV, 20 Aug. 1908), maar die SR het voet by stuk gehou (SR, 7 Apr. 1909). Studente wat nie by die reëling gehou het nie, is summier tereggewys: die grondwet van die studente-unie het bepaal dat studente gedurende kollege-ure op kollegeterrein "'n akademiese gewaad sal aanhê" (SR, 4 Mrt. 1912; MV, 11 Aug. 1916). Maar nadat drie studente uit protes hul togas in repe gesny het en só klas toe gegaan het, is die gebruik - moontlik teen die wens van die meerderheid studente - deur die senaat afgeskaf (De Kock, 1963). Daarmee het 'n stukkie ouwêreldse vorm - wat aan die dorp 'n besondere karakter gegee het - vir eers verdwyn; terselfdertyd ook 'n

visuele gelykmaker - wat vir die mindergegoede studente 'n goedkoop uitweg verteenwoordig het (Hugo, 1966:314-316).

In dié geval het die hoë premie wat in terme van veral oorlewings- en ideologiemotiewe op kohesie en konformiteit geplaas is in botsing gekom met die studente se verwerping van 'n "volksvreemde" gebruik.

Die jare na die Eerste Wêreldoorlog is ook wêreldwyd gekenmerk deur enersyds 'n mismoedigheid en 'n gebrek aan idealisme (Pelzer, 1980:54) wat by sommige uitgeloop het in 'n gees van bandeloosheid en soeke na plesier, soveel so dat die studenteraad hom in 1921 genoodsaak gevoel het om uit te spel wat hy van studente verwag, o.a. dat elke student, benewens lidmaatskap van 'n debatsvereniging, van minstens een vereniging lid moes wees (SUB, Jun. 1921).

Die studente is juis ook van 'n "gebrek aan esprit de corps" beskuldig (SUB, Jun. 1920; SUB, Sept. 1920), maar dan omdat hulle, onder meer, nie almal by die intervarsity-voetbalwedstryd was nie - 'n afwyking van die normale hoë premie op groepsaktiwiteite (vgl. Malherbe, 1964) Dit beklemtoon ook die feit dat enige studentegemeenskap uit verskillende tipes studente bestaan (vgl. SSK, Jun. 1917; SUB, Jun. 1918) en nie as vanself geïnspireerde uitdraers van die een of ander vorm van Afrikanernasionalisme was nie.

Van onskuldige plesier en ontspanning het die studente genoeg gekry terwyl soms kontroversiële, lawwe studentepret sinoniem geraak het met die "Ekskursiedag", Galaweek, Juniordag en koshuis-"socials" (vgl. SSK, Apr. 1917; SR, 2 Nov. 1921; SUB, Nov. 1923; SS, Apr. 1924; SS, Sept. 1924; Malherbe, 1977:99).

Swak gedrag (of soms net jeugdige onbedagsaamheid) het van tyd tot tyd betrekkinge tussen die studente enersyds en die publiek en dosente andersyds versuur (vgl. SR, 8 Jun. 1903; SR, 10 Sept. 1903; SR, 10 Mei 1909; SR, 23 Apr. 1919; SUB, Des. 1922; SS, Jun. 1924; MV, 23 Mrt. 1916).

Die optrede van sommige was teen 1924 so onaanvaarbaar dat die koshuis Wilgenhof se huiskomitee stappe moes doen om die verwaarlosing van Bybelstudiekringe, die verontagsaming van godsdiensoefening en die dobbelgees teen te werk. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n skeuring tussen "liberale" en "konserwatiewe" studente - 'n breuk wat ook gemanifesteer het in die jarelange stryd tussen voor- en teenstanders van dans wat op verskeie monstervergaderings gedebatteer is (Hugo, 1966:338; Cilliers, 1973:137,138; Pohl, 1974:61; De Villiers, 1977:28; SS, Jun. 1924; SS, Aug., 1924).

Die danskwessie het nogeens die kompleksiteit van selfs 'n betreklik homogene studentekorps benadruk: steun vir of teëkanting van dans het nie noodwendig met bepaalde politieke standpunte saamgeval nie. Anders gestel: politieke en sosiale konserwatisme was nie noodwendig sinoniem nie.

Daar kan dus nie regstreekse verbande getrek word tussen die uiterlike vorm van die studentelewe en die onderliggende politieke dinamiek nie. Daar kan ook nie aanvaar word dat studente almal enersdenkend was nie, maar dat daar 'n groot mate van groepskohesie was - wat bewustelik aangemoedig is - is duidelik. Vir die kommunikasie van Afrikanernasionalisme is dit van wesenlike belang..

Die rituele dimensie van die studentelewe is verder ter sake in soverre dit 'n patroon was waarbinne die kommunikasie van Afrikanernasionalisme sou kon gedy.

**3.1.5 Massamedia.** Die bioskoop het omstreeks 1908 sy verskyning op Stellenbosch gemaak, en reeds in 1912 het dit kommer in sommige studentekringe gewek (vgl. Hugo, 1966:336). Teen 1917 verklaar 'n student egter dat die meeste kollegeverenigings rekordledetalle en -bywoning geniet, wat indikatief was van die feit dat kampusverenigingslewe in dié tydvak steeds 'n belangrike deel van die studente se aktiwiteite verteenwoordig het (SSK, Apr. 1917; vgl. ook SUB, Sept. 1920; SUB, Des. 1922; SUB, 1923).

Die rolprent het eers in die twintigerjare sy "groot segetog" begin. Daardeur is, aldus Hugo (1966:336-337), "vir die eerste keer die element van passiewe ontspanning in (die) studentelewe ingebring". Dit het begin om homself as "ontbindende faktor" te laat geld en moes noodwendig sy invloed op die studente se smaak hê en " 'n verlammende uitwerking hê op die geesdrif waarmee vroeër deelgeneem is aan *aktiewe* vorms van ontspanning soos veral in die verenigingslewe te vinde was". Die belang van dié tendens was dat die verenigingslewe se *ideologiese* dimensie daaronder sou ly en/of studente se entoesiasme vir die volksaak sou kon afstomp.

Waar die rol van vermaak (soos die rolprent) nie in terme van Schillinger se tipering van die oorlewingsmotief belangrik geag word nie, kan kommer - selfs agterdog - daaroor dus eerder in terme van die ideologie-gedomineerde motief verklaar word. Die vervlakking wat meer dikwels met die populêre rolprent geassosieer is, was in konflik met die oogmerke van Afrikanernasionalisme, asook die sleutelelement in die ideologiemotief se "woordeskat", te wete dat alle media in diens van die ideologie moet staan.

Die artistieke of opvoedkundige waarde van die rolprente was juis minimaal, aangesien die hoogstaande Europese produksies nie vertoon is nie; al wat die Suid-Afrikaanse publiek te sien gekry het was die minder goeie produkte van die Amerikaanse en Britse industrie asook plaaslik vervaardigde nuusfilms (Hugo, 1966:337; kyk ook Le Roux & Fourie, 1982; Louw & Botha, 1993:152-154, 158).

Uit eie bodem het in die jare tot 1924 slegs enkele produksies gekom (vgl. Le Roux & Fourie, 1982:2-24), waarvan *De Voortrekkers* (1916) waarskynlik die enigste was wat 'n positiewe invloed kon hê op die ontwikkelende Afrikaans-nasionale diskoers. Dié twee uur lange epos, waarvan die navorsing deur die Afrikaner-historikus Gustav Preller gedoen is, had as hoogtepunt die Slag van Bloedrivier waar die Voortrekkers Dingaan se Zoeloemag beslissend verslaan het. *De Voortrekkers* is vir dekades landwyd op Gelofte-

dagvierings vertoon en is 'n tipiese voorbeeld van wat in terme van die oorlewingsmotief as kommunikasiewaardig beskou is.

Buiten vir die toe nog klanklose rolprente, was die massamedia tot die studente se beskikking beperk tot die gedrukte woord: koerante, tydskrifte en boeke. Met die klein verskeidenheid Afrikaanse leestof tot hul beskikking, was die koms van *De Burger* in 1915 en dié van *Die Huisgenoot* in 1916 vir nasionaalgesinde Afrikaners in die Boland en elders van buitengewone belang.

In die jare 1902-1915 was *Ons Land, De Goede Hoop, Die Brandwag, Die Voorloper* en *Ons Moedertaal* wel geredelik tot die studente se beskikking, maar het om verskillende redes nie heeltemal aan die nasionaalgesinde Afrikaner se behoeftes voldoen nie.

*De Goede Hoop* is in 1903 as 'n maandblad vir jongmense gestig. Onder redaksie van adv. J.H.H. de Waal is klem veral op Afrikaans as taal gelê asook op die pas afgelope oorlog (Muller, 1990:41). Nadat *Die Voorloper* vir ander halfjaar van 1912 verskyn het, het *Ons Moedertaal* in 1914 by hom oorgeneem. As mondstuk van die Afrikaanse Taalvereniging het *Ons Moedertaal* (aanvanklik onder redaksie van J.J. Smith, Tobie Muller en G.C. Tomlinson) Afrikaans met geesdrif bevorder.

Volgens Nienaber (1941:161) het dit nie aan welsprekendheid, grondige argumente, bekwame voordrag en jeugdige voortvarendheid by hierdie jong kragte op Stellenbosch ontbreek nie. Vir die ontplooiing van Afrikanernasionalisme was dit van wesenlike belang.

Weens die oorlogtoestande staak *Ons Moedertaal* publikasie vir 'n tydjie, maar toe hy op 15 Augustus 1915 weer verskyn, het hy hom openlik op die politieke terrein begeef (Keet & Tomlinson, 1925:65; Muller, 1990:30). Die blad het ook nie geskroom om *Ons Land* aan te vat oor wat beskou is as dié blad se lou houding jeens Afrikaans nie (Muller, 1990:58).

In 1916 het *Ons Moedertaal* met 'n nuwe tydskrif, *Die Huisgenoot*, onder prof. Smith se redakteurskap, saamgesmelt

(Dekker, 1960:49). Daarmee is die besondere band wat reeds tussen Stellenbosch en die pas gestigte Nasionale Pers bestaan het, versterk - veral ook omdat prof. Smith die blad vanuit Stellenbosch geredigeer het waar hy steeds hoogleraar was (Muller, 1990:274).

*Die Huisgenoot*, wat 'n prominente publikasie in die toe nog betreklik yl Afrikaanse mediawêreld was, is met verdrag verafrikaans en het, buite die politiek om, hom toegespits op die ontwikkeling van die Afrikaner. Die blad se nasionalisme is "te alle tye openlik en vreesloos bely" en was "'n huis met ruimte vir veel meer as net die taal":

> Afrikaners en die Afrikanerlewe moes op alle terreine tot 'n hoër en edeler peil verhef word. Hulle moes aan die invloed van die Westerse kultuur blootgestel word. Hul denke moes genuanseerd raak en deur kennis gestut word (Muller, 1990:256).

Daarom moes die beeldende en uitvoerende kunste 'n plek in hul lewe kry. En verder: "Hul geskiedenis moes aan hulle voorgehou word om hulle te laat verstaan wie en wat hulle is. Hulle moes hul eie identiteit ontdek om nie namaaksels van ander te probeer wees nie" (Muller, 1990:254-256).

In die idioom van die tyd het *Die Huisgenoot* in 1919 verklaar dat hy 'n "opregte vertolker van die Afrikaanse volksiel" wil wees (Mei 1919). Dit het die blad onder meer gedoen deur ruim plek aan letterkundige bydraes af te staan. 'n Ander betekenisvolle faset van die blad se inhoud was die inspirasie wat in die verlede gesoek is - maar dan nie in die Kaapse geskiedenis nie; wel is voorgehou "die lydensgeskiedenis van die Voortrekkers en die vegtende republieke met die martelaarskap en heldedom wat daaruit voortgekom het". Beginnende met Paul Kruger is elke maand op 'n prominente plek voor in die tydskrif 'n afbeelding en lewensbeskrywing van 'n volksfiguur vir die Noorde geplaas (Muller, 1990:263-268).

In 'n tydgenootlike beoordeling van *Die Huisgenoot* as maandblad, het die Stellenbosse MA-student Betsie Schoombee

bepaalde tekortkominge by die blad geïdentifiseer, maar veral verskeie positiewe aspekte aangestip wat die negatiewe, volgens haar, ver oortref het[1].

Teen 1923 was die blad goed gevestig en het dit 'n weekblad geword (Muller, 1990:275). Daardeur is sy potensiële invloed as "volksuniversiteit" - ook op die studente van die "ander volksuniversiteit" vergroot.

*Die Huisgenoot* het kennelik sterk in terme van die oorlewingsmotief gefunksioneer, maar terselfdertyd 'n ideologiese inhoud gedra sonder om hom op partypolitieke terrein te begeef. Terselfdertyd kan die blad se inhoud as ontwikkelingsjoernalistiek getipeer word (kyk 2.2).

Intussen het *Die Boerevrou* in 1918 tot stand gekom, die eerste Afrikaanse tydskrif vir vroue. Dié blad was 'n "idealistiese onderneming" wat, volgens die eienaar en redakteur, mev. Mabel Malherbe, gepoog het om die Afrikaanse vrou hulp en raad te gee en terselfdertyd 'n "nasionale gees, 'n nasionale trots by hulle aan te kweek" (Slabbert, 1992).

Nasionaalgesinde Stellenbosse studente het hul partypolitieke inligting en kommentaar daagliks in *De* (sedert 1922 *Die*) *Burger* gekry. En vir diegene wat die blad nie kon bekostig nie was 'n eksemplaar daagliks in die leeskamer beskikbaar wat op versoek van die SR ingeruim is (SR, 8 Okt. 1917).

*De Burger*, wat in beginsel op 18 Desember 1914 op Stellenbosch gestig is, het sedert 26 Julie 1915 as dagblad onder dr. D.F. Malan se redakteurskap verskyn. Daarmee het die regeringsgesinde *Ons Land* regstreekse opposisie gekry en het die nasionaalgesinde Afrikaanssprekendes en die jong Nasionale Party in die besonder 'n kragtige mondstuk gekry waarin hul visie konsekwent gepropageer kon word.

Opposisie teen die jong NP is nie net in *Ons Land* en die Engelstalige dagblaaie uitgespreek nie, maar ook deur middel van pamflette. Teen dié propaganda - o.m. dat *De Burger* se kolomme 'n

"schandvlek op ons Christendom en op ons Afrikanerdom" is - moes *De Burger* hom en die NP verweer (Muller, 1990:95).

Waar die "objektiewe" weergawe van nuus nie in terme van die oorlewingsmotief belangrik is nie en ingevolge die ideologie-motief selfs bevraagteken word, val dit op dat *De Burger* oorlogs-nuus met 'n mate van versigtigheid gehanteer het (Muller, 1990:225).

Tog het 'n boikotbeweging in 1916 teen die blad ontstaan wat die blad se potensiële adverteerders afgeskrik het om met die "Duitsgesinde" *Burger* geassosieer te word. Nasionaalgesinde sake-manne het egter landwyd die blad as volksinstelling ondersteun en die finansiële gaping gevul (Muller, 1990:225-236).

Die boikot, tesame met die algemene vyandige gesindheid in Kaapstad teen die blad, het nie die aandag van die Stellenbosse studente ontglip nie (Pretorius, 1959:75).

Te midde hiervan het *De Burger* sy steun ondubbelsinnig vir Afrikanernasionaliste getoon wat teen die regering gerebelleer het.

**3.1.6 Die invloed van dosente en sprekers**. Die invloed van sleuteldosente op die studente in dié tyd kan moeilik oorskat word - binne en buite die klaslokaal. Die studente het die (klein) klasse oor die algemeen getrou bygewoon (vgl. SS, Junie 1924), wat indivi-duele aandag moontlik gemaak het en verdere kontak tussen dosente en studente aangemoedig het en die potensiële invloed van dosente op studente vergroot het (Malherbe, 1977:100; kyk ook Cilliers, 1973:88).

Dosente en ander genooide sprekers het ook buite die klaslokaal in voorlesings 'n bydrae gelewer in die stimulering van die groeiende Afrikanernasionalisme.

In die geheel was die konteks waarbinne die Stellenbosse studente hul Afrikanernasionalisme beleef het, dus gekenmerk deur die dominansie van die oorlewingsmotief: die Afrikanervolk moes teen politieke ondergang verdedig word na die nederlaag teen Brit-

tanje in die Anglo-Boereoorlog en die opkoms van die konsiliasiepolitiek van genls. Botha en Smuts.

In die meer alledaagse lewe moes die Afrikaanse taal en kultuur gebou en bewaar word. En dit het die daarstelling van Afrikaanse instellings en kultuurgoedere genoodsaak.

Die ideologiemotief was egter reeds aanwesig en het klaarblyklik in wisselwerking met e.g. motief gefunksioneer: kohesie en konformiteit is al hoe meer beklemtoon; verder moes 'n Afrikanernasionalistiese ideologie daargestel word en bevorder word ten einde die blanke Afrikanervolk (opnuut) te definieer en sy toekoms veilig te stel.

Die wyse waarop die Stellenbosse studente binne dié konteks volledig deel van die diskoers was en 'n eiesoortige bydrae daartoe gelewer het, kom vervolgens in groter detail aan die orde.

## 3.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme

Die studente se deelname aan die daarstelling en instandhouding van 'n Afrikaans-nasionale diskoers het op die volgende wyses gemanifesteer:

**3.2.1 Politieke en ekonomiese nasionalisme.** Die tydvak 1902-1924 is tot groot hoogte gekleur deur die nadraai van die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914. Hoewel min studente regstreeks daarby betrokke was, was die studente alte bewus van dié gebeure.

Die eerste dekade na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, was op die oog af nie besonder belangrike jare in die studentelewe nie. Tog het die pro-Boere-gees van die oorlogsjare voortgeleef en is dit versterk deur die terugkeer van talle oudstryders, teen 1904 sommer in "'n stroom" (Nicol, 1960).

Sommige was oud-studente wat hul studies opgeskort het om aan die oorlog te gaan deelneem, terwyl ander vir die eerste keer

kom studeer het. Die jong studente het graag na die diep godsdienstige oud-stryders geluister omdat hulle onderhoudend oor die oorlog kon vertel. Hulle het, aldus Nicol (1960), "ons oë laat oopgaan... vir die betekenis van die Afrikanervolk".

Veral diegene wat in die Kaapkolonie groot geword het, het danksy die persoonlike kontak met die oudstryders onder die besef daarvan gekom "dat ons Afrikaners is, al het ons professors aan ander groepe behoort" (Nicol, 1960).

Intussen is wel deeglik 'n oog op politieke ontwikkelinge gehou, soos blyk uit die telegram van gelukwense wat deur die studente aan genl. J.C. Smuts gestuur is met die oorwinning in 1907 van Het Volk in die Transvaalse verkiesing (MV, 21 Feb. 1907). Die inhoud van die telegram het egter ongelukkigheid veroorsaak - veral toe aan die lig gekom het dat 'n ietwat moedswillige opvolgtelegram aan Smuts gestuur is met die volgende boodskap: "Students not unanimous in good wishes. Former telegram sent by majority." Die afsender van lg. telegram is skerp tereggewys (MV, 11 Apr. 1907) vir die verleentheid wat 'n volksleier aangedoen is.

Na die weglating van genl. Hertzog uit genl. Louis Botha se Uniekabinet, het nasionaalgesindes byeengekom en 'n waaksaamheidskomitee in Kaapstad gestig. En by 'n daaropvolgende vergadering op Stellenbosch het 'n Kweekskoolstudent, "namens die studente", *Ons Land* se kritiek teen die studente se Hertzoggesinde optrede verwerp (Muller, 1990:60-62).

By 'n volgende vergadering van die SAP (24 Feb. 1914) was heelparty studente teenwoordig en is met sukses daarop aangedring dat die Hertzoggesinde Bruckner de Villiers die voorsitterstoel inneem. Daarmee is die interne stryd in die regerende SAP beklemtoon en het Botha-gesindes die studente daarvan beskuldig dat hulle vergaderings op Stellenbosch wou oorheers (Muller, 1990:64).

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die rebellie van 1914 het die reeds gespanne gemoedere verder opgejaag. Botha het met sy besluit om Duits-Wes binne te val die steun van die oorgrote

meerderheid Volksraadslede (91-12) geniet, maar uit Stellenbosch het twee studente Hertzog sterk in *Ons Land* verdedig (Muller, 1990:68).

Die bestaan van krygswet het 'n demper geplaas op openbare standpuntinnames (vgl. Muller, 1990:226-230), maar het nie die studente verhinder om 'n petisie ter steun van die rebelle te onderteken nie (Rothman et al, 1924:26). Die onreg wat rebelle in howe moes verduur (onder meer deurdat hulle getuienis foutiewelik vertaal is)(Kannemeyer, 1995:225,226) kon mede-Afrikaners se simpatie vir hulle net versterk het. Later, toe die oorlogbeperkings iets van die verlede was, het van die rebelleleiers 'n gul ontvangs van die studente geniet (SUB, Jun. 1920).

Volgens die insig van John X. Merriman, was die atmosfeer op Stellenbosch in die vroeë stadium van die Eerste Wêreldoorlog baie plofbaar en het hy veral onder Kweekskoolstudente heelwat ondermyning bespeur. Daaroor is die regering ingelig (Muller, 1990: 48,49).

Die studente het op 'n monstervergadering sterk standpunt teen 'n regeringsbesluit ingeneem om alle Duitse onderdane te interneer. Dit sou beteken het dat die musiekman Hans Endler en 'n student van Duitse afkoms hul vryheid ontneem sou word. Indien dit sou gebeur, sou hulle 'n petisie daaroor aan die regering stuur (MV, 18 Mei 1915). Daar is geen aanduiding dat sodanige stap nodig was nie.

By een geleentheid het party studente wel 'n openbare betoging teen die dra van kakie-uniforms deur Suid-Afrikaanse soldate gehou en daardeur uiting aan hul opgekropte gevoelens gegee (Cilliers, 1973:137). 'n Pamflet deur die Britsgesinde prof. H.C. Notcutt, *How Kimberley was held for England*, het eweneens gemoedere gaande gemaak. Die studenteraad het met hom in korrespondensie getree en eindelik die saak aan die kollegeraad oorgegee vir optrede (MV, 11 Aug. 1916; kyk ook SR, 5 Mei 1916; SR, 18 Mei 1916; 6 Jun. 1916; SR, 10 Okt. 1916; 17 Okt. 1916).

Hiermee was 'n groep studente nie tevrede nie en 'n plakkaat is in Notcutt se klas aangebring.

'n Daaropvolgende monstervergadering het geweier om hom oor die studente se optrede uit te spreek. Tog het die studente apologie aangeteken en Notcutt het dieselfde oor sy gewraakte pamflet gedoen, waarmee die saak afgehandel was (MV, 27 Okt. 1916).

Opvallend is egter die gebrek aan enige verwysing na die Eerste Wêreldoorlog in die studenteraadsnotules of dié van die monstervergaderings. Dieselfde geld die uitgerekte en emosionele kwessie rakende die universiteitswording van die Victoria-Kollege. In die geval van die oorlogskwessie het die SR dit moontlik gerade geag om te midde van krygswet liefs te swyg; wat die universiteitskwessie betref, het hulle moontlik geoordeel dat dié delikate saak deur vooraanstaande oud-studente ten beste gehanteer word.

Tog het die studente op 'n verskeidenheid van soms uiteenlopende wyses hul steun vir en afkeur van sake gegee wat hulle as Afrikanernasionaliste geraak het. As jong intellektuele het die leidende studentefigure hulself klaarblyklik as vernuwers beskou.

Maar hulle is ook gerugsteun en gelei deur uitstaande figure soos dr. Tobie Muller, 'n dinamiese jong teoloog wat as studenteleraar en kultuurpolitieke leier indruk gemaak het (Keet & Thomlinson, 1925).

Saam met ander jong Afrikanergeleerdes, vars terug uit Europa, het Muller sy dienste as medewerker en rubriekskrywer aangebied - Muller o.a. as skrywer van 'n Afrikanernasionalistiese politieke rubriek, maar onder 'n skuilnaam (Muller, 1990:183;212-214). Muller was selfs betrokke by die openbare verbrand van opposisiekoerante om die koms van *De Burger* mee te vier - 'n daad wat kwalik by 'n intellektueel van aansien te wagte sou wees, maar wat die passie van die Stellenbosse Afrikanernasionaliste grafies geïllustreer het.

Die Groot Griep van 1918 het egter die lewe van Tobie Muller, ses studente, twee dosente, talle oudstudente en duisende mense in Kaapstad alleen geëis (Cilliers, 1973:139; Pretorius, 1959:77). T.E. Dönges het hulle in 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Universiteitsblad* (Des. 1918) gehuldig en bygevoeg:

> Wij denken aan 'n Dr. Tobie Muller, de inspiratie, de bezieling van Jong Suid-Afrika... zijn invloed zal voortleven, zal ook anderen aanvuren om zijn sporen te drukken op de weg van plicht en deugd - daarvan houden wij ons overtuigd!

In dieselfde gees het Dönges (wat op *sosiale* gebied 'n leidende konserwatief was [vgl. Hugo, 1966:338]) sy mede-studente aangevuur:

> As citizens of the world we must break the idols of the previous regime; as nationalists we must break the idols of a previous regime; as individuals we must break with the idols and ideals of yesterday... (SUB, Jun. 1918).

Dit was juis Tobie Muller wat reeds voor sy vertrek in 1909 na Europa intellektueel stimulerend onder die opskrif *Partikularisme of nasionalisme?* in die studenteblad opgemerk het:

> En waar ons aan die eenkant waak teen partikularisme, wat uitloop op bekrompenheid en engheid, laat ons net so versigtig wees om nie na die ander uiterste te gaan nie, na die uniwersalisme, wat so bang is vir 'n enge, lokale patriotisme, dat dit uitloop op 'n pappe oppervlakkige Nederlandse kosmopolitanisme, wat so ruim is dat dit selfs 'n ware volksgevoel ontgroei (SSK, Apr. 1909).

En by sy terugkeer in 1913 het Muller hervat en sy standpunte verder gevoer deur voor die Stellenbosse ATV-tak sy geloofsbelydenis as nasionalis af te lê. Buiten vir sterk uitsprake oor Afrikaans, het Muller sy omvattende nasionalisme godsdienstig begrond:

> Godsdiens sluit moraliteit in. Daarom is dit reeds hierom ook 'n godsdienstige plig om nasionalis te wees. Buitendien, vir die kristen en Teïs wat ge-

**loof dat aparte volke ontstaan, nie deur 'n blote toeval nie, maar met 'n sekere doel, het elke bepaalde nasie sy roeping en besondere taak om te vervul in hierdie wêreld. Uit hierdie oogpunt beskou is papheid op nasionale gebied 'n religieuse oortreding, d.w.s. 'n sonde (Keet & Tomlinson, 1925:147).**

Dat die studente van die ATV dit as hul taak beskou het om dié toespraak in pamfletvorm wyd te versprei, is betekenisvol (Keet & Tomlinson, 1925:56,57). Dit was hier reeds duidelik dat die studente se toewyding aan die opbou en bewaring van die Afrikaner voortgevloei het uit 'n ideologiese vertrekpunt: die bedreiging teen die volk moes nie net afgeweer word nie, maar 'n eie ideologie moes uitgebou en verdedig word.

Desondanks die sterk nasionalistiese taal van die voorbokstudente, het die *Stellenbosch Universiteitsblad* 'n in memorium-berig deur John X. Merriman, LV, by die afsterwe van die eerste minister, genl. Louis Botha, asook 'n volbladfoto van Botha geplaas (Sept. 1919). Dit het van 'n politieke verdraagsaamheid getuig, maar het waarskynlik eerder verband gehou met respek vir 'n persoon in 'n hoë posisie. Botha is deur Smuts opgevolg wat enkele dae later 'n vergadering van jongmense in Kaapstad toegespreek het, maar aan sy vrou rapporteer: Die jongmense word almal rebels en nasionaal (Meiring, 1977:96).

Die toon van politiekgeorienteerde artikels in die Stellenbosse studenteblad was steeds weg van Botha en Smuts se benadering. Kort voor Botha se dood, het Timo Kriel hom sterk teen die "verpestelike konsiliasiegees" uitgespreek en verklaar dat die "oorgrote meerderheid van Stellenbosse studente... beslis ten gunste (is) van 'n vrije republiek..." (SUB, Jun. 1919). En in die laaste uitgawe van daardie jaar se *Stellenbosse Universiteitsblad* (Des. 1919) het die hoofartikel verklaar: "Ons volk is tot ontwaking gekom en besiel met die geesdrif van 'n herbore selfbewussijn kom ons een hinderpaal na die ander te bowe."

'n Leidende student het hom nogmaals teen 'n benadering uitgespreek wat die Afrikanervolk se nasionalisme sou skaad: "Vrede! Konsiliasie! ja maar dan nie vrede gebore uit slaafse tevredenheid van één seksie nie, maar vrede gebore daaruit dat daar wedersydse respek is, omdat daar selfrespek is" (SUB, Jun. 1921).

Politieke verdraagsaamheid is weer geopenbaar deur die uitnodiging aan genl. Botha se opvolger as eerste minister, genl. Smuts, om 'n lesing "oor die Volkebond of enig iets anders wat hij verkies" te kom lewer (SR, 16 Aug. 1920). As gebaar van hoflikheid is die studente versoek om Smuts, 'n oud-student van die Victoria-Kollege, by die stasie te gaan haal.

Die uitslag van die 1915-verkiesing was vir *De Burger* en die NP enigsins 'n teleurstelling, ook op Stellenbosch waar die NP ver verloor het (Pretorius, 1959:92). Maar in 1920 het die NP heelwat beter gevaar. *De Burger* het 'n doelgerigte en skerp veldtog teen genl. Smuts en sy party gevoer. 'n Jaar later, na samesmelting tussen die SAP en die Unioniste, behaal Smuts 'n volstrekte meerderheid (Muller, 1990:308-320).

Na die algemene verkiesing van 1924 het die Stellenbosse studente spontaan gewys waar hulle staan deur elke Nasionale oorwinning by die Uitspankafee in die hartjie van die dorp, op die hoek van Plein- en Ryneveldstraat, met 'n gejuig te begroet (Boshoff, 1993:23). Toe Hertzog se oorwinning oor Smuts 'n voldonge feit was, het die SR haastig op 'n "informele vergadering" besluit om 'n telegram van gelukwense aan die nuwe Eerste Minister en die bekende Stellenbosser mnr. Bruckner de Villiers (wat in Barkly gewen het) te stuur (SR, 19 Jun. 1924; Pretorius, 1959:96,97).

*Die Burger* (19 Jun. 1924) het berig dat

> studente van die Universiteit van Stellenbosch... 'n betoging gehad (het) in verband met die uitslag van die verkiesing. Onder betoon van groot geesdrif het hulle deur die dorp getrek en voetballiedjies gesing. Voor die kantoor van die S.A.P. het hulle genl. Hertzog uitgeroep as nuwe Eerste Minister.

Die Suid-Afrikaanse Party het dit wel in 1924 gewaag om steun onder die Stellenbosse studente te probeer werf, maar 'n student het spottend daarop gereageer: "Verbeel jou die vermetelheid van die Sappies om die leeu in sy lêplek aan te val..." (SS, Sept. 1924).

Hoewel die meeste studente nog nie stemgeregtig was nie, is hul betekenis as leiers van die toekoms erken. Vroeër het die studente wel reeds pogings aangewend om stemreg vir hulself te kry, onder meer deur 'n brief aan mnr. John X. Merriman, die plaaslike LV, te skryf waarin die raad hom gevra het om "wetgewing in dié rigting te steun" (SR, 7 Sept. 1919).

'n Belangrike faset van die studente se politieke nasionalisme was om mede-studente op te roep en te inspireer. Vandaar die SR se daarstelling van 'n program van aksie wat afgesluit is met die woorde: "Daar is 'n stryd te stry, daar is werk" (SUB, Jun. 1921; vgl. ook SUB, Sept. 1919). Daar was ook ander pogings om die studente te mobiliseer. Te midde van knellende ekonomiese en politieke omstandighede, het 'n student uitgeroep: "Stellenbosch is die bakermat van nasionale ideale... Ja, waarlik, die toekoms is rooskleurig!" (SUB, Des. 1922; vgl. ook SUB, Sept. 1918; SUB, Des. 1919).

**3.2.2 Standpunte oor rassesake.** Oor rassesake het enkele studente hul verhelderend uitgelaat en daarmee aansluiting gevind by die SR se apartheidsbesluite. Hier was kennelik meer as 'n staatkundige ideaal op die spel, waaroor die studenteraad hom later sou uitlaat.

Die Afrikaner is in artikels met die swartman gekontrasteer: die Afrikaner se "sieleadel" is deur een besing en daar is verwys na "die bewuste superioriteit van hul blanke bloed..." (SUB, Jun. 1918); 'n ander het dit duidelik gemaak dat "geen gelykstelling" tussen swart en wit begeer word nie en dat die opvoeding van die "naturel" aandag moet geniet. Nog 'n student merk op: "Die naturel, die kaffer, is in baie opsigte 'n veragterlike wese vir ons, maar ons moet tog erken dat hy ook deugde besit" (SUB, Nov. 1920).

Op lg. opmerking is voortgebou: hoewel die Zoeloetaal "nie die naam van beskaafde taal kan dra nie, is hij nogtans 'n skone taal..." (SSK, Apr. 1917). Later het 'n ander versigtig aan die hand gedoen dat hy dalk tog iemand kan verlei om self ondersoek te doen na die "geloof, gewoontes en taal van mense wat saam met ons in een land woon..." (SUB, Jun. 1923).

Die sterk gevoel teen rassevermenging het uitgeloop op 'n SR-besluit in die herfs van 1921 om twee studente af te vaardig om "die uitsluiting van Kleurlinge uit die Nuwe Bioskoop" by die eienaars te bepleit (SR, 6 Apr. 1921) - klaarblyklik met sukses, want op die vergadering van 12 Mei is 16 Mei bepaal as dag waarop die studente "en masse" na die betrokke rolprentteater sal gaan "om aan die Direksie ons erkentlikheid te toon".

Hier blyk die ideologiese toon van die studente se diskoers op sy duidelikste en oorskadu dit die blote bou, bewaar en verdediging, d.w.s. oorlewing, van die volk.

'n Enkele student, P. Stander, het gewaag (en is toegelaat) om lynreg te bots met die studente se besluit om 'n verbod op Kleurlinge in die bioskoop af te dwing. Hy het die besluit bestempel as dié van mense wat buite hul positiewe was en gevra: "Verag ons hulle so dat ons dit nie eers verdra dat hulle 'n deel vul van die saal waarin ons is nie?" (SS, Jun. 1924).

Teen dié tyd was dit vir 'n mede-student moontlik om daarop te wys dat die bioskoopbesluit op een lyn was met 'n standpunt wat vroeër deur die studente op 'n monstervergadering as oplossing vir die "rasseprobleem" aanvaar is (SS, Aug. 1924). Vroeër het die SR segregasie as "die enigste oplossing" vir die "kleurlingprobleem" (SUB, Jun. 1921) voorgehou, hoewel die beginsel van segregasie in die een of ander vorm nog nie 'n strydpunt tussen die NP en SAP was nie (vgl. Davenport, 1988:258).

In pas met die gestelde segregasiebeleid, is 'n suggestie dat 'n "Amerikaanse neger" die studente op 'n openbare vergadering kom toespreek, eenparig afgewys (SR, 17 Aug. 1922). Die studente moes

"beskerm" word teen kontak met volksvreemdes wat die ideologie van rasseskeiding en die superioriteit van blankes kon aantas.

In hierdie gees het die Goeie Hoop-kafee homself vroeër reeds in die studenteblad geadverteer as "die eerste Kafe in Stellenbosch uitsluitelik vir Witmense" (SUB, Sept. 1920) en het 'n briefskrywer 'n matrone by 'n universiteitskoshuis gelukgewens omdat sy twee swart vroue afgedank het en met "twee fatsoenlike Afrikanerdogters" vervang het (SUB, Apr. 1924).

Hoewel daar dus stemme teen dié benadering was, het segregasie formeel die steun van die meerderheid geniet en is dit openlik gepropageer.

'n Enigsins uitsonderlike gebeurtenis was die Stellenbosse Nasionale politikus Bruckner de Villiers se uitnodiging aan genl. Hertzog om Kleurlingkiesers op 8 April 1924 op Stellenbosch te kom toespreek. Hertzog is deur 'n geesdriftige skare Kleurlinge by die Steenbrug naby die stasie ingewag. Die optog, wat 'n blaasorkes ingesluit het, het na De Villiers se huis beweeg waar Hertzog sou tuisgaan. Stellenbosse studente het by die "segetog" aangesluit, maar nadat De Villiers aan hulle verduidelik het dat dit "die Kleurlinge se groot dag was", het die studente vertrek (Pretorius, 1959:114,115). Sowel Afrikanerstudente as sommige Kleurlinge het na Hertzog opgesien, maar die politiek het reeds in die teken van afsonderlikheid gestaan.

**3.2.3 Die US as "volksuniversiteit".** Die gedagte aan 'n volksuniversiteit (waarby 'n sterk verantwoordelikheidsbesef en diensetos ingeslote was) het veral vanaf 1918 sentraal gestaan in die studente se definiëring van hul posisie en taak binne die breë Afrikanergemeenskap.

Die vestiging van die gedagte het nie sonder die hulp van die kanselier en hoogleraars en dosente plaasgevind nie. Rigtinggewende uitsprake deur hulle is deur die studenteredaksies in publikasies opgeneem en hul eie gemaak. Die studente was ook nie onbewus van

die geskiedenis wat die stigting van die universiteit voorafgegaan het nie.

Pas na die Anglo-Boereoorlog het adv. F.S. Malan, redakteur van *Ons Land*, die Kaapse premier, John X. Merriman, se gedagte van 'n selfstandige universiteit op Stellenbosch ondersteun omdat hy geglo het "daar is iets mistieks in ons volksaard (wat) net op Stellenbosch bevrediging kon vind". Na Uniewording in 1910 het dieselfde Malan, as die (nuwe) minister van onderwys, egter ondersteuners van die Victoria-Kollege met van sy uitsprake verontrus (Booyens, 1969:186-187).

Na 'n ontmoeting met Malan, wat klaarblyklik sy vroeëre standpunt verander het, is 'n waaksaamheidskomitee gestig met dr. D.F. Malan as een van die lede. Die ondersteuners van 'n Stellenbosse universiteit moes walgooi teen die eensydige verhoging van die status van die bestaande Universiteit Kaap die Goeie Hoop te Groote Schuur tot 'n nasionale *doserende* universiteit, 'n gedagte wat Cecil John Rhodes reeds in 1891 geopper het en wat moes dien om Engels- en Hollandssprekendes in 'n enkele nasie saam te snoer (Du Toit & Venter, 1966:62-65).

Opponente van dié gedagte het gevrees dat Hollands/Afrikaanssprekende studente as volksleiers van die toekoms nie dieselfde geleentheid tot volle ontwikkeling in Kaapstad sou kry nie (Booyens, 1969:188,199). Dit is dus as 'n kennelike bedreiging vir die Afrikaner en veral ook die Afrikaans-nasionale lewensbeskouing beskou.

Die regering het egter voortgegaan met die opstel van konsepwetgewing om beslag te gee aan die daarstelling van 'n doserende universiteit in Kaapstad. Hierop het die waaksaamheidskomitee vroeg in 1913 in 'n mylpaal-memorandum gereageer en die strewe van nasionaaldenkende Afrikaners uitvoerig geartikuleer.

Die memorandum, wat deur prof. A. Moorrees, dr. D.F. Malan en mnr. J.G. van der Horst onderteken is, het daarop aangedring dat die "volledige, vrije, onbelemmerde ontwikkeling"

van die Victoria-Kollege gewaarborg word. Die memorandum het aangevoer dat Stellenbosch, vanweë sy geografiese nabyheid aan Kaapstad, die meeste skade sou ly as Kaapstad 'n volwaardige universiteit sou kry. Die memorandum het Stellenbosch se posisie voorts as volg gemotiveer:

> Zij is de plaats, waar het Afrikaner Volk zijn idealen het best kon verwezenliken en van waaruit het grootste invloed op Zuid-Afrika kon uitoefenen. Zij is de beste vervulling, die het volk nog gevonden heeft van een diepgevoelde behoefte. Zij staat voor een idee! Zij is daarom niet een blote opvoedingsinrichting onder andere, maar een symbool en de waarborg van zijn eigen krachtig, groeiende, uitdrukking zoekend nationaal leven (Du Toit & Venter, 1966:65)

Dit het hier duidelik om die taal, maar veral ook die doelstellings, van die Victoria-Kollege gegaan, 'n inrigting wat hom bepaald ook op die behoeftes van die plattelandse Afrikaner van die hele Suid-Afrika toegespits het. Dit blyk ook uit die studentetal van 1914: 231 uit 329 studente was uit die Kaapprovinsie (Du Toit & Venter, 1966:66; vgl. ook Grosskopf, 1918:178; Kotzé, 1968b:15).

Die memorandum het groot reaksie ontlok en 'n protesvergadering tot gevolg gehad. Hierna het die ondersoek van die Laurence-kommissie gevolg, wat teen middel 1914 sy aanbevelings gepubliseer het. Hierin is 'n universiteit vir die Noorde en één vir die Suide (in Kaapstad, met die South African College in Kaapstad en Victoria-Kollege op Stellenbosch as konstituerende kolleges) aanbeveel.

Hoewel die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog die universiteitekwessie ietwat op die agtergrond gedruk het, is daar nogmaals deur die Stellenbosch-ondersteuners geprotesteer, onder meer by monde van die raad van die Victoria-Kollege. Die raad het in 1915 aangedring op

**het verleen van een charter aan het Victoria College waardoor deze inrichting hare natuurlike bestemming kan bereiken van een echte Hollandsch-Afrikaansche Universiteit te zijn" (Du Toit & Venter, 1966:67).**

'n Erflating van 100 000 pond deur mnr. Jannie Marais van die plaas Coetzenburg op Stellenbosch, het die vroeëre skenking deur sir Julius Wernher en mnr. Otto Beit vir 'n enkele doserende universiteit gebalanseer (Pretorius, 1959:32-36; Metrowich, 1929:42). Daarmee het die hele prentjie verander en is nuwe moontlikhede vir Stellenbosch geskep.

Teen 1916 was die stryd gewen: wet 13 van daardie jaar het voorsiening gemaak vir die omskepping van die Victoria-Kollege in die Universiteit van Stellenbosch (Du Toit & Venter, 1966:67,69). En op 2 April 1918 het dit 'n werklikheid geword en is die opening oor twee dae deur dosente, studente en ander belangstellendes gevier (kyk Du Toit & Venter, 1966:69,70).

*De Burger* - met dr. D.F. Malan, wat self so 'n sleutelrol in die stryd gespeel het, as redakteur - het sober daarop gereageer deur te wys op die "lange, aanhoudende en volhardende volksinspanning" wat die verwerkliking van die Universiteit van Stellenbosch moontlik gemaak het.

Die blad se hoofartikel het voorts genoem dat die teenstanders van die gedagte van 'n eie universiteit op Stellenbosch "die gewone aantygings van bekrompenheid en rassehaat na ons hoof geslinger het", maar dat die Afrikaner nou 'n "eie universiteit het, waar ons taal, ons tradisies en ons volksgees veilig bewaar en beoefen en ontwikkel kan word".

Tog het die opskrif *Ons universiteiten* gelui en is al drie inrigtings wat op dieselfde dag in die lewe geroep is (d.w.s. ook die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Suid-Afrika) alle heil toegewens (*De Burger*, 4 Apr. 1918)[2].

Hoewel die Universiteit van Stellenbosch ook aan die sg. gewetensklousule onderworpe was (wat geen diskriminasie teen

studente of dosente op grond van geloof toelaat nie), het prof. Moorrees dit in sy rigtinggewende wydingsrede duidelik gestel:

Die christelike geloof wil Christus as koning erken en gehuldig sien op elke terrein van die menslike lewe, wil dat Sy gees as 'n suurdeeg die ganse maatskappy deurtrek, en kan nie sonder skrik dink aan 'n wêreld, waar die godsdiens buite die erf van die wetenskap verban word nie... En nou, God behoed ons Universiteit! Mag hy hom maak tot 'n setel van kunste en wetenskappe; tot 'n kweekplek van suiwere en gesonde vaderlandsliefde. Bovenal, mag Hy gee dat hier manne en vroue gevorm word wie se hoogste doelwit is om Hom deur hul wandel te verheerlik! (*De Burger,* 4 Apr. 1918).

Aan die begin van die akademiese jaar van 1918 is die nuwe Universiteit van Stellenbosch deur prof N.J. Brummer as "onze Volksuniversiteit" bestempel (SUB, Apr. 1918). Hy het dit in 'n volgende uitgawe van die *Stellenbosch Universiteitsblad* (Sept. 1918) met 'n uiteensetting van die taak van 'n universiteit opgevolg: "De universiteit is niet slechts een school voor hogere ontwikkeling, maar een brandpunt van de volksbeschawing en't objektieve monument van de volks-kultuur." Daarom moet nie uit die oog verloor word nie dat "de universiteit er niet slechts is om de wetenschap, maar om de volkskultuur en 't volkskarakter".

Dié gedagte is deur die kanselier, dr. J. I. Marais, by die eerste, enigsins somber gradeplegtigheid verder gevoer toe hy vir 'n eie kultuur gepleit het, maar dog ook teen isolasie gewaarsku het (SUB, Jun. 1919). Dr. R. W. Wilcocks, 'n latere rektor, het dit dit so gestel:

Dit is die plig en kan met reg verwag word van die Volksuniversiteit van Stellenbosch om ook in die uitvoering van dié taak, in die opbouw van 'n eie nasionale kultuur en wetenskap, as leidsman in Suidafrika op te tree (SUB, Jun. 1919).

Senior studente het dié gedagtes op hul beurt verder gevoer: Die SR-voorsitter, J.A. Smuts, het in die daaropvolgende uitgawe

aangevoer dat die voorafgaande jaar een was waarin getrag is om "nader te kom aan die ideaal van 'n volksuniversiteit te wees" (SUB, Sept. 1919; vgl. Universiteit van Stellenbosch: Wat die US u aanbied). En in dieselfde uitgawe het die hoofartikel aangevoer: "Ons gevoel dat ons ons roeping as Volksuniversiteit ontrou sou wees as ons nie ons met hart en siel vereenselwig met die (Afrikaanse - JDF) Kultuurbeweging nie."

Die gedagte van nougesette toewyding aan die ideaal van die opbou van die Afrikaanse kultuur is ook in briewe en 'n hoofartikel ondersteun (SUB, Apr. 1920 en Apr. 1921) terwyl 'n verdere hoofartikel (SUB, Sept. 1921) dit so gestel het: Die Stellenbosse Universiteit... het een doel voor oë en dis om ons volk te dien..." En verder:

> Die roeping van elke student van ons Volksuniversiteit is om sy insigte in ons volksbehoeftes intensief te maak; om absoluut volksbewus te word; homself volkome meester te maak van ons volkskarakter, en deurtrek van nasionale beginsels, sy standpunt in te neem as 'n sterk skakel van die volksketting (SUB, Des. 1922).

Hierdie toewyding aan die volk het hier reeds 'n sterk religieuse karakter deurdat die emotiewe begrip "roeping" 'n sentrale plek gegee is.

Erkenning van hul nasionalisme deur 'n Boereheld soos genl. Christiaan de Wet (wat via 'n besoekende student laat weet het hy is bly oor die gees wat op Stellenbosch heers en die nasionale weg wat ingeslaan is) is met trots in die studenteblad weerspieël (SUB, Sept. 1921). En in 1924 het die gedenkblad *Retrospectumus* (Rothman et al, 1924:39,40) met genoegdoening teruggekyk en verklaar:

> As Gymnasium was ons deurtrek met die invloed van Engelse oorheersing; as kollege het ons ons harte voel gloei met die opvlammende nasionale bewuswording en het ontdek dat ons 'n eie taal het waarop ons kan trots wees; as Universiteit staan ons erkend as kulturele sentrum van die Afrikaanse nasie. Deur saam met die leiers van ons volk te stry vir die bevordering van

ons volkseie... het ons verdien om die trotse naam te dra van: Die bakermat van die Afrikanerdom!

Daarmee is terselfdertyd 'n strewe en 'n stand van sake weerspieël. In pas met die strewe om werklik volksuniversiteit te wees, is die studente van tyd tot tyd deur medestudente oor 'n verskeidenheid sake aangespreek en opgeskerp om nie in hul toewyding te verslap nie.

Hulle is o.a. aangespoor om eie standpunte in te neem en meer verantwoordelikheidsin en/of roepingsbewustheid aan die dag te lê: talle Maties het na bewering net na posisies gestreef (SSK, Jun. 1917; SUB, Jun. 1918), was nie beginselvas genoeg nie (SUB, Sept. 1918), het te veel afleiding en vermaak gesoek en te min erns aan die dag gelê (SUB, Jun. 1919), 'n "verlammende Jan Saliegees" het in die studentelewe kop uitgesteek (SUB, Jun. 1920), daar is te veel gepraat en te min gedoen (SUB, Apr. 1922), en studente het nie genoegsaam selfstandige, persoonlike menings nagehou nie (SUB, Sept. 1921; SUB, Mrt. 1924).

H. F. Verwoerd, wat in sy era 'n opvallende kritiese stem was, het sy medestudente as volg aangespreek:

Ten spyte van ons uiterste inspanning moes ons soms nog veg teen 'n algemene onverskilligheid en gebrek aan belangstelling in ons studenteliggaam... Ons kan nooit op u reken nie (SUB, Mrt. 1924).

Hy het bygevoeg dat dit 'n ou klagte was - inderdaad, want een van sy voorgangers het eweneens in 'n jaarverslag gewag gemaak van die studentesamelewing wat "opgesluit is in 'n ringmuur van halfslagtigheid, middelmatigheid en doodsheid" (SUB, Jun. 1920).

Waar om oorlewing geveg moes word, was enigiets minder as totale toewyding onaanvaarbaar en het dit op die studenteleiers se weg gelê om dit uit te wys. Opvallend is selfstandige denke in dié stadium (waar teen die status quo standpunt ingeneem is) as 'n deug

beskou; in 'n later fase (toe die ideologiemotief meer dominant geraak het) sou weer groot klem op konformiteit geplaas word.

**3.2.4 Bevordering van Afrikaans.** Reeds in 1914 is 'n begin gemaak met die invoer van Afrikaans as voertaal op Stellenbosch (Dekker, 1960:43), maar Hollands het (naas Engels) in daardie stadium nog sterk steun geniet (Muller, 1990:65). Trouens, die studente het Engels nog vry algemeen gebruik wanneer formeel gekommunikeer is (vgl. ook Basson, 1980:9,11).

Die notules van monstervergaderings is eers sedert November 1908 ook in Hollands opgeteken nadat die studente besluit het om sowel Engels as Hollands as amptelike tale van die SR te erken (MV, 6 Nov. 1908).

Later is besluit om die monstervergaderings se notules afwisselend in Engels en Hollands te skryf. 'n "Lang en warm" bespreking het onmiddellik hierna gevolg nadat iemand voorgestel het dat die kollege se "reissertifikaat" ook in Hollands gedruk moes word. Dié voorstel is wel ook aanvaar (MV, 8 Mei 1911). En kort daarna is die studenteraad se notules ook vir die eerste keer in Hollands geskryf (vgl. SR, Jun. 1911).

In dieselfde jaar is 'n taalkonferensie op Stellenbosch gereël, wat 'n toneel van "uitbundige en opgewonde patriotisme en taalgeesdrif" was (Rothman et al, 1924:39). In koshuisverband het die studente ook stappe gedoen om suiwer Afrikaans te bevorder: die inwoners van Tertia het in die week om die beurt Engels en Hollands gebruik, maar Saterdae is vanaf Maart 1911 vir Afrikaans gereserveer - met boetes vir diegene wat nie suiwer taal gebruik het nie.

Die groeiende entoesiasme by die studente vir Hollands/Afrikaans blyk ook uit hul optog om die herstel van Hollands as amptelike taal in Suid-Afrika te vier (MV, 5 Sept. 1912) en hul deelname "in grote massas" aan 'n taalfees in Kaapstad (MV, 5 Mrt. 1913; Rothman et al, 1924:39).

In dieselfde tyd het die SR hom uitgespreek teen die uitstuur van Engelse uitnodigings aan Hollandssprekendes (SR, 10 Mrt. 1913). En in dieselfde jaar word vir die eerste keer 'n Afrikaanse hoofartikel in die studente se blad gepubliseer.

Die volgende stap was om Afrikaans as amptelike taal van die studenteraad te erken, wat beteken het dat die grondwet van die studente-unie nou ook in Afrikaans gedruk sou word (MV, 11 Aug. 1916).

Oor die Afrikaanse karakter en die gebruik van Afrikaans in die lesingsaal en kerk het die SR hom eweneens duidelik uitgespreek. Dit was immers die belangrikste enkele kwessie waaromheen die Afrikaans-nasionale beweging gewentel het.

'n Voorstel dat 'n leerstoel in Afrikaans tot stand gebring word, is na 'n monstervergadering verwys (SR, 13 Aug. 1918), wat die Universiteitsraad "beleefdelik" versoek het om aan die wens te voldoen (SUB, Sept., 1918). Hierdie gedagte is sterk in 'n hoofartikel in die *Stellenbosch Universiteitsblad* (Sept. 1918) ondersteun. Die versoek is bestempel as "niks anders as 'n uiting van 'n behoefte van Afrikaner-harte dat die eerste vereiste van ons Volksuniversiteit die volle erkenning van ons Moedertaal is".

Hieraan is gehoor gegee met die aanstelling van prof. J.J. Smith as eerste hoogleraar in Afrikaans aan die universiteit (Du Toit, 1966a:72).

Saam met van die meer gevestigde Afrikanerdosente (soos prof. E.C. Pienaar) het Smith e.a. die studente geïnspireer om self tot die uitbou van Afrikaans as taal en die Afrikaanse karakter van die studentelewe by te dra (Malherbe, 1977:34).

Van die dosente het ook die vensters na Wes-Europa (in teenstelling met Brittanje) oopgemaak tydens gereelde Sondagaandbesoeke waartydens van die dosente boeke en skilderye aan studente gewys en plate gespeel het (Malherbe, 1977:100; Grosskopf, 1918:182; Pohl, 1974:56,57,62; Muller, 1990:48).

Vir tipiese plattelandse studente was die kennismaking met die ryker kultuur van die Afrikaner se stamlande betekenisvol; in dié opbou van eiewaarde en volkstrots, wat van die voorvereistes is vir die aanvaarding en uitbou van 'n volksnasionalisme, was dit van kritiese belang.

Dosente soos prof. E. C. Pienaar het, aldus Malherbe (1977:112), die situasie in hierdie jare ervaar en gediagnoseer as dié van 'n verslane volk wat geestelik opgehef moes word tot ontdekking van sy innerlike krag, en die uitbou daarvan tot selfstandigheid deur middel van die moedertaal.

Binne en buite die klaskamer het Pienaar - o.m. aan die hand van gedigte van volksdigters soos Jan F. E. Celliers - die studente geïnspireer.

Ten spyte van die beperkinge op publikasies wat tydens die Eerste Wêreldoorlog geheers het, is Celliers se *Jopie Fourie* oorgetik en -geskryf en so versprei - veral die tweede en derde strofes (vgl. Marais, 1951). [3]

Kenmerkende eienskappe van Pienaar was om die diepste aspirasies van sy volk, soos hy dit geïnterpreteer het, steeds met die ouer Afrikaanse digters te verbind en met hul verse vurig toe te lig. As oud-stryder kon hy die oorlogsverse verder met persoonlike herinneringe toelig. Dit was vir hom die spieël van die verlede en 'n boodskap vir die hede. Hul poësie was immers die sprekendste pleidooi vir 'n nasionale lewensbeskouing.

In dieselfde jaar is die gevierde volksdigter Jan F.E. Celliers as buitengewone professor in "Hollands-Afrikaanse letterkunde en die letterkundige estetiek" op Stellenbosch ontvang (Dekker, 1960:60; Du Toit, 1966a: 73,74; SUB, Sept. 1919). Uit sy mond kon die studente wat sy klasse en voorlesings bygewoon het die woorde van sy gedigte soos *Dis al*[4] hoor. Dit geld ook sy nasionalistiese

**Wees sterk**
**Daar's 'n nasie te lei,**
**daar's 'n stryd te stry,**
**daar's werk!**

Later is dan ook getuig van "die inspirasie wat van hom deur sy kolleges, openbare lesings en deur sy persoonlike omgang met professore en studente uitgegaan het" (Du Toit, 1966a:74; vgl ook Pienaar, 1936).

Tog was sy professoraat geen ongekwalifiseerde sukses nie. Daarvoor het sy doofheid, beperkte voordragvermoë en latere siekte gesorg (Du Plessis, 1975:9). Maar hy was simbool van die Afrikaner se nasionalistiese strewe en vir die Stellenbossers was dit reg dat hy daar, in die Eikestad, moes wees.

In die lig van dié ontwikkelinge, het die SR hom ondubbelsinnig uitgespreek ten gunste van die gedagte dat "die Universiteit van Stellenbosch moet ontwikkel in die rigting van eentaligheid, met Afrikaans as medium" (SR, 7 Sept. 1919). Teen middel 1920 rapporteer die SR-voorsitter, J. A. Smuts, dat "hierdie besluit besig is om uitgevoer te word" (SUB, Jun. 1920).

Tekenend van die soms krapperige verhouding tussen die studente en party konserwatiewe dosente, het die SR studente in kennis gestel "dat hulle 'n Professor kan versoek om sij lesings in Afrikaans te hou. Ingeval 'n Prof. wat dit kan doen weier om dit te doen moet die studente die Raad daarvan in kennis stel" (SR, 3 Mrt. 1920).

'n Logiese uitvloeisel van die topstudente se akademiese arbeid was MA-verhandelings en later ook doktorale proefskrifte. Volgens Nienaber (1941:22) het proefskrifte oor Afrikaans van 1918-26 'n "sterk polemiese karakter" gehad en 'n "eensydig-swaar" klem op Afrikaansheid laat val téénoor Nederlands. Prof. E.C. Pienaar was in sy doktorale proefskrif, wat in Nederland verwerf is, "uitgesproke polemies en propagandisties, want die stryd om die amptelike erkenning van die taal was nog lank nie beslis nie"

(aangehaal deur Malherbe, 1977:112). Teen dié agtergrond het 'n student opgemerk:

In de letterkunde vindt men in alle tijden de schrijvers als vertolkers van het geestesleven van hun volk...Maar gelijk de vlaamse is ook de afrikaanse letterkunde deurtrokken van de liefde voor de vrijheid en de stryd tegen geestelike slavernij... (SSK, Apr. 1917).

'n Volksgerigte letterkunde moes bestudeer word, want, soos dr. Johannes Grosskopf, dit gestel het: Stellenbosse studente is nie geroepe om in die eerste plek "internasionale wetenskap te bevorder nie, maar om 'n Afrikaanse beskawing te vorm en te versprei" (Grosskopf, 1918, 182).

Van die publikasie van 'n nuwe Afrikaanse tydskrif vir kinders is in 'n hoofartikel in die *Stellenbosch Studentekwartaalblad* vanselfsprekend met genoeë kennis geneem (SSK, Apr. 1917). Die blad sê hy is oortuig dat dit voorsiening maak in "een lang gevoelde behoefte".

Aan Afrikaanse boeke het die yweraars in studentegeledere 'n behoefte gehad. Die Afrikaanse Taalvereniging het in Oktober 1907 besluit om alle Afrikaanse boeke te versamel wat al uitgegee is en die volgende jaar is Bennie Keet as "bibliotekaris" aangestel, waaruit afgelei moet word dat die universiteitsbiblioteek nie in dié behoefte voorsien het nie.

Onder voorsitterskap van Tobie Muller het die ATV in Maart 1908 sy eerste "ope vergadering" gehou. Die verrigtinge het die patroon van 'n debatsaand gevolg en 'n prys is o.m. toegeken aan die student wat die beste toespraak oor *Die invloed en posiesie van Stellenbosch* gelewer het. Die ATV het tydens Muller se oorsese studietydperk (1909-1913) aktief gebly, maar weens die oorlog is geen algemene byeenkoms ná 1914 gehou nie. In 1919 het die ATV en Ons Spreekuur saamgesmelt om die Afrikaanse Kultuurvereniging onder voorsitterskap van prof. J.J. Smith te vorm

(Keet & Tomlinson, 1925:53,57,65). Dié sou 'n belangrike en lewenskragtige vereniging in die Stellenbosse studentelewe wees.

In die lig van die voorafgaande, was die studente se aandrang op Afrikaans in die kerk te verstane. Na 'n NG sinodebesluit dat plaaslike kerkrade Afrikaans op die kansel mag toelaat, het die SR in 1920 'n voorstel na 'n monstervergadering geneem waarin die studente-unie die kerkraad versoek het "om Predikante wat sulks verkies toe te laat om Afrikaans te preek in die Saal op Sondagmorens" (SR, 3 Mrt. 1920). Die vergadering het die mosie met 'n groot meerderheid aanvaar én die kerkraad het ingestem (Du Toit, 1966a:73; SUB, Jun. 1920). Maar meer as drie jaar later rapporteer die SR-voorsitter dat alle pogings om Afrikaans by die aanderedienste in te voer, misluk het, "tot ons eie bittere teleurstelling" (SUB, Nov. 1923).

Die studente se (onsuksesvolle) aandrang op 'n eie "professor-predikant" in 1920 (Hugo, 1966:196,197) en hernieude latere pleidooie daarvoor (SUB, Sept. 1921), het deels ook in verband gestaan met die taalkwessie. Vir die studente moes dit 'n teleurstelling wees om juis by hul kerk teen 'n toe deur te hamer - jare nadat dr. Tobie Muller, wat intussen oorlede is, Afrikaans van die kansel gebruik het, tot ontsteltenis van die kerkraad (Kannemeyer, 1995:283). Die studente het juis ook, by wyse van 'n petisie, hul steun aan Muller toegesê toe hy in Oktober 1914 deur regeringsgesindes in die kerkraad verkwalik is oor standpunte wat hy rakende die oorlog voor 'n studentegehoor gestel het (Muller, 1990:70,71). (Die NG gemeente Stellenbosch het wel van vroeg 1923 'n tweede leraar gekry en die Nuwe Kerk [studentekerk] in 1928 ingewy [Hugo, 1966:197].)

Die studente se pro-Afrikaanse standpunt het in die besonder teëkanting van sommige teologiese professors gekry (Kannemeyer, 1978:89,90; vgl. ook Booyens, 1969:147-149).

'n Vanselfsprekende faset van die pogings om Afrikaans te bou, bewaar en selfs te verdedig, was die aandrang op 'n suiwer

gebruik daarvan. Verskeie pleidooie is daarom vir die gebruik van suiwer Afrikaans gelewer. 'n Hoofartikel in die *Stellenbosch Universiteitsblad* het dit reeds in September 1918 as volg gedoen: "Wat ons dus te doen staan is om 'n suiwer skrijf- en spreektaal ons aan te wen; dat dit 'n dringende noodsaaklikheid is sal iedereen moet toegee wat die alledaagse gesprekke van studente moet aanhoor..."

Pogings is bewustelik aangewend om Afrikaanse sportterme daar te stel en klagtes oor "brabbeltaal" (veral by studente in die natuurwetenskappe) het opgeduik (SUB, Okt. 1922; Malherbe, 1977:36; SUB, Des. 1919; SUB, Sept. 1920; SUB, Apr. 1922), terwyl 'n briefskrywer op taalfoute in advertensies in die *Stellenbosse Student* en konsertprogramme gewys het (SS, Apr. 1924). Die rasionaal vir dié sensitiwiteit oor Afrikaans is vroeër deur 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Universiteitsblad* (Des. 1919) gestel: "Hoe kan ons 'n eie selfstandige kultuur ontwikkel as ons ons taal nie suiwer en eg hou nie?" Die artikel het voorts gemeld dat die "opbou van ons moedertaal, van ons hele kultuur op eie nasionale grondslae is die enigste redmiddel, wat ons het teen oplossing, in 'n vreemde Britse beskawing".

Uiteindelik het dit dus by die handhawing van Afrikaans gegaan om die behoud van die Afrikanervolk in die aangesig van wat as 'n Britse bedreiging beskou is.

**3.2.5 Debatsaande, toneel en sprekers.** Lidmaatskap van een van die debatsverenigings - die Unie- en Universiteitsdebatsverenigings asook, van 1903-10, die Vrouedebatsvereniging - was vir studente " 'n belangrike en aangename faset van sy sosiale en intellektuele opvoeding" (Cilliers, 1973:84; Pretorius, 1979:368,369). Trouens, die debatsverenigings was "die vernaamste vormende invloed buite die lesingsale" en 'n belangrike oefenskool vir die toekomstige leiers (Malherbe, 1977:26; Booyens, 1983:20) - 'n plek waar van lede "beter maatskappymense" gemaak is (SS, Nov. 1923). Die stryd om die Afrikaner se taal en kultuur is ook hier met felheid gevoer.

Reeds in 1909 is notules van die Victoria College Debating Society vir die eerste keer in Hollands gelees, nadat die vorige jaar op voorstel van Tobie Muller besluit is dat Engels én 'n vereenvoudigde vorm van Hollands die VCDS se amptelike tale sal wees (VCDS, 28 Mrt. 1908).

In 1914 kom Afrikaans vir die eerste keer in die joernaal voor en drie jaar later verskyn dit in die notuleboek. Teen 1918 het Afrikaans sodanig veld gewen dat op voorstel van T.E. Dönges besluit is om die VCDS se nuwe reëls net in Afrikaans te laat druk (VCDS, 11 Mei 1918).

Onderwerpe wat aan die orde gekom het, het gewigtige aktuele temas soos *De emigratie van ons volk naar ander werelddelen* (VCDS, 25 Jul. 1903), *Vaderlandsliefde* (VCDS, 22 Jul. 1903), *Should the natives receive university education?* (VCDS, 31 Mrt. 1906; 22 Aug. 1908), *Zal Zuid-Afrika een tweetalige land blijven?* (VCDS, 30 Mrt. 1912), *Sal segregasie die naturellen-vraagstuk oplos?* (VCDS, 3 Aug. 1918), vrouestemreg (VCDS, 30 Apr. 1910) en republikanisme ingesluit (De Villiers, 1977: 28). Ook etiese kwessies soos die doodstraf, lyfstraf en die invloed van rolprentteaters het aan die orde gekom (VCDS, 2 Okt. 1909; VCDS, 1 Aug. 1914; VCDS, 13 Sept. 1919; kyk ook Booyens, 1983:24).

Selfs in die jare twintig toe die rolprentteater 'n alternatiewe vermaak op 'n Saterdagaand gebied het, het die vergaderings 50-60 aktiewe lede per vergadering getrek (Cilliers, 1973:85) - dit is sowat 10% van alle studente op die kampus. In die jare voor die rolprent, was debatsaande selfs meer sentraal in die studentelewe.

Die debatsverenigings moet ook die krediet kry dat hulle toneelopvoerings op Stellenbosch van reeds voor die eeuwending gestimuleer en gedra het (Booyens, 1983:30; Hugo, 1966:295) deur ten minste een maal per jaar 'n toneelstuk op te voer (Pohl, 1974:61). Ander verenigings en die SR self het wel ook bydraes in dié verband gemaak (vgl. SR, 13 Aug. 1918; SR, 12 Aug. 1921) .

Toneel het binne die omvattende kultuurstrewe van die nasionaalgesinde Afrikaner 'n belangrike plek ingeneem. In die jare na die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner se toneel, aldus Dommisse (1976:242), "in diens van die propagering van die taal en die opwekking van belangstelling en trots in die volksverlede" gestaan. Dit het ook die Stellenbosse studentetoneel gegeld. Volgens Pohl (1974:85) moes die studente "sterk wees op alle gebiede", wat die toe belangrike toneelwêreld as vanselfsprekend ingesluit het.

Van die faset van die verenigingslewe het dan ook 'n "stukrag" uitgegaan "wat deur taalstryders soos J. H. H. de Waal baie gewaardeer en hoog aangeslaan is" (Binge, 1969:32).

Die studente se toneel-tradisie het in die vorige eeu begin met gereelde jaarlikse toneelopvoerings deur die twee debatsverenigings. "Ons Spreekuur" is in 1895 opgerig en die vereniging het gereeld Hollandse stukke opgevoer (Hugo, 1966:295).

In 1912 is *Die Familie Zaak* van C.J. Langenhoven deur Stellenbosse studente (die Afrikaanse Taalvereniging) opgevoer - moontlik die eerste *Afrikaanse* stuk wat op Stellenbosch deur die studente op die planke gebring is (Hugo, 1966:322). Drie jaar vantevore het die Paarlse tak van die ATV, op uitnodiging, *Piet se tante* op Stellenbosch opgevoer (Keet & Tomlinson, 1925:53).

Met die 75e herdenking van Dingaansdag einde 1913, is 'n ernstige toneelstuk, *Magrita Prinslo*, deur die studente opgevoer om die aandag op die herdenking te vestig. Die stuk, geskryf deur die GRA-man ds. S.J. du Toit, is reeds in 1897 vir die eerste keer opgevoer en vertel die verhaal van Piet Retief se gedoemde trek, insluitende die aanval op sy kamp (Fletcher, 1994:110).

In meer as een opsig was dit, aldus Hugo (1966:322) 'n "pionierspoging" en is daar selfs gebruik gemaak van 'n orkes onder leiding van Hans Endler van die Konservatorium.

Van die gewildste stukke wat in die jare na Uniewording deur die studente op die planke gebring is, was stukke van

Langenhoven, die "volkskrywer by uitnemendheid" en later gereelde medewerker van *Die Burger* (Heese, 1973:55).

Langenhoven se *Die Watersaak* is in 1915 deur die ATV opgevoer, terwyl die VCDS *Liefde en plig* van Celliers op die planke gebring het - 'n stuk wat, aldus 'n resensent, die stempel gedra het "dat dit ons eie is" (Rothman et al, 1924:39,58). Langenhoven se historiese stukke, soos *Die hoop van Suid-Afrika* (1913, 1916, 1917, 1920-21), *Die vrouw van Suid-Afrika* (1918, 1919), is by herhaling opgevoer (Malherbe, 1979:402; Kapp, 1975:80; Kannemeyer, 1978:174; Hugo, 1966:332; Burgers, 1939:89). Gegee die ideologiese inslag van die Langenhovenstukke, het die opvoering daarvan 'n dubbele doel gedien: die vestiging van Afrikaans én die uitdra van Afrikanernasionalisme.

*Die hoop van Suid-Afrika*, wat op versoek van 'n "Dingaansdag"-reëlingskomitee geskryf is, gee bv. 'n besondere kyk op die geskiedenis van 1650 tot 1836. Dit is, volgens Burgers (1939:88), geen drama nie, maar 'n "dramatiesgeskiedkundige fantasie, bestaande uit 'n reeks lig-aaneengeskakelde taferele". Tiperend van die stuk is die antwoord van die Voortrekkerleier Piet Retief op die vraag of hy sy volk liefhet:

> Het ek my volk lief? Het die moeder haar kindjie van smarte lief? My nasie is klein en altyd lydend, jonk en tengerig en nietig onder die volke van die wêreld. Sy diens is nie 'n diens van loon nie maar 'n diens van liefde en offerande. Het ek my volk lief! Ek kies om my nasie te dien (Burgers, 1939:34,35).

By die tweede druk van hierdie werk, skryf Langenhoven dat hoewel die stuk miskien nie volgens "geaksepteerde toneelwette" goed mag wees nie, dit tog deug vir sy doel omdat die volk vir wie dit geskryf is dit begryp (Burgers, 1939:89). Die kommunikasiewaardigheid van die toneelstuk is dus deur pragmatiese oorweging bepaal: was dit 'n nuttige instrument in die opbou van die volk. So is in 'n artikel in *De Burger* (11 Jan. 1919) opgemerk:

**Aan die heer Langenhoven kom in heel besondere mate die eer toe, dat hij vir ons toneelkuns 'n rigting gevind het, wat die stempel van 'n geniale oorspronklikheid dra, en wat berekend is om met wonderlike effek die innerlike betekenis van die groot gebeurtenisse uit die geskiedenis van die Afrikanervolk aan ons voor te stel en daaruit die diepste lesse en die hoogste inspirering vir die toekoms te put.**

Dit het inderdaad die volk aan die hart gegryp (Binge, 1969:252) - en daaraan het Stellenbosse studente betekenisvol meegehelp deur dit op te voer, ook op die platteland. Tesame met toesprake van Langenhoven, het die opvoerings van *Die hoop van Suid-Afrika*, volgens die leier van die Nasionale Party in Kaapland en redakteur van *De Burger*, dr. D. F. Malan, gesorg dat mense op talle plekke hul ondersteuning aan die jong NP begin gee het (Kannemeyer, 1995:383).

In 1918 verskyn die vervolg op *Die Hoop van Suid-Afrika*, nl. *Die vrou van Suid-Afrika*, waarin die geskiedenis vanaf 1843 tot 1902 hervat is (Kannemeyer, 1978:174). Hier val die hoofklem op Maria, die vrou van Suid-Afrika, en die rol wat sy in die Afrikaner se geskiedenis gespeel het. 'n Tweede tema is die van "nasie-ontwikkeling". Die stuk is "meer 'n dramatiese kommentaar oor die geskiedenis van Suid-Afrika... en die politieke toestande in die betrokke jare, as 'n dramatiese fantasie, 'n kommentaar geskryf uit die oogpunt van Langenhoven (Burgers, 1939:126).

Hoewel die stuk skerp in resensies gekritiseer is (Muller, 1990:202; Kannemeyer, 1995:365), is dit in April 1919 met klaarblyklike entoesiasme deur die Unie-debatsvereniging opgevoer (SUB, Jun. 1919).

Die debatsvereniging het toe reeds besluit om dit, saam met *Die hoop van Suid-Afrika*, in die Transvaal en Vrystaat op te voer. Volgens een student sou die debatsvereniging daarmee "ons volk 'n groot diens bewijs - wat dan ook in die eerste plek hulle doel is". In Desember 1919 en Januarie 1920 is die stuk in 24 dorpe en stede in

die Boland, Karoo, Vrystaat en Transvaal (insluitende Johannesburg) opgevoer.

Daardeur is die universiteit se naam uitgedra, lui 'n berig in die *Stellenbosch Universiteitsblad* (April 1920), en het die studente in kontak met volksgenote gekom. Die volk kon daardeur ook iets "sien en beleef van hul eie geskiedenis" (Hugo, 1966:332) - maar dan 'n baie bepaalde siening van die geskiedenis.

Op reis is by die Boeregeneraal Chrisjan de Wet aangedoen, wat 'n boodskap aan die studente van Stellenbosch gestuur het: Jul harte klop reg vir die volksaak (SUB, Apr. 1920).

Einde 1920 het verskeie studentetoneelgeselskappe op toer gegaan. Soos met die toer van 'n jaar vantevore, het die studente dit nie bloot uit liefde vir toneel gedoen nie. Daar was vir hulle 'n drieërlei doel: om die smaak van die volk vir Afrikaanse literatuur en vir die Afrikaanse toneel te ontwikkel, om propaganda vir die universiteit te maak en om fondse in te samel (SUB, Apr. 1921). Watter stukke opgevoer is, word nie vermeld nie.

Langenhoven publiseer in 1921 sy *Eerste skoffies op die Pad van Suid-Afrika*, waarin o.m. die gebeure by Slagtersnek as deel van die Afrikaner se vryheidstryd uitgebeeld word (Kannemeyer, 1995:467). Ondanks voorbehoude oor die optrede van Slagtersnek se slagoffers by sommige Afrikaners en dus die korrektheid daarvan om hulle as helde voor te hou (kyk 3.3.7), het die stuk met sy "meeslepende seggenskrag" stimulus verleen aan die "vloedgolf van nasionalisme (wat) besig was om op te wel" (Heese, 1973:55,56). Die epos, met die "debatterende inslag van die vers en die stukke didaktiek tussen vraag en antwoord", is oor die algemeen gunstig ontvang (Kannemeyer,1995:468).

Hoewel waarskynlik, word nie in studentepublikasies en notules vermeld dat dit deur die Stellenbosse studente opgevoer is nie. In dié tyd is wel stukke soos *Die Koerantskrywers* in die Kaapse suidwestelike en oostelike distrikte opgevoer (Hugo, 1966:323). Trouens, studenteverenigings het ten minste een maal per jaar 'n

toneelopvoering gehou, met die regie gewoonlik waargeneem deur kundige dosente soos dr. Johannes Grosskopf en dr. Con de Villiers (Pohl, 1974:61-63;). Dié dosente het daartoe bygedra om die studentelewe van "algehele vervlakking" te red en "iets van die standaarde van die Europese kultuurlewe" aan die studente tuis te bring (Hugo, 1966:337).

Stellenbosse studentetoneel was allereers 'n liefdesdiens wat binne normale verenigingslewe beoefen is, tot skade van die toe nog sukkelende beroepstoneel (Binge, 1969:129; SS, Sept. 1924; vgl. ook Pohl, 1974:85). In laaste instansie was studentetoneel 'n manier om Afrikaans te bevorder, 'n wyse van kommunikasie, eerder as kuns ter wille van kuns of, erger, ter wille van 'n inkomste.

Langenhoven se invloed is hier duidelik sigbaar: amateurs was vry om sy stukke op te voer, maar professionele groepe is dit heeltemal verbied (Burgers, 1939:95). Vir Langenhoven was sy stukke nie blote vermaak en moes nie as sodanig deur professionele groepe aangebied word nie.

Verskeie sprekers het deur die jare Stellenbosch gekies om belangwekkende toesprake te hou of bloot deel te hê aan die definiëring van die situasie en die aanmoediging van die studente om deel te neem aan die opbou van 'n eie Afrikaanse kultuur. Die lys sluit in J.H. Hofmeyer se toespraak in 1905 oor Nederlands waartydens hy gevra het *Is 't ons erns?* en D.F. Malan se bevestigende antwoord daarop (maar met betreking tot Afrikaans) in 1908 (Kannemeyer, 1978:90; kyk ook Booyens, 1969:148,149). Dosente soos prof. N. J. Brümmer het voorts oor o.m. *Die Afrikaanse nasie* en *Die wortel van die Afrikaanse volkskarakter* voorlesings gelewer, terwyl bekende buitesprekers soos ds. J.D. Kestel (*Die uitdrukkingsvermoge van die Afrikaanse taal*) en oud-pres. F.W. Reitz (*Die invloed van geskiedenis op die Afrikaanse volkskarakter*) opgetree het (Kannemeyer, 1995:280).

Malan het meermale op Stellenbosch opgetree, onder meer voor Polumnia ('n vereniging vir teologiestudente) waar hy oor die

armblankevraagstuk gepraat het, 'n optrede wat aanleiding gegee het tot 'n "volks-petiesie" wat "gretiglik" onder die studente gesirkuleer is met die oog op oorhandiging aan die Volksraad (SUB, Nov. 1923).

By 'n ander geleentheid is "drie van ons rebelgeneraals en een van ons Afrikaner kommandante" (genll. Muller, Conroy en Kemp en kmdt. De Wet) gul deur die studente ontvang: eers is hulle "op die stasie deur 'n menigte studente ingewag en skouerhoog na 'n versierde landauer gedra", waarna 'n optog deur die strate gevolg het. Die feestelike ontvangs is by die CSV-saal voortgesit, waar die viertal die studente as gaste van die Afrikaanse Vereniging oor hul ondervindinge op die slagveld toegespreek het (Du Toit, 1966b:179). Die teenwoordige studente het hulle ten volle met die rebellie van ses jaar vantevore vereenselwig (SUB, Jun. 1920).

Maar Langenhoven, self 'n oud-Victoriaan, was in dié tyd die mees gesogte spreker en het gereeld op Stellenbosch voor vol sale opgetree (Hugo, 1966:352). Daar was hy in sy element en het hy self ook inspirasie geput uit die omgang met die idealistiese jeug (Burgers, 1939:31,32; Malherbe, 1977:108).

Van die geleenthede waartydens hy op Stellenbosch opgetree het, was in 1919 toe hy oor die vooruitsigte van die Britse ryk gepraat het en die verbrokkeling daarvan voorspel het, en in die volgende jaar toe hy op uitnodiging van die Filosofiese Vereniging oor "Belangstelling" moes praat. Langenhoven het die geleentheid gebruik om wydlopende kritiek te lewer oor wyduiteenlopende onderwerpe: van te veel sport en te lang preke tot die sensasiesoekende pers en die kommunisme - laasgenoemde egter "sonder 'n behoorlike redenasie". Daarmee wou hy studente probeer lei tot "toegewyde selfverbetering en die opdraande stryd wat na die hoogtes lei" (Burgers, 1939:192)[5].

In 1921 het hy ten minste twee toesprake voor studentegehore op Stellenbosch gehou - onder meer by die stigting van die Werda-Bond waar hy gepraat het oor "die krag van 'n nasie". Hy het 'n "ou slag" gebruik deur te sê hy mag nie oor politieke sake praat

nie, waarna hy dan tog daaroor gepraat het. Dit het 'n vermaning aan die Werda-Bond ingesluit om "te sorg vir die nasie se liggaam en te waak oor sy siel, sy bewustheid, sy geheue en sy taal". By die ander geleentheid had hy dit o.a. oor mense wat Afrikaans onreg aandoen deur woorde verkeerd te gebruik (Burgers, 1939:191-193).

Primêr was Langenhoven kampvegter vir sy taal, Afrikaans. En dit het gesorg vir 'n besondere band tussen hom en die studente (Thom, aangehaal deur Malherbe, 1977:108). 'n Faset van Langenhoven se optrede wat moontlik ook aanklank by die studente gevind het, was sy anti-establishment-houding (vgl. Burgers, 1939:262-263; Kannemeyer, 1995:595-604). Die herhaalde keuse van Langenhoven as spreker en die entoesiasme waarmee hy tot met sy dood op Stellenbosch ontvang is, was op sigself 'n wyse waarop die studente laat blyk het waar hulle staan.

Debatte en toesprake was ook 'n wyse waarop studente (weliswaar op 'n beperkte skaal) 'n volksdiens wou verrig. Die SR het in 1919 in beginsel goedgekeur dat studente onder die beskerming van die raad voorlesings deur die land hou. Die doel was om die volk "op te voed en voor te lig oor vraagstukke met betrekking tot SA" (SR, 7 Sept. 1919). Of dié plan tot uitvoer gebring is, is onbekend, maar 'n paar jaar later het die gedagte 'n stewiger basis gekry met die daarstelling van 'n grondwet vir die sg. Sprekersburo (SR, 22 Jun. 1923; 14 Aug. 1923). Net een student het in 1923 onder beskerming van die Sprekersburo opgetree (by 'n Geloftedagviering), maar die voorsitter, H.F. Verwoerd, was optimisties dat die buro se bedrywighede metterwyl sou uitbrei. Hy het die doel van die buro as volg gemotiveer: "Ons wil help voldoen aan die regmatige eis van minderbevoorregte volksgenote om geleentheid vir breër ontwikkeling en verruiming van blik. Ons sal handhaaf! (SS, Apr. 1924).

Teen die lente berig die *Stellenbosse Student* (Okt. 1924) van 'n toer wat deur vier senior studente na 36 plekke onderneem sou word vir debatte met lede van plaaslike debatsverenigings. Uit

"verskillende nuusblaaie" kon later afgelei word dat die toer " 'n baie goeie indruk op die platteland gemaak het" (SS, Apr. 1925). Daarmee het die studente dus nie net didakties na hul volksgenote uitgereik nie, maar ook bande gesmee en die universiteit se naam bevorder.

Tog was debatsaande allermins net ernstige geleenthede. Humor en blote vermaak was steeds deel daarvan (vgl. SS, Apr. 1924), iets wat nodig was in die soms alte melancholiese atmosfeer wat onder studente geheers het (vgl. SUB, Jun. 1918). In die geheel gesien, was dit egter 'n medium van kommunikasie met volksgenote - 'n manier om die volk te help opbou en Afrikanernasionalisme gestalte te gee.

**3.2.6 Bevordering van Afrikaanse sang en musiek.** Na Uniewording het die patriotiese lied gewilder geword op Afrikaanse volksfeeste en, aldus Kapp (1975:212), gedien as middel om uitdrukking te gee aan die groeiende Afrikaanse volksgevoel. Die temas van hierdie liedere het ten nouste aansluiting gevind by die temas van die feestoesprake, naamlik die besondere waardering van die volk se verlede, en 'n uitdrukking van die volkstrewe tot selfstandigheid en identiteit.

Die studente het in 1912 met gereelde Krugeraande begin, aanvanklik op 'n klein skaal in 'n kafee. Maar twee jaar later het dit so uitgebrei dat dit op die rugbypaviljoen gehou moes word (Kapp, 1975:104).

Geloftedagvieringe het gewoonlik buite die akademiese jaar geval, maar in 1918 het die studente (as gevolg van 'n verlengde jaar weens die griepepidemie) vir die eerste keer saam "Dingaansfees", soos dit toe nog algemeen bekend gestaan het, gevier. Die opkoms was "besonder goed" en oproepe is gedoen om die godsdiens en sedes van die vadere te behou. Ook is alle Afrikaners aangemoedig om 'n suiwer Afrikaanse kultuur en kuns te help ontwikkel (SUB, Des. 1918). Die SR was in 1919 betrokke by die reëlings vir Dingaansfees (SR, 7 Sept. 1919) en die Sprekersburo se voorsitter,

H.F. Verwoerd, het 'n paar jaar later die godsdienstige en opvoedkundige aspekte van Dingaansfees beklemtoon - as dit in " 'n baie suiwer sin" werklik 'n volksfees wil wees (SUB, Apr. 1924).

Volksfeeste het deurentyd in verband gestaan met die sang - en daarby was die studente op 'n bewuste wyse betrokke. 'n Artikel in die *Stellenbosse Universiteitsblad* (Apr. 1920) het dit duidelik gestel: "Ons moet Afrikaans en patrioties wees en ook deur in ons eie taal te sing ons... pligte nakom." Sang is dus nie net as 'n vorm van ontspanning beskou nie, maar as 'n deel van die omvattende Afrikaanse kultuurlewe beoefen.

Maar daarvoor was liedere nodig. Om in hierdie behoefte te voorsien, het die Werdasangkommissie in 1917 'n versameling volksliedere op Stellenbosch uitgegee (Bouws, 1950:92). Tog het sang in daardie stadium allermins 'n belangrike plek in die studentelewe ingeneem. Volgens Gericke (1977:2) was dit asof die koms van die Universiteit van Stellenbosch in 1918 'n sangbewustheid by studente laat ontstaan het. Maar dit was nie net om patriotiese redes nie: die instelling van die intervarsity met die Universiteit van Kaapstad het ook 'n rol gespeel (vgl. SUB, Sept. 1921; SUB, Jun. 1923). Dit was voorts 'n manier om groepsgees aan te wakker (vgl. SSK, April 1917) en gradeplegtighede mee op te vrolik (SUB, Nov. 1923).

'n Faktor wat 'n wesenlike invloed gespeel het, was die "golf van nasionale idealisme" wat in die eerste naoorlogse jare oor Stellenbosch gespoel het (Hugo, 1966:330). Hierdie idealisme is uitgesing. Volgens Hugo was "die belangstelling vir die Afrikaanse volkslied en studentelied... miskien nooit weer so groot soos in daardie jare nie".

Die SR het leiding geneem om die studente "volks- en studenteliedere" op Vrydagmiddae te laat oefen (SR, 7 Sept. 1919). Dié oefeninge, waartydens liedere soos *Land, volk en taal* en Langenhoven se *Die stem van Suid-Afrika* (op die wysie van 'n Rynse lied) gesing is, is op Vrydagmiddae gehou en het metterwyl

ook koorsang ingesluit (SUB, Apr. 1920; SUB, Apr. 1922; Jun. 1923; Kannemeyer, 1995:378). In 1921 is dit af en toe vir die publiek oopgestel (SR, 12 Aug. 1921), maar in hoeverre die oefeninge wel deur lede van die publiek bygewoon is, is onbekend.

Ondanks vroeëre pogings, was daar steeds 'n tekort aan Afrikaanse liedere en het 'n SR-benoemde kommissie 'n bundel met 35 "volksliedere, geleentheids-, populêre- en voetballiedere" saamgestel, want "ons moet Afrikaans en patrioties wees..." (SUB, Apr. 1920; kyk ook Eyssen, 1964). Later is 'n student (H. v.d. M. Scholtz) benoem om saam met verteenwoordigers van ander Afrikaanse inrigtings 'n "Liederbundel" op te stel (SR, 27 Apr. 1922). Daarmee het die Stellenbossers bewustelik hul bande met hul noordelike mede-Afrikanerstudente versterk.

'n Faktor wat sang onder die studente bevorder het, was die teenwoordigheid en invloed van uitstaande leiers (Gericke, 1977:25; kyk ook Kapp, 1975:214). Een so 'n leier was Stephen Eyssen, wat oor jare heen 'n leier op dié gebied was. Hy het reeds in 1914 'n lied (op woorde van A.B. Wessels) spesiaal vir 'n kultuurfees in Kaapstad (gereël deur die Werdakomitee) gekomponeer en dit ook uitgevoer (Van Blerk, 1986:736). *De Burger* het later (9 November 1915) berig dat die bladmusiek slegs Afrikaanse musikale anotasies bevat het. En by die volgende jaar se Heldedagviering in Kaapstad het Eyssen weer eens die Segelied - die eerste sangstuk in Afrikaans gesing. Die slotstrofe het die lyding en sege van die Afrikaner só verwoord:

Rus in dierbare gronde, julle dae van smart getel,
rus waar die borende wonde nooit meer julle siele kan kwel.
Julle het deur ontbering en lyding julle volk tot die dood toe gedien.
God het julle offers van wyding, julle roemryke sterwe gesien,
roemryke sterwe gesien
(FAK, 1983:494-501).

In die wintervakansie van 1920 lei Johann Buhr en Stephen Eyssen die "Stellenbosch Universiteit Studente Musiekgeselskap" op 'n toer

waartydens Afrikaanse en Nederlandse liedere aan duisende bekend gestel is (Eyssen, 1964). Dat dit om veel meer as vermaak gegaan het, blyk uit die gedrukte program waarin die publiek aangespoor is tot waardering van die Afrikaanse lied:

NB. (a) Het die Afrikaanse lied al die plek wat hom toekom - die eerste plek - in u voorkamer ingeneem?
(b) slegs die bose sing nie.
(c) die hartlike sing maak die arbeid van die volk lig.
(d) Laat die klanke van vaderlandse sange vir vryheid, liefde en vreugde die hart verbly en die lewe veraangenaam (Van Blerk, 1986:737).

Die program is deur die boekhandelaar R. Müller geborg, wat in ruil daarvoor die enigste advertensie in die program kon plaas - maar dan op voorwaarde dat net Afrikaanse of Nederlandse boeke geadverteer mag word (Eyssen, 1964).

Volgens Van Blerk (1986:738) was die kultuurhistoriese waarde van hierdie eerste studentetoer veral daarin geleë dat die Afrikaanse lied so 'n prominente plek ingeneem het. Die program het ook uit 'n strykorkes bestaan en Afrikaanse en Nederlandse letterkunde is voorgedra. Die studentesang was so aansteeklik dat gehore soms spontaan saamgesing het (Eyssen, 1964).

Boonop is 350 pond wins gemaak, wat aan Duitse oorlogswesies wat aan tering ly, gestuur is (Eyssen, 1964). Vandaar 'n hoofartikel in die *Stellenbosch Universiteitsblad* wat toneel- en musiekgeselskappe se werk regstreeks aan "sosiale werk" gekoppel het (SUB, Sept. 1920).

Tog was dit duidelik, meen Kapp (1975:214), dat die studente se sanglus "nie uit 'n natuurlike drang gebore is nie, maar dat die lied moes dien as stimulant vir en bevestiger van 'n wakker Afrikaanse volksbewussyn".

Gericke (1977:25) meen ook die studente was geen spontane sangers nie; trouens, die studente het by geleentheid Hans Endler se aanbod om 'n koor te begin van die hand gewys (MV, 6 Mrt. 1907). Later was daar meer geesdrif vir dié gedagte en is studente deur die

SR aangemoedig om in die koor te sing (MV, 5 Jun. 1914). Teen 1923 beweer 'n student selfs dat die Stellenbosse student inderdaad lief was vir musiek: "Hy besoek goeie musiekkonserte druk; hy het sy kore; sy studenteorkes, sy sangoefeninge en sy liedjies. Hy speel graag self viool, klavier of bekfluitjie. En sodra hy self kan speel moet ander dit hoor" (SUB, Junie 1923).

In die somer van 1920-21 het die "besielende" nasionalistiese Vlaamse sanger Emiel Hullebroeck 63 sangaande in Suid-Afrika gehou, onder meer op Stellenbosch - 'n besoek van besondere belang (Bouws, 1950:96; Hugo, 1966:330). Een van Hullebroeck se bekendste Afrikaanse liedere was op die woorde van Jan F. E. Celliers getoonset:

Jukke mag vir slawe wees
Manneharte ken geen vrees
Duld geen boei vir lyf en gees
Vryheid! Vryheid! (Bouws, 1950:100)

Met sulke liedere - wat ook toonsettings van gedigte deur A.D. Keet en Langenhoven ingesluit het - het Hullebroeck en andere bevestig dat die lied as deel van 'n nasionalistiese stryd ingespan kan word en Afrikaners se oor vir "die skoonheid van sy poësie en kunslied geopen" (Swanepoel, 1983; kyk ook SUB, Jun. 1920; Van Blerk, 1986:667) en is die reeds bestaande meelewing met die Vlaminge in hul vryheidstryd (kyk SSK, Apr. 1917; SUB, Sept. 1919; Sept. 1920) versterk. Dié band het 'n emosionele element bygekry deurdat 'n Vlaamse student deur die polisie doodgeskiet is kort voordat 'n lang nuusbrief van hom in die *Stellenbosch Universiteitsblad* (Sept. 1920) verskyn het. Die laat verskyning van die brief was, gegee die onbelangrikheid van tydigheid vir die oorlewing- en ideologiemotiewe, van geen wesenlike belang nie; *dat* dit verskyn het, wel.

**3.2.7 Steun vir eie monumente en simbole.** Die studente had, saam met ander nasionalistiese Afrikaners, 'n behoefte aan eie monumente

en ander simbole. Dit was nuttig vir die opwek en versterking van volksgevoel en vaderlandsliefde. "De jongeliede moeten over de geschiedenis van hun voorouders spreken en nadenken, in de tegenwoordigheid van zulke monumenten," het *De Express* aangevoer (Kapp, 1975:224).

By die Stellenbosse studente het die behoefte tot uiting gekom in hul finansiële steun vir monumente, gedenktekens, skilderye van volksleiers, 'n eie volkslied en selfs die jaloersheid waarmee hulle oor hul universiteitskleure gewaak het.

Standbeelde soos dié voor die Kweekskoolgebou (van proff. N.J. Hofmeyr en J. Murray) moes, aldus dr. Tobie Muller, dien om die studente aan te moedig tot handhawing van die ideale waarvoor die twee baanbreker-professore gestry het (Keet & Tomlinson, 1925:161). In dié gees het die studente geld gegee vir die aankoop van skilderye van twee baanbrekerprofessors, proff. J.H. Neethling en J. I. Marais (SR, 6 Mei 1919; kyk ook SR, 31 Aug. 1917).

Meer emosioneel was die onthulling van die Slagtersnekmonument in 1916 waartydens dr. D.F. Malan as hoofspreker opgetree het. In 'n telegram het die Stellenbosse studente verklaar: "Jong S.A. wens te handhaaf die lesse deur Slagtersnek aan die nageslag nagelaat" (Heese, 1973:205). Die telegram is in naam van die meerderheid van studente gestuur, aangesien nie almal hulle daarmee vereenselwig het nie (MV, 7 Mrt. 1916).

Opvallend het Malan nie die tereggesteldes as volkshelde vereer nie. Vroeër reeds, in 1896, het Hofmeyer in 'n boek die oprigting van 'n Slagtersnekmonument afgekeur "omdat de Afrikaner-natie er geen roem by behaald heeft" (aangehaal deur Heese, 1973:86). Die nasionaalgesinde studente het dit nie so gesien nie; ook nie sLangenhoven (1921:19-29) in sy *Die pad van Suid-Afrika* nie.

Individueel het lede van 'n studentegehoor "mildelik" bygedra tot die oprigting van 'n monument ter ere van pres. M.T. Steyn (SUB, Jun. 1918) en 'n paar jaar later is op 'n monstervergader-

ing besluit om 80 pond te gee vir 'n borsbeeld van genl. Christaan de Wet (SS, Nov. 1923), waarmee hulle hul ook identifiseer met die Boereleier en sy versetstryd teen die Britte.

En ter herdenking aan die dosente en studente wat in 1918 se griepepidemie gesterf het, het die SR geld bewillig vir 'n marmergedenksteen met spesifiek *Afrikaanse* bewoording (SR, 18 Des. 1918).

Waar bg. insamelings eenmalig was, het 'n monstervergadering in 1920 hom verbind tot die bou van 'n Voortrekkermonument (in die vorm van 'n saal op die kampus) en daarmee het 'n lang geskiedenis van geldinsameling vir dié doel begin (SR, 12 Okt. 1920).

Die studente is telkens aangemoedig om by te dra tot die daarstelling van 'n "waardige monument ter gedagtenis aan die heldedade van die Voortrekkers" (SUB, Nov. 1921; kyk ook SR, 12 Aug. 1921). Dié "monument" sou, volgens die mening van die redakteur van die *Stellenbosch Universiteitsblad,* "nie uit sy plek wees op Stellenbosch nie, want Stellenbosch staan en stry vandag vir die grootse ideaal: die ontwikkeling van 'n eie, selfstandige Afrikaanse kultuur" (SUB, Nov. 1920).

Drie jaar later het die SR-voorsitter egter beweer dat die "Voortrekkersaalgelde" in 'n chaotiese toestand was en is 'n kommissie aangestel om dit uit te pluis (SR, 14 Aug. 1923). In dié stadium was daar 213 pond in die fonds (SR, 28 Aug. 1923). Daadwerklike pogings deur o.m. studentegeselskappe sou dié fonds in die jare wat voorlê steeds versterk.

Leidende studente van die nuwe universiteit was, soos hul voorgangers (kyk MV, 23 Feb. 1904; MV, 1 Mei 1906) taamlik gevoelig oor die standaardisering van hul amptelike kleure. Hul gestreepte kleurbaadjies was prakties en betreklik goedkoop, maar veral simbool van en die sigbaarste identifikasie met hul universiteit en alles waarvoor hy gestaan het.

Die dra van Matiekleure deur nie-studente is reeds in 1907 uitdruklik verbied (MV, 11 Apr. 1907) en aandag is gegee aan die registrasie van die kollegewapen (MV, 29 Mrt. 1911; MV, 1 Sept. 1911). 'n Banier (gemaak deur die vrouestudente) is op 'n monstervergadering in 1911 ontvou en geesdriftig ontvang (MV, 21 Aug. 1911). Daarmee is die groepsgees van die studente verder versterk.

Toe die Universiteit van Stellenbosch in 1918 tot stand kom, was 'n nuwe *universiteitsblazer* aangewese en is dit die volgende jaar aanvaar (SR, 19 Mrt. 1918; SR, 23 Apr. 1919).

Intussen het die dra van Matiekleure deur nie-studente - veral gekleurdes - aandag geniet. Die SR-voorsitter het reeds in 1916 daarop gewys dat "naturelle" in kollegekleure gesien is en dat studente nie dié klere aan nie-studente moet gee nie (MV, 12 Okt. 1916). Later is 'n lang gesprek hieroor in 'n SR-vergadering gevoer, waartydens die rasse-element nogmaals tevoorskyn gekom het deurdat genoem is dat "selfs kleurlinge" die Matiekleure dra. Aan die voorsitter is opgedra om by die volgende monstervergadering oor die saak te praat en studente weer "op hul morele verpligtings" in die verband te wys (SR, 3 Mrt. 1920; kyk ook SR, 10 Apr 1923).

Die studente is by geleentheid ook tereggewys oor die dra van "geïmproviseerde" kleurbaadjies (SR, 10 Apr. 1923) en selfgebreide serpe wat "voorgee" om universiteitskleure te wees (SR, 14 Apr. 1924).

Die studente se afkeer van vreemde simbole is besonder duidelik geïllustreer deur die SR-voorsitter, H.F. Verwoerd, se skrywe op 31 Augustus 1923 aan die dirigent van die Kaapse simfonie-orkes. Daarin is die dirigent versoek om nie die Britse volkslied aan die einde van opvoerings op Stellenbosch te speel nie. Die brief het onder meer gelui:

I am very glad to say that your concerts are thoroughly appreciated by us, but the playing of the National Anthem really does not meet with our

**approval and I am convinced that the majority of the audience sincerely desires to see it discontinued.**

Aan hierdie versoek is voldoen (Scholtz, 1974:21). Tog sou studente nog lank moes wag alvorens Langenhoven se *Die Stem* (in 1938) naas *God save the king* en later as enigste volkslied verklaar sou word (Van Jaarsveld, 1976:287).

Die studente het dus enersyds aktief deelgeneem aan die daarstelling en bewaring van simbole waarmee Afrikanernasionaliste hul kon vereenselwig, en hul andersyds uitgespreek teen dit wat as 'n bedreiging van hul nasionale identiteit ervaar is.

**3.2.8 Volksopvoeding en hulpverlening.** Die studente het op verskillende maniere hul betrokkenheid by volksopvoeding en die hulpverlening aan dié volksgenote in nood getoon.

In die tydvak 1902-1924 was die mees emosionele kwessie die behoefte om mede-Afrikaners te help wat met groot skuld gesit het weens die skadevergoeding wat hulle vir hul deelname aan die Rebellie moes betaal (Van Jaarsveld, 1976:276). Vir dié doel het die Helpmekaarbeweging - met sterk steun van *De Burger* - tot stand gekom (Kapp, 1975:140; kyk ook vroeëer).

Op 12 Julie 1917 het die eerste hoofartikel in die blad verskyn oor die nood van rebelle wat nie self die boetes kon betaal wat hulle opgelê is nie. In slegs vier maande het 25 hoofartikels oor die saak in *De Burger* verskyn, aangevul deur tekenprente soos dié van 7 November 1917 waarin Boonzaier onder die byskrif "Vrij" 'n rebel uitgebeeld het met kettings (wat skuld voorstel) wat langs hom op die grond lê. Langs die rebel staan 'n vrou (Helpmekaar) (Muller, 1990:367,368). Dié propaganda van *De Burger* het daartoe bygedra dat die uitstaande 110 000 pond vir die betaal van die boetes ingesamel is plus 'n verdere 60 000 pond (Du Plessis, 1943:396).

Die Helpmekaarbeweging het ook die vonk verskaf vir die eerste pogings tot ekonomiese selfstandigheid - 'n beweging wat later

as die Eerste Ekonomiese Renaissance bestempel is (Du Plesssis, 1964:35-51). Daarmee is gepoog om die volk van ekonomiese onderhorigheid vry te maak en 'n bedreiging vir nasionale selfverwesenliking af te weer.

Die Stellenbosse studente het dié fonds ondersteun (SUB, Sept. 1920) en in dieselfde jaar 600 pond aan die "noodlydende vroue en kinders van Sentraal-Europa" gestuur (SUB, Jun. 1920). Voorts het die SR die voorsitter van die Helpmekaar onder sy beskerming laat optree (SR, 12 Aug. 1921) en later ook "morele steun" gegee aan 'n insamelingsveldtog onder studente vir behoeftiges (SR, 18 Mei 1923).

Intussen het een van die knap studente 'n studiebeurs van die Helpmekaarbeweging ontvang met die oog op aanstelling in die beoogde handelsfakulteit waardeur die band tussen studente en die fonds versterk is. In 1924 is C.G.W. Schumann as senior lektor in die handelswetenskap aangestel en het die eerste twee studente op Stellenbosch BComm-grade ontvang (Du Plessis, 1964:74; Du Toit, 1966c:133). So is stukrag gegee aan die ekonomiese dimensie van Afrikanernasionalisme.[6]

Hierdie helpmekaar-houding, wat gekorreleer het met die diepliggende samehorigheidsgevoel wat onder die sowat 700 studente op Stellenbosch geheers het, het op 'n oënskynlik onbenullige wyse in die sg. anti-sjokoladewet tot uiting gekom. Die idee dat 'n mansstudent 'n dame nie na 'n konsert of iets dergeliks kon neem sonder die dure geselskap van 'n doos sjokolade, het, volgens die SR-voorsitter, teen die jaar 1921 'n natuurlike dood begin sterf (SUB, 9 Jun. 1921). Toe die gebruik egter hardnekkig voortduur, het die studentemassa besluit om 'n verbod daarop te plaas en eenvormigheid af te dwing. Dit was, aldus Hugo (1966:342) " 'n bewuste poging tot versobering en besuiniging" wat te midde van die ernstige ekonomiese toestande van die vroeë jare twintig juis getuig het van

**'n lewendige simpatie vir die minder gegoede student wat hierdie vorm van luukse eenvoudig nie kon bekostig nie. Die "sjokolade-wet" was dus eintlik... 'n uiting van die sterk samehorigheidsgevoel wat indertyd nog 'n reële werklikheid in die studentelewe was.**

Die stap het, soos te wagte kon wees, protes ontlok van diegene wat dit as 'n inbreuk op hul vryheid beskou het (SS, Aug. 1924), maar het eers jare later verval (Hugo, 1966:341).

In die vroeë jare twintig het die studenteliggaam gevoel dat daar baie gespaar kan word as die studente vir hulle so eenvoudig as moontlik kleed en verslete klere laat regmaak en dit weer dra (SUB, Jun. 1921).

Maar van tyd tot tyd is pleidooie om groter erns deur leidende studente gemaak. H. F. Verwoerd het onder die opskrif "Die veragterlikes in ons midde" Stellenbosse studente daarvan beskuldig dat hulle in gebreke bly om iets aan die armblankekwessie te doen (SUB, Nov. 1920).

As uitvloeisel van die behoefte aan 'n groter bewustheid vir sosiale sake by veral vrouestudente is die Vrouestudentebond (VSB) op 27 Oktober 1921 onder beskerming van die SR gestig. Die vrou, het 'n hoofartikel in die studenteblad aangevoer, is immers die "Hoop van Suid-Afrika" (SUB, Nov. 1920).

Op die stigtingsvergadering van die VSB is die doel van die bond duidelik gestel: om lesings te reël sodat die vrouestudente meer te wete sal kom van liggaamsorg, hoe om 'n huis mooi in te rig en die vrou se pligte en rol in die samelewing (VSB, 27 Okt. 1921). Laasgenoemde doelstelling het die bond se potensiële sosiaal-politieke relevansie gesuggereer wat bevestig is deur die verwysing na die opheffing van "arm klasse" .

Na die eerste bestaansjaar is die gedagte van toerusting tot dienslewering sterk in Betsie Schoombee se voorsittersverslag beklemtoon. Ondanks dié klem op toerusting kon die voorsitter in Junie 1923 in haar jaarverslag melding maak van 'n "goed

georganiseerde" konsert waarmee die VSB 35 pond vir "kinderwelvaart" ingesamel het.

Daar is later besluit om 30 pond daarvan beskikbaar te stel vir die verdere opleiding van 'n tweetalige Afrikaanse verpleegster (VSB, 8 Okt. 1923). Die plaaslike munisipaliteit, wat ook 'n deel van die koste sou moes dra, het die studente se aanbod egter van die hand gewys (VSB, voorsittersverslag, Mrt.-Jun. 1924).

Die Afrikanernasionalistiese en daarom ook anti-oorlogsentiment van die vrouestudente het geblyk uit hul besluit op 'n spesiale vergadering om nié 'n kermis saam met die plaaslike hospitaal te hou nie. As rede is aangevoer dat dit 'n "politieke kleur" aan die VSB sou gee omdat dit gehou sou word voor die tehuis vir verpleegsters wat 'n oorloggedenkteken is (VSB, 27 Mrt. 1924).

Maar die klem het tog positief op die rol van die vrou geval in die opheffing van volksgenote. Daarmee is aansluiting gevind by die belang wat in Langenhoven se *Die vrou van Suid-Arika* en in tydskrifte soos *Die Boervrouw* en *Die Huisgenoot* geplaas is op die sleutelrol van die Afrikanervrou (Hofmeyr, 1987:113,4).

Om fondse vir die Afrikaanse Christen-Vrouevereniging (ACVV) in te bring, is die Uitspan-kafee begin - 'n landmerk vir baie jare en 'n plek waar die studente tuis gevoel het. Deur in die bestuur daarvan te dien en by geleentheid gratis hulp te verleen, het die studente ook hierdie poging tot volksopbou ondersteun (SR, 5 Mrt. 1918).

**3.2.9 Betrokkenheid by buiteverenigings en studenteorganisasies.** Benewens hul eie verenigingslewe, was die Stellenbosse studente betrokke by 'n aantal buiteverenigings en studente-organisasies. 'n Voorbeeld hiervan was die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) wat in 1906 in Kaapstad gestig is. Tobie Muller, toe nog student, het die leiding geneem met die reël van 'n "spesiale vergadering" op Stellenbosch met die oog op die stigting van 'n plaaslike tak. Die CJV-saal was stampvol en het 'n warm bespreking tussen mense soos mnr.

Paul Roos en adv. J. de Waal opgelewer. Behalwe vir Muller het die studente nie aan die bespreking deelgeneem nie, maar toe die vergadering verdaag, het 'n vyftigtal belangstellendes agtergebly en 'n ATV-tak gestig met Muller as voorsitter (Keet & Tomlinson, 1925:46,47).

Die energieke Muller se ideale, veral dié met betrekking tot die Afrikaanse taal, is nie in daardie stadium deur almal (veral ook nie die dosente op Stellenbosch) gedeel nie en 'n heftige polemiek is in die pers gevoer (Keet & Tomlinson, 1925:47). Trouens, Muller se mosie waarin hy vir die erkenning van Afrikaans as een van die land se amptelike tale gevra het, is in 1909 deur die lede van die Unie-debatsvereniging, dus mede-studente, afgestem (Hugo, 1966:317-318, 320).

Afrikaanse studente het reeds sedert 1911 via taalverenigings by mekaar aansluiting gesoek, soos blyk uit die uniale studente-taalkonferensie wat deur die Stellenbosse Afrikaanse Taalvereniging geïnisieer is en op 6 en 7 April 1911 op Stellenbosch gehou is en deur sewentig afgevaardigdes bygewoon is (Nienaber, 1951:154; Booyens, 1969:189; Keet & Tomlinson, 1925:56; Basson, 1980:9).

Die Studente-Werda-Komitee het dieselfde jaar tot stand gekom en die stryd vir Hollands en Afrikaans voortgesit (Dekker, 1960:43). Gedurende 1912 het die leiers van die Werdakomitee besluit om 'n groot studente-optog in Kaapstad te hou om daar die herstel van die regte van die Hollandse taal in die Unie te vier (Basson, 1980:11). Weens sterk opposisie van die eerste minister, genl. Louis Botha, is besluit om eerder 'n protesvergadering op Stellenbosch te hou wat onder meer deur genl. J.B.M. Hertzog toegespreek is. Maar die volgende jaar het die studente wel in Kaapstad hul taalfees gehou.

Die eerste Afrikaanse Studentebond het in 1916 in die Noorde tot stand gekom (Botha, 1970:112). Die Stellenbossers het sedert 1919 nouer kontak met dié liggaam verlang en die wens uitgespreek dat Afrikanerstudente kragte saamsnoer, maar geen

daadwerklike pogings is gedoen om hieraan gestalte te gee nie (vgl. SUB, Sept. 1919; Hugo, 1966:353).

Die ou (Kaapse) Werdakomitee het in 1920 ontbind en die Studentebond Werda in Kaapstad gestig ten einde alle Afrikaanse studente in die Kaap saam te snoer (SUB, Nov. 1920). Hieraan het die SR sy steun gegee deur eenparig sy organisasie in diens van die nuwe liggaam te stel (SR, 27 Apr. 1921).

Ondanks die SR se aanduiding dat hy samewerking met ander universiteite en kolleges soek, was die Studentebond Werda nie die kanaal vir sodanige samewerking nie (SUB, Jun. 1921; Hugo, 1966:353).

Die volgende poging was die voorgenome stigting van 'n "studentefederasie" wat die Studentebond Werda en die Afrikaanse Studentebond sou omsluit. Stellenbosch het twee afgevaardigdes op uitnodiging van die Afrikaanse Studentebond na 'n kongres gestuur waar aanvoorwerk daarvoor gedoen is (SUB, Apr. 1921). Min kom hiervan tereg.

Teenoor die National Union of Students of South Africa (Nusas) het die SR aanvanklik ten beste lou gestaan. In 1922 antwoord die SR op 'n uitnodiging van Nusas dat "ons nie geneigd is om aan die beweging mee te doen nie..." (SR, 30 Okt. 1922). Nusas soek nogmaals toenadering, maar weer was die SR afwysend (SR, 9 Apr. 1924; 16 Mei 1924). Met die stigting van 'n blanke Nusas in 1924 het die Maties hul tog by die ander universiteite aangesluit en 'n afgevaardigde na die Nusaskongres in Bloemfontein gestuur (Heymans, 1981:11; SR, 8 Aug. 1924). Die SR het dieselfde jaar ook beskrywingspunte aan Nusas gestuur, onder meer een waarin gevra is dat Nusas hom buite die politiek sal hou (SR, 3 Des. 1924). Die SR was duidelik om politieke redes versigtig om hom met Nusas te assosieer.

Maar Stellenbosch het uiteindelik lid geword - 'n stap wat deur die *Stellenbosse Student* as 'n mylpaal bestempel is - en sodoende is vir die eerste keer deel geword van 'n groter geheel (SS,

Sept. 1924; Hugo, 1966:354). Die vrug hiervan was meer kontak met studente van ook die Engelstalige universiteite, hoewel dit eers in 1925 'n werklikheid sou word.

Die intervarsity-kragmetings tussen die Maties en Ikeys het in 1918 ontstaan en ondanks die gebruiklike Kaapse winterreën was dit 'n lewendige gebeurtenis. 'n Hele paar nuwe liedjies waar onder heelwat Afrikaanses, is deur die Maties gesing en 'n nuwe strydkreet is gehoor (SUB, Jun. 1918; Smith, 1963). Uit die staanspoor is die studente aangemoedig om dit as meer as net 'n stukkie plesier te beskou: "'Inter-Varsity!... mag jij nog lank voortbestaan om die beste sportgees van die Afrikaner jeug uit te lok - die gees wat 'n pak slaë en 'n oorwinning ewe goed kan dra, solank die spel maar net ope en eerlik was!'"

Hierdie sportkragmeting - aanvanklik net op die rugbyveld - het Afrikaner- en Engelssprekende studente in regstreekse kontak met mekaar gebring en het uit die staanspoor politieke ondertone gehad. In 1920 het die Kaapstadse studente gekla omdat hulle Ikeys genoem word, maar die Stellenbosse SR het laat weet dat hulle nie dié naam as 'n skeldnaam beskou nie en onmoontlik die Maties kan verbied om dit te gebruik (SR, 16 Aug. 1920). Dié meningsverskil het nie verhinder dat die intervarsity voortgaan nie en die Maties het na 'n pak slae die Kaapse studente "na gewoonte" gaan afsien (SUB, Jun. 1923).

Die patroon vir die latere stryd op interuniversitêre vlak tussen studente is daarmee gelê: met die Ikeys het die Maties steeds 'n besondere band gehandhaaf - al was daar diepliggende ideologiese verskille. Daar moet ook in ag geneem word dat daar in dié tyd heelwat Afrikaanse studente aan die universiteit van Kaapstad gestudeer het.

Die noue bande tussen die twee universiteite het in 1926 uitgeloop op 'n toer na die Transvaal deur 'n gekombineerde span (Craven, 1959:32); en in Desember 1929 en Januarie 1930 toer die eerste Suid-Afrikaanse universiteitespan na Kenia (Tomlinson,

1988:12-14) - beide 'n voorbeeld van die ontspanne betrekkinge wat in daardie jare tussen die studente van verskillende universiteite en kolleges geheers het.

### 3.3 Vorme van kommunikasie

Die tydvak 1902-1924 was 'n tydvak waarin openlike politieke standpunte nie altyd met vrymoedigheid ingeneem kon word nie, veral nie tydens die Eerste Wêreldoorlog nie (vgl. Muller, 1990:225-243). Die studente kon hul standpunte in die openbaar hoofsaaklik artikuleer deur middel van amptelike besluite deur die studenteraad en sg. monstervergaderings (waar alle studente stemreg had), publikasies, pamflette, kennisgewingborde, plakkate, petisies, betogings én hul kultuurlewe, insluitende bywoning van kultuurfeeste.

**3.3.1 Amptelike besluite.** Die eerste (nie-amptelike) studenteraad (van die toe nog Victoria-Kollege) het, volgens Hugo (1966:309,-310) op 5 Mei 1900 tot stand gekom. As aanloop hiertoe het daar onder meer 'n stuk in die studenteblad, die *Stellenbosch Students Quarterly*, verskyn waarin die aanwakker van "een zuiver nationaliteitsgevoel bii jong Zuid-Afrika" aangevoer is as een van die redes vir die stigting van 'n oorkoepelende studenteliggaam. En as een van sy eerste stappe, het die "studenteraad" 'n subskripsielys gesirkuleer om geld in te samel om te help betaal vir die Boerevredesdeputasie se reis na Engeland (Hugo, 1966:310). Hoewel Stellenbosch kerklik, burgerlik en akademies na die oorlog nog "presies" was wat dit voor die oorlog was, "het almal geweet en gevoel dat 'n nuwe tydperk aangebreek het (Hugo, 1966:304). Daarom was die daarstelling van 'n Victoria College Students' Representative Council in plek van die Students' Association" vir die studente die aangewese stap (MV, 11 Nov. 1902).

In 1903 kom 'n verteenwoordigende studenteraad dan met die volle erkenning van die senaat tot stand (MV, 12 Feb. 1903; Hugo, 1966:322). Die studenteraad het hom aanvanklik byna

uitsluitlik besig gehou met die reël van die jaarlikse onthaal ("annual reception") (vgl. SR, 21 Feb. 1903; SR, 5 Mrt. 1903; SR, 9 Mrt. 1903; 28 Mrt. 1903). Hierna het die kollegekleure heelwat aandag geniet en is groepskohesie bewustelik bevorder (SR, 4 Mei 1903; SR, 27 Mei 1903; SR, 3 Jun. 1903; 8 Jun. 1903). Albei dié sake is aan 'n hoër motief gekoppel: die onthaal was nie net vir die studente se plesier nie, maar om die naam van die Victoria-Kollege hoog te hou; die aankoop van kollegekleure was 'n daad wat moes voortspruit uit 'n gevoel van "esprit de corps" (MV, 27 Feb. 1908).

Vanweë die klein getal studente is monstervergaderings (of "mass meetings" soos dit toe nog genoem is) gereeld in die jare net na die Anglo-Boereoorlog gehou. In 1906 is daar bv. op 5 Maart, 5 April, 1 Mei, 2 Mei, 14 Mei, 5 Junie en 13 Augustus sodanige vergaderings gehou. In 1907 is notules van vier monstervergaderings opgeteken; die jaar daarna ses; in 1909 weer ses en in 1910 net vier. Die jaar daarna neem dié vergaderings weer toe tot elf (en word vir die eerste keer in die notuleboek daarna as monstervergaderings verwys) en in 1912 is tien gehou. Soos die studentegetalle geleidelik toegeneem en die studentelewe ietwat meer divers geraak het, het die frekwensie afgeneem.

Die karakter en doel van die vergaderings het metterwyl ook verander terwyl die karakter van die studentelewe stadigaan minder intiem geraak het. So is die vergaderings aanvanklik as privaat beskou en is studente gevra om die gebeure op monstervergaderings nie na buite te bespreek nie (MV, 11 Apr. 1907). Dit strook met die oorlewingsmotief se streng klemlegging op die kontrole oor alle uitgaande inligting.

In die geheel gesien, was monstervergaderings steeds die geleentheid waar die studente se mening oor kontensieuse sake getoets kon word - veral ook toe die studente se nasionalistiese diskoers al hoe meer 'n ideologiese kleur gekry het.

Om die studente regstreeks by besluite te betrek, was in die lig van die studentegetalle betreklik maklik. In 1918 was daar maar

503, wat reeds merkbaar meer was as die sowat honderd teen die eeuwending, maar steeds so klein dat almal mekaar kon ken (US, 1995).

Tog is massavergaderings nie altyd goed bygewoon nie (vgl. MV, 27 Feb. 1908; SR, 3 Aug. 1923). Vergaderings was egter steeds 'n belangrike vorm van kommunikasie. Daarom was dit 'n betekenisvolle demper toe daar tydens die Eerste Wêreldoorlog 'n verbod op kennisgewings van "politieke of politiekgekleurde vergaderings" op kennisgewingborde (SUB, Jun. 1919) ingestel is.

In private gesprekke en in die geslote kring van debatsverenigings is wel oor die oorlog gepraat, terwyl daar by ten minste een openbare vergadering sterk nasionalistiese propaganda gemaak is wat tot die "spesiale waarneming" deur die regering van die spreker (dr. Tobie Muller, studenteleraar) gelei het (Muller, 1990:48).

**3.3.2 Publikasies.** Buiten vir amptelike besluite, het die studente deur die jare heen hul standpunte via gereelde publikasies gestel. Daarin word nie net die gangbare meerderheidstandpunte aangetref nie, maar ook dié van die afwykende stemme, wat 'n meer genuanseerde beeld gee van die denke van al die studente. Tog is dit soms moeilik om die "gewig" te bepaal van standpunte wat in publikasies uitgespreek is.

Die eerste (handgeskrewe) studente-"koerant" het in 1883 sy verskyning gemaak - agter 'n glasraam. Daarna volg verskeie ander pogings, sommige selfs weekliks (Van der Merwe, 1933; Hugo, 1966:283-285). *The Stellenbosch Students' Quarterly* het sedert 1893 sporadies verskyn totdat dit in Junie 1898 as volwaardige tydskrif begin verskyn (Booyens, 1969:48; Hugo, 1966:285). Na opskorting van die blad se publikasie vir twee jaar weens krygswet (1899-1902), verskyn die blad weer, maar voorlopig was politiek taboe (Hugo, 1966:303,316,317; Van der Merwe, 1933).

In 1907 het Bennie Keet hoofredakteur geword en het hy verklaar dat hy nie politiek gaan ontwyk nie, maar wel op 'n hoë vlak sou aanraak. In daardie jaar verskyn die eerste Hollandse hoofartikel, terwyl die eerste Afrikaanse hoofartikel in die Apriluitgawe van 1913 die lig gesien het. Dit was ook die eerste uitgawe van die blad onder 'n nuwe bedeling, t.w. dat die blad, onder regstreekse beheer van die studenteraad, nou die hele studente-unie s'n sou wees en nie meer die eiendom en verantwoordelikheid van die debatsverenigings nie (MV, 18 Jul. 1912; Hugo, 1966:322).

Daarmee het die blad in alle opsigte ook "volksbesit" geword en sou 'n sterker ideologiese inhoud te wagte kon wees.

In 1918 is die blad hernoem tot die *Stellenbosch Universiteitsblad* (Hugo, 1966:322) en is pogings aangewend om meer studente aan te moedig om daarin te skryf (SR, 30 Aug. 1918). Die gevoel het mettertyd sterker geraak dat die blad nie werklik verteenwoordigend was van die studentelewe nie en aktueel moes wees (SUB, Apr. 1922). Pogings het gevolg om dit 'n maandblad (d.w.s. tydiger) te maak met die oog op meer reaksie en samewerking van die studente. 'n Hoofartikel het dit verder as volg gestel: "Student moet student aanvul en lei. En die middel? - ons Blad" (SUB, Okt. 1922).

Ses uitgawes het as oorgangsmaatreël in 1923 verskyn en in Maart 1924 het die blad in 'n hoofartikel opgemerk dat dit in die verlede meer in 'n "formaliteit" as in 'n behoefte voorsien het. As deel van die voortgesette strewe na 'n meer verteenwoordigende blad - een wat, soos die SR-voorsitter, H. F. Verwoerd, dit gestel het, draer sou wees van die studentekultuur - is die blad hernoem tot die *Stellenbosse Student* (SS, Mrt. 1924).

In die jare twintig is bewustelik weggestuur van openlike politiekery in die *Stellenbosse Student* (SS, Sept. 1924), maar deur die jare verskyn wel heelwat artikels en berigte met 'n sterk ideologiese inhoud en toon. Literêre en wetenskaplike bydraes het egter steeds 'n prominente plek gekry.

Daarmee was die blad in pas met sowel die oorlewing- as ideologiese motief se afwysing van tydigheid as norm en het die klem eerder op positiewe, opbouende inligting geval en/of ideologies "korrekte" leesstof.

Enkele ander ad hoc-publikasies het deur die jare verskyn, waar onder *Ex Academia*, 'n tipe jaarboek wat in 1919 vir die eerste keer deur die studenteraad uitgegee is (SR, 10 Mrt. 1920).

Publikasies is nie net gebruik om inligting - ook belangwekkende besluite deur die studenteraad - deur te gee nie, maar meer dikwels ook om die Afrikaans-nasionale saak binne studentegeledere te bepleit en studente tot optrede aan te moedig. Hoofartikels, artikels en briewe deur studente, asook artikels deur dosente, is hiervoor ingespan.

Wel was daar geleenthede, hoe min ook al, waar stemme gehoor is wat afgewyk het van die heersende standpunte. Die studente was wel sensitief oor welke berigte oor die universiteit in die pers verskyn het (SR, 28 Mrt. 1905).

As deel van 'n omvattende plan van aksie met die oog op die "opbouing van 'n Afrikaanse kultuur" (Du Toit, 1966a:73), is gevolglik besluit om 'n korrespondent aan te stel wat berigte aan die "vernaamste hollandse koerante" in die Unie sou stuur (SR, 7 Sept. 1919). Presies hoe gesteld die SR was op die inhoud van die "artikels" blyk uit die besluit dat sowel die voorsitter as die sekretaris van die SR die artikels moes lees voordat dit na die pers gestuur mag word.

Hierdie tipe beheer is, volgens Schillinger (kyk 2.1.2.1), kenmerkend van veral die oorlewingsmotief waar voorafsensuur nodig geag word: die "regte" inligting moet oorgedra word sodat positiewe inligting tot opbou van die "volk" deurgegee sal word.

Studente het ook by geleentheid deur middel van petisies, plakkate, pamflette hul standpunte gekommunikeer.

**3.3.3 Kultuurlewe.** 'n Opvallende kenmerk van die Stellenbosse studentelewe in die tydvak 1902-1924 is dat die georganiseerde studentelewe soos dit in die formele verenigingslewe en ander georganiseerde kultuuraktiwiteite gemanifesteer het 'n belangrike - moontlik selfs deurslaggewende - funksie vervul het in die integrasie en uitleef van dit wat deur hulself en ander oor hul Afrikanerskap en verantwoordelikhede besluit en geskryf is.

So het die studente konkreet deelgeneem aan die stryd van hul volk en hul talente ingespan om hul volksgenote te help mobiliseer deurdat hulle via hul kultuur bewustelik of onbewustelik gekommunikeer het. Hul besondere beskouing van die sosiaal-politieke realiteit is dus op 'n duidelike wyse in hul kultuur vergestalt (vgl. Pinnock, 1991:145).

Kultuur as vorm van kommunikasie het hom selfs gemanifesteer in die meer alledaagse, soos hul kleredrag, wat doelbewustelik iets gesê het van die draer daarvan (kyk 3.1.4).

**3.3.4 Samevatting.** Saam het die verskillende kommunikasievorme 'n komplekse geheel gevorm waarmee die studente hul nasionalisme gekommunikeer het. Kenmerkend was die feit dat die studente eintik nie oor massamedia beskik het om hul boodskap mee uit te dra nie. Selfs hul publikasies was intiem van aard en beperk tot die eie kring.

Wel was die studente in 'n mate gebruikers van massamedia, maar ook dié was van 'n baie beperkte omvang: radio en TV was nog onbekend of nie beskikbaar nie; die rolprente was nog sonder klank en gevolglik nog met minder trefkrag; koerante en tydskrifte was wel geredelik beskikbaar - ook in Afrikaans.

Dié pre-massamedia-realiteite het egter die deure oopgemaak om alternatiewe vorme van kommunikasie te kan gebruik. In daaropvolgende eras sou die prentjie metterwyl verander.

---

[1] Volgens Schoombee (1931:148,149) was *Die Huisgenoot* se positiewe punte:

* Die wyse waarop *Die Huisgenoot* 'n taktvolle, gematigde houding jeens die taalkwessie ingeneem het, en partypolitiek vermy is.
* Die ontwikkeling van "volksmaak" ten opsigte van letterkunde, kuns, huisinrigting ens.
* Deskundige inligting oor taal, gesondheidsleer, geskiedenis ens., en
* Vrye bespreking van kwessies soos letterkundige kritiek en die "alkohol-vraagstuk".

[2] In dieselfde gees het Langenhoven later opgemerk:

"Ek het 'n gewisse heenkomste in my kinders soos my vader nie had vir syne nie...Nou wil ek van niemand neem wat syne is nie; ek het te veel eerbied vir wat myne is om 'n ander nie die reg te gun wat ek my toe-eien nie. Maar juis daarom is ek ook hier suinig tot inhaligheid toe. Stellenbosch is myne, myne en joue. Ons Universiteit" (Langenhoven, 1973b:91,92).

[3] Bou hoog die galg wat smart oorerflik maak
laat vlie die koeël wat dood onsterflik maak
Die Afrikaner-hart is seer en moeg
maar trouw nog: tref hom goed, hij's groot genoeg.

Slaap sag, trouw hart, so wreed deurboor
want trekkend trekkend jaar en stond
sal steeds die koeël sij boodskap sprei,
en waar hij tref, heel nooit sij wond,
en wat hij tref, dit heilig hij.

[4]Dis die blond,
dis die blou:
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bo in eensame vlug -
dis al.

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan -
dis al.

[5] Langenhoven se wye belesenheid het hom in staat gestel om oor byna enige onderwerp te praat, terwyl sy ywer vir volksopvoeding hom in sy didaktiese toesprake besiel het. Hy kon "helder en direk en vlymskerp geestig op die kern van 'n saak ingaan" (Malherbe, 1977:108).

[6] Die leerstoel in bedryfsekonomie aan die US is later die Helpmekaarleerstoel genoem.

# 4

# *Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1925-1938*

Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente het in die jare 1925-1938 in 'n nuwe en steeds veranderende politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele konteks plaasgevind. Die mate waarin die studente se nasionalistiese kommunikasie in wisselwerking daarmee verander het, kom hier aan die orde.

**4.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks.** Die nuwe tydvak het begin met die nasionaalgesinde Afrikaner reeds 'n paar maande aan die bewind ná die Nasionale Party se oorwinning in die algemene verkiesing van 1924. Vir die eerste keer sedert die nederlaag van die Anglo-Boereoorlog het Afrikanernasionaliste die politieke mag gehad om stukrag en uitvoering

te gee aan hul politieke, kulturele en ekonomiese ideale, hoewel die regering se skrale meerderheid en die mag en sensitiwiteit van die anti-nasionale openbare mening die vinnige en suiwere deurvoering van NP-beleid in die wiele kon ry.

Kwessies wat spoedig aandag geniet het en gemoedere gaande gemaak het, was die verhouding tussen Brittanje en Suid-Afrika, die rassekwessie, die aanvaarding van 'n eie vlag vir Suid-Afrika, die samewerking en latere samesmelting tussen Hertzog en Smuts se partye, en die opkoms van Hitler en die moontlikheid van oorlog.

Op kultureel-politieke gebied het dr. D.F. Malan as minister van binnelandse sake daarvoor gesorg dat Afrikaans in die staatsdiens meer tot sy reg kom en reeds in 1925 wetgewing deurgevoer om Afrikaans in die plek van Hollands as amptelike taal te vestig (Liebenberg, 1973:364). Dit is as die mondigwording van Afrikaans bestempel en het 'n "bloeitydperk vir die Afrikaans-nasionale gedagte" beteken (Nienaber, 1941:38). Anders gestel: die sterk klem op oorlewing het stelselmatig - veral teen die dertigerjare - ook plek begin maak vir die verdere ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme as ideologie.

Intussen is die demografie van die land drasties deur die ekonomiese insinking rondom 1930 beïnvloed. Verstedeliking het in die twintigerjare in alle erns begin en het veral weens die depressie van die vroeë dertigerjare met rasse skrede versnel (vgl. Van Jaarsveld, 1976:362,363). Teen 1931 was daar sowat 300 000 armblankes in die stede en is 25% van die blanke bevolking as armblankes beskou.

Die landsekonomie het egter gou weer op die been gekom nadat die goudprys herstel het, en die regering kon help om die armblankeprobleem op te los (Van Jaarsveld, 1976:362; Kruger, 1973a:529). Hoewel baie Afrikaners dit nie breed gehad nie was daar teen 1938 betreklik min werkloosheid, die landbou is uit 'n

ekonomiese moeras gered en die lewenspeil het steeds gestyg (Kruger, 1973a:539).

Die materiële en selfs kulturele oorlewing van die volk was dus nie meer so 'n brandende kwessie nie en ideologiese oorwegings gemik op die langtermynvoortbestaan van die Afrikaner kon aandag geniet. Maar daar was steeds heelwat ruimte vir verdere ekonomiese ontwikkeling by die Afrikaner, soos wat die behoefte aan die stigting van die Reddingsdaadbond - as 'n uivloeisel van die Voortrekker-eeufeesvieringe - getuig het.

Aangehelp deur die ekonomiese voorspoed, stem die land se blankes in 1938 oorweldigend vir die Verenigde Party van Hertzog en Smuts. Die gesuiwerde Nasionale Party van Malan het slegs 27 uit 153 setels gewen, maar dit was meer as wat hulle voorheen gehad het (Kruger, 1973a:539). Op Stellenbosch het die Nasionalis Bruckner de Villiers met 30 stemme verloor (nadat hy in die 1933-verkiesing volgens ooreenkoms onbestrede verkies is) en is hy as senator aangewys (Pretorius, 1959:109,110,128; Broodryk, 1991:2).

Die simboliese ossewatrek om die Groot Trek van honderd jaar vantevore te herdenk, sou egter die laaste gedeelte van die jaar oorheers en die NP se nederlaag in die verkiesing transendeer. Die Voortrekkereeufeesviering het vir 'n opwelling in Afrikanersentiment gesorg en die gedagte van Bybelgefundeerde Afrikanergeroepenheid "op spoor van die Voortrekkers" bevestig (vgl. Coetzee, 1969:302). Die simboliese trek, wat deur nege waens vanuit alle windrigtings (w.o. Kaapstad, via Stellenbosch) na Pretoria onderneem is, het die Afrikaner van dorp tot dorp herenig en bewus gemaak van hul gemeenskaplike verlede (Froneman & Muller, 1988; Botha, 1970:280; Moodie, 1975:197-207).

Ondanks die kulturele inslag van die Voortrekkerherdenkings het die eenheidsgevoel wat opgewek is politieke implikasies gehad (soos die stigting van die Ossewa-Brandwag) en is die republikeinse strewe lewend gehou (Botha, 1970:282). Hierdie

strominge sou die politieke en kulturele klimaat op Stellenboch in die jare na 1938 ingrypend raak.

**4.1.1 Kulturele, intellektuele en sosiale lewe.** Op die gebied van taal en kultuur het die nuwe stedelike Afrikaanssprekende blankes hul in die twintigerjare in 'n vreemde, Engelstalige wêreld bevind. Reeds in die laat jare twintig is "in toenemende mate onrusbarende tekens van kulturele verval bespeur" (Botha, 1970:161).

In reaksie hierop is Afrikanerorganisasies soos die Handhawersbond (1929), die Federasie van Afrikaanse kultuurvereniginge (FAK)(1929), die Afrikaanse Taal- en kultuurvereniging (SAS&H)(1933), die SA Noodhulpliga, Voortrekkerbeweging en Afrikaans-Nasionale Studentebond gestig - pogings van die Afrikanervolk om op eie bene te staan en homself saam te snoer (Van Jaarsveld, 1976:366; Stultz, 1974:50,51; Louw, 1975:6). Hoewel die Afrikaner dus politiek sterker gestaan het, het ander faktore sy kultuur opnuut bedreig en optrede genoodsaak.

Met die stigting van die FAK was daar nou 'n liggaam wat vir die eerste maal 'n eenheid van strewe en koordinering van kragte kon bewerkstellig. Met as leuse *Handhaaf en bou* het die FAK hom ten doel gestel om Afrikaans as taal te bevorder, die Afrikaanse kultuur te beskerm en uit te bou, en alle Afrikaanse belange, stoflik en geestelik, te behartig (Botha, 1970:162). Dit is onder meer gedoen deur die publikasie van die FAK-sangbundel in 1937, pas voor die Voortrekkereeufees. Die bundel is onmiddellik deur nasionaalgesinde Afrikaners aangegryp en in groot getalle gekoop (Bouws, 1950:63).

In die jare rondom 1930 is Afrikaanse kultuurverenigings op haas elke dorp gestig en is die periode ná 1925 selfs as die "tydperk van die kultuurorganisasies" bestempel (Louw, 1975:6). Daar het ook 'n bepaalde militantheid oor die Afrikaanse taal en kultuur begin posvat (Kapp, 1975:145).

In die jare voor die Voortrekkereeufees was 'n transformasie van Afrikanernasionalisme besig om homself stelselmatig te voltrek deur die radikalisering van die politiek (De Klerk, 1979:1-20). Teen die middeljare dertig was intellektuele soos N.J. Diederichs en P.J. Meyer besig met 'n fundamentele formulering van die Afrikaner-nasionalistiese standpunte. Albei was sleutelfigure in die stigting van die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS) en aktief in die toespreek van Afrikaanse studente, ook dié op Stellenbosch (De Klerk, 1975:231,232; Meyer, 1984:28).

Hoewel die invloed van "stedelike idees" insake geld, die gesinslewe en godsdiens reeds die toenemend verstedelikte Afrikaner begin beïnvloed het, was daar veral op die platteland steeds 'n sterk konserwatiewe Christelike etos aanwesig (Albertyn, Du Toit & Theron, 1947). Op Stellenbosch het dit neerslag gevind in die streng reëls oor die bywoning van eredienste, kontak tussen mans- en vrouestudente, dans, kleredrag ens. Die studenteraad en huiskomitees het dié reëls help toepas, o.m. ook 'n beperking op fliek en dans tydens pinkster (SR, 17 Jun. 1933). Die "plattelandse" moraal het nie almal geval nie, maar vir ander was daar weer teen 1931 tekens van sedelike en godsdienstige agteruitgang (SS, Jun. 1931; SS, Aug. 1931).

Op teologiese gebied het prof. Johannes (Jannie) du Plessis se moderne teologiese standpunte aanklank gevind by vryer-denkendes. Hy het onder meer in *Het Zoeklicht* (Jun. 1926) aangevoer dat die reaksionêre gees van die tyd in stryd met die Hervorming was. En verder: "Het jonge geslacht wacht op leiding, op verstandelijke hulp, op intellektuele inspiratie."

Maar daarvoor het die kerklik-godsdienstige konserwatisme van die Afrikaner (nog) nie ruimte gelaat nie en het dit "alle vorm van nuwe oriëntering soek te dwarsboom" (Nepgen, 1938:101).

Wat ook al die meriete van sy teologiese standpunte, Du Plessis se styl het aanklank gevind by 'n jonger geslag Stellenbosse studente - of dan: sommige van dié jonger geslag, wat hom as 'n

martelaar vir gewetensvryheid beskou het (SS, Okt. 1929; SS, Mrt. 1930).

Deel van die vernuwing in die Afrikaanse volkslewe was die opkoms van 'n nuwe geslag digters - die dertigers (Opperman, 1953:14), met nuwe stemme soos NP van Wyk Louw, Uys Krige, W.E.G. Louw en Elizabeth Eybers. Dié jong digters het "die verset omgesit in skeppende werk met 'n nuwe bewussyn" (Malherbe, 1973:126).

Maar dié nuwe bewussyn het nie goed afgegaan by ouer akademici soos prof. E.C. Pienaar nie, wat dit as "individualisties" afgemaak het. N.P. van Wyk Louw het op sy beurt in 1938 te velde getrek teen wat hy beskou het as propagandistiese Afrikaans-professors (Louw, 1975:52-63; vgl. ook Pienaar, 1938).[1]

Twee jaar vroeër het N.P. van Wyk Louw in 'n voorlesing op Stellenbosch, wat later as die manifes van die nuwe geslag bestempel is (Kannemeyer, 1978:267), gesê die "ouer patriotiese letterkunde (ná 1900) was ware volkskuns" en had 'n taak om die oorlog geestelik te verwerk. Maar die verstedeliking van die Afrikaner, die verdwyning van die gemoedelike plattelandse lewe en skerper bewussyn van 'n klasverdeling onder die volk, het nuwe uitdagings vir die skrywer laat ontstaan. Dit behels dat "ons volksliteratuur die spieël word van *alles* wat in ons omgaan". En verder: "...ons mag nie meer terugdeins en sê dìt is te gekompliseerd vir ons eenvoudige beskawing , dìt is te gewaagd of diepsinnig nie. Die Afrikaner is bloot moderne mens in 'n Afrikaanse omgewing" (Louw, 1939).

Hier is die Afrikaanse diskoers duidelik verbreed tot een wat moet uitstyg bo die kenmerkende van die oorlewingsmotief. Die skrywer C. M. van den Heever (1935:50,51) het sy stem hierby gevoeg deur hom uit te spreek teen die gedurige regverdiging van Afrikaans. En verder: "Die periode vir diepgaande skeppingswerk het nou aangebreek, die tyd om na alle kante toe uit te bou en suiwer en fyn die grense van ons moeilik gewonne geesteservaring vas te stel."

Voorbeelde hiervan was Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* en NP van Wyk Louw se *Die halwe kring* wat albei deur Die Vereniging vir die Vrye Boek uitgegee is. Hiermee het die jonger geslag skrywers die heersende kriteria vir die publikasie van 'n manuskrip verwerp (Muller, 1990:515). Tekenend hiervan was N.P. van Wyk Louw se verklaring dat manuskripte nie meer ligter beoordeel moet word "'ter wille van ons saak' en omdat 'ons leesstof vir ons mense moet verskaf' nie". Daarmee is in verset gekom teen 'n eensydige dominansie deur die oorlewing- en ideologiemotiewe. "Maar," merk Muller (1990:515) op, "dit was nog geensins die opvatting van alle Afrikaanse lesers, skrywers, uitgewers en boekhandelaars nie."

Hier was wel 'n gistingsproses aan die gang wat die studente kwalik kon ontglip en wat noodwendig 'n invloed op hul eie politieke en kulturele denke moes hê.

**4.1.2 Studentelewe: vermaak, kleredrag en sedes.** Die swaarkryjare wat gevolg het op die ineenstorting van die finansiële markte in 1929 en die daaropvolgende depressie en droogte in Suid-Afrika, het ook 'n merk op die studentelewe gelaat en waarskynlik bygedra tot die erns van studente (vgl. Venter, 1977; Blignault, 1977; Scholtz, 1977). Die studente se ouers het dit oor die algemeen nie breed gehad nie en die studente, wat meestal met beurse gestudeer het (De Klerk, 1960), het geweet daar was waarskynlik geen tweede kans nie. In John Vorster se woorde: "Wanneer ons gespeel het, het ons voluit gespeel en wanneer ons gewerk het, het ons hard gewerk. Ons was ernstig, maar het nogtans baie pret gehad..." (D'Oliveira, 1977:32).

Die pret het toenemend behels om op Vrydag- en Saterdagaande rolprentteater toe te gaan (Gronum, 1971:17). Dans was steeds 'n bron van meningsverskil tussen die studente enersyds, en selfs van oneerlikheid tussen die studente en die owerhede andersyds (vgl. SS, Okt. 1925; SR, 10 Nov. 1925; SS, Mei 1931; SS,

Jun. 1931; SS, Aug. 1932; SS, Mei 1935; Theron, 1983:11,12; Blignault, 1977). Die danspartye was, in pas met die algemene styl van die tyd, hoofsaaklik formele geleenthede met streng ongeskrewe reëls, byvoorbeeld dat met álmal gedans sou word. Vrouestudente mag slegs gedans het as hulle skriftelike toestemming van hul ouers had (D'Oliveira, 1977:25,26; Craven, 1977; Blignault, 1977).

Die formele sosiale patroon is veral ook in die kleredrag weerspieël: mansstudente het teen die dertigerjare aandpakke by alle konserte en opvoerings gedra (SS, Okt. 1931; SS, Mei 1935; Craven, 1977) en is deur 'n oorsese besoeker beskryf as "the best-dressed students I have yet seen" - met die uitsondering van die "more wealthy dandies of Oxford and Cambridge" (SS, Okt. 1935). Die studenteraad het in dié opsig die toon aangegee deur te besluit om met "volle pakke" (d.w.s. broek, baadjie en onderbaadjie wat pas) SR-vergaderings by te woon. Dié voorstel van Danie Craven is nie sonder "lewendige diskussie" aanvaar nie (SR, 5 Apr. 1934; SR, 1 Apr. 1935), maar was tekenend van die erns waarmee die raad sy werk beskou het.

In 1935 is die toga weer afgestof en as amptelike akademiese drag deur die studente aanvaar (SS, Mrt. 1935), ondanks besware in noordelike ANS-kringe dat dit uitheemse drag sou wees (*Wapenskou*, Jun. 1934).

Die erg formele drag van die studente het duidelik nie alle studente se goedkeuring weggedra nie (SS, Okt. 1932). Trouens, daar was steeds 'n verskeidenheid van denke oor die meeste sake en daarom is in 'n koshuis soos Monica aangetref:

> die dansers en die nie-dansers, die B.T.-kaners en die lui nie-lopers, die hokkie en die netbalspelers, die Oxford-groepers en die kerklike randeiers, die debatteerders en die swygsames, die politiekbewustes en die volksverraaiers (Blignault, 1976).

Ondanks konserwatisme en na jare van finansiële swaarkry, het die beter ekonomiese toestande van die jare 1924-29 modebewustheid op Stellenbosch gevestig (vgl. SS, Apr. 1925). Dit het moulose rokke ingesluit, met 'n negatiewe nadraai in *Die Kerkbode* en *Die Burger* (SS, Sept. 1924; SS, Okt. 1924).

Die damestudente was ook steeds haaks met matrones oor streng koshuisreëls, wat op openlike verset uitgeloop het (Theron, 1983:11; PL, 23 Apr. 1935; PL, 31 Mei 1934). Maar die studente het sélf ook reëls neergelê wat nie vir almal aanvaarbaar was nie: rook op die universiteitsterrein is bv. ingevolge 'n reël van die studente-unie verbied (SS, Sept. 1927). Ander formaliteite, soos die gebruik van mansstudente om hulself met 'n visitekaartjie by 'n dameskoshuis aan te meld, het as *gebruik* bly vassteek (Theron, 1983:11) - tot irritasie van diegene wat gestreef het na die "afskaffing van oorbodige en uitgediende konvensies" (SS, Mei 1935; SS, Jun. 1933; kyk ook SS, Mei 1932).

Die studente op Stellenbosch is gekonfronteer deur twee oënskynlik onversoenbares: 'n verwerping van sosiale formalisme en 'n soeke na wat dit beteken om 'n jong, rasionele dog tradisievaste Afrikanerstudent in 'n snelveranderende wêreld te wees.

In dié tyd het 'n leidende student die houding van die studente as "intellektuele ongedurigheid" bestempel (Marais, 1933). Hy het bygevoeg:

> Daar is min konstante aandagbepaling. Daar is belangstelling in die breedte en min verdiepte aandag. Daar is 'n rondvlug van belangstelling. Die aandag skyn rusteloos tussen 'n veelheid van dinge rond te dwaal. Daar is 'n rusteloosheid en geen oorgawe aan die een of ander saak soos vroeër nie.

Die radikalisering van die Afrikanerpolitiek, die emosie van die Voortrekkereeufees, opbouende oorlogswolke in Europa en 'n herrangskikking van die politieke toneel sou metterwyl 'n einde aan dié gematigdheid bring.

Intussen het ernstiger studente steeds Saterdagaande die vergaderings van een van die twee debatsverenigings bygewoon (D'Oliveira, 1977:25,26). Die aktiwiteite het skynparlementsittings ingesluit, waaraan onder andere C.J. Langenhoven deelgeneem het. Hy was ook by hierdie geslag studente gewild as spreker, skrywer én rubriekskrywer - soos die reaksie op sy dood ook getuig het (Hugo, 1966:352; Malherbe, 1977:107-111; Muller, 1990:200-224, 378).

Die debatsverenigings het, soos in die jare voor 1925, die gebruik gehad om ten minste een toneelstuk per jaar op te voer. Dosente soos prof. Fransie Malherbe en prof. Johannes Grosskopf het met die afrigting gehelp (Theron, 1983:12; Malherbe, 1977:88).

In die twintigerjare tree die Afrikaanse beroepstoneel vir die eerste keer op die voorgrond en sonder uitsondering is op Stellenbosch aangedoen met 'n groot verskeidenheid opvoerings (Malherbe, 1977:88,89). Hiermee het 'n eens onaanvaarbare kommersiële element die toneelwêreld binnegekom.

**4.1.3 Massamedia en openbare debat.** In 1929 het die klankrolprent sy verskyning in Suid-Afrika gemaak en gesorg dat dié vermaaklikheidvorm nog gewilder word, ondanks vele kritiek wat ook vanuit studentegeledere daarteen uitgespreek is (vgl. Binge, 1969:303; Venter, 1977; SS, Mei 1929).

Weinig Suid-Afrikaanse rolprent is in die jare twintig vervaardig, maar in die jare dertig was 'n "gestadigde opbloei" in die maak van Afrikaanse speelprente te bespeur. Tog was die oes steeds bitter skraal. Afrikaans is in 1931 vir die eerste keer in 'n speelfilm gebruik - en met goeie gevolge: die vervaardigers van *Moedertjie*, gegrond op 'n eenbedryf van die Stellenbosser Johannes Grosskopf, is deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hul bydrae tot Afrikaans vereer.

Enkele ander Afrikaanse rolprente het gevolg, maar die belangrikste en duurste was *Die bou van 'n nasie*. Dié rolprent het gehandel oor die geskiedenis van die land en is in opdrag van die

minister van spoorweë en hawens vervaardig vir gebruik in die buiteland en om die nasionale bewussyn te stimuleer. Hoewel dit einde 1938 vir die eerste keer vertoon is, kon die publiek dit eers die volgende jaar te siene kry (Le Roux & Fourie, 1982:26,28,30,31).

As die Maties dus gefliek het - en dié het hulle graag gedoen (Marais, 1933) - was dit by hoë uitsondering 'n plaaslike produk waarna gekyk kon word, nog minder 'n Afrikaanse rolprent. Die gewildheid van die rolprent het noodwendig die vraag na toneelstukke en die gewildheid van toneelopvoerings nadelig beïnvloed (vgl. Muller, 1990:512).

Voor die hoofvertonings is een van twee plaaslik vervaardigde nuusprente vertoon (Le Roux & Fourie, 1982:24). Vir daaglikse nuusdekking het die studente hul egter grootliks op koerante en metterwyl ook die radio verlaat.

Die radio het teen einde 1924 sy verskyning gemaak, maar het eers werklik koers gekry met die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936 (De Villiers, 1993:128). Weinig studente had egter radio's in hul kamers (Van Jaarsveld, s.a.:82).

Omdat die Uitsaaiwet spesifiek aan Afrikaans 'n plek oor die eter toegeken het, sou dié taal nou meer gehoor moes word. Tot in daardie stadium was die gees van die uitsaaiwese in Suid-Afrika "deur en deur Engels" (*Die Huisgenoot*, 28 Julie 1933). Die Kaapstadse uitsaaistasie het wel 'n daaglikse nuusuitsending en markberigte in Afrikaans gehad, elke twee weke 'n Afrikaanse program, en noodberigte is in albei amptelike tale uitgesaai (Steyn, 1987:110).

Hiermee sou Afrikaanssprekendes nie in die nuwe bedeling genoeë neem nie. *Die Burger* het 'n wedstryd uitgeskryf om sy lesers aan te moedig om te laat weet wat hulle van die nuwe radiodiens verwag, en die reaksie was kort en kragtig: meer Afrikaans. Maar dit sou nie sonder 'n stryd gebeur nie.

Volgens Steyn (1987:110,111) was daar drie problematiese faktore: baie luisteraars het nie Afrikaans verstaan nie (en sou dus

nie méér Afrikaans wou hoor nie); afsonderlike dienste was vir verskillende redes nie aanvaarbaar nie (onder meer omdat dit kontak tussen die twee groot taalgroepe sou verbreek); en die vrees dat Afrikaanssprekendes nie in staat sou wees om 'n afsonderlike diens van gehalte in stand te hou en Afrikaanse luisteraars te behou nie.

*Die Huisgenoot* wou weens laasgenoemde rede 'n tweetalige diens hê, maar die meeste Engelstalige koerante was daarteen: *The Friend* se standpunt ten gunste van twee aparte dienste het, volgens *The Star* van 2 Mei 1936, feitlik eenparige steun geniet. 'n Tweetalige diens sou beteken dat Engelssprekendes na Afrikaans moes luister, al was dit hoe min - of afskakel.

Na 'n referendum het die Radioraad op tweetalige aankondigings besluit, maar dié het soms bittere - en dikwels neerhalende - reaksie van Engelssprekende luisteraars ontlok (Steyn, 1987:112). Hierop het *Die Huisgenoot* (21 Mei 1937) in 'n hoofartikel gesê :

> Die venynige uitbarsting in 'n groot deel van die Engelse pers teen die beslissing van die radioraad om tweetalige aankondigings in die radiodiens in te voer, het seker vir menige voorstander van nouer samewerking tussen die twee rasse (d.w.s. Afrikaans- en Engelssprekendes - JDF) in Suid-Afrika as 'n geweldige skok gekom.

Vanweë die skerp reaksie teen 'n tweetalige diens, het heelparty Afrikaanse koerante en kultuurverenigings hul teenstand teen 'n afsonderlike Afrikaanse diens laat vaar. Tegniese ontwikkelings het dit ook van Oktober 1937 moontlik gemaak om oorwegend Afrikaanse uitsendings vir plattelanders en oorwegend Engelse uitsendings vir stedelinge uit te saai.

Dit het die weg gebaan vir die wye dekking wat aan die simboliese ossewatrek in 1938 gegee kon word - "miskien die begeesterendste gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaanse radio" (Van den Berg, 1974:209).

Hoofsaaklik afsonderlike dienste het nie die einde van die stryd beteken nie. Engelssprekendes het steeds oor te veel Afrikaans gekla, terwyl Afrikaanssprekendes - veral dié in die Boland - oor swak ontvangs ontevrede was (Steyn, 1987:117-119).

Dié polemiek moes, aldus Steyn (1987:119), "noodwendig 'n invloed op die verhouding tussen die blanke taalgroepe hê", al het nie almal die ander taalgroepe se koerante onder oë gekry nie. Hy voeg by:

Veral by die intellektuele wat maklik aansluiting gevind het by die "gesuiwerde" Nasionale Party moes dit die weerstand teen te intieme samewerking met die Engelssprekende versterk het. Dat agt minute Afrikaans per dag die Engelse taal kon bedreig, was ondenkbaar; die verset moes dus voorgekom het uit 'n diepgewortelde antagonisme.

In dié tyd het *Die Huisgenoot* toenemend 'n populêre kultuurblad geword. Die blad is in 1916 as maandblad deur Nasionale Pers gestig om *Die Burger* te ondersteun, en het in 1923 'n weekblad geword (Muller, 1990:560). In die twintiger- en dertigerjare het Die Huisgenoot nie net 'n finansiële steunpilaar vir Nasionale Pers geword nie, maar kon die blad ook

die ontwikkeling van die Afrikaanse taal stabiliseer; die mondelinge en skriftelike gebruik van Afrikaans gereeld en geesdriftig bevorder; die Afrikaner so leer om te lees dat hy sy kulturele en intellektuele horison aansienlik verruim het en dat, sonder direkte partypolitieke propaganda, die Afrikaner nasionalisme versterk en uitgebou is (Muller, 1990:575).

Veral nadat Markus Viljoen in 1931 die redakteurskap oorgeneem het, het die blad 'n sterk letterkundige inhoud gehad en het die meeste Afrikaanse skrywers vir die blad geskryf (Muller, 1990:563). Trouens, dit is as 'n eer beskou om daarin te publiseer.

Buiten vir die vroeër reeds genoemde nuwe stemme op literêre gebied wat in die dertigerjare 'n nuwe periode ingelui het (met gepaardgaande polemieke), het die Afrikaanse boek in die

twintiger- en dertigerjare ook 'n minder omstrede voortgang beleef. Langenhoven het die toneel in die twintigerjare grootliks oorheers met 'n string trefferboeke wat die een herdruk na die ander beleef het (Muller, 1990:501,502). Met sy dood is 'n belangrike tydperk afgesluit.

Volgens Muller (1990:508,509) was die oorgang van volkskrywers na skrywers en digters wat later as dertigers bekend sou staan, betekenisvol. Eersgenoemde groep skrywers se geskrifte was "dikwels deurdrenk... van 'n Christelike nasionalisme, soms met die Afrikaner se heroïsme in die verlede as middelpunt".

Die leser van Afrikaans het 'n steeds groeiende lys van boeke gehad om uit te kies (vgl. Muller, 1990:498-525). Maar teen 1936 kla 'n student, F.A.V.(enter), dat nie een van die gevierde Afrikaanse skrywers se boeke in die universiteitsbiblioteek - wat toe reeds 'n puik akademiese biblioteek was - te vinde was nie (SS, Apr. 1936; vgl. Booyens, 1995:2-4). Studente kon natuurlik die boeke self aanskaf en lees.

Stellenbosse akademici soos proff. B. Taute en J.A.J. van Rensburg het metterwyl by Unie-Volkspers suksesvolle Afrikaanse universiteitshandboeke geskryf (Muller, 1990:459), hoewel die blote afskryf van aantekeninge nog in baie lesings die gebruik was (SS, Aug. 1939; SS, Sept. 1939).

Openbare debatte is in die twintiger- en dertigerjare dikwels op 'n emosionele vlak gevoer. Gegee die hoogs emosionele kwessies waaroor polemieke gevoer is, is dit dalk verstaanbaar, maar dit was in kontras met die tekens van groter intellektuele rypwording. Van den Heever (1935:89,90) het daarom geskryf: "Is dit nie beskamend watter onverdraagsame, verkleinerende, politieke briewe in ons koerante verskyn nie?" Hy het dié verskynsel regstreeks aan die "ongesonde verpolitieking" van die Afrikaner gekoppel en gevra dat "politieke baldadigheid versober tot kultuurerns".

Tog was polemieke juis wat die studente in *Die Burger* e.a. dagblaaie te lese gekry het. In die jare 1924-28 het *Die Burger* hom

steeds primêr aan die belange van die nasionale Afrikaner gewy, wat beteken het dat daar geen ruimte was vir afwykings, kompromieë of aanpassings nie. Dié houding het beteken dat *Die Burger* "soms met woeste geweld sy teenstanders die stryd aangesê het" (De Wit, 1981:150,191,192),

*Die Burger* het, gegee sy eerste lojaliteit teenoor Afrikanernasionalisme, nie altyd volmondige steun aan die regering se hantering van omstrede kwessies gegee nie. Trouens, *Die Burger* het die vlagstryd met 'n skerpheid gevoer wat nie by alle lede van die regering voorgekom het nie (vgl. De Wit, 1981:90-137). Na toekenning van stemreg aan 21-jariges, het senior studente in die 1929-verkiesing vir die eerste keer die geleentheid gehad om hul stemme regstreeks op Stellenbosch uit te bring (Hugo, 1966:355). Dit het aan hul politieke aktiwiteite 'n groter onmiddellikheid gegee en 'n invloed op verkiesingsuitslae in die kiesafdeling Stellenbosch begin speel.

Hoewel die Stellenbosse studente *Die Burger* gelees het en ook daarop ingeteken het vir plasing in die mansrookkamer (SR, 14 Jun. 1926), is in die manskoshuis Wilgenhof se leeskamer die twee ander Kaapse dagblaaie, t.w. die *Cape Argus* en *Cape Times* aangetref asook plaaslike tydskrifte soos *Die Huisgenoot, The Outspan, Landbouweekblad* en *Die Kerkbode*. (Lg. blad was saam met *Die Soeklig* en *Die Ou Paaie* asook vlugskrifte die kanale waardeur die polemiek rondom prof. Johannes du Plessis gevoer sou word.[Kyk 4.2.1]) Daar is verder op enkele oorsese tydskrifte ingeteken, w.o. die *Illustrated London News* (Booyens, 1975:73). Studente het dus die geleentheid gehad om kennis te neem van standpunte wat van Afrikanernasionalisme verskil.

*Die Burger* se prominentste Afrikaanse opposisieblad was *Ons Land*, wat die Suid-Afrikaanse Party ondersteun het en sedert laat in die negentiende eeu in Kaapstad uitgegee is. Die blad het sedert die koms van die Nasionaalgesinde *Die Burger* lesers verloor en uiteindelik in 1930 die stryd gewonne gegee. Die tydskrif *De*

*Goede Hoop*, wat in die jare ná die Anglo-Boereoorlog 'n belangrike kampvegter vir Afrikaans was (Zietsman, 1992:57) het metterwyl ook gesluit.

Om aan die Verenigde Party van Hertzog en Smuts 'n Afrikaanse stem in die Kaap te gee, is die Unie-Volkspers Bpk. gestig en van 8 Oktober 1936 het *Die Suiderstem*, met dr. C.J.S. Strydom as redakteur, as middagblad verskyn. Scheepers is taamlik spoedig deur dr. Abraham H. Jonker, wat in die twintigerjare 'n prominente student op Stellenbosch was, opgevolg.

*Die Burger* het na die nuweling as "die plaaslike Afrikaanse propagandablad" verwys; die Smeltersblad het na 'n ruk teruggekap deur *Die Burger* "'n politieke pamflet" te noem (Muller, 1990:457,458). En so het talle polemieke gevolg - nie altyd op 'n alte hoë vlak nie. *Die Burger* het meningsverskille later op 'n ander wyse gehanteer: *Die Suiderstem* se menings is gewoon geïgnoreer (Muller, 1991:459).

In hoe 'n mate dié polemieke (of doodswyg van die opposisie) die studente beïnvloed het, is haas onmoontlik om te raai (Muller, 1990:458).

Intussen het *Die Suiderstem* " 'n stewige poging... aangewend om iets nuuts te bring om lesers se aandag te trek". Tog was die blad se skerp anti-Nasionale trant uiteindelik sy uitstaande kenmerk (Muller, 1990:448-459). Die blad het tot 1950 verskyn en was dus vir ruim meer as 'n dekade op die toneel, maar daar is geen aanduidings dat hy ooit groot aftrek onder die Stellenbosse studentemassa gekry het nie. Die nie-Nasionaliste wat die blad gelees het, het wel iets van die gees van die blad en die Verenigde Party die studentelewe binnegebring (kyk 4.2.1).

**4.1.4 Studentegetalle, koshuislewe, groepsgees en rol van dosente.**
Die studentegetalle op Stellenbosch het in die jare van 1924 tot 1930 stadig aangegroei van 779 tot 974 en was daar teen 1938 reeds 1 500 (US, 1995). Daar is nie tred gehou met die bou van koshuise nie, met

die gevolg dat 'n groter aantal studente privaat begin loseer het, die hegte studentelewe begin losser raak het en studente mekaar nie meer so goed geken het nie - tot nadeel van die groepsgees, soos verskeie studente oor die jare heen gekla het (vgl. SS, Apr. 1926; SS, Aug. 1929; SS, Aug. 1930; SS, Mrt. 1934; SS, Jun. 1934; SS, Mrt. 1938; Venter, 1977).

Hoewel groepskohesie, wat so tipies van sowel die oorlewing- en ideologiemotiewe is, dus in 'n mate skade gely het, was juis die klagtes van sommige bekommerde studente 'n bevestiging van die sterk gees van konformisme wat tog onder ten minste 'n deel van die studente geheers het (vgl. Van Heerden, 1988:18).

Die konformisme is versterk deurdat 'n nuwe koshuis, Dagbreek, in die twintigerjare met die hulp van onder meer die ACVV gebou is. Daardeur is die moontlike versplintering van die studentelewe in 'n belangrike mate gekeer en het Dagbreek selfs 'n simbool van Stellenbosch se verbondenheid met die Afrikanervolk geword (Thom, 1971: 26,27).

Die samehorigheidsgevoel onder studente in koshuisverband en op die kampus was meermale duidelik te bespeur (SS, Aug. 1930; SS, Mrt. 1932). Klem op *esprit de corps* het egter nie uniformiteit van denke in álle gevalle geïmpliseer nie, soos blyk uit Frans Venter se steun vir groepsgees, terwyl hy homself buite die hoofstroom van politieke denke op die kampus bevind het (SS, Mrt. 1938). Die latere optrede teen hom het egter getoon dat sodanige onderskeid nie noodwendig aanvaar is nie.

'n Vraag moet gevolglik ook oor die aard van die groepsgees gevra word: in hoeverre was dit bv. 'n ideologies geïnspireerde "groepgees"? Meermale het dit eerder 'n eng koshuislojaliteit behels, wat selfs op fisieke botsings tussen die twee groot manskoshuise, Wilgenhof en Dagbreek, uitgeloop het (Van Jaarsveld, s.a.: 67).

Daar kan nietemin aanvaar word dat koshuise soos Dagbreek meer was as 'n plek van inwoning; dit was ook 'n plek waar die

studente "in mekaar se vreugde en nood gedeel het, waar hulle mekaar beïnvloed het en mekaar vir die lewe help voorberei het" (Thom, 1971:25). Dit was "total institutions" wat inwoners in 'n mate kon isoleer en algehele toewyding aan 'n bepaalde idee moontlik gemaak het (vgl. Slabbert, 1988).

Besoeke aan dosente op Sondagaande was steeds aan die orde van die dag en was 'n wyse waarop mense soos prof. Fransie Malherbe en prof. Con de Villiers iets van die breër kulturele wêreld aan studente kon oordra. Vir die kultureel uitgehongerde plattelandse studente uit minder gesofistikeerde huise was dit - soos met studente in die vorige tydvak - 'n belewing om kennis te maak met die ruim kulturele wêreld van Wes-Europa (vgl. Venter, 1977; Blignault, 1977; McLachlan, 1977).

Vir die kulturele rypwording en selfvertroue van studente was die geestelike band met 'n breë Westerse kultuurwêreld betekenisvol. Hierdie bande is tydens die Tweede Wêreldoorlog op verskillende wyses onder druk geplaas - veral nadat die Duitse magte Nederland beset het.

Vanweë die studente se belangstelling het Malherbe in 1932 'n reeks lesings oor kuns voor stampvol sale gehou en het studenteleiers getuig van die "skitterende entoesiasme" waarmee dit ontvang is (Malherbe, 1977:92).

Die formele inlywing van die Suid-Afrikaanse Konserwatorium in 1934 by die universiteit was 'n mylpaal, hoewel dit nie die belangstelling of goeie smaak van die studentemassa gewaarborg het nie (SS, Apr. 1936). Prof. Hans Endler het wel kore van tot 200 stemme saamgestel om klassieke werke soos *Die Skepping* en *Die Messias* van Händel uit te voer (McLachlan, 1977). Dié uitvoerings was 'n belangrike teenwig vir die invloed van grammofoonmusiek (Afrikaans en Engels) waarvan die gehalte soms veel te wense oorgelaat het (SS, Aug. 1932). Koormusiek is op 'n vaster voet geplaas deur die stigting van die Universiteitskoor in 1936 onder leiding van William Morris (McLachlan, 1983:1,2).

Saam met ander Afrikaanse universiteitsinrigtings het Stellenbosch 'n groeiende getal professionele mense gelewer, o.a. onderwysers. Trouens, van die knapste studente het onderwysers geword (Scholtz, 1977). Daar was wel 'n gevoel by sommige dat te veel studente tale bestudeer het en "moet wegkom van die sekuriteitsidee by die keuse van 'n betrokke graadkursus" (SS, Mrt. 1938). Maar dit was juis die onderwysers wat metterwyl, volgens Kruger (1973a:540), 'n kulturele invloed verkry wat nie tot die klaskamers beperk was nie. Die invloed van 'n jong geslag onderwysers - ook dié van Stellenbosch - het ver en wyd gestrek. En as rede kan onder meer die invloed van nasionaalgesinde dosente aangestip word: mense soos prof. E.C. Pienaar, wat as orator, kultuurstryder en gewoon Afrikanernasionalis bekendheid verwerf het, het in die klas sy liefde vir sy taal "uitgebulder" (Venter, 1971:64) en "onbeskaamd nasionalistiese propaganda verkondig" (Van Heerden, 1988:12).

Verskeie Stellenbosse dosente het noue bande met dr. D.F. Malan gehandhaaf en leidende rolle gespeel in protesaksies en die Voortrekkerherdenkingsfeeste van 1938 (Broodryk, 1991:7,7,20-23).

Stellenbosch het as eerste volwaardige Afrikaanse universiteit steeds studente van oor die hele land gelok met sy besondere gees en atmosfeer. Later het John Vorster, 'n leidende student in die middeljare dertig, opgemerk:

> As die hart van die Afrikanerdom in die dertigerjare in die platteland geklop het, dan was sy siel ongetwyfeld te vinde in die lesingsale en gange van die Universiteit van Stellenbosch. Hoewel dit maar 'n klein universiteit was, was dit die eerste keuse vir die meeste Afrikaners in daardie jare (D'Oliveira, 1977:20; vgl. wel ook De Klerk, 1960).

Tog was die universiteit allermins in alle opsigte Afrikaans. Onder die ouer garde dosente was daar nog mense soos prof. Charlie Edgar wat net Engels gepraat het en op (Engelse) feesdae die Union Jack by sy huis laat wapper het. Die studentelewe self het ook in bepaalde

opsigte 'n Engelse inslag getoon, iets wat uiteindelik die gaping gelaat het vir die meer radikale denke van die ANS (vgl. De Klerk, 1994).

**4.1.5 Swak gedrag en belangstelling, ontgroening en studentepret.** Voorvalle van swak gedrag het verhoudinge tussen die Maties en ander van tyd tot tyd versuur. Dit het ingesluit klagtes soos "onreëlmatige gedrag" by voetbalwedstryde, veral intervarsities (SR, 14 Jun. 1926; SS, Mei 1936), strooptogte oor en weer deur Maties en Ikeys op koshuise (Van Jaarsveld, s.a.:34,35), die doodraas van 'n spreker en die uitstap terwyl 'n spreker nog besig was met sy toespraak (SS, Mei 1929; SS, Okt. 1929; SS, Aug. 1938).

Daar is ook deur die jare gewag gemaak van " 'n massa dorre doodsbeendere" (SS, Apr. 1928); 'n "lustelose atmosfeer" (SS, Jun. 1928); 'n gebrek aan belangstelling (SS, Mrt. 1931); 'n eensydige klemlegging op sukses en geld (SS, Mrt. 1933); 'n Rip van Winkelslaap in die studentelewe (Polumnia, 1935); apatie (SS, Okt. 1935); en studente wat soos parasiete nooit iets positiefs bydra nie (SS, Jun. 1936). Van 'n studentemassa wat *en masse* aan alle aktiwiteite deelgeneem het en op 'n ideaaltipiese Afrikanernasionalistiese wyse opgetree het, kan daar nie sprake wees nie.

Ontgroening was 'n integrale deel van die studentekultuur en het tot heelwat polemiek aanleiding gegee. Die ontgroening (of doop) is egter telkens verdedig op grond daarvan dat dit eerstejaars ingeburger het, op hul plek gesit het en groepsgees bevorder het (vgl. SS, Mrt. 1926; SS, Mrt. 1933; SS, Mrt. 1935; SS, Mrt. 1938; Venter, 1977). As sodanig was dit 'n voorbereiding vir die gevraagde konformisme van die ideologiemotief.

Maar daar was ontsteltenis by die universiteitsowerhede en ouers asook studente oor talle wanpraktyke - selfs op treine op pad Stellenbosch toe (SS, Mrt. 1930; Booyens, 1975:23; Van Jaarsveld, s.a.:14,15). (Weinig studente het eie motors gehad en het nog algemeen van die trein gebruik gemaak om op Stellenbosch te kom

[vgl. Van Jaarsveld, s.a.:34; Hofmeyr, 1971:92]). Teen buitensporighede het die studenteraad probeer optree deur 'n doopprogram daar te stel, "algemene doop" weer af te skaf en hom teen oortredings uit te spreek (SR, 22 Feb. 1926; SR, 1 Mrt. 1927; SS, Mrt. 1927; SR, 7 Apr. 1937).

'n Ander soortgelyke faset van die studentelewe wat vir sommige groot vermaak, maar ook omstredenheid, gesorg het, was Juniordag. Dié pretdag het omstreeks 1914 ontstaan en het vir twee dekades 'n belangrike dag op die universiteitskalender gebly. Die dag het o.m. bestaan uit 'n ontwrigting van klasse en gekskeerdery met professors. Die vroeëre spot met die voorkoms van die dosente het metterwyl oorgegaan in 'n goedige draakstekery met die intellek (SS, Sept. 1928; SS, Aug. 1932).

Dié verandering in styl is deur die studenteblad aangemoedig: "Juniordag is nie 'n dag om wraak te neem (op die professors) nie, maar 'n dag van skitterende oorspronklikheid en suiwer studente-skerts..." (SS, Jun. 1933). Op die duur het dit alles 'n bietjie kinderagtig geblyk te wees en is die "ongeskrewe reëls van die aanvanklike pretmakery verontagsaam" (Kapp, 1975:208). Die senaat het die studenteraad ingelig dat die dosente nie meer aan die dag wil deel hê nie (SR, 5 Apr. 1934; Malherbe, 1977:99; Van Heerden, 1988:17). Dit was, soos Kapp (1975:208) opmerk, "moeilik om gekskeer binne perke te hou wanneer 'n groot klomp studente daarby betrokke is".

Die studente wou nie summier van die dag afsien nie en metterwyl het Lentedag met sy optogte, sierwaens en lentekoningin daaruit ontwikkel (SR, 23 Apr. 1934; SR, 16 Jun. 1934; SR, 7 Mei 1936; SS, Mrt. 1938; Malherbe, 1977:100).

'n Geleentheid waar die studente sonder aanstoot kon pret hê, was die jaarlikse waatlemoenfees, wat in die dertigerjare 'n besondere geleentheid was. Dié geleentheid is deur die debatsverenigings gereël en het orkeste en sierwaens ingesluit (Kapp, 1975:171).

Dit was, soos met die ontwikkelende Lentedag, voorlopers van die latere karnaval (jool) met sy geldinsamelingsdoel vir minderbevoorregtes.

Die pret- en ontspanningselement in die jaarprogramme van verenigings had ook 'n ander doel: die erns wat gepaard gegaan het met baie van die ideologies geïnspireerde aktiwiteite moes, ter wille van balans, 'n ligter keersy hê. Vir sommmige was dit weer die enigste deel van die georganiseerde studentelewe waaraan hulle deelgeneem het.

In die geheel beskou, was die konteks waarbinne die Stellenbosse studente hul bevind het merkbaar anders as dié in die tydperk 1902-1924. Die aard en inhoud van die studente se Afrikanernasionalisme (wat in 4.3 beskryf word) sal na verwagting dienooreenkomstig anders vertoon as dié wat in 3.3 weerspieël is.

## 4.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme

**4.2.1 Politieke en ekonomiese situasie en kommunikasie van Afrikanernasionalisme.** Die periode 1925-1938 was op politieke, kulturele en ekonomiese gebiede 'n tydperk van groot uiterstes en is ook so deur die studente op Stellenbosch beleef. Dit sou ook 'n merkbare invloed hê op die wyse waarop hulle deelgeneem het aan die ontwikkelende Afrikaans-nasionale diskoers asook die inhoud van daardie kommunikasie.

Vir nasionaalgesinde Afrikaners was 1924 se verkiesingsoorwinning deur die Nasionale Party (weliswaar met die hulp van die Arbeiders) 'n besondere mylpaal en het dit help sorg dat dié tydvak vir hulle op 'n positiewer noot kon begin as dié van die vorige era.

Die bewindsoorname het beteken dat nasionalistiese Afrikaners vir die eerste keer sedert die Anglo-Boereoorlog politieke mag gehad het.

Die Afrikaans-nasionale beweging kon dus nou met die politieke mag tot sy beskikking die doelwitte nastreef wat vir hom belangrik was - Afrikaans se regmatige plek langs Engels, 'n eie landsvlag en volkslied, 'n eie republiek, of dan ten minste volle soewereiniteit. Daarbenewens is besef dat die rassekwessie dringende aandag moes kry en is dit hoog op die agenda geplaas.

Na die 1924-verkiesing het enkele jare van ekonomiese voorspoed gevolg, maar die finansiële ineenstorting van wêreldmarkte in 1929, die daaropvolgende depressie en die droogte in Suid-Afrika, het die gang van die politiek verander en 'n koalisie en uiteindelik samesmelting tussen die NP en Suid-Afrikaanse Party tot gevolg gehad (Kruger, 1973c:511; Van Jaarsveld, 1976:282,283).

Daarmee is enersyds 'n mate van eensgesindheid tussen genls. J.B. M. Hertzog en J.C. Smuts se volgelinge bewerkstellig, maar ook nuwe bitterheid en twis opgewek deurdat dr. D. F. Malan en sy volgelinge die samesmelting geopponeer het. Daar is gevrees dat daar vir die Afrikanervolk geen plek was binne die holistiese lewensbeskouing van Smuts nie (Kruger, 1973c:527; Scholtz, 1974:60,61). 'n Reaksie hierteen was die stigting van die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS).

Toe die koalisie tussen Hertzog en Smuts in 1934 op samesmelting uitloop, het Malan en sy volgelinge geweier om saam te gaan. Veral in Kaapland was daar 'n "opvallende gebrek aan geesdrif" (Kruger, 1973b:530) vir wat as 'n simbiose tussen imperialisme en nasionalisme beskou is (Van Jaarsveld, 1976:286).

In die Wes-Kaap - met sy welgestelde boere, selfstandige universiteit en eie Nasionale koerant wat sterk teen die koalisie gekant was - was daar geen voor die hand liggende materiële rede om steun te gee aan koalisie en uiteindelik samesmelting nie (Van Wyk, 1983:5-28; Furlong, 1991:31,32). Hul plaaslike LV, Bruckner de Villiers, wat die setel in 1929 (danksy studentesteun) en in 1930 (sonder studentesteun - hulle was met vakansie) gewen het, was sterk teen koalisie gekant (Pretorius, 1959:99-101).

Ondanks klaarblyklike steun vir Malan en sy gesuiwerde Nasionale Party, sou die koalisie wel sy merk op die Stellenbosse studentelewe laat in soverre voorstanders van koalisie te kampe gekry het met 'n Nasionaalgesinde meerderheid.

Landwyd het die meerderheid Afrikaners Hertzog en sy tweestroombeleid nog ondersteun, maar was daar 'n groeiende onbehae onder Afrikanernasionaliste oor die bestemming van die Hertzog/Smuts-benadering. Daar is toenemend vraagtekens daaragter geplaas en Afrikanernasionaliste het al meer verlang na staatkundige mondigheid, soveel so dat sommige "die 'ander seksie' (Engelssprekendes) as uitheems en dus as staatsburgerlik onwaardig bestempel het" (Van der Walt, 1968:61).

Die vrees vir swart oorheersing het eweneens sterker op die voorgrond getree en gevra vir 'n beslissende ordening. Die NP-regering het reeds in 1925 by monde van die eerste minster sy segregasiebeleid uitgespel. Die daaropvolgende jaar is vier wetsontwerpe oor die rassevraagstuk gepubliseer en is die omvang en betekenis daarvan vir die eerste keer besef. Maar Hertzog kon nie die nodige tweederdemeerderheid kry om die wetsontwerpe op die wetboek te plaas nie. Wel is die sg. Kleurslagboomwet, ook 'n omstrede wet, met moeite deurgevoer. Daardeur het blanke en Kleurlingwerkers in die myne beskerming verkry (Kruger, 1973c:512,513,516,517; De Wit, 1981:141-146).

Na die 1929-verkiesing het Hertzog met hernieude ywer sy segregasiewetgewing probeer deurvoer, maar met beperkte sukses (Kruger, 1973c:522). En na die depressie, die samesmelting van die NP en SAP en die suksesvolle verkiesing van 1933, het Hertzog in 1936 nogmaals die kans gekry om beslag te gee aan sy kleurbeleid. Dit het die daarstelling van 'n verteenwoordigende raad vir Swartmense en die beskikbaarstelling van meer grond vir hulle behels (Kruger, 1973a:534,535).

Wat die Kleurlinge betref, het Hertzog stemreg op 'n gemeenskaplike kieslys voorgestaan, maar die NP en party onder-

steuners van die regerende VP het dit onaanvaarbaar gevind (Kruger, 1973a:535,536; vgl. ook Pretorius, 1959:112-119).

Hoewel daar rondom die verkiesing van 1929 sterk emosies wakker gemaak is en studente na politieke vergaderings gestroom het (SS, Jun. 1929; Hugo, 1966:355), het die sterk nasionalistiese taal van vroeër eers weer in die vroeë jare dertig opgevlam.

Die rassevraagstuk het toenemend die aandag van die Stellenbosse studente begin geniet, maar tog op 'n beperkte skaal. Intussen was daar vir *Die Burger* - wat daagliks deur die studente gelees is - in die jare 1924-1928 "geen dringender en groter probleem... as juis die naturelleprobleem nie". Geen faset van die regering se beleid "sou groter eenstemmigheid en ondersteuning" van *Die Burger* ontlok as juis die beleid van rasseskeiding nie (De Wit, 1981:140).

Hoewel *Die Burger* optimisties gevra het dat die "naturellekwessie" buite die partypolitiek gehou moet word, het skerp kritiek nie uitgebly nie (De Wit, 1981:141). *Die Burger* het wel omsigtigheid aan die dag gelê waar die *naturellevraagstuk* ter sprake gekom het (De Wit, 1981:150). So het die blad bv. as volg op dr. Edgar Brooks, skrywer van die boek *The history of native policy in South Africa from 1930 to the present day* (1924), se opmerking gereageer dat daar 'n "dwaalbegrip" bestaan dat boekgeleerdheid sleg vir die swartman sou wees:

> Dis nie dat boekgeleerdheid of 'n letterkundige opvoeding sleg is vir die naturel nie... Maar wat wel gesê word... is dat boekgeleerdheid of 'n letterkundige opvoeding vir die groot gros naturelle, op hul teenswoordige trap van ontwikkeling, en met die oog op hul onmiddellike belange, sleg is vir die naturel (*Die Burger*, 13 Jul. 1926).

'n Dosent van die Universiteit van Stellenbosch en latere sekretaris van naturellesake onder dr. H.F. Verwoerd, dr. W. Eiselen, het in 'n artikel in *Die Burger* (14 Jul. 1926) hom minder genuanseerd oor die swartman uitgelaat:

Sy lewensbeskouing is passief en fatalisties. Daarom is hy min geskik vir verantwoordelike betrekkings. Kuisheid, pligsgevoel, trou, vertroubaarheid en waaragtigheid is minstens begrippe wat vir hom 'n heel ander betekenis het as vir die blanke.

Daarom, het Eiselen aangevoer, sal die naturel nooit die blanke se beskawingspeil haal nie.

*Die Burger* het in die dekade na 1928 steeds 'n konsekwente beleid van steun aan Afrikanernasionalisme gegee. Dit het konsekwente steun vir die NP en (ná samesmelting) die "gesuiwerde" NP van dr. Malan beteken.

Die konsekwente politieke beleid van *Die Burger* het heel moontlik oor 'n tydperk heen 'n invloed op die koerantlesende studente van Stellenbosch gehad (vgl. Froneman & De Beer, 1993; DeFleur & Dennis, 1991:560-565). Maar die studente was buitendien meestal Nasionaalgesind en het, in pas met die beleid van die Nasionale Party-regering, 'n beleid van segregasie tussen die land se rasse voorgestaan.

Dié standpunt is in 1924 deur 'n monstervergadering herbevestig (SS, Aug. 1924; vgl. ook 3.3.2). 'n Minder verteenwoordigende groep het dié beleid enkele jare later nogmaals onderskryf toe volle steun op 'n vergadering van die Filosofiese Vereniging aan "'n differensiasie-politiek" gegee is, soos die spreker, dr. W. Eiselen, dit genoem het (SS, Mei 1929). Dieselfde spreker het vroeër in 'n artikelreeks in *Die Burger* dit duidelik gestel dat die swartman nooit die blanke se beskawingspeil sou bereik nie (kyk 4.1.2).

Wel het die musiekliefhebbers onder die studente rondom 1925 die geleentheid gehad om in die ou bioskoopsaal te luister na die sang van die bruin Suid-Afrikaanse sangeres Gladys Daniels. Die (blanke) gehoor het haar "geesdriftig toegejuig" en meermale teruggeroep. Na die konsert het konsertgangers haar wéér hoor sing: "En toe sien ons haar op 'n trappie buite die verhoogdeur staan en in

die mistigheid en donker vir 'n groot skare van haar mense sing" (Pohl, 1974:66).

Ondanks geleenthede soos dié waar die talent van 'n bruin Suid-Afrikaner waardeer kon word en die negatiewe kant van Afrikanernasionalisme se rassepolitiek aan die lig gekom het, wou die meerderheid studente die beleid van segregasie verder konkretiseer. Die studenteraad het nl. besluit dat die regering gevra moet word "om aparte koetse vir Kleurlinge en blankes te kry sodat die deurmekaar (trein-)ryery vermy kan word" (SR, 26 Mei 1927). En in die studenteblad het 'n kleremaker op dié sentimente gespeel deur homself te adverteer as "Die Afrikaner Kleremaker" wat net van "Blanke Arbeid" gebruik maak (SS, Aug. 1927; SS, Okt. 1928).

Teen 1930 het 'n student, L. de V. van Winsen, 'n ou strydpunt geopper deur te vra dat die bepaling heroorweeg word wat studente afgeraai het om 'n bioskoop op Stellenbosch te besoek wat Kleurlinge toelaat. Opvallend het hy 'n beroep op die teologiestudente se Christelikheid gedoen (SS, Aug. 1930). Maar die antwoord het in die volgende uitgawe van die studenteblad van 'n medestudent gekom: "Ons moet die kleurling help om homself te verwesenlik - dit is ons heilige plig maar ons moet dit nie doen ten koste van ons nasionale karakter nie." Hy het bygevoeg dat skeiding noodsaaklik was, maar dat daar nie met "veragting" op die Kleurling neergesien moet word nie (SS, Sept. 1930).

Die erns waarmee die rassevraagstuk deur sommige studente bejeën is, word weerspieël in die stigting in 1930 van 'n "Naturelle-Vraagstuk Studie Vereniging". As eerste spreker het min. E.G. Jansen opgetree (SS, Mrt. 1931). Ander vooraanstaande sprekers is ook genooi: prof. Edgar Brooks het 'n sterk pleidooi teen segregasie gelewer (SS, Mei 1931) terwyl genl. J.C. Smuts die studente aangemoedig het om vakke soos Volkekunde te bestudeer sodat hulle kan help in die oplos van die "naturellevraagstuk" (Booyens, 1975:71,72). Dié pleidooi is in 'n artikel in 1938 herhaal omdat studente te min wetenskaplike kennis van die saak sou hê, maar die

skrywer, D.G. Franzen, het sy standpunt ook onomwonde as volg gestel: "As Afrikaners het ons almal een ideaal, nl. 'n wit Suid-Afrika. 'n Afrikaner wat anders dink oor hierdie saak is nie die naam Afrikaner werd nie."

Hierdie wit Suid-Afrika sou vir Afrikanernasionaliste vanselfsprekend 'n republiek wees, wat soewereinteit en eie simbole geïmpliseer het. Hierdie sake het gevolglik heelwat aandag in die jare na 1924 geniet.

Saam met die kwessie van Suid-Afrika se soewereiniteit was die republikeinse strewe van nasionaalgesinde Afrikaners 'n fundamentele kwessie wat deurentyd in die jare 1925-1938 ter sprake was, maar somtyds deur dringender kwessies op die agtergrond gedruk is.

Na die 1924-verkiesing het die teenwoordigheid van Arbeiders in die nuwe regering en ander praktiese oorwegings Hertzog verhinder om stappe te doen om Suid-Afrika van die Britse Ryk af te skei. Die republikeinse gedagte was steeds sluimerend.

In 1926 het die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog, egter 'n belangwekkende toespraak op Stellenbosch gehou waarin hy sy saak gestel het: die Unie en Brittanje moet gelyke status hê en dié gelykheid moet formeel aan die wêreld bekend gemaak word; enkele maande later vertrek hy na die rykskonferensie in Londen waar hy dié standpunt gaan stel het (Davenport, 1988:288; Kruger, 1973c:510, 517).

Die resulterende Balfourverklaring het Hertzog in die gelyk gestel, 'n triomf wat ook as 'n oorwinning vir die Afrikaans-nasionale strewe beskou is, maar wat tog ook die vinger gelê het op die juridiese minderwaardige posisie van die dominiums (w.o. Suid-Afrika) teenoor Brittanje (Kruger, 1973c:518; Nienaber, 1941:179; Liebenberg, 1973:369).

Hoewel Hertzog tevrede was, was mense soos dr. N.J. van der Merwe onoortuig en het hy die Republikeinse Bond gestig ten

einde dié republikeinse gedagte binne die NP te bevorder (Moodie, 1975:94).

Ook akademici soos prof. L.J. du Plessis van Potchefstroom het die republikeinse strewe in kragtige taal bly propageer (Van der Walt, 1968:125). En in 1934 verklaar adv. J.G. Strijdom in die Volksraad: "... vir my as republikein bly dit steeds 'n ideaal dat ons eenmaal in Suid-Afrika nie alleen 'n soewerein onafhanklike staat sal hê nie, maar 'n soewerein onafhanklike republiek" (Coetzee, 1969:300).

'n Paar maande later berig *Die Burger* (28 Jul. 1934) dat daar nog nooit soveel aandag op 'n NP-kongres aan die republikeinse ideaal gegee is as op die Kaapse NP-kongres op Somerset-Wes nie (Coetzee, 1969:301).

Ondanks hul afkeer van regstreekse bande met Brittanje, het die Stellenbossers die prins van Wallis hartlik tydens sy besoek in 1925 ontvang. Die prins is in 'n koets, wat met Matiekleure versier is, van die Braak tot by die voetbalveld deur studente in wit langbroeke en Matiekleurbaadjies getrek. Daar het Johann Buhr as SR-voorsitter 'n puik (onvoorbereide) toespraak gelewer wat terdeë deur die prins geniet is. Dit was, aldus Hugo (1966:349) " 'n geestelike tour de force... 'n onvergeetlike oomblik in die geskiedenis van ons studentelewe". As dit van die SR-voorsitter se toespraak alleen afgehang het, is die studenteblad se hoop bewaarheid dat die prins "but good impressions of our Boer-University" met hom sou saamneem (SR, 8 Mei 1925). Maar die gul ontvangs wat die prins by Afrikaners geniet het, was nie vir alle Afrikanernasionaliste aanvaarbaar nie (vgl. Kannemeyer, 1995:419-422).

Die gebruik om belangrike besoekers te vereer deur hulle in 'n versierde koets deur die dorp te trek, is die jaar ná die prins se besoek herhaal - maar dié keer is die heldeontvangs gereserveer vir agt lede van genl. J.B. M. Herztog se kabinet. Een van die lede, dr. D.F. Malan, het in 'n toespraak die besondere band tussen die kabinet (wat merendeels uit oud-Maties bestaan het) en die Universiteit van

Stellenbosch benadruk en bygevoeg: "Die Stellenbosse studente gee uiting aan die diepste gevoelens van die volksiel" (Hugo, 1966:351; SS, Jun. 1926; Groenewald, 1962).

Terwyl Malan as minister van binnelandse sake die omstrede wette oor burgerskap en die landsvlag deur die politieke vaarwaters gestuur het, was hy, volgens Booyens (1974), "hom bewus van die steun en geesdrif van die Stellenbosse studente".

Hierdie steun het geblyk uit 'n studentevlagkommissie se mening dat nege-tiendes van die studente-unie ten gunste van 'n eie nasionale vlag was, waarna die SR hom ten gunste van 'n "skoon" vlag uitgespreek het - d.w.s. een sonder verband met Brittanje of die ou Boererepublieke (SR, 24 Nov. 1926).

Maar onduidelikheid oor wat die "gees van die monstervergadering" oor die vlagkwessie presies was, het verhinder dat die SR 'n duidelike opdrag aan twee afgevaardigdes na 'n vlagkonferensie in Pietermaritzburg kon gee. Te midde van die onduidelikheid het die SR, op voorstel van die anti-regeringsgesinde Abraham Jonker, besluit dat geen "politieke vlae" by intervarsities gehys sal word nie "solank ons nie 'n Staatsvlag het nie" (SR, 7 Sept. 1927).

Vir Malan en ander Nasionaliste was die vlagkwessie 'n ingrypende saak; vandaar Malan se stelling dat 'n vlag nie 'n blote doek is nie; dit is " 'n sinnebeeld van volksbestaan; 'n vlag is 'n lewende iets; dis die middelpunt van die volksgevoel..." (Thom, 1980:58).

Afrikanernasionaliste wou uitkom onder die Britse Union Jack, maar Engelssprekendes het net so sterk gevoel dat die vlag behoue moes bly (vgl. Saker, 1980). Uiteindelik moes 'n kompromie getref word: 'n driekleurvlag met die klein weergawes van die ou Boererepublieke en die Union Jack in die middel is aanvaar, maar die Union Jack sou daarnaas ook nog by geleentheid gebruik kon word as teken van die land se bande met die Britse ryk. Min mense

was met dié kompromie tevrede (Kruger, 1973c:520; Thom, 1980:95).

Maar op 31 Mei 1928 is die nuwe Suid-Afrikaanse vlag met sy oranje, wit en blou bane en klein vlaggies van die Boererepublieke en Brittanje in die middel amptelik deur die universiteit gehys. Die voorsitter van die studenteraad, F.J.B. Malan, het as een van die sprekers opgetree en by die duisend studente het die geleentheid bygewoon (SS, Aug. 1928). Daardeur het hulle goedkeuring gegee aan 'n eie landsvlag - weliswaar nie 'n "skoon" ontwerp nie, maar een wat vir Afrikanernasionaliste 'n betekenisvolle stap op die pad van kulturele en staatkundige volwassenheid verteenwoordig het (Thom, 1980:98).

Die inwoners van Dagbreek het, bykomend tot die amptelike seremonie, hul eie vlaghysingseremonie gereël en daardeur selfs meer prominensie aan die dag gegee. Vir hulle het die nuwe Unievlag " 'n trotse simbool van onderlinge gebondenheid en ook van ons roepingsbewustheid te midde van ons volk geword" (Du Toit, 1971:38,39).

Vir eers was *Die Stem van Suid-Afrika* die nie-amptelike volkslied vir nasionaalgesinde Afrikaners en is steeds teen *God Save the King* kapsie gemaak (vgl. SS, Mrt. 1931), maar in 1938 is ook met dié saak 'n deurbraak gemaak toe *Die Stem* ook tot 'n amptelike volkslied verklaar is (Van Jaarsveld, 1976:287).

Die verering van lewende en ontslape leiers en helde was 'n baie sigbare manier waarop die studente hul gesindheid en simpatie in die openbaar kon kommunikeer. Met die herbegrawe van Emily Hobhouse, die heldin uit die Anglo-Boereoorlog, in Bloemfontein is tien pond deur die SR en 'n verdere vyf pond deur die Vroue-Studentebond bewillig vir 'n krans. 'n Oud-student sou gevra word om dit namens die Stellenbosse studente te lê (SR, 7 Sept. 1926; SR, 11 Okt. 1926). Afstand en die tyd van die jaar (laat Oktober) het waarskynlik verhinder dat 'n groep Stellenbossers saam met ander studente in togas aan die begrafnisstoet deelgeneem het.

Tog was hulle in die gees daar en 'n oud-Matie, dr. Malan, het in afwesigheid van genl. Hertzog, wat by die Rykskonferensie in Londen was, as spreker opgetree. Hy het o.a. gesê:

As iemand dit ooit vir ons volk was, dan was Emily Hobhouse dit: 'n engel van vertroosting, die vertolker van ons weedom, ons voorspraak voor die wêreld, die versorger van ons hongeriges, die heler van ons wonde, die moeder van ons moederloses... (Van Reenen, 1973:3).

En toe die nagedagtenis van die "heldinne van die Tweede Vryheidsoorlog" in 'n artikel in die *Cape Times* na die mening van die Vroue-Studentebond aangetas is, is in sowel die *Cape Times* as *Die Burger* protes aangeteken (VSB-voorsittersrapport, Feb.-Jun. 1929).

Waar Emily Hobhouse en die Boerevroue van die Anglo-Boereoorlog miskien tog effe veraf-figure was, was C.J. Langenhoven by uitstek 'n figuur wat die onmiddellike verering van die studente geniet het - 'n enigmatiese figuur wat sy alma mater as sy moeder beskou het en homself as die studente se ouer broer (Langenhoven, 1973c:146).

Op 24 Junie 1931 aanvaar Langenhoven - wat 'n Hertzogprys vir letterkunde vroeër geweier het - 'n eredoktorsgraad in die lettere van die universiteit. Die motivering is met die volgende afgesluit:

... Senator Langenhoven skryf nie maar hy praat, ook waar hy die pen hanteer. Sodat met waarheid van hom gesê word dat hy sy volk leer lees het. En daarom tref dit besonder gelukkig dat Stellebosch, wat daarna streef om inderdaad 'n Volksuniversiteit te wees, ook op hierdie dag in een van sy oudstudente 'n Volkskrywer kan eer... (Langenhoven, 1973c:18; vgl. ook Pienaar, 1951).

Dat die studente hulle ten volle hiermee vereenselwig het, blyk uit hul "dreunende applous" by die toekenningsgeleentheid (Kannemeyer, 1995:619). Skaars 'n jaar later sterf Langenhoven (15 Julie

1932), tot "intense droefheid" van die studente (Hugo, 1966:352). By die begrafnis op Oudtshoorn het prof. Fransie Malherbe namens die Universiteit van Stellenbosch opgetree en teologiese kandidaat Louis Nel namens die studente (Van Jaarsveld, s.a.:27; Kannemeyer, 1995: 17). En op 'n vergadering van die Unie-debatsvereniging, lewer Gerrit Bruwer 'n huldeblyk oor Langenhoven, net drie maande nadat hy vir oulaas die studente (oor die letterkundige skoonheid van die Bybel) toegespreek het (Hugo, 1966:352). Bruwer het gesê:

> Soos gewoonlik was die saal gepak tot sy uiterste met 'n gehoor wat aan die lippe van die spreker gehang het - en min het ons geweet dit was die laaste keer dat Stellenbosch hom sou sien, ons geliefde Langenhoven (Hugo, 1966:352).

Die huldeblyk het ook in *Die Huisgenoot* (2 Des. 1932) neerslag gevind en met dié woorde gesluit: "Langenhoven, die dienswillige dienaar ook van Stellenbosse studente, is nie meer nie, maar hulle sal "Ouboet" se nagedagtenis steeds met bewondering in dankbare, liefdevolle herinnering hou."

Ook die Afrikaanse Kultuurvereniging het 'n huldigingsaand gereël waar prof. E.C. Pienaar die huldigingsrede gelewer het en uit Langenhoven se werke voorgedra is en van sy liedere gesing is. Alles is in doodse stilte aangehoor aangesien die gehoor in die stampvol CJV-saal versoek is om geen applous te gee nie (Anon., 1973).

Waarom die buitengewone verering vir Langenhoven? Die *Stellenbosse Student* het dié vraag as volg beantwoord: "... omdat C.J. Langenhoven Suid-Afrika geleer het om homself te eer en die eie lief te hê bo die glinsterskoonheid van die vreemde... Dis omdat hy 'n mens was..." (SS, Aug. 1932).

Langenhoven was dus versinnebeelding van 'n volk wat sy eie bou, bewaar en verdedig, maar terselfdertyd nie 'n konformis wat die establishment gedoog het nie (vgl. Kannemeyer, 1995:564). Die studente se verering van Langenhoven kan dus in terme van die

oorlewingsmotief verstaan word, hoewel die onderliggende Afrikanernasionalisme, in nie-formele sin, sterk teenwoordig was in sy optrede.

In dieselfde uitgawe waarin die *Stellenbosse Student* se huldeblyk verskyn het, is 'n kort, betekenisvolle briefie geplaas: "Die nuwe saal se naam gaan wees Langenhoven-Saal, nie waar nie?" (SS, Aug. 1932). Daarmee is vooruitgegryp: Die voorgestelde naam van die "gedenksaal" waarvoor studente reeds al fondse ingesamel het, sou eers later gewysig word tot Langenhoven-gedenksaal.

Buiten vir Langenhoven, het die studente van dié tyd waarskynlik geen ander figuur so persoonlik aan die hart gedruk as vir prof. Johannes (Jannie) du Plessis nie. Maar hul ondersteuning van Du Plessis, 'n hoogleraar aan die Kweekskool, kan nie soseer as 'n uiting van nasionalisme aangestip word nie; eerder was dit 'n protes teen wat hulle beskou het as verstarde denke en intellektuele verknegting. Die tydgees van die jare twintig het juis wêreldwyd vryer denke geakkommodeer terwyl die Afrikaner se politieke mag groter selfvertroue en ruimer denke moontlik gemaak het.

Diegene wat teen enige "vrysinnigheid" was, het sterk kritiek teen Du Plessis se standpunte uitgespreek. In 1926 het dit selfs uitgeloop op die stigting van 'n opposisieblad, *Die Ou Paaie,* en die verspreiding van duisende "vlugblaadjies" teen Du Plessis se standpunte - iets wat volgens hom beslis bygedra het tot die onrus en beroering (Malan, 1933:52,53,119).

In 1928 verskyn hy voor die Kweekskoolkuratorium en uiteindelik voor die plaaslike NG ring (Malan, 1933:52-60;131,132). Ondanks sy onskuldigbevinding deur dié kerklike vergadering het 'n spesiale sinodesitting hom in 1930 uit sy Kweekskoolpos ontslaan (Malan, 1933:177).

Steeds was die saak nie afgehandel nie. Einde 1931 het Du Plessis se appél teen die sinodebeslissing voor die hooggeregshof gedien en is hy in die gelyk gestel. Eers in Oktober 1932 het die saak ten einde geloop deurdat die sinode sy 1930-beslissing opgehef het

maar Du Plessis weer eens ongeskik vir sy Kweekskoolpos bevind het (Malan, 1933: 206,223,237,271).

Die kerkstryd was na agt jaar agter die rug, hoewel die nagevolge nie verby was nie. Die NG Kerk was tot in sy fondamente geskud. Die effek van die Du Plessis-stryd is ook nog vir jare in die studentelewe gevoel: alle teologiese studente, wat onder meer vanweë hul senioriteit altyd onder die leidende studente getel het, is bewustelik of onbewustelik as Du Plessis-manne (of "soekligters") of "Ou-pajane" geklassifiseer; die behoudende studente aan die Kweekskool het bv. 'n Konfessionele Studiekring gestig waaraan studente net op uitnodiging mog behoort (Geldenhuys, 1982:9). Vryer denkende studente het na 'n "emansipasie" van die studentelewe verlang en by implikasie die vermindering van die invloed van die Kweekskoolstudente, terwyl ander ten minste die "stryd" tussen Kweekskool- en nie-Kweekskoolstudente betreur het (SS, Nov. 1930; SS, Apr. 1932).

Die breuk tussen studente oor 'n saak wat vir sommige 'n ernstige geloofkwessie was, is verdiep deurdat die SR eenparig die plaaslike NG kerkraad gevra het dat prof. Du Plessis nie verhinder word om preekbeurte in die Nuwe Kerk waar te neem nie (SR, 18 Mrt. 1929; SS, Mrt. 1929). Die versoek is van die hand gewys, maar die *Stellenbosse Student* het in 'n redaksionele hoofartikel steun vir die professor uitgespreek: "Mag hy lank gespaar bly vir Kerk, Land en Volk!" (SS, Apr. 1929; vgl. ook SS, Okt. 1929).

Die ringsaak op Stellenbosch het groot belangstelling onder die studente gaande gemaak (Malherbe, 1977:83; vgl. ook Wessels, 1987:18-25; Cillié, 1977). Studente het na die Nuwe Kerk gestroom waar die buitengewone ringsitting gehou is en sommige klasse het noodwendig in die slag gebly (Malherbe, 1977:83). Die saak, wat oor vyftien sittingsdae gestrek het met Nederlands as voertaal, is "met gespanne aandag" gevolg (Marais, 1979). Af en toe is tekens van instemming van die gehoor se kant gehoor wanneer 'n goeie punt

na hul mening gemaak is, maar dit is later deur die voorsitter verbied (Malan, 1933:132,133).

Na sy onskuldigbevinding deur die ring, het die Kweekskoolkuratorium besluit om nie die uitslag te aanvaar nie (Malan, 1933:157,158). Die SR het op sy beurt gevra dat Du Plessis nou sy preekbeurte kan hervat (SR, 9 Okt. 1929). Ook 'n monstervergadering het sy steun vir Du Plessis uitgespreek, waarvoor hy die studente bedank het (SR, 6 Nov. 1929). Hier was onteenseglik 'n botsing tussen die kerklike establishment en die jonger geslag.

Terwyl die saak teen Du Plessis voortgesloer het, het die studenteblad nogmaals sy steun aan hom gegee: "Ons eer hom as geleerde wat waarlik geleerd is... wat getrou en standvastig weet hoe om te stry en te ly vir sy heilige beginsels" (SS, Mrt. 1930). Die studente het selfs 'n optog tot steun van die professor gehou (SR, 17 Mrt. 1930). Hul steun was nie tot Du Plessis beperk nie: ds. D.S.B. Joubert, wat ook deur die NG kerkraad die kansel geweier is, het sterk steun van die studenteraad gekry. Die raad het in 'n brief aan die kerkraad daarop gewys dat die kerkraad se optrede nie bevorderlik was vir 'n goeie verstandhouding tussen die studente en die kerkraad nie (SR, 3 Sept, 1930; SR, SR, 14 Okt. 1930). Die korrespondensie tussen die studenteraad en kerkraad is in die studenteblad bekend gemaak (vgl. SS, Jun. 1930; SS, Nov. 1930). Die kerkraad het egter by sy standpunt gebly.

Dit kon die studente se betrokkenheid by die gemeente net benadeel het en hul behoefte aan 'n afsonderlike studentegemeente versterk het (SR, 17 Mrt. 1930; SR, 11 Mrt. 1931; SR, 20 Aug. 1936; SR, 26 Nov. 1936). Intussen was die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (ACSV) en die sg. Oxfordgroep (vir wie Du Plessis in 1926 waardering in Het Zoeklicht uitgespreek het) op buitekerklike terrein aktief (vgl. SS, Mrt. 1931; SS, Mei 1931; Blignault, 1977; Möller, 1971:58). Daar was dus ook ander kanale waarlangs die studente hul geestelike behoeftes kon bevredig en hul geloof kon uitleef.

Die pro-Du Plessis-studente was allermins alleen in hul steun vir Du Plessis; hy het ook die steun van vooraanstaandes geniet (Malherbe, 1977:83). Maar net een van Du Plessis se Kweekskool-kollegas, prof. Bennie Keet, het openlik aan *Die Soeklig* (soos wat die titel van Du Plessis se blad metterwyl verafrikaans is) meegewerk en het later selfs die redakteur daarvan geword (Geldenhuys, 1982:10).

Die studente se steun vir Du Plessis het waarskynlik minder met fyn teologiese nuanses en argumente te make gehad as met intellektuele ontwaking en jeugdige verset teen konserwatisme.

In breër verband het die saak "indirek sy litteken op NGK-teologie in die algemeen en op sy denke oor apartheid in die besonder gelaat" (Kinghorn, 1986:55,56). Hy sê verder:

> Ná die Du Plessis-saak was daar geen klimaat meer vir 'n sinvolle en kritiese ondersoek en debat oor sake van disputeerbare aard nie. Vir jare daarna sou agterdog heers oor enige poging om die hermeneutiese vraag voluit ernstig te behandel. Die stel van sulke vrae is as aantasting van die Skrifgesag bejeën.

Dit sou noodwendig sy invloed laat geld op die nadenke oor en uiteindelike Bybelse regverdiging vir die apartheidsbeleid - 'n nadenke wat in die dertigerjare reeds in alle erns begin het, maar veral in die veertigerjare tot volle bloei sou kom (vgl. Kinghorn, 1986:58-62).

Te midde van (pogings tot) die radikalisering van die Afrikaner se politieke denke, het die Afrikaanse kultuur in die dertigerjare 'n sekere rypheid, groter selfstandigheid en selfvertroue begin toon. Die verskyning in Afrikaans van die Bybel (1933) en die Psalmboek (1937) het stukrag daaraan gegee, maar die uitstaande kenmerk was eerder die groter mate van *intellektualiteit* wat hom by sommige in 'n meer kritiese ingesteldheid - ook teenoor die eie kultuur en godsdienstige norme - gemanifesteer het (Dekker, 1960:173,174; Kruger, 1973a:540; SS, Sept. 1936; SS, Nov. 1936).

Daar is gepleit vir 'n ruimer blik en meer individualiteit, soos ook geblyk het uit die steun vir prof. Du Plessis (Malherbe, 1977:123).

Reeds teen 1932 het die student Ben Marais versigtig opgemerk: "... ek het net so 'n floue voorgevoel dat Stellenbosch regkom en ons weer op 'n ander moreskof is - om nuwe, groter en beter Afrikaners te word" (SS, Okt. 1932). Dié waarneming is deur prof. Fransie Malherbe in *Die Huisgenoot* (20 Sept. 1933) bevestig. Daar was by die jonger geslag tekens te bespeur van " 'n nuwe geesdrif na kennis en insig, wysheid en skoonheid, van watter rigting of land ook. Hulle is gewek tot eie selfstandige soeke..." Vir sommige het die "volksgevoel" en "Afrikaner-moraal" uitgedien begin voorkom (SS, 26 Apr. 1937).

'n Manifestasie van sommige studente se ongedurigheid, was die publikasie, onder groot geheimhouding, van *Pro Libertate* vir twee kort periodes. Die studente agter dié blad het gemeen die *Stellenbosse Student* is nie meer geskik vir die vrye uiting van studentemening nie omdat dit "gevaarlik begin word het om jou opinie onomwonde in die blad uit te spreek" (Van der Merwe, 1933).

Die eerste verskyning van die anonieme *Pro Libertate* op 15 April 1932 het inderwaarheid gevolg op jare van onvergenoegdheid met die *Stellenbosse Student*. Trouens, die blad se redaksie het sélf gevoel die *Student* weerspieël te min van die "volle lewe en vrolike beweeglikheid wat 'n ryk en demokratiese studentesamelewing kenmerk" (SS, Nov. 1930; Scholtz, 1977). Daarom is 'n nuwe redaksionele beleid opgestel wat voortaan plek sou inruim vir billike kritiek oor studente-aangeleenthede asook die universiteitsowerhede (SS, Apr. 1931).

Daarmee is uitvoering gegee aan 'n pleidooi van Ernst Schlengemann vyf jaar vantevore dat die *Stellenbosse Student* ook kritiese standpunte moet akkommodeer (SS, Mei, 1926). Die nuwe beleid het gesorg vir minder letterkundige pogings - wat buitendien deur die jare van wisselende gehalte was - en die blad was nou heelwat lewendiger en krities.

Maar die *Student* sou hom spoedig met dié benadering vasloop. Die Augustus-uitgawe van die tydskrif het enkele artikels bevat wat volgens Hugo (1966:356) net te fel en voortvarend was, veral wat die godsdiens betref. 'n Storm het oor die redaksie se koppe losgebars omdat die *Stellenbosse Student* "meer die gees van 'n klein klompie studente" as die gees van die studente in die algemeen sou verteenwoordig het (SR, 9 Sept. 1931). Die hoofredakteur moes noodgedwonge bedank (SR, 16 Sept. 1931). Stellenbosch was nou "'n siedende vulkaan van botsende menings en hartstogtelike antipatieë". Godsdiens, dans, die kleurkwessie en die Du Plessissaak was van die belangrikste kwessies (Hugo, 1966:356; SS, Okt. 1932).

Die optrede teen die redaksie was 'n duidelike teken vir die minder konserwatiewe studente dat hulle hul stem langs ander weg sou moes laat hoor. Dit het hulle gedoen deur die publikasie van *Pro Libertate* - anoniem, "om sodoende te voorkom dat die publiek persoonlikhede aanval in stede van die beginsels wat gepropageer word" (Van der Merwe, 1933).

Die studenteraad het dadelik besluit om nie in te meng nie (SR, 11 Mei 1932) en die *Stellenbosse Student* het laat blyk dat hy *Pro Libertate* nie as opposisie beskou nie. Die Stellenbosse Student het bygevoeg: "Waar in *Pro Libertate* 'n geroep opgaan teen verstardheid en doodsheid in ons Stellenbosse gemeenskap gaan die *Stellenbosse Student* bepaald akkoord" (SS, Mei 1932).

Later het een van die dryfvere agter die publikasie van *Pro Libertate* die redaksie se optrede só verduidelik:

> In a sense... we were rebels in a community of tightly-knit conventions. Our object was not to revolutionise the accepted order of things, but vigorously and fearlessly to focus the attentions on the many anomalies and outmoded systems which existed, we believed, to the detriment of the University's good name. We felt the student body required a good shaking up (Cluver, 1971:48).

*Pro Libertate* het 'n gemengde ontvangs geniet, maar dit was alles uiteindelik "ook maar 'n storm in 'n koppie tee", het die *Stellenbosse Student* in 'n hoofartikel besluit (SS, Okt. 1932).

Tog was die kortstondige eerste verskyningstyd van die blad van belang: die studente het die klimaatsverandering in die wêreld ervaar en uiting gegee aan hul eie soeke. Daarom prys die *Stellenbosse Student* vir *Pro Libertate* omdat hy 'n boodskap gebring het, 'n pleidooi vir vryheid, oorspronklikheid en onverskrokke ondersoek (SS, Jun. 1933).

Later in die jaar het *Pro Libertate* onverwags 'n herverskyning gemaak en hy het weer in 1937 opgeduik (SS, Aug. 1933; Van der Merwe, 1933; PL, 21 Apr. 1937). Dié patroon het hom in latere jare herhaal.

Intussen het *Wapenskou* verskyn, mondstuk van die Afrikaans-Nasionale Studentebond wat in 1933 op inisiatief van die Afrikaner-Broederbond tot stand gekom het (kyk 4.3.1). Met sy 600 lede op Stellenbosch, het die blad hier 'n gehoor gehad.

In die eerste uitgawe van *Wapenskou* op 28 Maart 1934 is 'n omvangryke nuus- en artikelagenda in die vooruitsig gestel: van politiek tot kuns en vermaak. Van die artikels wat spoedig verskyn het, het gehandel oor die agtergrond en strewe waaruit die Voortrekkerbeweging voortkom (Mei, 1934); die mag van die Amerikaanse rolprentbedryf (Mei, 1934); die "nasionale rigting in die musiek" (deur W.E.G. Louw) (Sept. 1934); en 'n positiewe artikel oor die Duitse nasionaal-sosialisme (deur dr. P.J. Meyer, eerste voorsitter van die ANS).

In van die ander artikels is die nasionaalgesinde Afrikaanse student deur Potchefstroomse akademici soos proff. H.G. Stoker en L.J. du Plessis gewys op die belang van die ANS en studente se taak om 'n nuwe tipe Afrikaanse student te word. Prof. Du Plessis het geskryf:

**Die Afrikaanse student van die toekoms sal nie alleen gaaf en goed Afrikaans wees nie, maar ook Christelik-Afrikaans, d.w.s. hy sal sy lewe en denke inrig volgens die maatstaf van die Woord van God soos dit verstaan is deur sy Kalvinisties gevormde volk.**

Te midde van 'n radikalisering van die nasionale politiek, het die meer regeringsgesinde redaksielede van die *Stellenbosse Student* swaar gekry. In 1937 het 'n monstervergadering 'n besluit geneem wat as 'n mosie van wantroue in die redakteur van die *Stellenbosse Student*, Frans O'Brien Geldenhuys, vertolk is. Die studenteraad het sy bedanking met 10 stemme teen 6 aanvaar (SR, 2 Sept. 1937). En die volgende jaar skors die studenteraad 'n geesgenoot van Geldenhuys, Frans Venter, as assistent-redakteur (SR, 30 Mei 1938).

Die reaksie teen afwykende stemme is kort daarna verder gevoer toe die studenteraad, op voorstel van John Vorster, SR-sekretaris en voorsitter van NP se studentetak, streng beperkings neergelê het rakende politieke beriggewing. Onder meer is besluit dat "alle politieke berigte van kontensieuse aard eers aan een van die lede van die Uitvoerende Komitee (van die SR) voorgelê (moet) word" (16 Jun. 1938). Dié stap, wat korrelleer met die oorlewings- en ideologiemotiewe se beperkinge op uitgaande inligting, was veral teen Frans Venter gemik wat op daardie tydstip as korrespondent vir die regeringsgesinde *Die Suiderstem* opgetree het. Hy het NP-gesindes ontstel met 'n berig oor beweerde onreëlmatighede met die insameling van handtekeninge vir 'n adres vir dr. D. F. Malan. Kort hierna het Venter Stellenbosch verlaat (Venter, 1977).

Die besluit rakende kontroversiële beriggewing of standpuntinnames deur studente in buitepublikasies was 'n ou kwessie. Tien jaar vantevore is 'n debat hieroor gevoer en vroeër het die studenteraad dit nodig gevind om sy reg te bevestig om "aktuele sake" te bespreek (SS, Jun. 1928; SR, 24 Nov. 1926). Die daaropvolgende studenteraad het die selfopgelegde beperkings heeltemal

opgehef, maar besluit dat lede wat in die minderheid is wel hul saak na 'n monstervergadering kon neem (SR, 19 Mei 1927).

Teen 1938 was die kwessie van 'n neutrale studenteraad teenoor een wat namens die studente-unie oor politieke sake standpunt inneem weer 'n brandende kwessie.

Teen dié agtergrond was voorbehoude oor 'n Afrikanernasionalisme ingebed in 'n sosiale romantiek onvermydelik. Die verering van die Voortrekkers het juis in die dertigerjare groeiende aandag geniet, en veral rondom die 1938-eeufeesvierings 'n hoogtepunt bereik.

Die herlewing in georganiseerde kultuuraktiwiteite het 'n hernieude belangstelling in die Afrikaner se geskiedenis meegebring, wat 'n hoogtepunt in 1938 sou bereik (Moodie, 1975:149). Vandaar ook die sensitiwiteit en heftige reaksie op boeke waarin Suid-Afrikaners, met name die Voortrekkers, beledig sou gewees het.

Steyn (1987:148) wys daarop dat Afrikanermeningsvormers bedag was op die wyse waarop lektuur "in die stryd teen die Afrikaner" gebruik is; ook dat die boekepolemieke "toon hoe maklik dit is om nasionale sentimente te kwets" en "hoe vernuftig meningsvormers dié sentimente vir etniese mobilisasie gebruik".

Een so 'n meningsvormer was die redakteur van *Die Vaderland*, Gustav Preller, wat reeds in 1914 by 'n vergadering van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gewys het op anti-Afrikaanse tendense in romans. In 1932 skryf hy in sy koerant dat propaganda deel van moderne oorlogvoering is, maar dat dit gewoonlik ophou nadat vrede gesluit is. In Suid-Afrika is daar egter "die verontrustende verskynsel" dat voortgegaan word met 'n "stortvloed van kwaadwillige en nasionaal-lasterlike dinge" teen die Afrikaner (Steyn, 1987:149).

Op die vooraand van die Voortrekkergedenkjaar het 'n heftige polemiek, hoofsaaklik vanweë *Die Burger* se bemoeienis, oor Stuart Cloete se roman *Turning Wheels* losgebars. Volgens Steyn (1987:151) was Afrikaanse koerante goed bewus van die

beledigende boeke wat sedert die vorige eeu oor die Afrikaner verskyn het. Dit verduidelik ook ten dele die skerp kommentaar van *Die Volksblad*, susterkoerant van *Die Burger*, op 28 November 1937:

> So gereeld as die verskynsel van 'n terugkerende pestilensie herhaal die verskynsel hom, dat een van die kleinste volke in die wêreld belaster word deur een van die grootstes (groot in getal en mag). Die eeu van onreg in Suid-Afrika kan tewens genoem word die eeu van belastering.

Maar dit was *Die Burger* wat by uitstek die stryd teen Cloete se boek aangeknoop het. Hoewel hy geen resensie-eksemplaar ontvang het nie, het die blad self 'n eksemplaar aangeskaf en op 24 November 1937 op die voorblad onder emosionele opskrifte oor die boek geskryf: *Ongelooflike beswaddering van Voortrekkers/ "geskiedkundige" roman wat 'n ruime afset geniet/Verwronge skandebeeld in Engeland geprys.* Engelstalige koerante in Suid-Afrika het die boek, aldus Steyn (1987:180,189), 'n "gemengde ontvangs" gegee, maar resensies was "oor die algemeen gunstig, of dit was in elk geval so geskryf dat dit die publiek sou aanmoedig om die roman te lees".

In 'n hoofartikel het *Die Burger* die minister van binnelandse sake gevra om die boek te verbied, wat gedoen is - tot groot ontsteltenis van die Engelstalige pers (Steyn, 1987:184). Hierdie polemieke het noodwendig bygedra tot die verhoging van Afrikaner-emosies, ook onder Stellenbosse studente wat *Die Burger* daagliks gelees het.

Die ANS-tak op Stellenbosch het 'n emosionele protesvergadering, met prof. E.C. Pienaar as spreker, gereël waar die Stellenbosse studente hul stem gevoeg het by diegene wat die boek verbied wou hê (SS, Okt. 1938; Van Jaarsveld, s.a.:23).

'n Jaar later was daar weer 'n heftige polemiek - dié keer omdat Engelssprekendes se eer aangetas sou gewees het deur 'n Afrikaanse boek (*Met die Boere in die veld*) waarin o.m. aangevoer is dat fyngemaalde glas in suiker gegooi is wat vir die Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe bedoel was. Hoewel vanuit

Engelstalige kant heftig teen die boek te velde getrek is (wat vroeër 'n vervolgreeks in die Saterdaguitgawe van *Die Burger* was), het tientalle briefskrywers in *Die Burger, Die Volksblad* en *Die Transvaler* die skryfster, Sarah Raal, se bewerings bevestig (Steyn, 1987:179-200). Intussen het die polemiek verkope van die boek skerp laat styg en Afrikaners opnuut 'n idee gegee van wat 'n vorige geslag in die stryd teen Britse oorheersing gely het.

Steyn (1987:206) sê tereg dat die invloed van 'n boek meestal onmoontlik is om te bepaal, maar Raal se boek en die polemiek daaroor "was miskien een van die talle faktore wat (op klein skaal) bygedra het tot die oplewing van (Afrikaner-)nasionalisme in 1938".

Enkele jare vantevore het *Wine, war and woman* deur 'n dosent aan die Universiteit van Pretoria, H.P. Lamont, eweneens die gemoedere gaande gemaak; dit het uiteindelik tot kriminele en siviele hofsake teen die skrywer se teer-en-veerders gelei (Joubert, 1972:32-45; Steyn, 1987: 159-190). Ook in hierdie geval het die gebeure wye persdekking geniet en is Stellenbosse studente via *Die Burger* by die gebeure in Pretoria betrek.

Die Stellenbossers het nl. hul steun aan die betrokke studente van die Universiteit van Pretoria gegee wat na 'n teer-en-veerdery skadevergoeding van 750 pond aan die dosent/skrywer van *War, wine and women* moes betaal (Joubert, 1972:46). *Die Burger*, wat volledig oor die saak berig het, het 'n adres gepubliseer waarheen bydraes gestuur kon word, maar gemeld dat daar réḗds 'n "sjielinglys" op Stellenbosch geopen is (*Die Burger*, 24 Jun. 1932).

By nog 'n protesvergadering het die studente hul teen die speel van *God save the queen* by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument uitgespreek (Van Jaarsveld, s.a. :23). Die regering het uiteindelik toegegee deur die amptelike status van die inwyding te skrap, waarmee die nodigheid vir die speel van die gewraakte Britse volkslied verval het (Broodryk, 1991:20).

Intussen het Hitler en sy nasionaal-sosialisme sterk opgang in Duitsland begin maak en het aspekte daarvan, soos antisemitisme, reeds vroeg in die dertigerjare in Suid-Afrika begin kop uitsteek. Dit is aangevuur deur groot hoeveelhede propaganda-pamflette van Duitse oorsprong en 'n skielike golf van Joodse immigrasie teen die middeljare dertig (Furlong, 1991:20,26; Kruger, 1973a:537).

Terwyl die VP-regering nie eensgesind was oor die "Joodse vraagstuk" nie, was die NP se teenkanting teen groot getalle immigrante van Joodse afkoms ondubbelsinnig. Toe die skip Stuttgart in Oktober 1936 in Kaapstad aankom met meer as 500 Joodse immigrante aan boord, het die ekstremistiese Gryshemde 'n protesoptog gehou. Onder die aanwesiges op die hawe was dr. H. F. Verwoerd, toe hoogleraar op Stellenbosch (Furlong, 1991:62). Protesvergaderings met Verwoerd en ander Stellenbosse dosente as sprekers, het gevolg (Moodie, 1975:166). In Oktober 1936 het die Afrikaans-Nasionale Studentebond (ANS) 'n protesvergadering op Stellenbosch gereël wat deur sowat 1 500 studente en ander belangstellendes bygewoon is (Broodryk, 1991:112,113). In sy berig daaroor het *Die Burger* (28 Okt. 1936) die sprekers gelukgewens met die kalm uiteensetting van die saak.

Dr. D.F. Malan het hom in April 1937 op Stellenbosch hierby aangesluit en in 'n skerp aanval Jode daarvan beskuldig dat hulle Afrikanereenheid teenwerk (Furlong, 1991:64,65). Dieselfde jaar is Jode van die lidmaatskap van die Transvaalse, Natalse en Vrystaatse NP uitgesluit (Moodie, 1975:167).

Hier was dus toenemend tekens van 'n selfgeldende, selfs aggressiewe nasionalisme wat aangedring het op die erkenning van die Afrikaner se nasieskap en eerbied vir sy simbole en helde. Rassesake het nou 'n onderwerp van formele studie begin word en die ideaal van 'n blanke Suid-Afrika is reguit gestel. Tog was die nasionale Afrikanerdom se rassebeleid nog nie in 'n duidelik omlynde ideologie gegiet nie.

**4.2.2 Die verhouding met Nusas en die ANS.** Die aanloop tot die Voortrekkereeufees is gekenmerk deur die groeiende nasionalisme, republikanisme en apartheidsdenke onder 'n deel van die Afrikanervolk, anti-semitisme, die opkoms van Hitler, nasionaal-sosialisme en die moontlikheid van oorlog in Europa. Hierdie sake is toenemend benader vanuit 'n radikale raamwerk, soos deur die Afrikaans-Nasionale Studentebond voorgestaan. Die Stellenbossers se verhouding tot Nusas en die ANS het hul standpunte jeens die sleutelkwessies van die dag en Afrikanernasionalisme in die besonder weerspieël.

Die Stellenbosse studente het nie sonder voorbehoud of meningsverskil deel van die ANS geword nie. 'n Belangrike aanvanklike geskilpunt was die Stellenbossers se voortgesette verbintenis met Nusas, die beweging waarvan die ANS-gesindes juis weggebreek het.

Ná aanvanklike voorbehoude, het die Stellenbossers sedert 1924 saam met alle ander universiteite en universiteitskolleges by Nusas ingeskakel. Vir aansluiting by die noordelike Afrikaanse Studentebond het die Stellenbossers nie kans gesien nie aangesien hulle nou klaar lid van Nusas was (SR, 23 Mrt. 1925). Buiten vir die kontak wat tussen Suid-Afrikaanse studente bevorder is, het die organisasie ook buitelandse toere georganiseer waaraan Maties deelgeneem het (SS, Mrt. 1926; SS, Apr. 1929).

Die bekendste Nusasaktiwiteit was die jaarlikse parlementsitting wat sedert 1927 gehou is. Hieraan het die Stellenbossers met entoesiasme deelgeneem en is dit deur een leidende student, Louis Rex, as "die kragtigste middel tot 'n gesonde verstandhouding en meewerking tussen die studente van Suid-Afrika" bestempel (Hugo, 1966:355; SS, Apr. 1929).

Die feit dat elke universiteit op partygrondslag sy verteenwoordigers gekies het en studente van verskillende universiteite hulle dus op grond van politieke oortuigings by mekaar kon skaar,

was bevorderlik vir gesonde debat en vriendskap (vgl. SS, Aug. 1929; SS, Apr. 1934). Op Stellenbosch het die jaarlikse verkiesing van lede vir die studenteparlement "'n splinternuwe element" in die "origens belangelose studentelewe" gebring en was dit vir sommige die hoogtepunt van die jaar (Hugo, 1966:355; Scholtz, 1977; SS, Mei 1929).

In 1930 het 94% van die studente op Stellenbosch aan die Nusasverkiesing deelgeneem (en selfs in 1934, na die stigting van die ANS, 92%), maar die *Stellenbosse Student* het dit nodig gevind om te waarsku dat die verkiesings in 'n gewone partypolitieke geveg kan ontaard (SS, Mei 1930; SS, Apr. 1934). Hoewel dit ook as "meer 'n intellektuele spel as iets anders" bestempel is (SS, Apr. 1933), het dit tog debatte oor landsake aangemoedig (Craven, 1977; SS, Jun. 1931).

Volgens 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Student* (Jun. 1931) het dit die (afwykende) standpunte van sosialisme, progressivisme en liberalisme "binne die strengbewaakte poorte van die rustige Eikestad" ingebring en sodoende bewys dat Stellenbosch "tot 'n bewuswording van sy pligte as 'n universiteit gekom het". Tog, het die blad bygevoeg, streef Stellenbosse studente nie daarom minder eerlik "om sy regmatige plek in die volkslewe te vul" as vyftig jaar gelede nie. Dat 'n andersoortige belangstelling aan die posvat was, was egter duidelik. In Hugo (1966:355) se woorde:

> 'n Vorige geslag het met ongehoorde durf die stryd vir die Afrikaanse taal aangepak, en dit met welslae bekroon; nou was daar nuwe probleme aan die orde, en opnuut was die durf van die jong geslag 'n onmisbare vereiste in die stryd.

Met die ASB teen die dekadewending futloos en onaktief op Stellenbosch, het Nusas die aandag geniet en was drie van die vyf hoofbestuurslede teen 1933 van Stellenbosch (Hugo, 1966:357).

Afrikanernasionalisme het in die vroeë dertigerjare egter nuwe lewe gekry. Na die oordeel van 'n nuwe geslag jong

intellektuele, was 'n ander ingesteldheid jeens politieke, kulturele en sosiale kwessies nodig. Daarvoor was Nusas weens sy "onafrikaanse koers" en "verderflike invloed" nie 'n bruikbare voertuig nie (Wessels, 1987:26; Nienaber, 1941:192; Pelzer, 1980:140).

Reeds in 1926 het die Stellenbosse studenteraad aan die verteenwoordigers na die jaarlikse Nusaskongres opdrag gegee om Afrikaans kragtig voor te staan en in besprekings te gebruik. Hulle moes ook aandring dat alle korrespondensie in albei landstale geskied (SR, 14 Jun. 1926). Teen 1930 was daar ook onder Stellenbossers ontevredenheid oor o.m. die miskenning van Afrikaans by die studenteparlement (Froneman, 1977). Die besware vanuit die noorde teen Nusas se miskenning van Afrikaans het dus ook op Stellenbosch voorgekom.

Oor 'n ander kwessie, nl. die sg. gewetensklousule, het die Stellenbossers hulle egter aan die Engelstalige universiteite se kant geskaar. Die SR het hom reeds in 1926 uitgespreek teen die skrapping van dié klousule wat universiteite verbied om 'n geloofstoets aan te lê by die aanstel van 'n dosent (SR, 19 Jun. 1926). Dit moes die Stellenbossers noodwendig by veral die Pukke (wat vanweë die Christelike karakter van die Potchefstroomse Universiteitskollege sterk oor hierdie saak gevoel het) onder verdenking gebring het (SS, Jun. 1927).

Sedert 1931 het die Afrikaner-Broederbond formeel aan die voortbestaan van die ASB aandag gegee deurdat drie lede, Nic Diederichs, T.J. Hugo en J.C. van Rooy, die saak ondersoek het (Pelzer, 1980:140). Die ASB kon kwalik 'n hoofbestuur bymekaar kry en die jaarkongres van 1931 moes uitgestel word (Steyn, 1943). Die besef dat die ASB op sterwe lê en die ingrype van die Broederbond het 'n herlewing teweeggebring.

Teen einde 1931 was die hoofbestuur van die ASB 'n "aktiewe span" en is reëlings getref om die uitgestelde 1931-kongres in April 1932 op Potchefstroom te hou. Dié kongres was, volgens Steyn (1943), "'n nuwe en belangrike begin" en daar was orals

(d.w.s. by al die takke op die verskillende kampusse) "'n gees van bedrywigheid te bespeur". Een van die Broederbondlede wat gemoeid was met die ondersoek na die ASB, Nic Diederichs, het 'n referaat op die Potchefstroomse kongres gelewer en hy is ook tot voorsitter verkies.

In Diederichs (1936:52,53,63) se *Nasionalisme as lewensbeskouing* - wat allermins kritiekloos deur ander nasionaaldenkende Afrikaners aanvaar is, maar tog 'n sleutelwerk was (Moodie, 1975:159-162) - is onder meer verklaar dat teenoor die liberalisme se hoë agting vir persoonlike vryhede en regte, die nasionalisme dié gedagtes verwerp "op grond van sy leer dat die enkeling op sigself niks is nie, maar eers in 'n nasie as die hoogste gemeenskap sigself word". En verder: "Alleen hy wat homself verloor in die diens aan die bo-individuele geestelike eenheid van die nasie, sal in die nasiediens sy vryheid bereik."

Tog het hy die verabsolutering van die nasie as afgodery afgewys, maar die band tussen godsdienstige roeping en diens aan die nasie regstreeks gelê: "Meewerk tot vervulling van die nasie-roeping is meewerk tot verwesenliking van die plan van God. Diens aan my nasie is dus deel van my diens aan God."

So kry nasionalisme - in dié geval 'n volksnasionalisme - sy finale regverdiging en fundering in godsdiens. Daarop sou P.J. (Piet) Meyer e.a. voortbou.

In skerp kontras met Diederichs se neo-Fichtiaanse ideaaltipiese beskrywing, promoveer C.C. Nepgen in 1938 aan die Universiteit van Stellenbosch met 'n proefskrif waarin hy o.a. tot die volgende gevolgtrekking gekom het dat die sosiale gewete van die Afrikaner eerder die neiging vertoon

> om gevoeliger te wees insake die handhawing van regte as in die nakoming van maatskaplike pligte; om meer op die vryheid en voorregte van die individu as op die sosiale eise en verpligtinge teenoor die samelewing nadruk te laat val (Nepgen, 1938:157).

Die verskillende sieninge oor wie en wat die Afrikaner is en/of behoort te wees was ten grondslag van die woelinge in die studentepolitiek - op Stellenbosch, maar ook elders.

So het die Afrikaanse studente van die Universiteit van Pretoria sterk standpunt ingeneem waardeur dié universiteit se studente in twee kampe verdeel is (Steyn, 1943): die nasionaalgesinde Afrikanerstudente het 'n Suid-Afrikaanse nasie uitdruklik verwerp en het 'n aparte Afrikanernasie voorgestaan.

Samesprekinge het in Desember 1932 tussen die AB en die ou ASB plaasgevind, waar die kiem, volgens Pelzer (1980:140), geplant is vir die onttrekking van Afrikaanse studente aan Nusas. Teen dié tyd het die ASB-tydskrif *Die Banier* herleef en 'n aanval op Nusas geloods omdat hy

> vasgevang is in die netwerk van 'n vreemde liberalistiese lewensopvatting met sy onsielkundige grondslag, sy oordrywing van die verstand, sy verloëning van die diepste gevoel, waaruit die nasiewaarde gebore is (SS, Okt. 1932).

Die ANS-gedagtegang het duidelik reeds by die bestaande ASB-leiding inslag gevind. Die volgende stap was om bande met Nusas te verbreek. "Finale" samesprekinge is teen middel 1933 met drie Nusasleiers aan huis van dr. Nic Diederichs in Bloemfontein gehou en het blykbaar goed afgeloop (Steyn, 1943). Ondanks dié skynbare pogings tot versoening of verstandhouding het die anti-Nusasgevoel onder sommige ASB-leiers baie sterk geloop. Die vraag was egter wanneer hul genoeg steun sou hê om te waag om studenterade te vra om uit Nusas te tree (Steyn, 1943).

Dit het gevolglik as 'n "verrassing" gekom toe die Grey-Universiteitskollege op voorstel van Piet Meyer besluit het om bande met Nusas te verbreek (Steyn, 1943; Marais, 1971). Daarna het die Potchefstroomse Universiteitskollege en die binnemuurse studente van die Universiteit van Pretoria in Augustus 1933 gevolg, waardeur die algemene Nusasbemiddelde kontak tussen Afrikaans- en

Engelssprekende studente beëindig is (Meyer, 1984:28; Wessels, 1987:25-28; Hugo, 1966:357).

Hierdie besluit is deur 'n monstervergadering op Stellenbosch betreur aangesien net die US in Nusas sou oorbly om "Afrikaanse belange te handhaaf" (SS, Sept. 1933). Die studenteraad het gemeen "die moontlikheid bestaan vir alle Afrikaanse sentra om hul taal, godsdiens en sentimente binne Nusas te handhaaf". Tog is in 'n amendement bygevoeg dat die SR bewus is van "sommige minder wenslike rigtings" in Nusas en is onderneem om iets daaraan te doen (SR, 7 Sept. 1933).

Volgens Marais (1971) was daar

> ten regte of onregte 'n gevoel onder die groot meerderheid Maties dat hul opsetlik deur die Noorderlike Universiteite verbygegaan is en nou met 'n pistool gedreig word dat as hul nie ook uittree (uit Nusas) nie, hul die bewys lewer dat hul nie "goeie Afrikaners" is nie.

Die Stellenbossers was dus nie lou oor hul taal, kultuur en godsdiens nie, maar het gemeen dat dit nie in die gedrang kom deur aan Nusas te behoort nie. Daarom is besluit om nie bande met Nusas te verbreek nie. Ondanks dié motivering het die sterk ANS-gesindes (ook op Stellenbosch) die Matie-standpunt beskou as 'n aanduiding dat hulle al te veel onder die "onnasionale" invloed van Nusas gekom het (*Wapenskou*, Jun. 1934).

Die Stellenbossers het nietemin daad by die woord gevoeg en voorstelle ingedien om Nusas van binne te probeer hervorm, maar oor die kwessie van toelating van gekleurdes kon nie ooreengekom word nie (Hugo, 1966:357)

Die Stellenbossers se versoek aan die noordelike universiteite om hul besluit rakende Nusas te heroorweeg, het niks opgelewer nie (SS, Mrt. 1934). Van ASB-kant is gevoel dat die breuk met Nusas die geleentheid gebied het om Stellenbosch in te

trek by 'n groepering van Afrikaanse universiteite. Dié gedagte het ondersteuning op Stellenbosch gevind (Steyn, 1943).

Belangrike beplanningsvergaderings deur ASB-gesindes het op 9 September en 14 Oktober 1933 in Bloemfontein gevolg waar op 'n "pan-Suid-Afrikaanse bond van Afrikaanse studente" besluit is (Haak, 1943; Steyn, 1943). Die nuwe Afrikaans-Nasionale Studentebond sou eers formeel beslag kry op 'n groot studentekongres op Potchefstroom in April 1934, waar die ASB ook ingeskakel het by die nuwe bond (Nienaber, 1941:190). By dié geleentheid het die skrywer D.F. Malherbe opgemerk: "Hierdie Bond is 'n trou-swering aan heilige beginsels en waardes wat bo die kortstondigheid van die enkeling verhewe is en ons voortswewe as padwysers in die bestemmingsrigting van die nasie!"

Hy het die nuwe ANS voorts begroet as een van die magte wat die Afrikaner sal vrymaak van die "juk van minderwaardigheid" (Groenewald, 1981:43-45).

Ben Marais, wat as SR-voorsitter daarvan beskuldig is dat hy die Stellenbosse studente op 'n monstervergadering gemanipuleer het om ten gunste van voortgesette Nusasaffiliasie te stem (Booyens, 1975:79), was tog geesdriftig oor die stigting van 'n ANS-tak op Stellenbosch: "Vir Stellenbosch behoort 'n beweging wat positief christelik-kultureel staan besonder veel waarde te hê, en vir A.N.S. self behoort Stellenbosch ook veel te beteken" (SS, Mrt. 1934).

Daarom was Stellenbosch se studente, onder leiding van Marais, op die ANS se stigtingskongres teenwoordig. Die Matieverteenwoordigers het egter duidelike opdrag gehad om nie die studente-unie op enige wyse tot iets te verbind nie en was in 'n "delikate posisie" (SR, 9 Okt. 1933; Steyn, 1943). Waarskynlik het dié versigtige houding daartoe bygedra dat die amptelike Stellenbosse afvaardiging koel ontvang is en Marais en sy mede-afgevaardigdes nie tuis gevoel het nie (Marais, 1977).

Die nuwe ANS - wat verteenwoordigend van universiteite, universiteitskolleges en onderwyserskolleges was (Steyn, 1943) - het

as doelstellings aanvaar om studente met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te verenig en te verteenwoordig;
- om 'n studentegees te skep en in stand te hou wat 'n eie nasionale stempel en karakter dra;
- om by sy lede 'n gevoel van nasionale samehorigheid te kweek en te bevorder, en hulle tot nasieliefde en nasiediens aan te wakker;
- om geleenthede te skep waardeur 'n individuele student sy volle persoonlikheid kan ontwikkel as lid van 'n nasiegeheel en waardeur hy die groot vraagstukke van Suid-Afrika vanuit 'n nasionale gesigspunt kan bestudeer;
- om vorme van kontak tussen Suid-Afrikaanse en oorsese studente in 'n eg nasionale gees te skep sodat dit sal bydra tot die aankweking van 'n suiwer vaderlandsliefde en tot liefde vir, belangstelling in en kennis van Suid-Afrika en "ons nasie" (Nienaber, 1941:190,191).

Vanweë hul mandaat, mag die Stellenbosse afvaardiging dié doelstellings nie namens die res van die studente-unie aanvaar het nie. Daar was buitendien probleme met die styl en inhoud van "die noordelike studente" (PL, 23 Apr. 1934).

Die Stellenbosse student was as groep jaloers oor hul selfstandigheid en sku vir regstreekse inmenging van buite - iets wat klaarblyklik agter die stigting van die ANS gesit het. Daarbenewens het die Maties se voortgesette verbintenis met Nusas nie die sterk ANS-gesinde studente in die noorde geval nie.

Vanweë die aanwesigheid van gematiger regeringsondersteuners in die Stellenbosse studentekorps, het 'n verbintenis met die ANS buitendien nie almal se goedkeuring weggedra nie.

Dit het weer tot botsings onder Stellenbosse studente aanleiding gegee, maar die "gematiger" studente was kennelik in die minderheid (Moodie, 1975:155; D'Oliveira, 1977:27,28).

Ondanks voorbehoude was daar tog veel steun vir 'n ANS-tak, soos weerspieël in 'n artikel in *Pro Libertate*, die anonieme blad wat kortstondig die Stellenbosse studentelewe kom lewe gee het. Die artikel het opgemerk dat die ANS "in 'n groot behoefte op Stel-

lenbosch sal voorsien en dat elke Protestants-Christelike student daarby behoort aan te sluit" (PL, 23 Apr. 1934).

Stellenbosch hét toe 'n ANS-tak gekry met aanvanklik sowat ses honderd lede en, volgens 'n berig in die ANS-blad, "heel weinig vyande" (*Wapenskou*, Jun. 1934). As aanduiding dat die Stellenbossers deur die noordelike ANS-studente aanvaar is (of as 'n poging om verdere entoesiasme vir die ANS te genereer), is 'n uitnodiging aanvaar om in September 1934 'n kongres op Stellenbosch te kom hou.

Maar die voorbehoude teen standpunte van Nic Diederichs het gedreig om die ietwat brose betrekkinge weer te verbreek. Reeds kort ná die Potchefstroomse kongres het 'n student opgemerk dat Diederichs te veel na die verlede en te min na die toekoms kyk. Daar was ook 'n ongemak oor wat as 'n geforseerdheid ervaar is; bewerings dat die singery ná etes spontaan was, was bv. onwaar (PL, 23 Apr. 1934). In 'n volgende uitgawe is die verskil in styl tussen die Stellenbossers en dié van die noordelike ANS-lede verder gevoer deur die volgende argument:

> Dit sal die jong Afrikaners niks help nie om gedurig na die kampvuur te gaan om daar sy liedjies te sing en die heldedade van sy voorvaders oor te leef nie. Dit sal die jong Afrikaner nie in die minste instaat stel om sake in die Hof te wen teen die Uitlander en Jood nie... (PL, 31 Mei 1934).

Ernstiger nog was die brief van die SR aan Diederichs waarin om 'n verduideliking gevra is na aanleiding van 'n artikel deur hom in *Wapenskou* (Mei 1934; SR, 4 Jun. 1934). Die SR-voorsitter en ondervoorsitter van die ANS op Stellenbosch, Ben Havemann, het na ontvangs van 'n verduideliking laat blyk dat hy nie gelukkig was met die verduideliking nie (SR, 20 Aug. 1934). So 'n bevraagtekening van 'n volksleier was uit pas met die kenmerkende van die ideologiemotief en 'n aanduiding van die Stellenbossers se enigsins ambivalente houding.

Maar op die ANS-kongres, wat deur sowat 'n duisend studente bygewoon is (*Wapenskou*, Okt. 1934), is die bande tussen die nasionaaldenkende Afrikanerstudente van die Noorde en Suide opnuut gesmee (Steyn, 1943). In 'n kongresbylae tot die *Stellenbosse Student* (Sept. 1934), het Diederichs oor Afrikanerstudente se roeping in diens van hul nasie geskryf, 'n onderwerp waaroor hy ook 'n kongrestoespraak gehou het (*Wapenskou*, Aug. 1934). Ander sprekers was prof. E.C. Pienaar, wat oor die ouer Afrikaanse skrywers gepraat het, en prof. Fransie Malherbe, wat entoesiasties oor die verwagte vernuwing in die lettere, met name W.E.G. Louw en sy debuutbundel, *Ryke dwaas*, gepraat het (Malherbe, 1977:127).

Te midde van die Stellenbosse gasvryheid en nuutgevonde vriendskappe, besluit die kongres dat (die Maties se) lidmaatskap van die ANS én Nusas nie bots nie. In dié stadium was gesindhede tussen die Maties en Nusas klaarblyklik ook nog uitstekend (SS, Mrt. 1935).

Die politieke rigting van die ANS was egter radikaal, d.w.s. afgestem op 'n fundamentele herskikking van die politiek sodat die Afrikaner sy posisie van voorrang kon terugkry. Daarvan het die aanvaarding op sy 1935-kongres van die ou Transvaalse vierkleur as amptelike vlag van die ANS getuig (*Wapenskou*, Jun. 1943).

Stellenbosch kon binne so 'n ideologies gelade raamwerk nie sy dubbele lidmaatskap onbepaald volhou nie. Met die Afrikanernasionalistiese stroom sterk aan die opbou, besluit die Maties eindelik met 'n "oorweldigende meerderheid" om sy alleenstryd binne Nusas te laat vaar en uit te tree (SS, Apr. 1936; Marais, 1971). Dit het die deur vir die ANS-rigting wyer oopgemaak, maar daar was steeds voorbehoude by sommige studente.

Dit was egter nie die geval met W.A. de Klerk en 'n twaalftal ander studente nie wat een nag tydens die daaropvolgende ANS-kongres in Bloemfontein (Junie 1936) 'n "bedevaart" na die Vrouemonument onderneem het. De Klerk (1960) vertel: "Die nánag was twee, drie uur oud toe ons daar in 'n halwe kring voor die

gedenknaald kom staan het. Een - ek meen dit was J.S. Gericke - het ons in gebed voorgegaan. Dit was ontroerende, betekenisvolle oomblikke."

Die groep het voorts 'n gelofte voor God afgelê "dat so ver dit in *ons* vermoë was, ons die toekoms van Suid-Afrika sou help wen. Spesifiek het ons aan die Republiek gedink, dit ook so genoem". Die leidende Stellenbossers was nou hart en siel deel van die nuwe golf van Afrikanernasionalisme.

In 'n hoofartikel het die redakteur van die *Stellenbosse Student*, Frans O'Brien Geldenhuys, metterwyl skerp kritiese vrae gevra en standpunte ingeneem. Hy het o.a. gevra wat verstaan word onder die "Afrikaner-rigting" waarvoor Stellenbosch sou staan. Verder:

> Moet ons in die Afrikanerrigting alleen sien 'n nasionalistiese politieke strewe of moet ons daarin sien die strewe na die bevordering van 'n hegte Suidafrikaanse nasie... dit skyn asof sommige leiers van die plaaslike ANS-tak juis daardie mooi doel van hom verydel deur die eng houding wat deur hulle ingeneem word... (SS, Aug. 1937).

Die artikel het dit ook gehad teen "eensydige" inligting en die beweerde opsweping van die studente. Aangesien Geldenhuys die studente se roeping breër gesien het as wat die studentemassa in daardie stadium gevoel het, was sy bedanking onvermydelik (Van Jaarsveld, s.a.:34). Die meerderheid van die studente het die rigting en beleid van die ANS goedgekeur en ondersteun (SS, Mrt. 1938).

Toe uitnodigings na Nusasbyeenkomste ontvang word, het die SR daarop gewys dat 'n monstervergadering reeds besluit het om uit Nusas te tree (SR, 16 Jun. 1937). Die volgende jaar is die deur steeds ferm toegehou deurdat die SR, op voorstel van John Vorster, Nusas daarop gewys het dat "Stellenbosch offisieel uit Nusas getree het en dat hier geen plaaslike tak van Nusas bestaan nie en die SR dus gevolglik niks aan die saak kan doen nie" (SR, 11 Apr. 1938).

Verdere korrespondensie van Nusas is ontvang, maar die studenteraad het telkens negatiewe of hoogstens neutrale antwoorde gegee (SR, 16 Jun. 1938; SR, 23 Aug. 1938). Dit was teen dié tyd duidelik: Stellenbosch het bande met Nusas beslissend verbreek en was besig om saam met die res van die land 'n opwelling van Afrikanernasionalisme rondom die Voortrekkereeufees te beleef.

Die status en posisie van die ANS het intussen heelwat aandag geniet. Moes die Stellenbossers, met die Nusasband nou iets van die verlede, nouer skakeling met die ANS soek, bv. in die vorm van outomatiese lidmaatskap vir alle lede van die studente-unie?

John Vorster, Flip le Grange en ander leidende studente was sterk teen dié gedagte gekant. Omdat hulle gemeen het dat die meeste studente hulle steun, is entoesiasme vir die monstervergadering opgewek deur 'n mosie oor die verpligte dra van wit broeke saam met die universiteitsbaadjie op die agenda te plaas. Die studente het Vorster se leiding oor die outomatiese lidmaatskapkwessie aanvaar, maar die helfte van die studenteraad het uit protes bedank: hulle het ondubbelsinnige steun vir die ANS verlang (D'Oliveira, 1977:25; SS, Sept. 1938).

Te midde van die skerp verdeelheid in studentegeledere, het die rol van die studenteraad 'n kwessie geword. Die gematigdes het 'n min of meer neutrale raad verwelkom, maar dit was vir die ANS-gesindes onaanvaarbaar: hulle wou 'n SR hê wat die wense en strewes van die studente-unie verteenwoordig, uitdra en verkondig (SS, Apr. 1938; SS, Sept. 1938).

Die daaropvolgende *Stellenbosse Student* (Okt. 1938) het die veldtog verder gevoer. Die SR is selfs bestempel as die "grootste klomp mislukkings wat 'n universiteit nog ontsier het". Daarmee is die meningsverskil tussen die gematigder nasionaaldenkendes en sterk ANS-ondersteuners na 'n nuwe hoogtepunt gevoer. Intussen het die klein groepie regeringsondersteuners se rol weggekwyn en het die ANS die politieke klimaat korrek gepeil deur bv. vir dr. Albert Hertzog en mnr. Faas de Wet, twee voorste kampvegters vir die regte

van die blanke mynwerker, Stellenbosch toe te nooi vir 'n openbare vergadering (Naudé, 1969:44). Die ou Recreation Hall op die Braak was volgepak van studente en ander belangstellendes. "Die geesdrif vir die Afrikanerstryd het hoog gevlam" (Naudé, 1969:45) - ook onder die Stellenbosse studente - en dit sou daarvoor sorg dat die studentepolitiek vir die volgende paar jaar 'n besondere intensiteit sou handhaaf.

**4.2.3 Herdenking van die Voortrekkereeufees en die dreigende oorlog.** Reeds vyf jaar voor die eeufeesviering van die Groot Trek het die SR besluit om Voortrekkerseëls op hul korrespondensie te gebruik (SR, 17 Jun. 1933). En teen die einde van 1934 het die lede van die Damestudentebond (die naam het die vorige jaar van Vroue- na *Dame-* verander) "anti-oorlogse propaganda" bespreek (DSB, 29 Okt. 1934). Dié twee sake - oorlog en die Voortrekkereeufees - sou die studentelewe toenemend, en uiteindelik ingrypend, beïnvloed.

Teen die lente van 1938 was geesdrif vir die simboliese ossewatrek aan die opstu. Dit is in 'n mate aangehelp deur die viering op Stellenbosch van die aankoms van die Hugenote 250 jaar vantevore (Van Jaarsveld, s.a.:98).

Saam met Afrikanermans landwyd het manstudente op groot skaal baarde gekweek om ook op dié wyse deel te neem aan die verering van die Voortrekkers (SS, Sept. 1938). Trouens, manstudente is deur die SR aangemoedig om baarde te kweek deurdat 'n wedstryd uitgeskryf is vir die mooiste baard. Die eerste prys was 'n treinkaartjie na Pretoria vir bywoning van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument (Anon., 1938).

Nadat die Damestudentebond mede-vrouestudente aangemoedig het om sover moontlik die 1938-gradeplegtigheid in Voortrekkerklere by te woon, is heelwat kleur aan die plegtigheid gegee deurdat byna alle damestudente en verskeie professore en manstudente op 7 Desember - enkele dae voor die emosionele hoogtepunt van die Voortrekkereeufees in Pretoria - in Voortrekkerdrag

op die verhoog verskyn het (DSB-voorsitterverslag, 1938; SS, Apr. 1939). (Altesame 438 studente het in 1938 grade ontvang.)

'n Groot groep Maties het op die vooraand van die begin van die simboliese ossewatrek 'n feesprogram in die Kaapstadse stadsaal bygewoon asook die emosionele begin van die trek op 8 Augustus 1938 (Van Jaarsveld, s.a.:55,56). Een van die studente, John Vorster, vertel later: "Dié datum is in my geheue vasgebrand... dit was 'n geestelike ontwaking, dit was iets heiligs" (D'Oliveira, 1977:35).

Een van die agt ossewaens wat vanuit alle windrigtings na Pretoria vertrek het, het op Stellenbosch aangedoen en 'n gul ontvangs op die Braak geniet (De Witte, 1939:13)[2].

As die Stellenbossers, vergeleke met hul noordelike eweknieë, in die voorafgaande jare 'n meer bedeesde, enigsins terughoudende Afrikanernasionalisme aangehang het, het die simboliese ossewatrek en die emosies wat daardeur ontketen is 'n verandering teweeggebring. In dié gees het die *Stellenbosse Student* (Okt. 1938) in 'n hoofartikel opgemerk: "As 'n studentegemeenskap voel ons ons 'n deel van daardie groter nasie-geheel wat vanjaar feesvier... Groot is die naam van ons Voortrekker-helde! Lank lewe die Afrikanerdom!"

Maar, is bygevoeg, die fees moet meer wees as een van baarde en Voortrekkerkappies. Selfs te midde van die emosie van die oomblik, het denkende studente dus verder gekyk. W.A. de Klerk het sy medestudente gemaan dat vasgestel moet word wat die kernidee van die feesvieringe *behoort* te wees. Volgens hom moes die Afrikaner se nasiediens ten diepste in Christelike liefde gefundeer wees; hulle moes konsekwent en konstruktief wees; en hulle moet van hul minderwaardigheidsgevoel ontslae raak (SS, Okt. 1938).

Daar moes ook vooruit gekyk word na "ons eie Voortrekkertaak wat wag" (SS, Okt. 1938). Dié taak het veral op die ekonomiese terrein gelê en dit is by uitnemendheid deur die Voortrekkereeufees uitgelig (Kapp, 1975:144). Die feesvieringe het noodwendig ook die republikeinse ideaal verder gestimuleer, 'n gedagterigting wat sedert

die vroeë dertigerjare sterker in Nasionale Party-kringe geleef het (vgl. 4.1.1) en sterk steun onder die studente geniet het (Botha, 1970:335; SS, Apr. 1934; Cillié, 1977).

Afgesien van die republikeinse strewe, het die nasionaal-sosialisme en die dreigende oorlog in Europa die aandag toenemend opgeëis. Leidende ANS-figure soos Piet Meyer en Nic Diederichs het albei in Duitsland gestudeer en het simpatiek teenoor die nasionaal-sosialisme gestaan (vgl. Furlong, 1991:77-82; Moodie, 1975:154). Einde 1933 lei Meyer die eerste van verskeie ANS-toere na Europa waar Hitler by geleentheid in lewende lywe gesien is en die ANS-studente gul deur die Duitsers ontvang is. Die doel was veral om bande met Duitse studenteorganisasies aan te knoop en kennis te maak met die Duitse "volkslewe", d.w.s. die leefwyse van gewone mense (Meyer, 1984:11; Furlong, 1991:81). Daardeur het die ANS sy simpatie met die nasionaal-sosialisme aangedui.

Dat die ANS meer as net nasionaal-sosialistiese simpatieë gehuldig het, blyk uit artikels in *Wapenskou* en 'n toespraak van dr. Hans van Rensburg op 'n ANS-vergadering op Stellenbosch (Furlong, 1991:93).

Ten einde Afrikaners tot die nasionaal-sosialisme oor te haal, het die Duitsers groot bedrae aan propaganda in Suid-Afrika bestee, waarvan heelwat materiaal in puik Afrikaans geproduseer is (Furlong, 1991:83).

Met die Stellenbossers sedert 1936 weg uit die Nusas en die groeiende ANS-steun op die kampus, was dit te wagte dat die *Stellenbosse Student* moontlik aanvullend tot die ANS se eie blad, *Wapenskou*, vir pro-nasionaal-sosialistiese standpunte gebruik sou word. Dit het wel by geleentheid gebeur (bv. SS, Nov. 1936; SS, Jul. 1938), maar van die debatte is eerder oor die etiek van oorlogvoering en militêre paraatheid gevoer (vgl. SS, Okt. 1935; SS, Jun. 1936; SS, Aug. 1936). Dié wat ten gunste van militêre opleiding was, was allermins almal regeringsgesindes. So skryf een student dat "militarisme... onontbeerlik" vir die voortbestaan van 'n volk is (SS,

Aug. 1936). En die volgende maand het 'n student se republikeinse motivering duidelik geblyk: "Deur Engeland te gebruik om ons wel 'n deeglike militêre opleiding te gee, sal ons alleen in staat wees om Engeland teë te werk as die kans sig bied." Sonder militêre kennis, het die skrywer bygevoeg, kan die Afrikaner nooit sy eie republiek tot stand bring nie (SS, Sept. 1936).

Nasionaalgesinde studente sou, soos hul ouer geesgenote, metterwyl in 'n knyptang vasgevang word: hulle sou moes kies tussen 'n konstitusionele benadering (soos voorgestaan deur dr. D.F. Malan en die Nasionale Party) of 'n nie-demokratiese nasionaal-sosialisme (soos deur die ANS en later die Ossewa-Brandwag onder leiding van dr. Hans van Rensburg gepropageer is).

Daarom was dit betekenisvol dat die NP-gesinde studente onder leiding van Flip le Grange en John Vorster in 1938 'n adres aan Malan opgestel het en georganiseer het dat 900 studente hul handtekeninge daaraan voeg (SS, Jun. 1938). Die omstredenheid wat daarop gevolg het deurdat beweer is dat die handtekeninge onder valse voorwendsels bekom is, het min afbreuk gedoen aan die feit dat die studente duidelik laat blyk het dat hulle oor die algemene NP-gesind was.

**4.2.4 Die Universiteit van Stellenbosch as "volksuniversiteit".** Sedert sy ontstaan het die studente hul universiteit "die volksuniversiteit" genoem. Teen die vroeë dertigs het party studente al 'n bietjie met die enge gebruik van die term gespot: daar moet eerder *gedoen* as gespog word, is gevoel (SS, Mrt. 1933; SS, Mei 1933; Scholtz, 1977). Tog het die motivering vir die toekenning van 'n eregraad aan C.J. Langenhoven vermeld dat Stellenbosch daarna *streef* om *'n volksuniversiteit* te wees (kyk 4.3.1). Die universiteitsleiding het daardeur steeds hul verbintenis tot die gedagte getoon - weliswaar met 'n duidelike kwalifikasie.

In die ontstuimige jare wat sou volg, is die gebruik van die term meermale betrek by die argumente oor waar Stellenbosch met

betrekking tot die nasionale strewes van die Afrikaner staan (of behoort te staan). 'n Belangrike faset van dié debat was of *handhawing* van die volksidee in die sentrum moes staan - dus of die oorlewingsmotief moes domineer. Vir *Pro Libertate* was dié konserwatiewe strydkreet onaanvaar; *voorwaarts* was 'n aanvaarbaarder motto (PL, Aug. 1931).

Die Stellenbossers is 'n paar keer herinner aan hul verantwoordelikheid of roeping - veral toe die gemoedere in 1938 hoog begin loop het. 'n Student het vroeër reeds opgemerk:

> Laat ons 'n feit in sy gesig kyk: Stellenbosch, ons hooggeroemde Matiestad - die hart van Suid-Afrika met sy prestasies enig op sportgebied in ons land - is die naam Volksuniversiteit onwaardig en hieraan het ons... studente sowel as professore, die skuld" (SS, Sept. 1933).

'n Ander het gevra: "Gaan ons die volk dien, en onvoorwaardelik dien?" (SS, Okt. 1933). En *Pro Libertate* het 'n paar maande later opgevolg deur die Maties aan te moedig: "Laat Stellenbosch weer opnuut aan die buitewêreld toon, dat hy nog steeds die volksuniversiteit is" (23 Apr. 1934).

In 'n redaksionele artikel het die *Stellenbosse Student* aangevoer dat Stellenbosch die keuse het om of die bakermat van die Afrikaanse gedagte te wees, of ten minste die propageerder daarvan, of niks te wees nie. Dit is die Maties se plig om hulle te laat geld en te help sorg dat Afrikaanssprekende studente se eie nie verontagsaam word of in die gevaar gestel word nie (SS, Apr. 1936).

In die gewoonlik kritiese *Pro Libertate* is positief oor die Stellenbossers se rekord in die Afrikaner se stryd geskryf:

> Met ons taalstryd het Stellenbosch geantwoord; met die Helpmekaar-beweging, met die Rebellie en nog verlede jaar (1936, vgl. 4.1.1 - JDF) met die onbeperkte immigrasie het Stellenbosch onomwonde getoon waar hy staan... Maar meer nog: Stellenbosch het nie net in hierdie gevalle getoon waar hy staan nie - hy het aan die spits van daardie bewegings gestaan! (PL, 24 Apr. 1937).

Daarmee is 'n nuwe geslag Maties weer bewus gemaak van die histories prominente rol wat hul voorgangers in die stryd van die Afrikaner gespeel het. Enkele maande later is dit nogmaals gestel: Stellenbosch het in die verlede handelend opgetree ter bevordering van één ideaal, nl. Afrikanernasionalisme (SS, Aug. 1937). Die skrywer het die *Sunday Times* daarom instemmend aangehaal waar dié blad oor die rol van Stellenbosse studente opgemerk het: "Stellenbosch, in its quiet way, has exerted more influence in South Africa than any of the universities; this influence has been decidedly in favour of the spirit of Afrikaner nationalism."

Maar die debat of Stellenbosse studente voluit gaan inval by die ANS-stroom of nie, was nog nie besleg nie. Ná 'n redaksionele artikel waarin die studente gewys is op hul "heilige roeping" om Stellenbosch te help om "die hartklop van die Afrikanernasie te word" (SS, Mrt. 1938), het die *Stellenbosse Student* (SS, Apr. 1938) breedvoeriger daaroor standpunt ingeneem: "Langer kan ons nie hink op twee gedagtes nie": Die studente moes sê of Stellenbosch wel vir 'n bepaalde rigting staan; en indien wel, moes gesê word wat dit is. Self het die blad duidelike rigting aangedui: Die Universiteit van Stellenbosch is "bedoel... as Volksuniversiteit" en het daarna gegroei om "die bakermat van die Afrikanerdom te wees". Die essensie hiervan is: "Stellenbosch staan vir die Afrikaanse Gedagte". Daarmee is te kenne gegee dat Stellenbosch die etos van die Afrikanervolk, soos deur Afrikanernasionaliste verwoord, aanvaar het en getrou handhaaf.

Tog is nie net na die verlede gekyk nie. Stellenbosch se taak, het die artikel aangevoer, was ook om tred te hou met nuwe ontwikkelinge, sonder om die "hoogste en die edelste" in die volksverlede te negeer. Dit het ten doel gehad om Stellenbosch te lei "tot diens aan homself en voorts tot nasiewye en wêreldwye diens".

Hier was 'n volksnasionalisme aan die woord waarvan 'n belangrike komponent was dat die Afrikaner sy plek op beroeps-

gebied in die stad moes volstaan. Oor hierdie aspek het 'n paar studente standpunt ingeneem. Een van hulle het geskryf: "Stellenbosch, as die enigste werklike volksuniversiteit van ons land, behoort bewus te wees van sy roeping om die Afrikaner in staat te stel om al die vooraanstaande beroepe van ons land te beklee" (SS, Mrt. 1938).

Maar voldoen Stellenbosch aan die eise wat gestel word? het 'n ander in dieselfde uitgawe gevra. Die student het bygevoeg: "Die taak van 'n volksuniversiteit is om geestelike leiers te verskaf wat vry is van morele neerlaag en selfsugtige doelstellings..." As Stellenbosch wel die mas in dié verband opkom, kon hy wel, volgens die skrywer, 'n volksuniversiteit *word*.

'n Ander het hierby aangesluit en gepleit dat Stellenbosch "as Volksuniversiteit" jong Afrikaners oplei om hul plek in die handel en nywerheid te gaan volstaan. Want dis hier "waar die ruggraat van ons volk geleidelik gebreek word" (SS, Mei 1938).

Hier was dus nie net 'n selfgenoegsame herhaling van 'n historiese eretitel nie, maar 'n hernieude formulering van Stellenbosch se taak in 'n nuwe tydsgewrig met nuwe eise. Die feit dat die universiteit teen 1932 'n volle 32% van sy studente uit die Transvaal getrek het, 12% uit die Oranje-Vrystaat, 7% uit Natal en minder as 50% uit die Kaapprovinsie (die orige 3% was van buite die Unie)(*Die Stellenbosse Oud-Student,* Apr. 1933), toon dat sy studente, ten minste geografies gesproke, die volk verteenwoordig het. Die US was nie 'n eng Kaapse instelling nie.

Van universiteitsweë is die "volksuniversiteit"-sentimente bevestig deurdat in 'n werwingsbrosjure verwys is na die universiteit se "roeping as Volksuniversiteit" (US, 1938).

Die dra van die universiteit se amptelike kleure en die nougesette waak oor die konsekwente gebruik daarvan, was steeds die sigbaarste manier waarop die studente hul verbondenheid aan die universiteit - en dit waarvoor hy gestaan het - kon toon. Soos in die jare voor 1925, het die studenteraad telkens daaraan aandag geskenk

(vgl. SR, 12 Apr. 1926; SR, 4 Aug. 1927; 15 Aug. 1927; SR, 28 Aug. 1928; SS, Jun. 1932).

Die studenteraad het by geleentheid so sterk oor hul amptelike kleure gevoel, dat via Nusas aangedring is op wetgewing om dit te beskerm (SR, 9 Okt. 1929). Dié versoek het klaarblyklik niks opgelewer nie, want vyf jaar later het 'n student, J.J.J. Scholtz, gevra dat die plaaslike lid van die Volksraad versoek word om die saak van die beskerming van amptelike kleure op te neem (SS, Mrt. 1934). Die volgende jaar kon die SR 'n mosie van dank aanvaar vir die werk van o.a. sen. F.S. Malan, wat betrokke was by die deurvoer van 'n wetsontwerp op name, uniforms en wapens (SR, 6 Mei 1935).

Die politieke dimensie van die kleure is deur twee skrywes in die *Stellenbosse Student* onderstreep. M.C. Botha het in 'n brief gekla dat hy 'n "naturel" in 'n Matiekleurbaadjie gesien het, waarop die redakteur daarop gewys het dat dit nie onwettig was nie. Tog sou daaraan aandag gegegee word (SS, Mei 1933). 'n Ander student, wat geskok was omdat Matiekleure in die hande van 'n (nie-blanke) nie-Matie kon val, het geskryf: "Ek wou net die straat oorsteek toe daar skielik 'n pikswarte tater van 'n kaffer op 'n fiets by my verbyry - met 'n Matie-Intervarsityhoedjie van 1936 op sy kroeskop!" (SS, Aug. 1936).

Die plasing van dié tipe opmerking was uitsonderlik, maar illustreer duidelik die ideologiese dimensie (in enger sin van die woord) van die Maties se beskerming van hul universiteit se kleure.

**4.2.5 Hulpverlening; bou van eie monumente en bevordering van Afrikaanse musiek, sang en danse.** Te midde van die depressie rondom 1930, het die student Jack Loock voorgestel dat studente verbied moes word om duur kaartjies (di. die agterste sitplekke in die bioskoop) vir hulself en hul metgeselle te koop. Anders as met die anti-sjokoladewet van 'n paar jaar vroeër, is Loock se voorstel summier verwerp (SR, 11 Mrt. 1931).

Tog was 'n "sisteem van Helpmekaar" (soos die SR-voorsitter vir 1928 daarna verwys het) nie vreemd aan die Maties nie (SS, Mrt. 1929; kyk ook SS, Mei 1925). Die studente het in die jare ná 1924 telkens deur woord en daad blyke van medelye met volksgenote getoon - o.m. deur hulp uit gewone fondse aan behoeftige mede-studente te gee by wyse van lenings en beurse (vgl. SR, 15 Jun. 1927; SS, Mrt. 1928; SS, Jun. 1932; SR, 15 Jun. 1936; SR, 16 Jun. 1937). Deur die jare het die studenteraad namens die studente bydraes tot die Helpmekaarfonds gedoen (SR, 26 Nov. 1931; SR, 5 Apr. 1935; SR, 29 Nov. 1935; SR, 5 Des. 1938).

Die Stellenbosse studente se ondersteuning van volksgenote in nood het meermale ook op ondubbelsinnige en individuele wyse tot uitdrukking gekom en 'n bewuste volksversorgende karakter vertoon. Na 'n aanvanklike skenking van sestig pond uit die SR-kas aan boere in droogtegeteisterde distrikte, het die studente 'n paar maande later persoonlik hand in die sak gesteek (SS, Apr. 1928). Dié keer is sowat 130 pond geskenk nadat 'n mikpunt van 100 pond gestel is (SS, Aug. 1928).

Die studente het eweneens mildelik tot die Bond vir Maatskaplike Werk bygedra, waarop 'n student opgemerk het: "Stellenbosch het bewys dat hy homself getrou bly" (SS, Jun. 1929).

Individuele studentemusikante het voorts oor jare heen 'n sleutelrol gespeel in die Stellenbosse Boerorkes[3], wat in 1932 deur Oom Pietie le Roux gestig is. Dié orkes het tot 1957 bestaan en uit die staanspoor 'n tweeledige doel gedien: om Afrikaanse musiek aan Afrikaners landwyd bekend te stel en om geld vir projekte soos die Langenhoven-gedenksaal en die Voortrekkermonument in te samel. In albei dié doelwitte is uitnemend geslaag. Terselfdertyd is die beeld van die Universiteit van Stellenbosch landwyd bevorder (Le Roux, 1984:43-56).

Die orkes het in 1933 sy eerste konsertreis - na Porterville en Ceres - onderneem. Die ondersteuning was goed, maar weens die vervoerkoste is net nege pennies profyt getoon. Maar teen einde

1934 is 'n eerste bydrae van 20 pond tot die Voortrekkermonumentfonds gedoen.

Die konsertprogramme het vergete volksliedjies ingesluit en die konsertina en kitaar het 'n ereplek gekry. Die program is verder verlewendig met voordragte. Alles het gestaan in die teken van die orkes se leuse; "Ons eie" (vgl. SS, Aug. 1938).

Van lede is verwag om streng by die orkes se "erkende Afrikaanse gedragskode" te hou, wat die volgende ingesluit het:

> Daar DANS teenstrydig is met die doel waarvoor ons werk, en aangesien ons grootliks afhanklik is van en ondersteun word deur Kerklike liggame, word dit onder geen omstandighede toegelaat nie.
> ROOK, ROOI LIPPE en GELAKTE NAELS by dames word ten sterkste afgekeur...
> Lede moet Sondae PASLIK GEKLEED gaan, en dit word verwag dat Eredienste bygewoon word (Van Blerk, 1986:796,797).

Voorts is die handhawing van Afrikaans van elke lid verwag. Die tradisionele aanspreekvorme is in ere gehou; vandaar die vereiste dat lede "ons Boere-aanspreekvorms Oom, Tante, Neef, Niggie konsekwent sal besig".

Die Stellenbosse Boerorkes se verering van die Voortrekkers het vanselfsprekend in 1938 'n besondere vorm aangeneem: die orkes het o.m. by die ontvangs van die simboliese ossewatrek op Die Braak op Stellenbsoch opgetree en by geleentheid Voortrekkerdrag tydens konserte gedra (Van Blerk, 1986:797,798). Die meer algemene drag was klere waarin die landsvlag se kleure (oranje, wit en blou) weerspieël is - op sigself 'n duidelike manifestasie van die groep se (Afrikaner-) nasionalistiese inslag, gegee die erkenning wat die Union Jack nog in daardie stadium naas die vlag van oranje, blanje, blou geniet het.

Teen 1936 het die landwye Voortrekker*monument*fonds die Stellenbosse Voortrekkergedenksaalfonds (wat die Langenhovengedenksaalfonds sou word) ietwat op die agtergrond begin druk. Met

die eeufeesvieringe in 1938 om die draai, was dit ook te begrype. So het die studenteraad besluit om pogings aan te wend om geld vir die Voortrekkermonumentfonds in te samel, o.m. deur 'n rugbywedstryd te reël (SR, 6 Aug. 1936). En in 1938 is aansienlik meer geld vir studentelenings bewillig as waaroor die studenteraad beskik het; die tekort is o.m. opgemaak deur 'n skenking van die Baanbrekers-orkes (SR, 11 Apr. 1938).

Terwyl die simboliese ossewatrek reeds goed op dreef was en emosies rondom die Voortrekkereeufees aan die oplaai was, het die redakteur van die *Stellenbosse Student*, W.A. de Klerk, geskryf:

> Nou watter hoop is daar dan vir ons Volk as ons elkeen... nie bereid is om alles te laat staan en alles te gee vir ons Volk, sonder enige beloning daarvoor te verwag nie. Ons het manne en vroue nodig van vlees en bloed, wat sal staan of val by hulle Volk" (SS, Okt. 1938).

Vir die studente was 'n prettige maar potensieel baie doeltreffende manier om hieraan uiting te gee, deelname aan die optredes van die Jan Pierewiet-geselskap. Dié groep het in die loop van 1938 tot stand gekom om o.m. geld vir die Langenhoven-gedenksaalfonds in te samel (Hugo, 1966:394; Van Blerk, 1986:807). Die eerste toer was geen finansiële sukses nie, maar in 1939 is met heelwat sukses weer probeer: die groot bedrag van 800 pond is aan die einde van die jaar aan die Langenhoven-gedenksaalfonds oorbetaal.

Maar die groep het veel meer as fondsinsameling in die oog gehad. Lede soos Philip McLachlan, Lang David de Villiers en Topper Conradie het die tradisionele Afrikaanse kultuur bevorder deur bv. danse uit hul kinderdae te rekonstrueer en op konserte te demonstreer (McLachlan, 1977).

Te midde van dié en ander aktiwiteite, opwellende emosie en 'n algemene oplewing in die studente se nasionalisme, het die *Stellenbosse Student* gesê hy wil graag 'n "intellektuele rypwording van 'n vrye gees" sien, "sonder repressie of vrees, wat omdat hy vry is verkies om hom aktief te interesseer in die doen en late van sy

volk". Studente moet dus betrokke wees, maar nie "alle ander uitdrukkingsvorme van sy persoonlikheid verwaarloos" vanweë sy deelname aan volksake nie (SS, Aug. 1938).

Buiten vir die deelname aan die aktiwiteite van groepe soos die Stellenbosse Boerorkes en die Jan Pierewieters en die gereelde individuele optrede van studente by debatsverenigings - wat noodwendig maar 'n betreklik klein groepie studente betrek het - het groepsang en -musiek nie spontaan by die studente voorgekom nie (vgl. Gericke, 1977; SS, Mei 1926; Loots, 1978). Teen 1926 het die Vrydagmiddagse sangoefeninge "heeltemal uitgesterf" en het die studente selfs hul universiteitslied "hopeloos" gesing (SS, Apr. 1926). 'n Ander student neem die saak verder en verklaar:

> Dis 'n skande dat so 'n aansienlike persentasie van die studente van ons universiteit - wat altoos beskou is as die brandpunt van ons nasionale kultuur - onbekend is met die wysies en die woorde van sulke liedere as *Die Stem van Suid-Afrika, Komaan,* en die republikeinse volksliedere (SS, Mei 1926).

In dieselfde uitgawe van die *Stellenbosse Student* is student herinner aan die tyd toe almal verlangend daarna uitgesien het om Vrydagmiddg vieruur in die Universiteitsaal te wees vir sangoefening. Die skrywer het bygevoeg: "My bedoeling is suiwer, want ek is daarvan oortuig dat ons universiteit ons volksbelange op die hart dra en graag daarin wil voorsien."

Met sulke sterk standpuntinnames, val dit nie vreemd op nie dat teen Augustus 1926 op 'n studenteraadsvergadering gerapporteer is dat daar reeds begin is met die oefening van Afrikaanse liedere (SR, 3 Aug. 1926). In 1928 is sangoefeninge hervat - 'n aanduiding dat dit nie sonder 'n mate van inspanning volgehou is nie (Hugo, 1966:333).

Maar waar studente informeel bymekaar was, het die invloed van populêre grammafoonplaatmusiek hul laat geld:

In plaas dat ons studente die Afrikaanse liedere in ere hou deur hulle te sing op piekniek, toere en ander geleenthede, is dit amper walglik om die goedkoop straatliedjies tydig en ontydig in die mond van ons studente te hoor (SS, Apr. 1929).

As verskoning is toegegee dat Afrikaanse liedjies dalk onbekend was en dat studente nooit die geleentheid gekry het om dit aan te leer nie. Studente wat die vergaderings van die Afrikaanse Kultuurvereniging bygewoon het, het wel Afrikaanse liedere geoefen (SS, Apr. 1929).

Maar 'n leemte is weer eens geïdentifiseer en iets is daaraan gedoen: teen die lente is 'n liederebundel opgestel en was dit reg vir druk. Die *Stellenbosse Student* het in 'n hoofartikel gesê hy vertrou dat die bundel daartoe sal bydra "om die Afrikaanse lied in sy regmatige posisie van eer te herstel" (SS, Okt. 1929).

Die liederebundel was teen begin 1930 beskikbaar en het 'n leemte gevul in 'n tyd wat andersins deur stagnasie en belangeloosheid gekenmerk is (SS, Mrt. 1930; Hugo, 1966:333). Ondanks die sang wat gereeld deel van die twee debatsverenigings se programme was, het studentesang van Afrikaanse patriotiese liedere nou op sterk leiers, die regte emosionele klimaat of 'n ander belangwekkende gebeurtenis gewag vir herlewing.

Intussen het intervarsity-sang en serenades sy lighartige én serieuse loop geneem, en is Afrikaanse liedere (of dan selfstandig vertaalde liedere) gesing (vgl. Hugo, 1966:333-336; Loots, 1978).

'n Poging deur Herr Endler en prof. Con de Villiers om 'n permanente studentekoor op die been te bring, het eers misluk. Prof. Endler voer egter in 1935 'n Afrikaanse operette uit sy eie pen, *Pa se dogter*, met sukses op Stellenbosch op (Van Jaarsveld, s.a.:47). Vir hom was dit 'n besondere triomf en 'n mylpaal in die studentelewe.

Die volgende jaar is die eerste Stellenbosse kunswedstryd gehou met 'n steeds stygende aantal studente wat deelgeneem het (Van Blerk, 1986:667). In 1937 is 'n verdere mylpaal bereik: 'n hernieude poging om 'n universiteitskoor te stig geluk. Dié koor het vanselfsprekend aan die kunswedstryd deelgeneem. En met die

Voortrekkereeufeesviering om die draai, verskyn die FAK-sangbundel, propvol Afrikaanse liedere van alle soorte (Hugo, 1966:333; Gericke, 1977:6).

In 1938 is aan 'n verdere belangrike voorwaarde vir lewendige studentesang voldoen: die teenwoordigheid van 'n bekwame, inspirerende sangleier in die persoon van Philip McLachlan. Hy is gevra om die leiding te neem by sangoefeninge op Vrydagmiddae, maar onder wie se beskerming dit sou staan, kon nie in samesprekings tussen die twee liggame uitgestryk word nie (SR, 12 Sept. 1938; SR, 12 Okt. 1938; SR, 5 Des. 1938).

**4.2.6 Debatte, toneel, sprekers en kultuurdae.** In die tydperk 1902 tot 1924 is toneel meermale gebruik om 'n nasionalistiese boodskap aan die breër bevolking deur te gee.

Dié patroon is nie in dieselfde mate in die jare ná 1924 voortgesit nie. Wel het toneelopvoerings aanvanklik steeds 'n beduidende rol in die verenigingslewe gespeel, en is toneelstukke selfs onder die Sprekersburo se beskerming opgevoer.

Die buro het ook sy hoofaktiwiteit voortgesit, nl. om op die platteland te toer waar lesings gelewer is. Op dié wyse is met "groot sukses" na die plattelanders uitgereik (SS, Apr. 1925).

Studente het later hulself as Dingaansdagsprekers beskikbaar gestel, maar die Sprekersburo het later doodgeloop, moontlik vanweë die geleidelike styging in onderwyspeil en die groei in gegradueerde onderwysers en ander beroepslui wat stadig maar seker deur Stellenbosch en ander Afrikaanse tersiêre inrigtings gelewer is (SS, Mei 1929). Die behoefte aan "geleerde" (of selfs halfgeleerde) sprekers het dus natuurlikergewys afgeneem.

Die keuse van toneelstukke het metterwyl weg van die vroeëre sterk pedantiese stukke geneig. By gebrek aan geskikte Afrikaanse stukke is dikwels Nederlandse stukke opgevoer (SS, Jun. 1928; SS, Okt. 1928; SS, Aug. 1929; SS, Nov. 1930). Ter aanvulling is by geleentheid uit die Langenhovenbundel *Aan stille waters* voor-

gelees. Uiteindelik het die gehalte van die beskikbare stukke die deurslag begin gee (SS, Okt. 1928; Scholtz, 1977). Daarmee is wegbeweeg van die streng eise van die oorlewings- en ideologie-motiewe.

Die ondersteuning vir toneelstukke het later onder die aanslag van die rolprentmedium gely, ondanks skerp kritiese stemme teen die estetiese en etiese aspekte van Amerikaanse rolprente (SS, Okt. 1929; SS, Jun. 1934). Danksy 'n handvol entoesiaste, die leiding van bekwame dosente en die talent van 'n Anna Pohl het studentetoneel die twintigerjare egter meer as oorleef; vol sale is steeds getrek (vgl. Binge, 1969:191; Malherbe, 1979:88; SS, Sept 1926; SS, Okt. 1926). Die kommersiële sukses hiervan reflekteer nou eerder die groeiende belang van die markmotief.

Debatsverenigings het, soos feitlik alle ander aktiwiteite, teen 1930 die ekonomiese depressie in die land weerspieël (kyk SS, Mrt. 1929; SS, Nov. 1930; SS, Mei 1932). Die Universiteits-debatsvereniging se voorsitter het in 1931 erken dat die vereniging 'n kwynende bestaan voer en dat nou op debatsvoering alleen gekonsentreer is. Musiek is verminder en "resitasies, opstelle en improvisasies" is uitgeskakel en joernale gehalveer. Die jaarlikse opvoering is tog behou, deels omdat dit die verenigings se grootste enkele bron van inkomste was (SS, Nov. 1930; SS, Mrt. 1934; SS, Jun. 1934).

Dit het klaarblyklik beter met die Unie-debatsvereniging gegaan. Dié vereniging het by die FAK geaffilieer en het ook "daadwerklik meegehelp" met 'n kultuurdagviering (SS, Okt. 1931).

'n Rede vir die feit dat debatsverenigings se ledetalle in die dertigerjare in verhouding kleiner geword het, is enersyds die groter mate van "spesialisasie" in die georganiseerde studentelewe, en andersyds die trekkrag van die bioskoopteater. Omdat hulle nie meer die spilpunte van die studentelewe was nie, het die debatsverenigings hul "vermaaklikheidskarakter" begin verloor, wat net weer die tendens versterk het. Die *Stellenbosse Student* het studente juis

aangemoedig om oorvleuelings uit te skakel en die Dramatiese Vereniging toe te laat om op toneel te konsentreer (SS, Sept. 1930).

Net drie jaar later het studenteverenigings egter in 'n enkele maand vier toneelstukke in vier verskillende tale opgevoer - volgens die SR-voorsitters se jaarverslag "met groot sukses" . Hier was nou sprake van 'n opbloei in die kulturele lewe en groter belangstelling in verenigings (SS, Mrt. 1934; PL, 23 Apr. 1934).

Die kwynende ledetalle het die debatsverenigings egter metterwyl genoop om werwingsveldtogte vir lede te loods en *debatsverenigings* se entoesiasme vir toneelopvoerings het drasties verminder (SS, Mei 1936; SS, Nov. 1936).

Met die debatsverenigings nou nie meer die hoofpilare van die verenigingslewe nie, kon die Dramatiese Vereniging en ander verenigings sterker na vore tree. In pas met die algemene strewe om die Afrikaanse kultuur op te bou, het lg. vereniging 'n punt daarvan gemaak om ten minste een Afrikaanse toneelstuk per jaar op te voer (SS, Aug. 1933). En in 1936 bewillig die studenteraad 'n voorskot van 15 pond aan 'n groep studente wat twee Afrikaanse toneelstukke in Vlaandere en Nederland wou gaan opvoer (SR, 15 Jun. 1936).

'n Ander vereniging wat sedert die twintigerjare en veral in die skraal jare rondom 1930 aktief was, was die Afrikaanse Kultuurvereniging (SS, Nov. 1930). Dié vereniging (wat vroeër ook bloot as die Afrikaanse Vereniging bekend gestaan het) se statute het duidelik gestel dat hy ten doel het "die bevordering van die Afrikaans-Hollandse kultuur, veral op die gebied van taal, lettere en kuns" (ATV-statute, 1925).

Waar die dertigerjare eerder bekend geraak het vir sy ideologiese dimensie, was daar aan die begin van die dekade nog duidelike tekens dat die Afrikaner se oorlewingstryd nie as afgehandel beskou is nie.

Vir diegene wat meer entoesiasme vir die Afrikaanse taal en kultuur wou aanwakker, was die FAK se versoek tot die hou van 'n landwye kultuurdag op 3 Mei 1930 tydig. Op Stellenbosch - waar

daar andersins 'n bepaalde slapte geheers het - is 'n vol program gereël: dit het ingesluit 'n gekostumeerde optog, 'n musiekprogram, voordragte en 'n toespraak deur dr. D.F. Malan (Kapp, 1975:145; SS, Apr. 1930). Daarmee is nie net geld vir die FAK ingesamel nie, maar hernieude entoesiasme vir die Afrikaanse taal en kultuur aangewakker (SS, Mei 1930).

Die vorige keer dat 'n geleentheid van dié aard en omvang gehou is, was die Krugereeufees in 1925 toe die dag met "grote geesdrif en ernstige huldebewyse" op Stellenbosch gehou is (SS, Okt. 1925). By dié geleentheid is die Transvaalse volkslied en *Die Stem* o.m. gesing. Krugerdag is ook in 1932 gevier, waarop die *Stellenbosse Student* opgemerk het dat een so 'n aand meer vir Stellenbosch en die volk beteken as "duisend meer opspraakwekkende dinge" (SS, Okt. 1932).

In dié tyd is ondersteuning vir die Afrikaanse Kultuurvereniging in duidelike nasionalistiese taal gemotiveer:

> ... hierdie vereniging wat hom beywer vir Taal en kultuurbelange behoort 'n bron van inspirasie en opvoeding te wees vir elke taalstudent en elke nasieman... deur u ondersteuning van hierdie vereniging... bou u vir u volk en u taal, bevestig en ontwikkel u die geestesgoedere van u volk (SS, Mrt. 1932).

Ondanks die trefkrag van kultuuraande en nasionalistiese oproepe tot die bou en bewaar van taal en kultuur, het studente ook nagedink en geskryf oor wat kultuur is en hoe dit gestalte moet vind (SS, Jun. 1931). Verder is sprekers genooi om daaroor te kom praat (SS, Apr. 1931). Die werkwoordelike of doenkarakter van kultuur stoot telkens sterk deur wanneer bv. gevra word: "Jy wat so heerlik kultuur blêr, wat het jy al werklik vir daardie kultuur probeer doen?" (SS, Mei 1932; vgl. ook SS, Aug. 1932); 'n ander beklemtoon ook dat kultuur geleef en nie gepraat moet word nie. Hy voeg by dat kultuur " 'n gevoel van trots is oor die prestasies (op watter gebied ook al) van jou nasie - 'n gevoel wat openbaar word in kragdadige optrede, nie in

woorde nie" (SS, Jun. 1933). En daarmee is die inslag van kultuur in 'n volksnasionalistiese milieu saamgevat.

**4.2.7 Kuns en letterkunde.** Talentvolle studente is steeds aangemoedig om aktief te bou aan 'n Afrikaanse letterkunde. Die *Stellenbosse Student* was altoos 'n forum vir onluikende talent en die Afrikaanse Kultuurvereniging het van tyd tot tyd "werkaande" gehou waar oorspronklike werke voorgedra of gesing is.

'n "Werkaand" van die Afrikaanse Vereniging in 1925 was 'n groot sukses en die voorsitter het selfs gemeen dié vereniging was grootliks verantwoordelik vir "die algemene herlewing in die studentelewe" (SS, Apr. 1925; SS, Mrt. 1926). Hoe akkuraat dié waardeskatting was, kan nie bevestig word nie, maar die AKV het 'n betekenisvolle rol gespeel.

So het die vereniging 'n bundel Afrikaanse, Vlaamse en Hollandse liedere laat bind en versprei. Voorts is verse en 'n ballade op 'n AKV-werkaand voorgedra en gesing. Oor die "werkaand" is met entoesiasme in die studenteblad gerapporteer: "Nog 'n mylpaal in die geskiedenis van die AKV! Ook hier is 'n poging aangewend om die Afrikaanse kultuur 'n bietjie ryker aan liedere te maak" (SS, Mei 1926).

Die werkaande is in 1927 voortgesit (SS, Aug. 1927). 'n Paar jaar later (in 1936) is 'n kunswedstryd met groot sukses gereël en is belangstelling in letterkunde gestimuleer deur besprekingsaande en genooide sprekers soos N.P. van Wyk Louw (SS, Nov. 1936).

Studentepoësie wat in die *Stellenbosse Student* verskyn het, was van wisselende gehalte, maar die verskyning op die toneel van studente soos Uys Krige en Ernst van Heerden het groter diepgang gegee (kyk SS, Aug.1929; SS, Aug. 1932). Tog is letterkundige pogings allermins net in Afrikaans gepubliseer: uit Uys Krige se pen het bv. 'n gedig in Frans en heelparty Engelse werke verskyn (SS, Jun. 1928; SS, Okt. 1933).

Kuns het ook die aandag van die Afrikaanse Kultuurvereniging geniet. 'n Lesing deur en uitstalling van Tinus de Jongh se werke is gereël en prof. Fransie Malherbe het lesings oor o.m. die "moderne kuns" en Michelangelo gelewer (SS, Mei 1925; SS, Okt. 1928; SS, Okt. 1929).

Maar die studente het deurgeloop oor vir wat as 'n gebrek aan kunssin beskou is, terwyl 'n student bygevoeg het dat "op ons sogenoemde Afrikaanse Kultuursentrum" niks aan kunsopleiding gedoen word nie (SS, Mrt. 1933). Daarmee is die belangstelling en opleiding in kuns binne 'n nasionalistiese raamwerk geplaas, hoewel dit klaarblyklik nie onderliggend aan almal se kunsbelangstelling was nie.

**4.2.8 Handhawing en uitbou van Afrikaans as skryf- en spreektaal.** Die skryf en praat van (suiwer) Afrikaans was vir leidende Maties 'n saak van groot belang. Maar onder gewone studente was suiwer taal nie so 'n prioriteit nie.

In die geledere van die Vrouestudentebond het drie sterk leiers na vore getree en mede-studente aangemoedig om by die Handhawersbond aan te sluit en om Afrikaans orals te gebruik. Mejj. Anna Rothmann, Anna Pohl en Erica Theron is verkies tot 'n komitee by wie die lede "alle klagtes en moeilikhede" rakende taalhandhawing kon aanhangig maak (VSB, 12 Apr. 1926; VSB, 31 Mei 1926).

Klagtes oor die miskenning van Afrikaans is in die twintigerjare teenoor Nusas geopper nadat swak Afrikaans op plakkate by 'n kongres in Durban bespeur is (SR, 26 Mei 1927); die universiteit se registrateurskantoor is versoek om te sorg dat "alle adresse in die telefoon-adresboek wat betrekking het op die Universiteit in die toekoms in Afrikaans geskrywe sal word" (SR, 7 Nov. 1928); en die studenteraad se dineekomitee moes verskoning vra dat die spyskaart in Engels gedruk is (SR, 23 Okt. 1929)[4].

Teen die dertigerjare is 'n radikaler houding jeens Afrikaans te bespeur. Studente is deur 'n briefskrywer in die *Stellenbosse Student* aangemoedig om leiding te gee op die gebied van suiwer Afrikaans, terwyl 'n ander studente berispe het omdat hulle in winkels en op treine Engels gepraat het (SS, Apr. 1929; SS, Sept. 1930).

Teen 1932 het sommige Maties egter geweier om hoegenaamd Engels te praat, waarop die *Stellenbosse Student* in 'n hoofartikel opgemerk het dat veral studente "van die jonger geslag - onder die ideaal van kultuurbou" weier om in Engels bedien te word of Engelse pos te ontvang. Die blad het bygevoeg dat genoemde weiering om Engels te praat net nie weens "eie ontweetaligheid" moet wees nie (SS, Aug. 1932).

Die taalhandhawers is ook uit 'n ander oord vermaan: 'n Damestudent het gekla dat die "reëls van welvoeglikheid' deur sommige handhawers oorskrei is en het gevra dat albei amptelike tale gehandhaaf moet word. Maar dié benadering het ook opposisie ontlok in 'n atmosfeer wat duidelike ideologiese ondertone verkry het. Damestudente van Harmoniekoshuis, wat 'n eentalig-Engelse uitnodigingskaartjie uitgestuur het, is daarom skerp gekritiseer (SS, Okt. 1934).

Engels is wel dikwels in die *Stellenbosse Student* gebruik en die SR het nog in 1931 besluit om die studente-unie se grondwet in Engels te vertaal en te versprei (SR, 26 Mrt. 1931). 'n Jaar later is dié besluit klaarblyklik herroep (SR, 11 Mei 1932), wat 'n verdere aanduiding is dat 'n verharding in gesindhede rondom 1931-32 plaasgevind het.

Ondanks 'n groter taalbewustheid (veral in 1938 met die Voortrekkereeufees), was gewone studente se spreektaal nie suiwer nie. Daaroor is hulle wel berispe (SS, Apr. 1933; SS, Mei 1938).

Vroeëre pogings om Afrikaanse sportterme daar te stel, is in 1927 'n hupstoot gegee deurdat *Die Burger* aangebied het om 'n

duisend pamflette met Afrikaanse sportterme vir verspreiding onder die studente te druk (SR, 16 Mrt. 1927).

Hoewel die gewone student dus nie altyd 'n suiwer gebruiker of handhawer van Afrikaans was nie, was daar telkens leiers wat die saak van Afrikaans binne die nasionale Afrikaner se oorlewings- en/of ideologiese stryd geplaas het.

**4.2.9 Sport.** Vir Stellenbosse studente was die belangrikste sportgebeurtenis van die jaar die intervarsity-kragmeting op die rugbyveld met die Universiteit van Kaapstad. Deel van die tradisie was die sing van liedjies - ook Afrikaanse liedjies - wat weke vooraf geoefen is (vgl. 4.3.5). Maar die deelname aan of ondersteuning van sport is nie dikwels eksplisiet met steun vir die Afrikaner se politiek-kulturele strewes in verband gebring nie. Een uitsondering was 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Student* in die Voortrekkereeufeesjaar, die jaar waarin rugby, volgens Grundlingh (1995:107), deel geword het van "a cluster of cultural symbols closely associated with a resurgent Afrikanerdom". Die artikel het aangevoer dat die Matie veral op intervarsitydag moet besef dat hy as Matie 'n roeping het as kultuurdraer en kultuurleier; dat hy "'n bouer moet word wat sy Eie-ek toemessel in die Nasiemonument" (SS, Mei 1938).

Vroeër het rugbyspanne, soos sang- en musiekgroepe, op die platteland getoer en deur hul optrede gesorg vir "indirek(te) goeie reklame" vir die universiteit (Tomlinson, 1988:11).

In die geheel gesien, moet die optrede van rugbyspanne in samehang saam met alle ander nasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente gesien word: Matiesrugbyspanne het doelbewustelik rugby bevorder, terselfdertyd hul universiteit se naam landwyd hoog gehou en hul volkskultuur via die ondersteuning van rugby uitgeleef.

Maar in hoeverre rugby op Stellenbosch, soos Grundlingh (1995:119) aanvoer, "a powerful, if informal, disseminator of natio-

nalist sentiment and a source of identification with the volk at large" was, is hier nog nie so duidelik nie.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die politiek-gelade atmosfeer egter 'n beslissende merk op die rugbytoneel in die Wes-Kaap gelaat.

## 4.3 Vorme van kommunikasie

In breë trekke het die Stellenbosse studente in die jare 1925-1938 hulle van dieselfde kommunikasievorme bedien as in die tydperk 1902-24 (kyk 3.2). Wel was daar ietwat meer diversiteit in die dertigerjare, groter openheid het begin intree en meningsverskille het dienooreenkomstig toegeneem (of was meer sigbaar). Tog is allerlei beperkings op vrye meningswisseling geplaas.

**4.3.1 Amptelike besluite.** Die studente-unie het steeds by monde van sy verkose verteenwoordigers, nl. die Studente Verteenwoordigende Raad (SR) amptelike besluite geneem. Daaruit kan die meerderheidstandpunte van die studente-unie (met voorbehoude) oor bepaalde sake afgelei word. SR-besluite is, soos in die vorige tydvak, deur dié van monstervergaderings aangevul.

Die gereelde hou van monstervergaderings het egter al hoe meer problematies geword deurdat dit swak bygewoon is (SS, Aug. 1927). En dié wat dit wel bygewoon het, het by geleentheid met intimiderende gedrag die stemmery probeer beïnvloed (SS, Mei 1926).

Die studentetal het intussen in die dekade sedert 1918 verdubbel tot bykans 1 200, wat in 'n mate 'n invloed op die bywoning van die vergaderings begin speel het. Teen die middel van die dertigerjare het die swak bywoning van monstervergaderings tot so 'n mate 'n probleem geword dat drie selfs afgelas moes word weens 'n gebrek aan 'n kworum (SS, Okt. 1935). Die volgende jaar was dit steeds 'n probleem (SR, 15 Jun. 1936), maar teen 1938 was

die beleid van kwartaallikse monstervergaderings, ondanks swak belangstelling, nog in plek (SR, 21 Mrt. 1938).

Verkiesings van verteenwoordigers om op partygrondslag aan die Nusasparlement deel te neem, het sedert 1925 toenemende belangstelling van die studente geniet, al was dit 'n eenmalige jaarlikse gebeurtenis. Die studente kon hierdeur hul politieke voorkeure uitspreek en die steun vir politieke partye gepeil word, veral omdat die stempersentasies hoog was (vgl. 4.3.1; Hugo, 1966:353-355). Die student moes op akademiese en intellektuele wyse aan die politiek (leer) deelneem, het die SR-voorsitter se jaarverslag vir 1927 opgemerk (SS, Mrt. 1928).

**4.3.2 Publikasies.** Die amptelike publikasie van die studente-unie, die *Stellenbosse Student*, is in die dertigerjare vir twee kort periodes deur *Pro Libertate* aangevul, 'n blad wat vernuwing wou aanwakker. Dié blad het sekerlik gemoedere en belangstelling gaande gemaak - onder meer vanweë die geheimhouding oor wie die redaksie was. Die blad was 'n produk van Gus Cluver en 'n paar mede-Dagbrekers, wat selfs Paarl toe gery het om die blad daar in die geheim te laat druk. Dit is teen 'n pennie per eksemlaar verkoop (Cluver, 1971:48).

**4.3.3 Kultuurlewe.** Die kulturele lewe van die studente het 'n groot verskeidenheid aktiwiteite ingesluit, onder meer omdat die studente grootliks op hul eie vermaak aangewese was en die groter getalle en groei in die Afrikaanse kultuurlewe meer diversiteit moontlik gemaak het. Dit het egter nie noodwendig 'n omvangryker kommunikasie van die Afrikaans-nasionale gedagte behels nie.

Tog het kultuur, soos in die era voor 1925, 'n betekenisvolle kanaal gebly in die kommunikasie van Afrikanernasionalisme. Die stigting in 1932 deur mnr. Pietie le Roux van die Stellenbosse Boerorkes en die Jan Pierewiet-geselskap in 1938 het hiertoe bygedra omdat albei groepe wyd getoer het en, in voetspore van die toerende debatsgroepe van weleer, 'n boodskap uitgedra het.

Op Stellenbosch self het studente se ondersteuning van en deelname aan die aktiwiteite van verenigings en organisasies soos die debatsverenigings, die Afrikaanse Kultuurvereniging en later ook die Afrikaans-Nasionale Studentebond 'n helder boodskap gestuur. Eweneens was die gebrek aan entoesiasme vir bepaalde sake en standpunte 'n bepaalde standpuntinname.

**4.3.4 Samevatting.** Die studente se kommunikasie van Afrikaner-nasionalisme het in die jare 1925-1938 oor die algemeen 'n minder opvoedkundige en meer vermaaklike vorm begin aanneem. Tog was die optredes van, bv., Oom Pietie se Boerorkes allermins bloot op vermaak gerig.

Feit is dat die opkoms van die klankrolprent, die begin van radio-uitsendings en meer tydskrifte en koerante 'n verandering in studentekommunikasie meegebring het.

Waar in 'n vorige tydvak bv. sterk klem op Afrikaans toneelproduksies geval het, het artistieke meriete nou sterker na vore getree. Tog het die studentekommunikasie van Afrikanernasionalisme steeds grootliks buite die sfeer van die massamedia geval - al het die studente self al hoe groter gebruikers daarvan geword.

Die Voortrekkereeufeesviering van 1938 het in menige opsigte 'n draaipunt beteken: in dié jaar het simboliek sterk gefigureer en die klimaat help skep vir die emosionele oorlogsjare waarin Afrikanernasionalisme, gedrenk in 'n sosiale romantiek en oorlogsemosie, sterker as ooit na vore sou kom.

---

[1] Hoewel nie alle studente belang had by literêre sake nie, was 'n prominente dosent soos prof. Fransie Malherbe 'n aktiewe resensieskrywer en, ondanks sy verskille met die skrywerbroers Louw, bevorderaar van die Afrikaanse boek - onder meer as medestigter in 1935 van *Ons eie boek*, 'n literêre tydskrif wat vir 21 jaar met Malherbe as redakteur verskyn het en 'n instelling in die Afrikaner se kultuurlewe geword het (Malherbe, 1977:131).

[2] Van die ossewaens is later aan die US e.a. Afrikaanse universiteite geskenk; die een wat die US ontvang het staan vandag in die Langenhovengedenksentrum wat oorspronklik as die Voortrekkergedenksaal in die vooruitsig gestel is.

[3] Nie *Boere*-orkes nie. Die orkes se naam is wel afwisselend as Stellen*bosse* Boerorkes en Stellenbosch Boerorkes geskryf en soms verkeerdelik Stelenbosse *Boereorkes*.

[4] Die voorsitter het, aldus die notule, nie kans gesien het om 'n *chop* te eet as dit in Afrikaans *tjop* gespel word nie. Vanweë dié taalsensitiwiteit was 'n Engelstalige spyskaart dus verkiesliker.

# 5

# *Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme, 1939-48*

Waar die tydvak 1902-1924 oorheers is deur die Afrikaner se oorlewingstryd teen Britse imperialisme, is die tydvak 1925-1938 gekenmerk deur 'n groeiende selfvertroue maar ook selfgeldende houding op kulturele gebied en tekens van politieke radikalisering. Die hoofmomente van die tydperk 1939-1948 was die Tweede Wêreldoorlog, die doelbewuste formulering van die apartheidsgedagte en die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in 1948. Dat hierdie gebeure 'n wesenlike invloed op die politieke denke en optrede van die Afrikaner, en dus ook die Stellenbosse studentelewe, sou hê, lê voor die hand. Hoe en in watter mate dit gebeur het, kom in hierdie hoofstuk aan die orde en is die konteks waarbinne Afrikanernasionalisme deur die Stellenbosse

studente gekommunikeer is. Dié diskoers word hier, op spoor van die vorige twee hoofstukke, beskryf en geïnterpreteer.

**5.1 Kontoere van die politieke, ekonomiese, kulturele en mediakonteks.** Die simboliese ossewatrek van 1938 het na jare van bittere politieke verdeeldheid die Afrikaner vir 'n wyle verenig (of dan op die oog af verenig) en die gevoel laat opwel dat hulle op politieke, kulturele en kerklike gebied bymekaar hoort (Kruger, 1973a:542). Verskillende bewegings en publikasies het regstreeks hieruit voortgevloei, o.m. die Reddingsdaadbond, wat die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner wou bevorder[1], en die Ossewa-Brandwag, wat aanvanklik geesdrif en eensgesindheid sou bevorder, maar uiteindelik meer verdeeldheid meegebring het.

Trouens, die Afrikaner was teen 1941 polities, ekonomies, en godsdienstig allermins 'n homogene groep (Meyer, 1941:4). Hierdie verdeeldheid - wat vanuit OB-kringe as die vrug van liberalisme bestempel is - het hom o.m. gemanifesteer in die politieke verdeeldheid tussen pro-oorloggesindes en dié wat daarteen was, maar veral tussen die anti-oorloggesinde OB en HNP.

Die breuk tussen die HNP en die OB was die begin van die einde vir die OB, wat spoedig sy lede en aansienlike invloed - ook binne die Stellenbosse studentepolitiek - verloor het. Dit het, aldus Van Jaarsveld (1976:293), bewys dat "die Afrikanerdom nie die nasionaal-sosialisme *en masse* aangehang het of wou aanhang nie - die invloed daarvan was tydig, seksioneel en oppervlakkig".

Hoewel dié interpretasie waar van die gewone lede mag gewees het, het die nasionaal-sosialisme wel 'n merk op Afrikanernasionalisme en sy leiers gelaat (Furlong, 1991).

Die 1943-verkiesing was 'n "oorlogsverkiesing" en is tegemoetgegaan met die nasionaaldenkende Afrikaneropposisie meer verdeeld as ooit. Smuts het die verkiesing maklik gewen (hy kon in die Volksraad op 110 stemme teen 43 staatmaak), maar Malan se party het ook sy posisie verstewig - en van die kleiner partye het

weggeval (Kruger, 1973a:552; Liebenberg, 1973:385). Op Stellenbosch het dr. Karl Bremer die setel vir die NP teruggewen (Broodryk, 1991:2,88).

Buiten vir die ekonomiese vraagstukke en gepaardgaande ontbering van basiese lewensmiddele wat deur die publiek verduur moes word, was 'n ander knelpunt in die tyd ná die 1943-verkiesing die kwessie van dubbelmediumonderwys[2].

'n Volkskongres het in Desember 1943 in Bloemfontein hom sterk teen dubbelmediumonderwys uitgespreek (Broodryk, 1991: 108). Hoewel hierdie kwessie die talle aspirantonderwysers op Stellenbosch moes geraak het, was 'n ander sleutelkwessie, nl. die rassevraagstuk, besig om selfs sterker op kampusse van universiteite na vore te kom.

Rasseverhoudinge het in die na-oorlogse jare merkbaar verswak. Smuts se wet op grondbesit vir Asiate en verteenwoordiging vir Indiërs het nòg die Indiërs nòg die NP-opposisie tevrede gestel; die verteenwoordigende raad vir naturelle het geweier om langer met die regering saam te werk; en buitelandse kritiek het opgelaai (Liebenberg, 1973:387,388; Kruger, 1973a:557).

Smuts het reeds in 1942 toegegee dat segregasie as beleid nie bevredigend werk nie. Sy basiese gevoel is - om verskillende redes - deur Nasionaliste gedeel. Op Stellenbosch en elders het geleerdes reeds midde-in die oorlog sterk standpunt ten gunste van gebiedskeiding begin inneem. Daardeur is voortgebou op die radikale denke wat in die dertigerjare deur mense soos Nic Diederichs aangevoor is.

Hoewel heelwat sake die gewone kiesers teen 1948 gepla het, is 'n nederlaag vir Smuts nie algemeen voorsien nie (Liebenberg, 1973:388; Kruger, 1973a:559). Die NP het egter met die Sauerkommissie se beleid oor rassesake as basis die regering oor die kleurvraagstuk aangevat en apartheid as antwoord voorgehou. Vir taktiese redes is die republikeinse ideaal nie beklemtoon nie.

Die naelskraapse oorwinning van dr. Malan se HNP en Klaas Havenga se Afrikanerparty het nie net die weg gebaan vir die toepassing van die apartheidbeleid nie, maar ook die bereiking van die groot Afrikanerideaal, nl. die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, dertien jaar later.

Smuts se nederlaag het gekom ondanks sy statuur as wêreldstaatsman en die flink nywerheidsontwikkeling wat die land beleef het (vgl. Liebenberg, 1973:387). Vir Afrikanernasionaliste was Smuts se statuur eerder 'n aanklag en het die Afrikaner nog 'n lang pad gehad alvorens hy sy regmatige plek op ekonomiese terrein kon inneem. Die ekonomiese volkskongres van 1939 en die daaruitspruitende Reddingsdaadbond het 'n reuserol as katalisator in die proses van ekonomiese selfstandigwording gespeel (Du Plessis, 1964:232).

Boonop was die Afrikaner nog in die proses van vrede maak met sy noodgedwonge stadswaartse trek. In 1940 en 1947 is volkskongresse oor die posisie van die Afrikaner in die stad gehou waar ernstig besin is. By laasgenoemde kongres is besluit dat die Afrikaner die stad moet verower net soos vorige geslagte die platteland getem het (Van Jaarsveld, 1976:366).

Die implikasie hiervan was onder meer dat 'n Afrikaanse universiteit soos Stellenbosch sy hoofsaaklik Afrikaanse plattelandse studente toenemend sou moes oplei en voorberei vir 'n beroepsloopbaan in die stad.

**5.1.1 Studentelewe: sosiale lewe, kleredrag, vermaak, gedrag en groepsgees.** Die oorlogsituasie het vanselfsprekend 'n demper op vrye kulturele, sosiale en intellektuele lewe geplaas. Die keersy hiervan was dat die potensiële invloed van dosente en die massamedia, veral *Die Burger* as Nasionale dagblad, verhoog het.

Studente wat nie gewillig was om 'n "gebondenheid van denke te aanvaar nie" is dikwels as "liberaliste" bestempel, skryf die *Stellenbosse Student* in sy eerste redaksionele artikel van 1942. Die

blad het "vryheid van denke as een van die regte van die indiwidu" bepleit (vgl. ook SS, Mrt. 1941).

Hierdie pleidooi het gekom midde-in die formele klem - deur veral die ANS en OB - op volkswaardes, volkseenheid en dissipline. Maar oor die algemeen het die studentelewe sy normale gang gegaan (Van Heerden, 1988:29). Die studentelewe was sosiaal steeds streng gereglementeer, wat bv. beteken het dat mans en dames nie saam mag geswem het nie (SS, Apr. 1944) en huismoeders steeds die doen en late van damestudente bepaal het (SS, Mei 1941). Dit het ingesluit dat vrouestudente nie sonder toestemming buite die munisipale grense mag gegaan het nie (SS, Mrt. 1941).

Kleredrag was eweneens heel formeel. Vrouestudente is verplig om sykouse klas toe te dra en aanddrag was nie vreemd by gewone konserte nie (SS, Mei 1939; SS, Mrt. 1940), terwyl mans pakke by Sondagaandete moes dra (SS, Aug. 1941). Oor dié reëls was die studente taamlik verdeeld en is verwys na die "rook-rouge-rooilippe-rokke-obsessie" (DM, 12 Jun. 1942), terwyl ander sterk opponerende standpunte ingeneem het (SS, Jun. 1943). Tog is 'n mosie in 1946 aanvaar dat akademiese drag (d.w.s. togas) weer by gradeplegtighede gedra moes word (MV, 17 mei 1946). 'n Jaar later is die besluit egter weens die koste verbonde aan die aankoop van togas herroep (MV, 16 Sept. 1947).

*Die Matie* (21 Mrt. 1947) het stellig verklaar dat die studente kerkbewus was en "ons kerk ...'n sieraad in ons studentelewe (is)", die meeste studente het ten minste een keer per Sondag kerk toe gegaan en die CSV was 'n besonder sterk vereniging met 800 lede (SS, Aug. 1940; kyk ook Booyens, 1966:382).

Saans is in koshuise soos Dagbreek huisgodsdiens gehou, wat deur 'n "redelike persentasie" inwoners bygewoon is (Möller, 1971:54,55). Almal was nie ewe toegewy nie en daar was selfs van "geestelike lamheid" by sommige studente sprake (SS, Sept. 1940; SS, Nov. 1942) en 'n mate van wrywing tussen die plaaslike NG

kerkraad en die studenteraad oor die bearbeiding van die studente (SR, 9 Nov. 1945).

Van die studente het selfs gereeld dienste in die Presbiteriaanse kerk bygewoon, maar in die oorlogsjare is dit gestaak omdat *God save the King* dikwels tydens eredienste gesing is (Möller, 1971:57).

Dans het heelwat aftrek gekry en tot vier danse is per week gereël (SS, Apr./Mei 1941), maar sommige het dit as die teenpool van kerk toe gaan beskou. Ander sake wat die misnoë van kritiese studente op die hals gehaal het, was drankmisbruik - veral by intervarsities (vgl. SS, Mei. 1939; SS, Sept. 1939; SS, Mei 1942; SS, Jun. 1942; SS, Okt. 1942; SS, Nov. 1942; SR, 11 Apr. 1944; SR, 8 Sept. 1948). Die SR het hom in die loop van 1942 teen die "drankeuwel" uitgespreek, maar nadat *Pro Libertate* dit aan die groot klok gehang het, is op 'n buitengewone vergadering verklaar dat net 'n klein minderheid hulle daaraan skuldig gemaak het (SR, 15 Sept. 1942). Die *Stellenbosse Student* het dié standpunt sterk gesteun (Nov. 1942).

Tog is die opmerkings van 'n teleurgestelde (plattelandse) eerstejaar oor die gedrag, taal en modes van seniors verhelderend:

> Ons as nuwelinge moet oplet dat soveel studente wat aan ons moes leiding gee, juis dié mense was of liewers is wat die minste reg het om te roem op hul getrouheid aan volkstradisies en taal. Ons moes tot ons leedwese luister na allerhande onsedelike grappe wat aan die orde van die dag is. Ons moes die aanhoudende gebrou aanhoor van 'n soort Engels en Afrikaans. Ons moes sien dat selfs hier die dames tot die fynste besonderhede die uitheemse modes navolg. Ons moes hoor dat mense praat van die voorbeeldige voorouers van ons volk en tog luister na die nuwerwetse lastertaal van sommige van ons sogenoemde "geleerde mense" (SS, Okt. 1941).

As "waarborg" van die Matiegroepgees, is volgehou met die ontgroening van nuwelinge. Soos in die vorige tydvakke, het ontgroening (of doop) aanleiding gegee tot jaarlikse kritiek, ondersoeke en

omvattende voorstelle om dit van sy ergste buitensporighede te suiwer of tot 'n opvoedkundige oriëntasieprogram te omskep (SS, Mrt. 1939; SS, Apr. 1939; SR, 3 Mei 1939; SR, 8 Jun. 1939; MV, 4 Sept. 1939).

Desondanks het die onreëlmatighede (w.o. fisieke aanranding) eindelik gesorg dat die universiteitsowerheid die ontgroening van nuwelinge verbied het (SS, Mrt. 1942; DM, 6 Mrt. 1942; Booyens, 1966:372). Dit het skerp reaksie van onder meer die SR-voorsitter, Charles Hopkins, ontlok en 'n naamlose pamflet is op die kampus versprei waarin die "reg" om te doop teruggeëis is (SS, Sept. 1943; DM, 12 Mrt. 1943; MV, 28 Feb. 1944).

Ontgroeningsaktiwiteite het weer hul verskyning gemaak - wat weer eens negatiewe publisiteit tot gevolg had (vgl. DM, 16 Mrt. 1946; SR, 23 Mrt. 1948). Dieselfde geld Juniordag (DM, 12 Sept. 1941; PV, Sept. 1942; SS, Nov. 1944; SR, 12 Jun. 1945; Booyens, 1966:368). Tog was Juniordag 'n hoogtepunt, 'n "brokstuk suiwere, lewensblye studenteskepping" wat saam met die gehekel rondom intervarsity humor in die studentelewe ingebring het - iets wat, volgens sommige, alte weinig voorgekom het (Booyens, 1966:373).

Vir die kritiese studente was daar ook ander fasette van die studentelewe om oor te skryf: Vir een was daar 'n "algemene onverskilligheid" by Stellenbosse studente te bespeur (SS, Mei 1942); *Die Matie* (28 Apr. 1944) het in 'n hoofartikel gewag gemaak van die "algemene gees van losbandigheid en onverstaanbare onverantwoordelikheid" wat by "bykans alle studentebyeenkomste" aan die orde van die dag was; onbeskoftheid het by intervarsities en die voorafgaande sangoefeninge voorgekom (SS, Mei 1939; SS, Mei 1941); swak sportmangees het voorgekom (SS, Aug. 1939); en 'n ander het vlakheid en kleinburgerlikheid bespeur (SS, Apr. 1945; vgl. ook SS, Aug. 1946).

Dié en ander kritiek was tekenend van wat Booyens (1966:400) getipeer het as "een van die treffendste fasette van

Matieskap dat die studente *nooit* geskroom het om genadelose selfkritiek te beoefen wanneer dit broodnodig was nie".

Later rapporteer dr. Willem Kempen wel dat die Stellenbosse studentelewe "baie gebalanseerder" was as dié in naoorlogse Wes-Europa (SS, Jun. 1948). Die diversiteite en intensiteit van die studentelewe spreek egter uiteindelik vanself. Daar was duidelik 'n verskeidenheid van studente wie se aktiwiteite, na gelang van die skrywer se persoonlike ingesteldheid, op verskillende manier gekategoriseer en beoordeel sou kon word (vgl. SS, Okt. 1942; SS, Jun. 1946).

Die vinnige groei in studentegetalle in die laat jare dertig het die getal studente teen 1939 bokant 1 500 gestoot en teen 1945 was dit reeds 2 268, wat weer eens ernstige huisvestigingsprobleme meegebring het (US, 1995; DM, 11 Aug. 1944). Noodwendig het dit ook meegebring dat al meer studente privaat geloseer het, wat die groepgees soos in die koshuise aangekweek en desnoods afgedwing is, in 'n mate geneutraliseer het. Hierdie ontwikkeling is veral relevant as in ag geneem word dat groepskohesie so 'n sleutelbegrip binne die oorlewings- en ideologiemotiewe is.

In breër volksverband het stemme begin opklink teen wat beskou is as die loslaat van die "sedelike remme". Die Afrikaner se patriargale, landelike lewenswyse was o.m. vanweë verstedeliking en groter blootstelling aan nie-tradisionele kulturele invloede besig om stelselmatig te verander (vgl. SS, Mrt. 1944).

Die invloed van die (konserwatiewe) platteland was steeds genoeg om daarvoor te sorg dat 'n naakte beeldhouwerk nie in die Carnegiesaal vertoon mag word nie (SS, Sept. 1943). Twee jaar vroeër het die redakteur van die *Stellenbosse Student* sommige van die stof in die Juniorblad as van "pornografiese aard" bestempel (DM, 12 Sept. 1941).

Vir vrydenkendes wat ou reëls en voorskrifte wou afwerp, was optrede en standpunte soos dié onaanvaarbaar (vgl. o.m. SS, Jun. 1942). Maar die studente het self ook, by monde van hul

studenteraad, gevra vir bv. die "modernisering" van koshuisreëls en dié wat die gelyktydige gebruik van die swembad deur mans- en vrouestudente sou moontlik maak (SR, 12 Jun. 1945).

**5.1.2 Massamedia.** Die fliek het, soos in die vorige tydvak, sy invloed toenemend laat geld. *Die Matie* (31 Mrt. 1944) het prontuit na die negatiewe invloed van die "vergiftigende bioskoopkultuur" verwys wat denasionaliserende invloede, w.o. die Amerikaanse kapitalisme, aan Afrikanerstudente voorgehou het as navolgingswaardig.

In die jare 1939-48 is net 'n handvol Afrikaanse rolprente vervaardig om die stroom van Amerikaanse produksies by hoë uitsondering af te wissel. *Die bou van 'n nasie,* wat eintlik vir die 1938-Voortrekkervierings vervaardig is, is eers in 1939 vir algemene verspreiding uitgereik. Dié rolprent het, tesame met 'n dokumentêr oor die Voortrekkereeufeesvierings (*'n Nasie hou koers*), die herlewing in Afrikanernasionalisme aangehelp (Le Roux & Fourie, 1982:31). Maar dit was 'n druppel in die emmer[3].

Ander massamedia soos verstrooilektuur, tydskrifte en musiek van Amerikaanse oorsprong en met twyfelagtige opvoedkundige of estetiese waarde, is vry algemeen onder studente aangetref (SS, Mrt. 1944; DM, 3 Mei 1946).

Afrikaanse tydskrifte wat beskikbaar was, was onder meer die populêr-georiënteerde *Rooi Rose* (wat in 1942 sy verskyning gemaak het), *Die Naweek* (wat uit *Die Suiderstem* voortgespruit het), *Die Brandwag,* 'n literêr-populêre blad wat deur Du Plessis (1943:194) as "*Die Huisgenoot* van die Noorde" bestempel is, en *Die Huisgenoot* self.

*Die Huisgenoot* het, ondanks die nuwe kompetisie, sy groei onder Markus Viljoen voortgesit en as kultuurblad 'n hoë mate van sensasievrye inligting en deurdagte kommentaar geplaas (Van Eeden, 1981:137,255). Viljoen het dit sy plig geag om sy volk aan hul "mees heroïke tydperke" te herinner en met "moed en idealisme te help besiel" (Viljoen, 1953:115; vgl. ook Muller, 1990:559-575).

Daarvan getuig onder meer die Hugenote-uitgawe van 15 September 1939. Hy het daarna gestreef om:

> *Die Huisgenoot* 'n Boereblad in die beste sin van die woord te maak: 'n blad waarin die Afrikaner se tradisionele deugde van eenvoud, opregtheid, erns, Christelike deugsaamheid, gasvryheid - om maar 'n paar te noem - weerspieël word (Viljoen, 1953:163).

Partypolitiek is nie in *Die Huisgenoot* ingedra nie, maar die leser kon soms deur keuse van foto's en illustrasies agterkom waar die blad se simpatie lê (Muller, 1990:573). Die algemeen Afrikaans-nasionale inslag van die blad was wel onmiskenbaar en het die oorlewingstryd van die Afrikaner steeds onderskraag. In die naoorlogse tyd het die blad, onder meer weens sterker opposisie en veranderende smaak, momentum verloor.

Naas *Die Huisgenoot,* wie se literêre resensies hoog geag is, het *Ons eie boek* sedert 1935 'n belangrike bydrae op die terrein van literêre kritiek gelewer (Malherbe, 1977:130-134). Met prof. Fransie Malherbe as dryfkrag, het dié blad waarskynlik ook onder die Stellenbosse studente 'n mark gevind.

Ten spyte van die oorlogstoestande en gepaardgaande tekort aan papier en die toepassing van sensuur, het 'n aantal ander spesialispublikasies met 'n ekonomies-kulturele inslag die lig gesien (Du Plessis, 1943:206-211). As uitvloeisel van die 1939-kongres oor die Afrikaner en die ekonomie, verskyn *Volkswelstand* van 1939-1941 (onder redakteurskap van dr. Geoff Cronjé), opgevolg deur *Inspan*, wat as blad van die Reddingsdaadbond en FAK uitgegee is met 'n redaksiekomitee bestaande uit o.a. dr. Nic sDiederichs, G. Cronjé en P.J. Meyer; *Volkshandel* verskyn in 1940 onder dr. P.J. Meyer se redakteurskap; en *Die Trekker*, orgaan van die Voortrekkermotorklubs, sien in 1941 die lig, onder meer om "ons Trekkers Motor-Afrikaans" te leer praat.

Politieke blaaie het met vinnige reëlmaat in die plofbare oorlogstoestande gekom en gegaan: *Stryd* (1940-1941) en *Ons*

*Toekoms* (1940-1942), onderskeidelik blaaie van die Nasionale Jeugbond en Suid-Afrikaanse Party, hou nie lank nie, maar *Die OB* verskyn van 1941 tot 1952.

Van dié blaaie was spesifiek op die studente gerig, maar by uitstek het *Wapenskou*, blad van die Afrikaans-Nasionale Studentebond, 'n leeskring op Stellenbosch gevind en het Stellenbosse dosente gereeld daarin artikels gepubliseer. Advertensies van ondernemings soos die Voortrekker-apteek en produkte soos Patriot-tabak ("gemaak deur Afrikanerhande") het o.m. in die blad verskyn (*Wapenskou*, Sept. 1942).

Die daaglikse nuus is in hoofsaak uit *Die Burger* en, wat die oorlog in Europa betref, van die Duitse propagandasender Radio Zeesen gekry. Dié sender het uit Europa in Afrikaans uitgesaai en op nasionaalgesinde Afrikaners se gevoel gespeel deur verwysings te maak na Britse gruweldade in die Anglo-Boereoorlog wat nie vergeet mag word nie.

Intussen het Zeesen sy geloofwaardigheid verder probeer verhoog deur neutrale menings aan te haal en hom daarvan te weerhou om Nazi-Duitsland te veel op te hemel (Furlong, 1991:134,135). In Stellenbosse koshuise is "skaamteloos" na Zeesen se (onwettige) uitsendings geluister (Van Heerden, 1988:29). Vanweë die min radio's het studente noodwendig saam daarna geluister, wat van die Afrikaanse nuusuitsending om nege-uur 'n besondere, klandistiene ritueel gemaak het (vgl. Conradie, 1971:74).

Toe die sluimerende botsing tussen die OB en NP teen Augustus 1941 tot uitbarsting kom, het Radio Zeesen 'n opsomming van berigte uitgesaai waarin die OB-leier, Hans van Rensburg, as die Afrikanerdom se leier aangedui is (Furlong, 1991:190; Bunting, 1986:112).

Waar Radio Zeesen nou duidelik gewys het waar hy staan, het *Die Burger* se posisie as NP-blad en meningsvormer selfs belangriker geword - 'n rol wat hy soms met die hulp van 'n enigsins

tendensieuse maar beginselvaste styl vervul het (vgl. Viljoen, 1953:110,111).

Die blad het onder 'n "buitengewone" banieropskrif verslag gedoen van Malan se historiese toespraak op Stellenbosch op 27 Augustus 1941 waar hy geëis het dat die OB uit die politiek bly. Dit is opgevolg deur talle berigte en 'n hele aantal hoofartikels waarin sterk standpunt ingeneem is teen die OB (Muller, 1990:621-623).

'n Verbod is deur die direksie van Nasionale Pers op alle OB-advertensies ingestel, wat weer aanleiding help gee het tot 'n OB-boikot van *Die Burger* (Theron, 1983:42). *Die Burger* is ook aan skerp kritiek deur oorloggesindes onderwerp, wat die blad as pro-Duits bestempel het.

Tog was die blad deurentyd 'n baken vir die Nasionaal-gesinde studente van Stellenbosch in 'n tyd waar die aard van Afrikanernasionalisme 'n wesenlike strydpunt was.

**5.1.3 Invloed van dosente.** Dosente het in hul buitekurrikulêre bedrywighede - polities en kultureel - potensieel 'n sterk invloed op die studentelewe gehad, maar studentegetalle het ook al 'n invloed begin hê - weens die groeiende studentegetalle kon sommige dosente se oopdeurgasvryheid deur 'n al hoe kleiner persentasie van die studente geniet word. (Die net meer as 500 studente van 1918 het teen 1945 reeds tot 2 268 gegroei [US, 1995].)

'n Musiekvereniging se Sondagaand-plateprogramme (SS, Nov. 1942) was egter deels 'n plaasvervanger vir die tradisie van plateluister by dosente soos proff. Con de Villiers en Fransie Malherbe (De Kock, 1994:33,46,47; Booyens, 1966:388).

Musiekbeoefening, in die besonder koorsang, het wel 'n groot en beslissende stap vorentoe gegee deurdat in 1940 weer met 'n kerkkoor begin is, die universiteitskoor sedert 1941 onder dr. Gawie Cillié se leiding gekom het, 'n sangfees in 1945 begin is en die Kweekskoolkoor sedert 1946 landwyd begin toer het.

Hierin het mense soos Philip McLachlan, Con de Villiers en Gawie Cillié 'n leeue-aandeel gehad en kon talle studente vir die eerste keer met enstiger musiek van gehalte kennis maak (Cillié, 1994; De Kock, 1994; Booyens, 1966:390-392; vgl ook McLachlan, 1983). Intussen het prof. Hans Endler hom beywer vir groter waardering vir en beoefening van musiek (SS, Aug. 1942). In die intellektuele rypwordingsproses van die studente was dié aktiwiteite van meer as terloopse belang. Dit was intrinsiek deel van die konteks waarin die studente se Afrikanernasionalisme gedy het.

## 5.2 Beskrywing van die kommunikasie van Afrikanernasionalisme

**5.2.1 Politieke nasionalisme: die Tweede Wêreldoorlog en die verhoudings met die HNP, Ossewa-Brandwag, ANS, Nusas en ander universiteite.** Die Afrikanernasionalisme van die Stellenbosse studente het in die jare 1939-1945 volledig verband gehou met die breër strydvrae wat vanweë die Tweede Wêreldoorlog op die voorgrond gekom het.

Die politieke breuk wat deur koalisie in nasionale Afrikanergeledere veroorsaak is, is tot 'n mate besweer deurdat Hertzog, ondersteun deur die Nasionale Party van Malan, vergeefs teen deelname aan die oorlog gestem het en die koalisieregering van Hertzog en Smuts ontbind het (Kruger, 1973a:544-546).

Die politieke hereniging van die (nasionaalgesinde) Afrikaner het na 'n "voldonge feit" gelyk toe Hertzog en Malan op 9 September 1939 (enkele dae na Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog) 'n groot skare by Monumentkoppie in Pretoria toegespreek het (Liebenberg, 1973:382; Kapp, 1975:162,163).

Weens verskille oor 'n naam vir 'n nuwe, herenigde party en die republikeinse kwessie, het onderhandelinge tussen Malan se NP en Hertzog se volgelinge in November 1939 skipbreuk gely. Maar

twee maande later is 'n ooreenkoms gesluit en het Malaniete en Hertzogiete saam in die Volksraad gesit.

Tog het dié eenheid nie geduur nie en was dit voor die einde van 1940 tot niet (Liebenberg, 1973:383). Dié gebeure was tekenend van die oorlogsjare: pogings tot eenheid onder anti-oorlogsgesinde Afrikaners asook bittere twiste (De Villiers, 1977:78). Dit het ook die studentelewe op Stellenbosch gegeld.

Onder die jeug was die skeidslyn tussen die NP-nasionalisme van Malan en die nasionaal-sosialisme van die OB aanvanklik glad nie duidelik nie (Furlong, 1991:168). Vandaar ook die steun wat enige versoeningspogings tussen die groepe van die verskillende politieke groeperinge onder die Stellenbosse studente geniet het (Broodryk, 1991:35).

Die eenheidstrewe is juis reeds vanaf Maart 1939 vanuit Stellenbosch deur die Stellenbosse Versoeningskomitee (bestaande uit 'n aantal akademici) bevorder (Broodryk, 1991:32;54,55).

Aanvanklik het die Ossewa-Brandwag, wat in die Voortrekkereeufees tot stand gekom het, as 'n nie-politieke organisasie gefunksioneer en landwyd steun van onder meer NP-gesindes getrek. Op Stellenbosch het dosente en studente in groot getalle saam met mense uit alle lae van die bevolking aangesluit en teen 1942 is die beweging se ledetal op sowat 350 000 gestel (Stultz, 1974:79).

Lidmaatskap van die OB was 'n "uitlaatklep" vir veral jong Afrikaners se "versetgevoelens en avontuurlus" (De Villiers, 1977: 73) en is gerugsteun deur die aanstelling van bekendes soos proff. E.C. Pienaar en J.G. Meiring en Paul Sauer as Stellenbosse generaals (Theron, 1983:41-42).

Hoewel die Stellenbosse OB miskien nie so radikaal was as elders nie, is in die aande met stokke as wapens op Coetzenburg gemarsjeer (Van der Merwe, 1971:73), was die byeenkomste emosioneel (Theron, 1983:41) en het die beweging se

**militêre inslag en emosionele en opruiende vergaderings die politieke atmosfeer op Stellenbosch baie laat verander. 'n Groot mate van onverdraagsaamheid het veral onder OB-gesinde dosente teenoor hulle oorlog-gesinde kollegas ontstaan (Broodryk 1991:85).**

Die onverdraagsaamheid is nie eensydiglik ervaar nie. Nasionaalgesinde, anti-oorlogsgesinde Afrikaners kon bv. in talle winkels nie met enige vrymoedigheid hul taal gebruik nie en musiek deur 'n Duitse komponis (soos Wagner) was vir die Kaapse stadsorkes verbode (Theron, 1983:42; Du Plessis, 1975:16).

Van ernstiger aard was: die wyse waarop 'n daaglikse bidstond om twaalfuur die middag met geweerkolwe afgedwing is (Van Zyl, 1965:193; Van Heerden, 1988:29); aanvalle op Afrikanerinstellings soos die Potchefstroomse Universiteitskollege, *Die Transvaler* in Johannesburg en *Die Burger* se kantoor in Kaapstad (Dreyer, 1965:190); die algemene intimidasie van en aanvalle op anti-oorloggesindes (Van Zyl, 1965:194-196); en die internering van jong Afrikaners wat nie die oorlogspoging wou steun nie en die gepaardgaande ontwrigting van gesinne se lewens (De Villiers, 1977:78; Van Jaarsveld, 1976:291; vgl. ook Muller, 1990:592). Dit het noodwendig die opposisie teen die Smutsregering en sy oorlogsbeleid verskerp en nasionaalgesinde Afrikaners se verbittering en frustrasie verhoog.

Agter dié anti-oorlogshouding het onder meer 'n anti-Britse houding geskuil, maar die pro-Duitse gevoel van sommige opponente van die Smutsbewind was onmiskenbaar (Van Jaarsveld, 1976:290; Scholtz, 1974:159; Furlong, 1991:119). En onderliggend aan die pro-Duitse sentimente was die hoop dat 'n Duitse oorwinning die daarstelling van 'n Afrikanerrepubliek moontlik sou maak (Theron, 1983:41; Kruger, 1973a:548).

Geesdriftige steun vir 'n republiek het nie net in die OB geleef nie, maar het ook in die HNP, wat in 1942 op sy uniale kongres die gedagte van 'n "vrye onafhanklike republiek op Christelik-nasionale en Afrikaans-historiese grondslag" onderskryf

het (Malan, 1964:208). Die republikeinse strewe is aangehelp deur die suksesse wat die Duitsers en sy bondgenote in die periode 1940-1942 behaal het en die stimulering van die gedagte deur die daarstelling van verskeie konsepgrondwette vir 'n toekomstige republiek (Van Jaarsveld, 1976:290; kyk ook Meyer, 1984:48-56; Thom, 1980:121).

Die opkoms van totalitêre gedagtes in Afrikanergeledere het 'n groep van negentien Stellenbosse akademici genoop om daarteen te waarsku. Dié groep het mense soos proff. Bennie Keet, Fransie Malherbe en A.C. Cilliers ingesluit. Na verskyning van 'n berig daaroor in *Die Burger* van 15 April 1941, het lesers vir 'n maand lank byna daagliks daaroor hul menings in die briewekolomme gelug. Die meeste was afwysend teenoor die negentien se standpunt. Einde April het 53 Stellenbosse dosente (insluitende bekende OB-ondersteuners soos proff. E.C. Pienaar en J.G. Meiring) hul negentien kollegas gekritiseer (Broodryk, 1991:63,64).

Die negentien se standpunt is egter ook in pamfletvorm wyer versprei. Een van die ondertekenaars, prof. A.C. Cilliers, het 'n besonder aktiewe rol gespeel en sy vroeëre pro-oorlogstandpunt in sterk taal gerepudieer. Hy het die Nazis se motiewe in twyfel getrek en besluit dat die oorwegings wat twee jaar vantevore gegeld het nie meer geld nie omdat "totaal ander konsiderasies" van toepassing is. Daarom, het hy aangevoer, moet die "volk van Suid-Afrika" wakker skrik: "Ons erfenis is in gevaar! 'n Sluwe vyand lê op die loer... Ontwaak, staan op, en berei jul voor vir die verdediging van volk en vaderland!".

Dié tipe beroepe het klaarblyklik geen onmiddellike uitwerking op die (studente se) steun vir die OB (op Stellenbosch) gehad nie, maar die regering se inligtingsdiens was so beïndruk dat 'n propagandaprent, *Heritage/Ons erfenis*, gemaak is waarin Cilliers sy standpunt gestel het (Broodryk, 1991:85).

Intussen het die OB in Januarie 1941 'n nuwe kommandant-generaal, die oud-Matie dr. Hans van Rensburg, gekry wat die

beweging sterker op politieke terrein laat beweeg het (Liebenberg, 1973:385). Ondanks 'n ooreenkoms wat in 1940 op Cradock bekend gemaak is, was 'n botsing met die NP uiteindelik onvermydelik (Kruger, 1973a:551; Malan, 1964:204-207; Thom, 1980:102-121). Die NP en OB het vanaf verskillende vertrekpunte en met duidelik onderskeibare filosofieë die steun van die nasionale Afrikanerdom gesoek.

Dr. Malan het self ook - nes die OB - kritiese uitsprake oor die demokrasie gemaak. In Maart 1941 het hy bv. op Stellenbosch voor 'n gehoor van drie duisend gesê die demokrasie soos binne die Britse parlementêre stelsels beoefen, is 'n karikatuur en dat die dae van kapitalisme getel is (Furlong, 1991:182). Sy toespraak het kort op die hakke van Van Rensburg se toespraak voor 'n ANS-kongres op Stellenbosch gevolg. By dié geleentheid het die OB-leier aangevoer dat dit 'n eer is om teen kapitalistiese demokrasie gekant te wees (Furlong, 1991:140).

Opvallend is die wyse waarop die sleutelfigure Stellenbosch gekies het om belangrike standpuntstellings te maak; daardeur het die Stellenbosse studente eerstehands geleentheid gehad om na die leiersfigure te luister en is hulle doelbewustelik betrek as medespelers in die ontvouende politieke drama.

Toe die onenigheid tussen die HNP en OB op die spits gedryf word, het die groot meerderheid Stellenbosse OB-offisiere (138 uit 150) hul ontevredenheid oor die OB se rigting laat blyk. Sommige is summier geskors, ander het bedank en party het (voorlopig) as lede aangebly (Broodryk, 1991:73,74; De Villiers, 1977:74). Daar was nou dus 'n selfs groter mate van politieke verdeeldheid onder Afrikaners, nou ook tussen opponente van die oorlogspoging.

Hierdie breuk het die Stellenbosse studentelewe in die oorlogsjare oorheers: die Maties se interne politieke woelinge het die opkoms van die Ossewa-Brandwag (met die ANS as ideologiese tweeling op studenteterrein) en sy botsing met die HNP weerspieël.

Twee monstervergaderings - wat deur "buitengewone bywoning en bruisende geesdrif" gekenmerk is - is in 1939 oor die oorlogskwessie gehou (Booyens, 1966:359). Daar het die studente hulle ondubbelsinnig ten gunste van neutraliteit uitgespreek (SS, Okt. 1939). Die eerste van die twee monstervergaderings is op 22 Mei gehou waar met net vier teenstemme kennis geneem is van die "direkte en indirekte propaganda om ons land voor te berei vir deelname aan 'n Europese oorlog" (MV, 22 Mei 1939). Die vergadering het afkeurend verwys na die sg. "national emergency" met "die Empire-propaganda wat daarmee saamgaan".

Die studente het in lg. 'n gevaar vir hul land en volk bespeur en hul afkeuring daarvan uitgespreek. Verder is die regering versoek om "as positiewe beleid te verkondig en te aanvaar dat ons alleen aan 'n oorlog sal deelneem wanneer 'n oorlogsdaad teen ons gepleeg word". Die studente het hul onverbondenheid verder as volg geartikuleer: "Ons belang is nie gebonde aan enige staat of groep van state nie, en derhalwe is ons nie betrokke by enige van die huidige strydpunte op internasionale gebied nie."

Tog is lojaliteit aan die land getoon deur te verklaar: "Die jeug van ons volk hier teenwoordig verklaar opnuut dat ons een en almal, wanneer 'n oorlogsdaad teen ons land gepleeg word, sal lewe en sterwe vir ons land Suid-Afrika."

Die SR het die studente se neutraliteitstandpunt aan die minister van verdediging deurgestuur en 'n dag na Brittanje se oorlogsverklaring teen Duitsland is dit deur 'n paar studente aan die leier van die opposisie in die Volksraad, dr. D.F. Malan, oorgedra (SR, 3 Aug. 1939; MV, 4 Sept. 1939).

Die studenteraad se steun is nietemin gevra vir die stigting van 'n studenteregiment, maar die SR het "nie sy weg oop (ge)sien om in die huidige omstandighede op hierdie saak in te gaan nie" (SR, 15 Apr. 1940).

Met die oorlog nou in volle gang het die studente op 'n buitengewone monstervergadering hul vroeëre standpuntstelling oor

die oorlog in 'n veel sterker bewoorde besluit herbevestig. Die besluit, wat op voorstel van die SR-voorsitter, Koos Badenhorst, geneem is en met 'n enkele teenstem aanvaar is, moes ook aan die breë publiek wys waar die Maties staan aangesien "sekere blaaie en tydskrifte" beweer het dat die studente sedert hul vorige oorlogsbesluit (in 1939) van politieke standpunt sou verander het. Die nuwe besluit het gelui:

1. Die Studente-Unie van Stellenbosch verklaar hiermee dat hy die sg. oorlogspoging van die Unie-regering ten sterkste afkeur in alle vorms.
2. Ons laak die vermorsing van landsgeld, terwyl volksvraagstukke totaal onopgelos bly; asook die tallose maniere waarop die Afrikaanse burgers in die private en openbare lewe geïntimideer en uitgetart word.
3. Ons weier om onder enige omstandighede wapens op te neem in 'n stryd ter verdediging van die Geallieerde saak.
4. Ons eis dat die regering onmiddellik 'n eerbare vrede sluit met die Spilmoondhede en dat die bewind sal oorgaan in die hande van mense wat Suid-Afrika se belange alleen sal dien (MV, 30 Jul. 1940).

Die studente het onmiddellik hierna 'n "studentevergadering" gehou waar besluit is om die universiteitsowerheid te versoek om 5 Augustus as "gewone klasdag" te verklaar "aangesien dit die Britse koning se verjaarsdagviering is". In die lig van hul anti-oorlogstandpunt was die studente nie vir so 'n viering te vinde nie.

Die universiteitsowerheid het hom egter nie bevoeg beskou om die vakansiedag te ignoreer nie, waarop die studente besluit het om op 5 Augustus 'n optog teen "uitheemse vakansiedae" te hou (MV, 2 Aug. 1940).

Die anti-oorlogsentiment van die meerderheid studente was kennelik en is onder meer ook getoon in hul uitjouery van propagandavoorprente by die plaaslike bioskoop (Van Heerden, 1988:29,30; SS, Mei 1941). 'n Ooreenkoms is met die bestuur van die Plaza-bioskoop gesluit dat nie daarmee voortgegaan sal word nie, maar die studenteraad is later in kennis gestel dat "propaganda-nuus" wel (weer) op Maandae en Vrydae vertoon sal word. Die SR kon

vanselfsprekend nie die vorige besluit afdwing nie, maar het die saak onder die rektor se aandag gebring (SR, 16 Jun. 1942).

Die studente was ook nie gelukkig met die pro-oorlog-sentimente van sommige dosente nie. By monde van die SR is besluit dat hoewel hulle hul nie in die minste wil inlaat met die persoonlike beskouings van dosente van die universiteit nie, daar "met verontwaardiging" kennis geneem is van 'n "georganiseerde propaganda-veldtog" (ten gunste van die oorlogspoging) deur sommige dosente in die naweek-uitgawes van *The Cape Argus*.

Die SR was ontevrede omdat die naam van die universiteit telkens ingesleep is en 'n verkeerde indruk gewek sou kon word dat die dosente se standpunt dié van die meerderheid van die studente-unie weerspieël het (SR, 23 Sept. 1940)[4].

'n Ander omstrede faset van die oorlog, nl. die internering van anti-oorloggesindes, is klaarblyklik nie so erg deur die Stellenbosse studente aan die lyf gevoel nie, moontlik omdat weinig mense uit Stellenbosch geïnterneer is (Theron, 1983:43). Vandaar dalk die effe lou houding jeens 'n versoek van die studenteraad van die Potchefstroomse Universiteitskollege dat die Stellenbossers hul (weer) uitspreek teen die internering van 'n Puk-student (SR, 24 Jun. 1940).

Maar toe soldate groot skade op die kampus van die PU vir CHO aanrig, het die Matie-SR in 'n telegram aan die Puk-SR laat weet:

> Ons het met die diepste afkeuring kennis geneem van die brutale aanval op u Universiteitskollege. Ons wens ons innige meegevoel met u uit te spreek as slagoffers van die bandeloosheid en gebrek aan dissipline van die lede van die gemeenskap aan dergelike aanrandings blootstel. Stellenbosch voel met u (*Die Burger*, 9 Aug. 1940).

Daarna volg ook 'n protesvergadering wat deur 1 200 studente, dosente en lede van die publiek bygewoon is (Broodryk, 1991:90).

Die studente se standpunt téén die oorlogspoging het aanvanklik hand aan hand gegaan met steun vir die Ossewa-Brandwag en die ANS. Nadat die Stellenbossers eers bepaalde voorbehoude jeens die ANS gehad het, het die tak op Stellenbosch in die laat dertigerjare van krag tot krag gegaan - veral nadat die leiersfiguur A.A. Stulting sy gewig agter die ANS ingegegooi het (De Klerk, 1994).

Hoewel die ANS teen 1940 min lewenskrag getoon het, is byna die hele ANS-bestuur tot die studenteraad verkies (Möller, 1990; SS, Mrt. 1940). Die koms van die Ossewa-Brandwag in 1940 het egter stukrag gegee aan die ANS deurdat dit geesdrif gewek het by gewone studente vir wesenlik dieselfde saak waarvoor die ANS op studentevlak gestaan het: eenheid onder Afrikaners.

Die OB het Stellenbosch "stormender-hand ingeneem" en byna alle studente "het dit as vanselfsprekend beskou om lede te word" (Möller, 1990). Wat die presiese verhouding tussen ANS en OB sou wees, was in daardie stadium nog onbekend.

In die wintervakansie van 1940 het die ANS hom uitdruklik op die staatkundige terrein begewe. Dié benadering is vervat in die ANS se Vryheidsmanifes wat op 1 Julie 1940 uitgevaardig is en waarin onder meer 'n republiek en segregasie met nie-blankes geëis is" (SS, Aug. 1940). Die ideologiese inslag van die ANS was nou ondubbelsinnig.

Die hoofbestuur van die ANS het dit duidelik gestel dat die ANS ook op staatkundige terrein wou funksioneer. Dié benadering sou metterwyl ook sterk by die OB manifesteer en aanleiding gee tot die beslissende botsing tussen die OB en HNP.

Intussen het die vryheidsmanifes "groot byval" op Stellenbosch gevind. Die *Stellenbosse Student* het bv. sy steun duidelik aan die ANS toegesê en gewag gemaak van die studente se vermoë om gedagtes wat in die hitte van die stryd gebore word "aan die toets van nugter rasionele en wetenskaplike nabetragting" te onderwerp (SS, Aug. 1940). Dié "wetenskaplike benadering tot landsake" is

vroeg in 1941 weer geopper (SS, Mrt. 1941) en 'n ANS-studiekring met vyf studiegroepe (onder meer vir kleur- en rassevraagstukke) het tot stand gekom (SS, Jun. 1941).

Die "ordening binne die OB" het egter nie voorsiening gemaak vir 'n selfstandige studente-afdeling nie, wat beteken het dat daar amptelik geen verbintenis tussen die ANS-tak en die OB was nie - wel "hartelike samewerking" (DM, 1 Aug. 1941). In hierdie stadium het die ANS-tak net 170 lede uit 'n totaal van sowat 2000 studente gehad (DM, 8 Aug. 1941).

Die onafhanklike, rasioneler benadering is egter deur die waterskeidingkongres van die ANS in Julie 1941 op Rustenburg agterhaal. Die vroeëre ongemak oor presies wat die ANS-tak se verhouding tot die SR was en met welke gesag die ANS namens die Stellenbosse studente uitsprake kon maak, is terselfdertyd op die spits gedryf (vgl. SR, 24 Jun. 1940). Verder sou die ANS-tak se enigsins ambivalente houding van nie-affiliasie by die OB, maar die uitleef van sy beginsels "naas die OB", nie gehandhaaf kon word nie.

Die kongres het naamlik besluit om die ANS in 'n OB-ANS-Studentefront te omskep wat volgens OB-patroon en -struktuur georganiseer sou word met dr. Hans van Rensburg, die hoofleier van die OB, as erepresident. Maar veel ingrypender ideologies-geïnspireerde besluite het geval wat die skeidslyn tussen HNP-gesinde en OB-gesinde lede van die ANS duideliker gedefinieer het. Dit het terselfdertyd die inhoud van die Afrikaans-nasionale diskoers wesenlik beïnvloed.

'n Beslissende botsing het in September 1941 die Stellenbosse studentegeledere geskud: die Stellenbosse ANS-bestuur het hom verset teen 'n nuwe "leierskapbeginsel" (van die OB) wat die demokratiese verkiesing van leiers verwerp het. Die tak het hom egter nie summier buite die ANS gestel nie, maar toestemming gevra om van die nuwe beginsel vrygestel te word en sy takorganisasie na goeddunke te reël (DM, 26 Sept. 1941). In dieselfde asem het die Matietak die hoogste gesag uitgedaag deur 'n mosie van wantroue in

Van Rensburg te aanvaar. Die Stellenbossers se versoek vir vrystelling van die leierskapbeginsel is deur die hoofbestuur van die ANS van die hand gewys en die plaaslike bestuur is ontbind. Die rebelle in die bestuur het teruggekap deur 'n protespamflet te publiseer waarin hul hul misnoë oor die hoofbestuur se besluite te kenne gegee het (Möller, 1990).

'n Ledevergadering het byna onmiddellik gevolg waar met 'n meerderheid van net drie stemme besluit is om nie by die ANS-grondwet of hoofbestuur se besluite te berus nie (DM, 26 Sept. 1941). Hierop is die plaaslike tak deur die provinsiale leier, Willem Joubert, ontbind en is 'n nuwe, "gesuiwerde" tak met slegs 108 lede in 'n aangrensende lokaal herstig (DM, 26 Sept. 1941) . Die ANS op Stellenbosch het dus van bo tot onder geskeur (Möller, 1994).

Die gematigde, HNP-gesinde studente het hulle nou heeltemal buite die nasionaal-sosialistiese dampkring van die OB bevind. Vir die HNP-gesindes was die verset teen die OB-geïnspireerde denkrigtings 'n duidelike keuse ten gunste van 'n konstitusionele Afrikanernasionalisme waarin politieke partye 'n plek het.

Die tweespalt het selfs tot in die Jan Pierewiet-geselskap gestrek. Sowat die helfte van die lede het nie kans gesien om langer lid van die ANS te bly nie en wou die geselskap losmaak van die ANS (DM, 13 Mrt. 1942). Hiervoor was die ANS glad nie te vinde nie en het die takleier verklaar dat "die waarborg vir die voortbestaan van die Jan Pierewiet-geselskap is juis daarin geleë dat hy as deel van die plaaslike studentefront op sy gebied die ideale van 'n groot jeugbeweging dien..."

Daarmee het die ANS-takleier herbevestig dat die Piere-wieters se programme van veral musiek en tradisionele danse alleen verstaan kan word as 'n kulturele aksie binne die konteks van 'n omvattende Afrikanernasionalisme. Maar oor die aard van daardie nasionalisme was daar geen eenstemmigheid nie.

Tog is die geskil klaarblyklik 'n paar maande later bygelê en het toere in 1943, 1944, 1945 en 1947 plaasgevind (Van Blerk, 1986:809,810; UKSR, 20 Jun. 1947).

Dat die rebellie van September 1941 as pynlik deur die OB-ANS-studenteleiding op Stellenbosch ervaar is, blyk uit die emosionele beriggewing, selfs maande later. Die verset van die HNP-gesindes is deur die lojale ANS-gesinde *Die Matie* as "muitery" beskryf en as "uitings van 'n liberalistiese, en 'n mens kan byna sê, nihilistiese gees, juis in die tyd dat die Afrikanervolk 'n geestelike verjonging ondergaan" (DM, 28 Feb. 1942).

Die emosionele en soms beledigende styl van *Die Matie* het voortgeduur. Die blad het "op ondubbelsinnige wyse" die vervanging van die partystelsel bepleit, onder meer deur die plasing van 'n brief van genl. Hertzog waarin hy verwys het na die "dekadente demokratiese partystelsel en die volstrekte noodsaaklikheid van die instelling van 'n nuwe staatsordening (DM, 6 Mrt. 1942; DM, 13 Mrt. 1942; Booyens, 1966:378; vgl. ook ds. T.N. Hanekom se stigtelike oordenking, DM, 29 Mei 1942).

Dit het 'n suiwer volksnasionalisme ingehou waarin "die reg om te kritiseer en die reg om dwars te trek" beslis verwerp word. Verder: "In 'n Christelik-Nasionale Republiek sal die indiwidu (sy) vryhede... prysgee, want in so 'n staat sal die klem nie val op die indiwidu nie, maar op die volk" (DM, 27 Mrt. 1942).

Dat die ANS-OB steun op Stellenbosch geniet het, was duidelik, soos blyk uit sy eerste vergadering van 1942 wat deur 300 mense bygewoon is (DM, 27 Mrt. 1942). Die ANS se steun in die SR het ook geblyk uit 'n kompromiebesluit deur die SR dat geld wat by 'n konsert vir die afhanklikes van geïnterneerdes ingesamel word, nie tussen die OB en HNP se fondse verdeel word nie, maar eerder aan *Die Burger* se hulplenigingsfonds gestuur word (SR, 7 Apr. 1942).

Toe voorgestel is dat die SR geen geld vir die ANS bewillig nie omdat dit SR-beleid is om nie aan politieke bewegings finansiële steun te gee nie, het die ANS-gesindes se mosie gewen en 20 pond is

toegestaan (SR, 16 Jun. 1942). Later in die jaar is weer geld toegestaan - dié keer 10 pond vir die hou van 'n kongres op Stellenbosch. Tog was dié besluit nie sonder voorbehoud nie en is die ANS gevra om besonderhede te verskaf (SR, 19 Nov. 1942).

Intussen het die polemiese styl van *Die Matie* HNP-gesindes genoop om die blad verbied te kry. Die sneller vir dié poging was *Die Matie* se weiering om apologie aan te teken oor 'n aanvegbare artikel in die uitgawe van 24 April 1942 waarin 'n refleksie op dr. D.F. Malan, leier van die HNP en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, gewerp sou gewees het (Möller, 1994).

Die artikel, wat gehandel het oor dr. Malan se toespraak op Stellenbosch waarin hy gevra het dat finaal tussen die NP en OB gekies word, het dr. Malan as 'n moedelose man voorgestel wat met genl. Jan Smuts "wedywer" om die OB se "Openbare vyand No. 1" te wees. Die blad het voorts na dosente wat die HNP steun as "nulkwadrate" verwys.

Die SR het die volgende versoek aan *Die Matie* se redakteur gestel: Dat afgesien word van die benaming *Stellenbosche Studentekoerant*; dat 'n apologie oor die artikel gepubliseer word; en dat die blad hom verbind om af te sien van die aanwakker van tweedrag onder die studente.

Toe dié versoek geweier word, was 'n monstervergadering onvermydelik: die studente-unie moes besluit wie se standpunt gehandhaaf moet word. Ondanks die protes van ANS-gesindes is 'n mosie van die SR-voorsitter, Tappies Möller, met 374 stemme teen 189 aanvaar waarin die gees en inhoud van die gewraakte artikel gekritiseer is (MV, 13 Mei 1942). Die mosie het ook verwys na "die feit dat *Die Matie* 'n gees van onnodige twis en tweedrag onder lede van die studente-unie aanwakker".

Die rektor, prof. Bobby Wilcox, was nou in 'n netelige posisie en wou die saak uit die senaat hou. Hy het Möller gevolglik gevra om die mosie terug te trek, maar dié versoek is geweier omdat

die mosie immers die monstervergadering s'n was (Möller, 1990; vgl. ook UKSR, 20 Mei 1942).

Na verdere onderhandelinge het die senaat die saak wel ter tafel geneem. *Die Matie* is verplig om apologie aan te teken en verwysings na dosente te staak, maar hy kon voortgaan met publikasie. Dit is wel gedoen, waarmee die indieners van die mosie tevrede was: hulle wou nie soseer *Die Matie* verbied nie, maar wel tot orde roep (Möller, 1994).

*Die Matie* self het hul reg om voort te gaan met publikasie as 'n oorwinning vir reg en rede bestempel. In kenmerkende styl het die blad in 'n hoofartikel verklaar: "*Die Matie* het 'n publisiteit gekry en 'n roem verwerf soos geen studenteblad in Suid-Afrika nog ooit geniet het nie" (19 Jun. 1942).

Twee weke later het die Stellenbosse ANS-tak sterk ondersteuning van noordelike universiteite op die jaarkongres van die ANS in Pretoria ontvang "in sy stryd teen die liberalisme in 'ons Volksuniversiteit'" (DM, 24 Jul. 1942)[5].

Geesdrif vir die ANS-OB is op Stellenbosch hoog gehou deur onder meer die besoek van dr. Hans van Rensburg in die lente van 1942. Die OB se studentekommandos het die middag voor die OB-leier se vergadering deur die strate van die dorp gemarsjeer. Volgens *Die Matie* (4 Sept. 1942) het die studente se wit klere en blou nekdoeke "veel daartoe bygedra om die optog aanskoulik te maak".

Aanvalle is gereeld in die dagbladpers (met name *Die Burger*) op die ANS gedoen - in so 'n mate dat die ANS in 'n voorbladhoofberig in *Die Matie* homself verdedig het (DM, 11 Sept. 1942).

Die onmin tussen HNP- en OB-gesindes het in 1943 vir eers voortgeduur (SR, 17 Jun. 1943). Dit het uitgeloop op die SR se terugtrekking in Augustus 1943 van die ANS se erkenning, waarna die ANS-tak om 'n duidelike beleid gevra het (SR, 5 Aug. 1943; 7 Sept. 1943). *Die Matie* het skerp teen die SR-besluit te velde getrek

en aangevoer dat die Universiteit van Stellenbosch self 'n "politieke inrigting" was; "sy stigting was 'n 'politieke' daad" (DM, 20 Aug. 1943). Die ANS het verder daarop aanspraak gemaak dat hy "die enigste kragkern" in die studentelewe is (DM, 23 Aug. 1943).

'n Groter mate van verdraagsaamheid het kort hierna ingetree en die HNP- en OB-studentetakke besluit om, met volle behoud van identiteit, saam te werk (DM, 10 Sept. 1943; DM, 17 Sept. 1943). Enkele weke later is 'n vroeëre besluit herroep en die ANS-tak eenparig deur die SR as vereniging erken (SR, 12 Okt. 1943; DM, 15 Okt. 1943).

Die studente was, ten spyte van hul verskille, Afrikanernasionaliste wat, soos 'n ANS-gesinde dit vroeër op die monstervergadering oor *Die Matie* se posisie gestel het, eens was oor die "breë beginsels van die Afrikanervolk, sy godsdiens, taal en vryheidstrewe" (DM, 15 Mei 1942).

Die nuwe verstandhouding in studentegeledere is bevestig deur 'n geslaagde Heldedagviering wat, onder beskerming van die SR, deur die ANS op Coetzenburg aangebied is en, volgens *Die Matie* deur "ongekende geesdrif" gekenmerk is (DM, 8 Okt. 1943; DM, 15 Okt. 1943). Daarmee is die wesenlike eenheid en groepskohesie van die Maties bevestig.

Die SR het ook sy finansiële steun aan die ANS se werkerskongres gegee en 'n afgevaardigde, Eddie Botha, daarheen aangewys (SR, 9 Mei 1944). Botha het later entoesiasties oor die kongres verslag gelewer:

> Aan die A.N.S. kom alle eer toe vir hierdie nuwe mylpaal wat hulle met hierdie kongres bereik het! Ek wil die hoop uitspreek dat hulle verder veel sukses mag hê waar hulle hul voortaan ten doel sal stel om te waak oor die belange van die Afrikanerwerker! (DM, 18 Aug. 1944).

Dié houding was in skerp kontras met die konfrontasies in die oorlogsjare tussen studente en soldate en ander oorloggesindes -

insluitende die bruinmense van Stellenbosch - (vgl. Van Heerden, 1988:29; De Villiers, 1977:78; Möller, 1977).

Te midde van voortdurende spanning en treitering en byna daaglikse konfrontasies van die een of ander aard, het 'n aantal Maties en boere van Stellenbosch besluit om op 27 Julie 1940 die oorloggesindes in Kaapstad tydens die twaalfuur-bidstond aan te durf (Pienaar, 1979:26; Möller, 1977). Op die vooraand van die konfrontasie het *Die Burger* luisterryk en emosioneel sy 25ste bestaansjaar in die Kaapstadse stadsaal gevier met dr. D.F. Malan as hoofspreker (Dreyer, 1965:187-189).

Die botsing die daaropvolgende dag, waaraan soldate en matrose ook deelgeneem het, het nie vir die studente heeltemal volgens plan verloop nie; sommige was nog op pad toe die gevegte al uitgebreek het. Nadat die polisie die gevegte stopgesit het, het die studente vier-vier in Adderleystraat afgestap en as "afmarslied" *Afrikaners, Landgenote* (op wysie van die Duitse volkslied) gesing.

Daarmee het die emosies nie bedaar nie. Daar is summier besluit om dieselfde aand die indrukkery en "swak gedrag" van bruinmense stop te sit in die tou wat in Andringastraat, Stellenbosch, vir die laat uitgawe van die Saterdag-Argus gewag het (Möller, 1994).

'n Kleurling is in die proses aangerand en dieselfde aand "breek die duiwel op Stellenbosch los": van die Kleurlinge het uit weerwraak vir die gebeure by die koeranttou motors beskadig, ligte en vensters uitgegooi en mense aangerand (Pienaar, 1979:28; Möller, 1994).

Die studente het hierop in bloedige gevegte met Kleurlinge betrokke geraak wat tot diep in Sondag geduur het voordat die polisie, wat van die Paarl en Kaapstad kom help het om die orde te herstel, met loskruitpatrone losgebrand het en die vegtendes tot bedaring gebring het. Uit Dagbreek, wie se inwoners 'n prominente rol in die "Slag van Andringastraat" gespeel het, is vyf studente in die hospitaal opgeneem.

Die studente, wat deur die polisie na hul koshuise terugbegelei is, het "op 'n deftige, egte Duitse gansepas" terugmarsjeer, waarna die Dagbrekers 'n reuse-Vierkleur gehys het. Hierna het prof. E.C. Pienaar, geklee in 'n fluweel- Voortrekkerpak, aangekom en is 'n Vierkleur om hom gehang voordat hy skouerhoog by die voorportaal ingedra is. Die studente het gehoor gegee aan sy versoek dat die gevegte ter wille van die "Sabbatdag van onse Here" gestaak word (Van der Merwe, 1971:70-72).

Tog het hulle geweier om aan 'n militêre proklamasie gehoor te gee om hul wapens in te lewer; dié is in 'n pakkamer (die "arsenaal") gebêre.

'n Ongemaklike vrede het na die Slag van Andringastraat geheers, maar die studente het op 'n ondubbelsinnige wyse uiting gegee aan die frustrasie wat Afrikanernasionaliste in die oorlogsjare beleef het (vgl. Van Tonder, 1977). In die proses is die rassebetrekkinge, wat reeds deur die oorlog verswak is, net verder vertroebel.

Boonop is hulle uiteindelik vir heelwat van die skade verantwoordelik gehou: die universiteitsraad het ondersoek ingestel en 3000 pond is aangebied vir die skade wat aan Kleurlingeiendom aangerig is (Möller, 1977).

Die dag na die gevegte het dr. D.F. Malan egter 'n telegram aan eerste minister Smuts gestuur waarin hy die studente se kant gekies het:

> Die publiek is diep geskok en opgewonde oor die herhaalde brutale aanrandings op Afrikaners in Kaapstad se strate deur die gepeupel, insluitende soldate in uniform, asook op blankes en hul eiendom deur losbandige Kleurlinge op Stellenbosch (Dreyer, 1965:189).

Gemoedere het steeds hoog geloop toe 'n oorlogswerwingsvergadering die Maandagaand in die Kaapstadse stadsaal gehou word. Na die afsluiting het 'n groep van vyf honderd (insluitende soldate en matrose, blank en gekleurd) na *Die Burger* se gebou in Keeromstraat gemarsjeer waar die deure net betyds gesluit is. Die polisie het

spoedig op die toneel verskyn, maar nie voordat van die vensters stukkend gegooi is nie. Hulp met die oppas van die gebou is onmiddellik deur lesers aangebied, maar geen verdere aanval het plaasgevind nie (Dreyer, 1965:190).

Studente het deurentyd bygedra tot die gespanne atmosfeer deur oorloggesindes te treiter. Dit is gedoen deur die hys van 'n Unievlag "met 'n yslike gat daar waar die Union Jack moes gewees het", deur die huis van 'n Engelssprekende oorkant Dagbreek met swastikas te versier of 'n Vierkleur te hys "waar dit die gramskap van 'n teëstander laat ontbrand het" (Möller, 1960).

Tog het dié gesindhede nie verhoudinge na beëindiging van die oorlog benadeel nie. Teruggekeerde soldate, wat elders soms met moeite by die samelewing ingeskakel het (Kruger, 1973a:554), is hartlik as studente ontvang (Joubert, 1977). Selfs die ANS het gevra vir 'n "houding van welwillendheid en vriendskap" teenoor die teruggekeerdes (DM, 1 Mrt. 1946). In die lig hiervan skryf 'n oud-soldaat in 'n brief: "I doubt whether any other university has absorbed its ex-soldiers in as pleasant and friendly a manner as you people have done here" (SS, Mrt. 1947).

Die politieke vrede tussen die verskillende Afrikaner-nasionalistiese groeperings op Stellenbosch het egter eers later en met moeite gekom - daarvoor was hul interpretasies van Afrikaner-nasionalisme te uiteenlopend.

Die HNP se besluit om die ANS op partypolitieke gronde in die 1945-SR-verkiesing die stryd aan te sê, is bv. in 'n emosionele hoofberig in *Die Matie* gerapporteer. Daarin is aangevoer dat die HNP probeer afbreek terwyl die ANS bou (DM, 23 Mrt. 1945). Die takleier van die ANS, S.P. Botha, het ANS-lede gevra om aan die verkiesing te onttrek "tot tyd en wyl die karakter van sulke verkiesings weer 'n eerbare vorm aanneem" (DM, 16 Mrt. 1945). Onderliggend aan dié standpunt was waarskynlik nie soseer die oneerbaarheid van mede-studente nie, as die onaanvaarbaarheid van die demokratiese verkiesingsprosedure.

Die onmin tussen die ANS- en HNP-gesindes is vererger deurdat die SR besluit het om Heldedag in samewerking met die Reddingsdaadbond te organiseer nadat dit die vorige twee jaar nog bloot onder beskerming van die SR deur die ANS gereël is (DM, 13 Apr. 1945; SR, 12 Okt. 1944; SR, 12 Jun. 1945).

Na die beëindiging van die oorlog het die klimaat vir toenadering verbeter. *Die Matie* het 'n pleidooi gelewer dat die Stellenbosse studente-unie sy eenheid moet terugvind, "die eenheid wat hy geken het en wat hom sterk gemaak het toe almal getroue ondersteuners van die ANS was" (DM, 12 Okt. 1945).

Hierdie boodskap is ook deur ***Wapenskou***, landwye blad van die ANS, uitgedra in dieselfde uitgawe waarin dr. Hans van Rensburg se uittrede as ere-president van die ANS bekend gemaak is (***Wapenskou***, Okt. 1945). In 'n brief aan die leier van die ANS, W.A. Joubert, het Van Rensburg sy bedanking gemotiveer deur te verwys na 'n verwagte "hergroepering van studenteliggame" en sy leierskap van die OB as 'n potensiële beperking op die "bewegingsvryheid".

Van OB-ANS-kant was daar klaarblylik nou 'n groter bereidwilligheid om met ander blanke studente saam te werk - maar dan op basis van die "meerderwaardigheid van die witman". Die OB-ANS het dus vir eers met sy bedrywighede voortgegaan en homself steeds as 'n sleutelspeler beskou.

Te midde van sprake van 'n nuwe, verenigde Afrikaanse studentebeweging, het *Die Huisgenoot* (19 Okt. 1945) in 'n hoofartikel die ANS-rigting skerp tereggewys deur die hoop uit te spreek dat

> die leiers van Afrikaanse studentebewegings uit die treurige ondervinding van die afgelope jare geleer het dat daar geen heil te vind is in vreemde ideologieë en die naloop van dinge wat nie strook met ons demokratiese volksaard nie.

Die nuus dat die Afrikaanse Studentebond (ASB) moontlik sou herleef, is versigtig deur *Die Matie* gehanteer (26 Okt. 1945), maar

*Wapenskou* (Nov. 1945) het ten sterkste ontken dat die ANS ontbind sou word in die lig van die planne om 'n nuwe liggaam vir Afrikaanse studente te stig. Die blad het bygevoeg dat die ANS wel met die nuwe liggaam sal saamwerk, mits dit in goedertrou gestig word. Eksepsie is voorts geneem omdat *Die Huisgenoot* as nie-politieke blad kant sou gekies het vir die ASB.

*Wapenskou* (Nov. 1945) het verklaar dat die ANS 'n "eie besondere taak in die Afrikaanse studentewêreld (het), en hy loop sy eie duidelike koers". Die botsende interpretasies van Afrikanernasionalisme was dus nog nie besleg nie en was steeds die basis van die breë ideologiese stryd tussen Stellenbosse studente. Die ideologiemotief (in 'n enger sin van die woord) het as vanselfsprekend die politiek oorheers, maar elemente van die oorlewingsmotief het daarnaas gefigureer: die Afrikanernasionalisme (in nasionaal-sosialistiese of konstitusioneel-nasionalistiese gedaante) het albei die oorlewing van die Afrikaner as vertrekpunt gehad.

In die soms verwarrende naoorlogse herskikkingsproses het die Stellenbosse SR 'n eiesoortige rol gespeel: hy was, in die lig van die ANS se geskiedenis, klaarblyklik lugtig vir 'n ideologiesgelade ASB en het 'n studentebond vir alle blanke studente in die oog gehad. (Hoewel gekleurdes dus uitgesluit is, is nie-Afrikaanse blankes ingesluit.)

Ondanks voorbehoude, is Bun Booyens in Maart 1946 afgevaardig om namens die Stellenbossers 'n stigtingsvergadering van die nuwe Afrikaanse Studentebond (ASB) by te woon en rapporteer hy reeds die volgende dag terug dat die bond alle "nasionaalvoelende Afrikanerstudente" wil verenig. Die Afrikaanse en Christelik-nasionale karakter van die nuwe ASB was egter vir die Maties 'n probleem wat 'n organisasie op breër grondslag wou daarstel (SR, 27 Mrt. 1946; SR, 27 Mrt. 1946; SR, 7 Okt. 1946).

Volgens Booyens het 'n sterk seksionele gees by van die ander universiteite se afgevaardigdes geheers. Die keuse van prof. D. F. Malherbe van Bloemfontein as geleentheidspreker was ook

betekenisvol. Hy het die afgevaardigdes aangemoedig om die ou paaie van geloof, "hoë Afrikaanse sedes", van "stryd om behoudenis" in eensgesindheid na te streef (Groenewald, 1981:46,47).

Die Stellenbosse SR was nietemin positief oor 'n skakelliggaam en het die ander universiteite genooi om op Stellenbosch te kom kongres hou. Die Universiteit van Pretoria se studente het egter daarop aangedring dat die Maties eers 'n ASB-tak stig alvorens dit kon gebeur (SR, 15 Apr. 1946; SR, 6 Mei 1946).

Die Stellenbossers se ander doelstelling blyk uit hul volgehoue opposisie teen die naam Afrikaanse Studentebond; dit moes eerder die Studentebond van Suid-Afrika heet. Hier was duidelik meer as 'n naam op die spel. Die SR was ook steeds ongelukkig oor 'n klousule in die konsepgrondwet wat spesifiek na die erkenning van Afrikaanse volkstradisies verwys het (SR, 12 Jun. 1946).

Maar dié SR-standpunt is allermins deur alle Maties aanvaar. Volgens Gerjo van der Merwe het 'n gees van "kleurloosheid en bloedloosheid" uit die SR se standpunt gestraal en sou dit nooit deur die Noordelike universiteite aanvaar word nie - tot die US se skande (DM, 14 Jun. 1946).

Ondanks die feit dat daar nog geen ASB-tak op die Matiekampus was nie, het die Stellenbossers as gashere van 'n stigtingskongres van die ASB op 2-4 Julie 1946 opgetree (***Wapenskou***, 12 Julie 1946). In 'n verklaring deur die Stellenbosser B.A. Pauw is dit duidelik gestel dat die ASB nie daar is

> om ander bewegings te bestry, vervang of verdruk nie, ook nie om enigiemand te dwing om van sy eie standpunt af te sien nie, maar om almal bymekaar te bring wat as Afrikaanse student wil saamwerk, met inagneming van verskille in sienswyses.

Vergeleke met die ANS was dié houding veel meer verdraagsaam terwyl daar ook ruimte gemaak sou word vir die vorm van 'n selfstandige mening. Hiermee is merkbaar afgewyk van die

oorlewings en ideolgiemotiewe se klem op groepskohesie deur die afdwing van eenvormigheid.

Tog het die ASB hom op Christelike grondslag gestel en hom by die "Afrikaanse tradisie" aangesluit (*Wapenskou*, 12 Jul. 1946). Opvallend het *Wapenskou* Pauw se artikel oor die ASB naas dié van W.A. Joubert oor die ANS geplaas - tekenend van die versoenende atmosfeer wat besig was om pos te vat.

Maties se belangstelling in die nuwe ASB was egter steeds lou: weens die gebrek aan 'n kworum moes 'n monstervergadering oor die saak afgelas word. Booyens, wat ondanks sy voorbehoude oor die houding van sommige Noordelike universiteite, tot ondervoorsitter van die ASB verkies is, het eindelik die doelstellings van die liggaam aan 'n monstervergadering verduidelik (MV, 6 Aug. 1946).

Steeds is nie 'n ondubbelsinnige standpunt ingeneem nie aangesien die ASB se grondwet nie beskikbaar was nie (DM, 9 Aug. 1946). Die gebrek aan geesdrif moet gesien word teen die agtergrond van die dubbelslagtigheid in ASB-kringe oor wat die liggaam eintlik moet wees: 'n "volkspolitieke faktor" of 'n "suiwer" studenteorganisasie (*Wapenskou*, 30 Aug. 1946). Anders gestel: 'n ideologiesgedrewe organisasie of een waarin nuttigheid en verdraagsaamheid, wat kenmerkend van die markmotief is, sou oorheers.

In September 1946 het die Stellenbosse SR tesame met verteenwoordigers van ander Stellenbosse studenteliggame (Polumnia, die Nasionale Jeugbond en die Uniejeugfront) op Potchefstroom die stigtingsvergadering van 'n studentefederasie bygewoon (*Wapenskou*, 25 Oktober 1946). Dié liggaam sou Suid-Afrika eerste stel; Afrikaans bevorder; streef na studente-eenheid; sterk anti-kommunisties wees en die beginsel van rassesuiwerheid bevorder.

Naas die gaste was ook Afrikaanse studente van Wits en Kaapstad teenwoordig, maar die ASB, Universiteit van Pretoria en die UKOVS was nie verteenwoordig nie. Die poging was dus in wese 'n mislukking.

In 'n redaksionele hoofartikel in die ***Stellenbosse Student*** het die SR-voorsitter, J. van Graan, onder die opskrif "Die Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente" die standpunt ten gunste van so 'n liggaam nogmaals gepropageer (SS, Jul. 1947). Maar die saak moet nog verder ondersoek word en studente is genooi om insette te lewer.

'n Monstervergadering het Van Graan se federasiegedagte (wat as 'n nie-politieke alternatief vir Nusas voorgehou is) egter 'n paar maande later met 'n groot meerderheid verwerp (MV, 16 Sept. 1947).

Intussen wou die nuwe ASB ook nie van die grond af kom nie en teen einde 1947 was die bond nog, aldus Pelzer (1980:140), "'n beweging sonder sentrale gedagte en bygevolg ook sonder inspirasie". Vandaar die Afrikaner-Broederbond se besluit om die inisiatief te neem en 'n "nuwe sterk nasionale studentebeweging" gestig te kry - nes die AB in die vroeë dertigerjare ingegryp het en die ou ASB met die ANS vervang het.

Die AB het briewe aan van sy dosentelede geskryf waarin hulle versoek is om die studenteleiers "taktvol" te "bearbei". Die gevolg van dié ingrype en die studente se behoefte aan Afrikaner-eenheid het uitgeloop op samesprekinge tussen studente van die verskillende Afrikaanse universiteite, Stellenbosch ingesluit (SR, 21 Jun. 1948).

Die vroeëre Stellenbosse teenkanting teen 'n Afrikaanse studenteliggaam het nou omgeswaai: die SR het eenparig besluit om, met die toestemming van die monstervergadering, 'n kongres in Bloemfontein by te woon vir die stigting van 'n "nuwe ASB" (SR, 3 Aug. 1948). Tekenend van die nuwe houding by Maties jeens die ASB en uit erkenning vir hul inisiërende rol in dié verband saam met die Universiteit van Pretoria, is in Bloemfontein besluit om die eerste volbloedkongres van die nuwe studenteliggaam die volgende jaar op Stellenbosch te hou (vgl. Heymans, 1981:11).

Nasionaaldenkende Afrikanerstudente het nou beslissend geledere gesluit en kon die nuwe ASB die spilpunt word van die

nuwe politieke stryd. Vandaar ook die keuse van *apartheid* as tema vir die kongres op Stellenbosch in 1949 (SR, 8 Sept. 1948).

Goeie verhoudinge met nie-Afrikaanse universiteite is in die oorlogsjare grootliks vertroebel en het in geheel op die agtergrond geskuif. Toe die moontlikheid van 'n Nusastak op Stellenbosch in 1939 geopper is, het die SR die gedagte beslis afgewys en gesê hy wil nie sien dat Stellenbosch "op enige wyse met Nusas verbind sal word nie" (SR, 8 Jun. 1939).

By 'n vorige vergadering is ook beswaar aangeteken teen Nusas se gebruik om in Engels met studente van die Universiteit van Stellenbosch te korrespondeer terwyl die US 'n "uitgesproke" Afrikaanse instelling was (SR, 4 Apr. 1939).

'n Monstervergadering het (met slegs vier teenstemme) die SR se standpunt ten volle onderskryf: aangesien amptelike erkenning van 'n Nusastak "direk sou indruis teen die belange en rigting van hierdie studente-unie" word die bestaan van 'n Nusastak op Stellenbosch "ten strengste" afgekeur (MV, 19 Jan. 1939). M.H. Steyn dien na die wintervakansie tog 'n mosie in dat aan Nusas volle erkenning as vereniging gegee word - maar dié mosie is met 359 stemme teen 83 verwerp.

Hoewel daar dus 'n sterk gevoel teen Nusas was, was 'n beduidende aantal studente nie geneë met dié inperking op hul vryheid van spraak en assosiasie nie.

Twee jaar later het bande met Nusas nogmaals ter sprake gekom. Dié keer het die SR hom weer ondubbelsinnig uitgespreek, maar dit volledig gemotiveer. In die lig van persberigte dat die Universiteit van die Witwatersrand besluit het om aan te beveel dat die Universiteitskollege van Fort Hare uitgenooi word om by Nusas aan te sluit, het die raad verklaar:

> dat hy hom uitspreek ten gunste van kleursegregasie op ons Suid-Afrikaanse universiteite. Indien die Universiteit van Witwatersrand die standpunt inneem dat hul liewers samewerking sal soek met 'n naturellekollege t.w. Fort

Hare as met Afrikaanse universiteite, het hulle ons diep beledig... (SR, 23 Jun. 1941).

Die SR het voorts gemeen dat vervreemding tussen die blanke universiteitstudente van Suid-Afrika sal ontstaan as Wits met sy standpunt volhou.

In reaksie hierop het die studente van Witwatersrand versoenende geluide gemaak (SR, 13 Aug. 1941), maar die rasse- en oorlogskwessie het die Afrikaans- en Engelssprekende gemeenskappe te skerp verdeel om enige toenadering tydens die oorlogsjare moontlik te maak. Die Stellenbosse studente het hul SR se standpunt onderskryf en in die lig van die meningsverskil met Wits en die Universiteit van Kaapstad herbevestig dat hulle "ten gunste van die handhawing van 'n streng beleid van kleursegregasie op ons Suid-Afrikaanse universiteite" is (MV, 1 Sept. 1941).

Die kompeterende Afrikanernasionalismes soos verteenwoordig deur onderskeidelik die HNP- en ANS-gesindes het nog eens op 'n monstervergadering geblyk. Die ANS-leier W.A. Joubert het voorgestel dat alle bande met die Universiteite van die Witwatersrand én Kaapstad verbreek word; G.S.J. Möller se suksesvolle amendement was meer gematig: bande met Wits word verbreek, maar dié met Kaapstad sal net verbreek word wanneer die toepassing van hul "liberale beleid insake segregasie... die posisie van die Afrikaner-minderheid aldaar so onhoudbaar maak "dat hulle hulself verplig voel om met hul eie universiteit te breek" (MV, 22 Okt. 1941).

Dié besluit van die Stellenbossers moet gelees word teen die agtergrond van die nouer bande en kontak tussen die studenterade van Ikeys en die Maties en 'n memorandum waarin onderneem is om betrekkinge nie te verbreek alvorens alle redelike pogings aangewend is om 'n geskil op te los nie (SR, 20 Nov. 1941). Die studenterade het in hierdie stadium mekaar selfs jaarliks op 'n dinee onthaal (Möller, 1994).

Maar die ou bande kon nie die spanning van die oorlogsjare onbepaald weerstaan nie en sportbande is weens die skeuring in WP-rugbygeledere verbreek. Dié was 'n regstreekse gevolg van finansiële steun van die WP-rugbyunie aan die oorlogspoging, iets waarmee die anti-oorloggesindes vanselfsprekend nie kon saamgaan nie (kyk 5.3.6).

Bande met Wits is metterwyl herstel, maar nogmaals verbreek ná pogings op die Witskampus om 'n Afrikaanse blad, *Spore*, daar in die ban te doen (MV, 2 Nov. 1945).

Teen middel 1945 het die SR weer 'n brief van Nusas ontvang waarin 'n verteenwoordiger van die SR na 'n konferensie genooi is. Die SR het gewoon van die punt afgestap en Nusas dienooreenkomstig ingelig (SR, 12 Jun. 1945). Met die mate van versagting wat ná beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog ingetree het, was daar tog enkelinge op die Matiekampus wat betrekkinge met Nusas verlang het.

Die SR het egter eenparig besluit om Maties af te raai om enigiets te make te hê met die Nusastak wat gestig is (SR, 11 Sept. 1945), terwyl in ANS-kringe met ongeloof na die Nusastak verwys is (*Wapenskou*, Okt. 1945). Die tak het geen lewensvatbaarheid getoon nie.

In 1947 nooi Nusas die Stellenbossers weer na 'n konferensie, maar die SR het laat blyk dat die vyandigheid op die kampus jeens Nusas hom verhinder om so 'n uitnodiging te oorweeg (SR, 6 Mei 1947). Daarna is genotuleer: " 'n Skrywe van Nusas het homself aanbeveel vir die snippermandjie" (SR, 6 Apr. 1948) en " 'n Nusasskrywe het sy gewone pad gevolg" (SR, 1 Jun. 1948).

In die verkiesingsjaar 1948 het 'n poging deur onder meer die SR van Stellenbosch om 'n interuniversitêre byeenkoms te reël die wind van voor gekry: die Universiteit van Pretoria het gemeen dat genoeg pogings in dié verband al aangewend is terwyl dié van Kaapstad nie in 'n byeenkoms belang gestel het waar kleurdiskriminasie sou geld nie (SR, 23 Mrt. 1948).

Waar botsende weergawes van Afrikanernasionalisme die verhoudinge tussen Afrikaanse studente op Stellenbosch en dié van ander universiteite grootliks bepaal het, was die kleurkwessie bepalend vir die verhouding tussen die Afrikaanse en Engelstalige universiteite (vgl. *Wapenskou*, 20 Sept. 1946). Die kleurkwessie sou nou toenemend in die sentrum van die studentepolitiek staan.

**5.2.2 Apartheid en die republikeinse strewe.** By uitstek het die Afrikanerpolitiek in die oorlogsjare en daarna in die teken van 'n groeiende aandrang op rasseskeiding (of apartheid) en 'n eie Afrikanerrepubliek gestaan. By die Stellenbosse studente het dié gedagtes ook sterk geleef, veral waar dosente van die universiteit 'n leidende rol gespeel het in die formulering van rassebeleid.

Prof. P.J. Schoeman van Stellenbosch het bv. in 1941 in die ANS-mondstuk, *Wapenskou*, daarop gewys dat daar geen doelgerigte rassebeleid was nie (Jun. 1941). En in 1942-1943 het 'n reeks artikels in *Wapenskou* verskyn (onder andere deur Stellenbosse akademici) waarin 'n beleid van "radikale en totale apartheid" voorgestaan is. Dié artikels is in 1943 as 'n boek onder die titel *Die oplossing van die naturellevraagstuk in Suid-Afrika* uitgegee (Broodryk, 1991:136). In 1945 verskyn ook 'n artikel van twee Stellenbosse dosente, Nic Olivier en Erica Theron, waarin beperkte skeiding m.b.t. die Kleurlinge voorgestel is (Broodryk, 1991:156-158).

In geheel het 'n hele aantal Stellenbosse akademici bygedra tot die denke oor en ontplooiing van die apartheidsbeleid soos wat dit in 1948 deur die NP aan die kieserskorps voorgehou sou word. Hieraan is die studente noodwendig in die klaskamer en daarbuite blootgestel.

In 1946 het dit uitgeloop op 'n memorandum van elf dosente aan die Fagankommissie waarin die "vrye en onbelemmerde nasionale ontwikkeling en bestaan" vir elke ras bepleit is. Maar Smuts het die "Stellenbosse protes" as van mindere belang

afgemaak, waarna 'n volle sewentig dosente hul elf kollegas gesteun het (vgl. Broodryk, 1991:188,192-195).

Intussen het dr. Geoff Cronjé se seminale *'n Tuiste vir die nageslag* in 1945 op Stellenbosch verskyn. Die teologisering van die politiek is hierin tot sy logiese konsekwensies deurgetrek (vgl. De Klerk, 1975:215-222). Cronjé (1945:7) het onder meer geskryf:

Ons wil 'n rassebeleid hê wat vir ons die algehele en finale en blywende oplossing van ons rassevraagstuk sal besorg. Ons wil hê dat die rassevraagstukke moet ophou om te bestaan, want anders sal ons as blankes op die lange duur ophou om te bestaan.

In sy argumentasie het Cronjé die belang van rassesuiwerheid, geleenthede vir almal en regverdigheid (ook teenoor die blanke nageslag) beklemtoon (Cronjé, 1945:19,41; vgl. ook Van Jaarsveld, 1976:44,45). Maar waar die Stellenbosse dosent dr. W. Eiselen afsonderlike ontwikkeling van volke sterk beklemtoon het (kulturele pluralisme), het Cronjé die klem swaarder op die behoud van die blanke ras geplaas (Moodie, 1975:275). Dit het weer aangesluit by die Calvinisties geïnspireerde denke wat swaar klem op die voortbestaan van die volk geplaas het ten einde sy roeping teenoor God te kan volbring (vgl. Van der Walt, 1968:3,138).

Ondanks verskille in motivering en ander klemverskille, het die apartheidsdenkers dieselfde einddoel in die oog gehad. In 1947 het die apartheidsgedagte verdere beslag gekry - met verdere belangrike insette van Stellenbosch. Toe die Sauerkommissie van die NP in 1947 vergader om 'n beleid oor die kleurvraagstuk daar te stel, is Stellenbosse dosente as voorsitters van drie van die tien subkomitees aangewys (Broodryk, 1991:199).

Dieselfde jaar het die kommissie aanbeveel dat die naturellereservate die vaderland van die naturel moet word:

Dit moet die wieg van sy nasieskap wees en die akker waarop sy vaderlandsliefde en nasionale trots kan groei en uitgebou word. Vir elke naturel

moet dit 'n geestelike tuiste wees. Dit moet die setel van sy regeringstelsel wees (De Villiers, 1977:86,87).

Volgens Broodryk (1991:201) het die Sauerkommissie se formulering van die NP se beleid "baie goed aangesluit" by die standpunte van die Stellenbosse akademici, soos vervat in die genoemde memorandum. Daardeur is die band tussen toonaangewende Stellenbossers en die Nasionale Party bevestig. Binne dié milieu het die Stellenbosse studente hul nasionalistiese stem laat hoor.

Soos te wagte kon wees, het die studente nie almal eenders oor rassebetrekkinge gevoel nie. Daarom is Dirk Kamfer deur N.A. Blanckenberg oor die vingers getik oor sy "onvriendelike brief" waarin hy gesê het: " 'n Boerseun weet dat 'n kleurling sy kos en sy twak, sy pak slae en dan sy Kinderbybelles - alles in reëlmatige afwisseling - moet hê" (SS, Sept. 1939; SS, SS, Okt. 1939). Kamfer het wel die laaste woord ingekry: "Jou hart is blanck; jou land word - swart".

Die onmiddellike oorsaak van die Slag van Adringastraat (kyk 5.3.1) was Kleurlinge se beweerde onbeskoftheid teenoor 'n (blanke) dame. Daarom val die aandrang op afsonderlike geriewe en bediening nie vreemd op nie. 'n Briefskrywer het gemeen dit is 'n "skreiende skande dat daar op Stellenbosch van alle plekke nog nie behoorlik voorsiening gemaak is vir aparte dienste aan blanke en nie-blanke nie" (SS, Mei 1941). Hy het voorts "drastiese optrede" deur studente bepleit om die poskantoor-owerhede daarvan te oortuig.

Hierdie optrede het gekom - in die vorm van 'n petisie waarin segregasie in die poskantoor geëis is. Die SR het geen besluit geneem na aanleiding van die posmeester se argument dat 'n personeeltekort aparte dienste onmoontlik maak, maar dat 'n tweede poskantoor dalk in die toekoms in die "bo-dorp" (nader aan die universiteit) kan kom (SR, 13 Aug. 1941).

Opposisie teen segregasie is deur *Die Matie* as propaganda afgemaak wat versterk word deur die "opbloei van kommunistiese

idees in ons land as gevolg van 'n nuwe oorlogsituasie oorsee" (DM, 8 Aug. 1941). By die aandrang oor die poskantoor het *Die Matie* hom teen integrasie in die dorpsbiblioteek uitgespreek.

Die opposisie teen integrasie (of "gelykstelling") was, aldus *Die Matie*/ANS, 'n verkragting van "een van die grondbeginsels van die Boerenasie" (DM, 8 Aug. 1941).

Die studente-unie as geheel het sy anti-integrasiehouding getoon deur hom ten gunste van die verbreking van bande met Wits-studente uit te spreek weens dié studente se ondersteuning van Swart studente aan "blanke" universiteite (DM, 29 Okt. 1941). Dié besluite is later deur die SR opgevolg deur sy eenparige ondersteuning van Daan de Wet Nel se mosie waarin wetgewing gesteun is om segregasie by universiteite af te dwing (SR, 11 Apr. 1945).

Vroeër het T.C. Pauw in heelwat gematigder toon gevra vir balans, beskeidenheid en goeie maniere (SS, Okt. 1941).

In dieselfde jaar is 'n Bantoe-studiekring gestig (SR, 13 Aug. 1941), wat op 'n rasionele benadering dui. Dit het ook gespreek uit 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Student* waarin vir meer kennis van en belangstelling in Swartmense gepleit is (SS, Mei 1944). Die artikel het gevra of die studente se vrees nie die toestande eerder gevaarliker as veiliger maak nie. Voorts:

Dit vertroebel ons siening van die probleem, dit laat ons handel op 'n manier wat haat uitlok waar ons miskien eendag sal wens dat daar 'n simpatieke gesindheid teenoor ons is. Watter oplossing vir die naturelleprobleem aangebied word, is hulle eie samewerking van die grootste belang - jy kan nie so 'n groot bevolkingselement onderdruk, op praktiese en morele gronde nie - en dit is hierom wat dit ons sou betaal om hulle vertroue te wen.

Hierteenoor is die heersende denke in ANS/OB-kringe in *Die Matie* se beriggewing weerspieël. Daarin is onder meer verwys na 'n "onheilige kompromis (wat) tussen rassesuiwerheid en negrofilisme dreig" (DM, 31 Jul. 1942); probleme in swart woongebiede en die

"ware stryd" in Suid-Afrika wat tussen Blank en Nie-blank sou wees (DM, 25 Aug. 1944); en die gevare van die kommunistiese gelykstellingsideologie (DM, 1 Sept. 1944).

In pas met die standpunte van prof. Geoff Cronjé, het *Die Matie* gevra dat 'n stelselmatige proses van skeiding aan die gang gesit moet word "met totale skeiding as eindresultaat" (DM, 18 Aug. 1944).

Die toon en inhoud van *Die Matie* se beriggewing en standpunte was egter nie altyd verteenwoordigend van die meerderheid studente nie, soos blyk uit sy beriggewing oor die vroeëre besluit om nie bande met die Universiteit van Kaapstad heeltemal te verbreek nie (DM, 29 Okt. 1941).

Die studente (*Die Matie* se redaksie inkluis) het bv. geen beswaar gehad dat 'n groep Maleierkunstenaars ten behoewe van die Dagbreekhuisfonds in die Stellenbosse stadsaal optree nie (DM, 17 Mei 1946).

Tog was die Stellenbosse studente in den breede duidelik ten gunste van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling (vgl. MV, 2 Nov. 1945). Dit blyk ook uit die kommer van 'n monstervergadering oor die rigting wat die regering met sy rassebeleid ingeslaan het. Die vergadering het

> ten sterkste daarteen geprotesteer dat ons kleurvraagstuk verder broksgewys by wyse van partymaatreëls die aandag van die Parlement geniet. Ons reken die tyd het aangebreek dat die staat 'n verteenwoordigende kommissie van deskundiges op ekonomies, sosiologies, volkekundig en staatkundig gebied aanstel om die vraagstuk van kleurverhoudings in al sy vertakkings grondig te ondersoek... (MV, 17 Mei 1946).

Dié standpunt het in wese die HNP se kritiek op die Smutsregering en die denke van NP-gesinde akademici weerspieël - veral ook waar dit uitdruklik gewag gemaak het van "wetgewing wat alle rassegroepe in Suid-Afrika die vooruitsig sal bied op 'n waardige

voortbestaan as aparte groepe, met 'n eie nasionale identiteit in aparte gebiede".

*Die Matie* (wat intussen 'n blad van die hele studente-unie geword het) het die gedagtegang, onder die opskrif *Huidige kleur-posisie onhoudbaar - SA moet kies*, verder gevoer (DM, 7 Mrt. 1947). Die blad het geskryf dat òf met die huidige beleid volhard kon word, òf 'n beleid van algehele gelykstelling moet kies

> òf hy moet 'n totaal nuwe beleid ontwerp en toepas waardeur aan die verskillende bevolkingsgroepe geleentheid gebied sal word om apart te woon en te ontwikkel - 'n beleid wat sal meebring dat ons eventueel sonder die naturel se arbeid sal moet klaarkom en bereid sal moet wees om 'n groter deel van ons land vir sy bewoning en ontwikkeling af te sonder.

Die Nasionale Party (HNP) het inderdaad 'n kleurbeleid ontwerp en daarmee die verkiesing in Mei 1948 verrassend gewen. Vir die Stellenbosse studente, wat meestal Nasionale Party-ondersteuners was, was dit 'n groot oomblik: 'n paar duisende juigende ondersteuners het gehoor hoe Paul Roos se NP-oorwinning van meer as 2 000 stemme op Stellenbosch aangekondig word (De Villiers, 1965:210). Daarna het 'n groot groep na dr. D.F. Malan se huis gestap waar hulle hom *Laat Heer u seën op hom daal* toegesing het.

**5.2.3 Die Universiteit van Stellenbosch as volksuniversiteit.** Deur die jare is meermale na die Universiteit van Stelenbosch as "die" (of " 'n") volksuniversiteit verwys. In die laat dertigerjare en veertigs is dit by hoë uitsondering in studentepublikasies gedoen - moontlik vanweë die druk waaronder Stellenbosch geplaas is omdat hulle nie die ANS altyd met dieselfde geesdrif gesteun het as die Noordelike Afrikaanse universiteite nie. Stellenbosch se Afrikanerskap en toegewydheid aan die (nasionale) Afrikanersaak is by meer as een geleentheid in die tydperk 1939-1945 in twyfel getrek.

Dit het ook in die dertigerjare plaasgevind toe die Stellenbossers aanvanklik onwillig was om hul verbintenis met Nusas te

verbreek na die totstandkoming van die ANS. Tog was die Stellenbossers teen 1939 volledig (minus Nusasbande) saam met die ander Afrikaanse universiteite in die ANS, hoewel outomatiese lidmaatskap van alle studente nie vir die Stellenbossers aanvaarbaar was nie.

Teen dié agtergrond sê die *Stellenbosse Student* (met W.A. de Klerk as hoofredakteur) in 'n hoofartikel:

> Laat ons stil word en leer om intens te lewe en Stellenbosch sodoende 'n ware volksuniversiteit te maak, deurdat ons hier opvoeding sal geniet en verfyndheid sal ontwikkel wat die Afrikaner-gentleman in diens van sy Volk sal stel (SS, Jun. 1939).

De Klerk het sy kultuurfilosofiese gedagtes in nog twee hoofartikels verder gevoer. Hy het gepleit dat die Afrikaner reg moet staan om te bou aan 'n nuwe beskawing (SS, Sept. 1939). Om dit te doen moet gesorg word dat "ons gees, ons siel, gesond is..." Hy het bygevoeg: "En om die gees van die Volk gesond te maak, is daar alleen een moontlike middel wat aangewend kan word, en dit is 'n algehele terugkeer tot die eenvoudige lewensbeginsels van die Nuwe Testament."

Verder moes besef word dat 'n volk se kultuur veelkantig is en die ekonomie, sosiale, politiek en letterkunde insluit; dus moet ontwikkeling op alle gebiede plaasvind (SS, Okt. 1939). Met dié gedagtes het De Klerk sy mede-studente duidelik tot 'n genuanseerder beskouing oor hul taak as studente aan "die volks-universiteit" probeer lei.

In dieselfde uitgawe van die *Stellenbosse Student* (Okt. 1939), het 'n ander student na die Maties as "lede van die Volks-universiteit" verwys en bygevoeg: "Stellenbosch is vandag ook by uitstek die volksuniversiteit van Suid-Afrika" omdat hy voeling hou met die "polsslag van die nasie". Daarmee is die gedagte van die US as *volksuniversiteit* lewend gehou. En in 'n hoofartikel in die *Stellenbosse Student* die volgende jaar is aangevoer Stellenbosch

het "nog altyd in die hitte van die Afrikaanse kulturele stryd gestaan en vir hom 'n Afrikaanse tradisie opgebou soos geen ander hoër opvoedkundige inrigting in Suid-Afrika nie" (SS, Okt. 1940).

Maar, het die blad toegegee, daar het enkele jare vantevore 'n verslapping ingetree omdat gevoel is dat die US sy "historiese roeping" volbring het. Die Voortrekkereeufeesjaar (1938) het dié tendens egter gestuit en 'n "nasionale herontwaking" teweeg gebring - ook op Stellenbosch.

Die artikel se verwysing na die taak van 'n "volksuniversiteit" om "nuttige burgers" te kweek is 'n jaar later in dieselfde kolomme opgevolg: studente aan die Universiteit van Stellenbosch het ook kom leer om die beste waardes van die Afrikaner uit te leef, is aangevoer. "Dit is wat ons Universiteit in die ware sin van die woord 'n Volksuniversiteit sal maak..." (SS, Mei 1941).

Die meerderwaardigheidsgevoel wat meer dikwels in verwysings na Stellenbosch as "die volksuniversiteit" bespeur sou kon word, is pertinent in die *Stellenbosse Student* (Aug. 1942) bevraagteken. Hoewel daar geen werklike rede (anders as 'n bepaalde historiese voorrang) vir so 'n gevoel was nie, is Maties se selfbeeld versterk deur die "ophef" wat op die platteland van hulle gemaak is wanneer hulle huis toe gegaan het vir vakansie (SS, Nov. 1942).

Die herkenning van 'n Matie is veral moontlik gemaak deur die dra van 'n Matiekleurbaadjie, vandaar die waaksaamheid oor wie dit mog dra en waar.

Die dra van die Matiekleurbaadjie deur nie-studentelede van die Unie-Jeugfront op 'n konserttoer, is bv. skerp tereggewys (MV, 17 Sept. 1946). En by 'n later geleentheid het Chris Heunis beswaar gemaak teen die "misbruik" van US-kleure deurdat kleurbaadjies op Sondae, in dranklokale en op treine gedra is. Die SR het onderneem om dié beswaar via *Die Matie* onder die studente se aandag te bring (SR, 12 Okt. 1948).

Vorige geslagte studente het veel moeite gedoen met die registrasie van die universiteit se kleure; in 1939 het dit uiteindelik

uitgeloop op die amptelike registrasie daarvan (SS, Mei 1939). Die beskerming van die universiteit se wapen en kleure, as simbool van dit waarvoor die universiteit gestaan het, is daardeur uiteindelik geformaliseer.

In die veertigerjare word W.A. de Klerk se gedagtes oor volksdiens deur die ANS/OB-gesinde *Die Matie* verder gevoer deurdat studente aangemoedig is om die erenaam wat hul universiteit gekry het uit te leef en te bestendig deur diens aan die volk te lewer (DM, 3 Mrt. 1944).

Hierdie tema is 'n jaar later in *Die Matie* (2 Mrt. 1945) herhaal: "Ons gaan nie net diens van ons Universiteit vra nie; ons gaan ons Universiteit dien, en deur ons Universiteit ons Volk". En twee weke later is gevra: "Staan die deursnee Stellenbosche studente nog vir 'n idee?" (DM, 16 Mrt. 1945). Daarmee het *Die Matie* teruggegryp na die oorspronklike rasionaal vir die stigting van die Universiteit van Stellenbosch, soos geformuleer deur prof. Moorrees, dr. D.F. Malan en mnr. J.G. van der Horst (kyk 3.1.3).

Die groter kontak wat die Maties in die oorlogsjare via die ANS met noordelike Afrikaanse inrigtings gehad, het hul laat besef dat die Universiteit van Stellenbosch 'n noordelike eweknie het, nl. die Universiteit van Pretoria. Vandaar die verwysing na dié twee universiteit as "die twee volksuniversiteite van Suid-Afrika" (DM, 23 Aug. 1946). (Die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat en die Potchefstroomse Universiteitskollege het eers later volle universiteit-status gekry.)

Die besef dat Stellenbosch nie meer as vanselfsprekend op 'n voorrangposisie kon aanspraak maak nie, het moontlik bygedra tot die sensitiwiteit oor 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 1 Junie 1945 (*Op pad kafferland toe*). Daarin het 'n dosent erg kritiese aanmerkings gemaak, waarop 'n monstervergadering versoek het dat dosente nie die goeie naam van die universiteit met openbare uitlatings in die gedrang bring nie (MV, 10 Aug. 1945).

Die "'nasionalistiese' bedreiging" wat "sommige Engelse" , aldus *Die Matie* (12 Des. 1946), in Stellenbosch bespeur het, kan nie bloot in die lig van die Maties se toeëiening van die erenaam volksuniversiteit na waarde geskat word nie. Uit die studente se betrokkenheid by nasionalistiese Afrikanerpolitiek (kyk 5.3.1 en 5.3.2) is egter reeds duidelike blyke van hul betrokkenheid by die daarstelling van 'n Afrikanernasionalistiese diskoers. Dit is, soos in die vorige twee tydvakke (hfst. 3 en 4), verder stukrag gegee deurdat die studente se nasionalisme ook hul ander aktiwiteite (wat vervolgens aan die orde kom) deursuur het.

**5.2.4. Ekonomiese nasionalisme.** Buiten vir die staatkundige kwessies soos die republikeinse strewe, het die Afrikaner se nasionalisme veral tot uiting gekom in hul aandag aan ekonomiese selfopheffing, opheffing van volksgenote en die uitbou van die Afrikaner se aandeel aan die landsekonomie.

Daaraan het Stellenbosse studente op veral drie maniere deelgeneem: ondersteuning van die Reddingsdaadbond; voortgesette steun aan die fondswerwing vir die Langenhoven-gedenksaal en aktiewe deelname aan landsdiensaksies (en daarmee saam uitgesproke simpatie met en ondersteuning van Afrikaner- en ander blanke werkers). Daarbenewens is by geleentheid steun aan Europese geloofs- en kultuurgenote gegee.

Die Reddingsdaadbond is in 1939 gestig met as hoofdoel die bevordering van die Afrikaner se ekonomiese posisie. Onmiddellik na die eerste ekonomiese volkskongres In Oktober 1939 in Bloemfontein, het die *Stellenbosse Student* die Maties aangemoedig om groter kennis van die bankwese en handel na te streef en studente is aangemoedig om by Afrikanerbesighede te koop (SS, Okt. 1939; SS, Mrt. 1940).

Reddingsdaadweek is in 1941 met geesdrif vir die eerste keer op Stellenbosch gevier (SR, 25 Sept. 1941; DM, 1 Okt. 1941). Die vieringe het, aldus *Die Matie*, gestaan in die teken van 'n volk

wat homself help. Dit was immers die wekroep van Vader Kestell - die US se kanselier van 1 Februarie 1939 tot 9 Februarie 1941 - toe hy die volkskongres in 1939 geopen het:

Ons behoort aan mekaar - ons, die klein Boerevolk hier in Suid-Afrika, en dit dryf ons uit om toe te snel tot hulp van ons broers en susters wat in nood is, om hulle te help om hulself te help. Ons doen dit in die vaste oortuiging dat ons as volk onsself moet red (Du Plessis, 1964:97).

Daardeur is die oorlewingsmotief weer eens pertinent op die agenda geplaas, hoewel dit ook onderliggend was aan die apartheids-ideologie wat in hierdie tyd formele beslag begin kry het.

In die gees van Vader Kestel en onder die vaandel van die OB/ANS en die leuse *Nasiediens en nasieliefde*, het die studente die aanlê van sportvelde aangepak (17 Apr. 1942; DM, 7 Aug. 1942). Die band tussen mens en bodem en die adel van arbeid is op hierdie praktiese wyse aan die studente voorgehou.

In die oorlogsjare, waartydens die nasionaal-sosialisme sterk invloed op die OB en ANS uitgeoefen het, het die uitwis van enige klasseverskille noodwendig ook aandag geniet. Studente is gevolglik aangemoedig om handewerk self te verrig (SS, Mrt. 1941; DM, 9 Jun. 1944; Theron, 1983:42). Daar is bv. gereël dat studente vakansietye op plase of saam met mede-Afrikaners op paaie werk "om sodoende hulle weer die eenheid... met die werkende deel van ons volk te laat voel" (Nienaber, 1941:192; SS, Okt. 1939; DM, 10 Des. 1942; DM, 4 Mei 1945).

By die ANS se landsdienskampe is die leuse *Ons volk 'n arbeidslotsgemeenskap* uitgeleef (DM, 11 Jun. 1943) en het die klem swaar geval op die belang van die volk ter uitsluiting van die persoonlike belang (DM, 4 Mei 1945).

Die lot van die Afrikaner- en ander blanke werkers in die stede het spesifieke aandag geniet. Daarom is aangevoer: die "Afrikanerwerkster se stryd is... eweseer die stryd van die meer gegoede en bevoorregte Afrikaner" (DM, 9 Jun. 1944; DM, 21 Jul.

1944; 4 Aug. 1944). Daarmee is weer regstreeks aansluiting gevind by die Reddingsdaadbond se doelwitte.

Die hulp aan werkers het hulp met die reël van 'n Heldedagviering in Goodwood in die Kaapse Skiereiland ingesluit, maar ook regstreekse finansiële hulp, o.a. aan die gesinne van geïnterneerdes (DM, 15 Sept. 1944; DM, 4 Mei 1945).

Die studente het voorts by wyse van 'n monstervergaderingbesluit 'n amptelike standpunt oor die posisie van die blanke werker ingeneem (MV, 22 Mei 1944). In die mosie het die vergadering "met onrus" kennis geneem van die "dreigende gevaar van die uitbuitende kapitalisme en denasionaliserende kommunisme in S.Afr.". Daar is ook gewys op die ernstige gevaar vir die Afrikaner deurdat "naturelle" opgestook sou word met die oog op 'n kommunistiese revolusie. Daarom is die kommunisme as on-Afrikaans en antinasionaal verwerp.

Die vergadering het egter 'n amendement tot een paragraaf van die mosie aanvaar sodat nie spesifiek na die ANS se rol in die stryd teen kommunisme verwys sou word nie. Daardeur is weer gewys dat hoewel die meerderheid Maties hulle met veel van die ANS (en daarmee saam ook die OB) se standpunte en inisiatiewe kon vereenselwig, hulle nie regstreeks daaraan verbind wou wees nie.

Die mosie, wat duidelik 'n ANS-inisiatief was, het gevolg op die reeks toesprake wat die OB-hoofleier, dr. Hans van Rensburg, sedert begin 1943 landwyd gehou het "... om die Afrikanervolk te waarsku teen die gevare van kommunisme" (*Die OB*, 10 Feb. 1943).

Van Rensburg het die Tweede Wêreldoorlog as 'n populêre stryd tussen die magte van nasionalisme en dié van antinasionalisme/internasionalisme beskryf en klem gelê op die "kleurblindheid" van die kommunisme, wat 'n bedreiging vir die blanke in Suid-Afrika sou inhou (Van Deventer, 1991:123,125). Dié standpunte kan in die monstervergadering se mosie teruggelees word.

Die ANS/OB-standpunt dat 'n enkele ideologie (die nasionaal-ssosialisme) nodig is om die kommunisme en ander ideologieë mee te neutraliseer, het duidelik verskil van die HNP-benadering wat 'n stel maatreëls voorgestel het om kommunisme mee uit te wan (Van Deventer, 1991:127). Die meerderheid Stellenbosse studente het uiteindelik laasgenoemde benadering verkies.

Hulp is ook buite die onmiddellike kring aangebied of getoon. Duitsland se inval van Nederland het verwarring en meningsverskille onder nasionaaldenkendes gebring[6], maar van die studente het, ondanks hul anti-Britse simpatieë, hulle solidariteit met hul kultuur- en geloofsgenote in Nederland laat blyk: 'n spesiale rolprentvertoning ten bate van die Hollanders is o.a. deur studente bygewoon - in solidariteit met die lydende Nederlanders is "doodgewone dowwe klere" gedra en nie aanddrag nie (Van Jaarsveld, s.a.:83; kyk ook SS, Mei 1940; Van Heerden, 1988:30).

Na beëindiging van die oorlog is 'n komitee daargestel om fondse vir die Nederlandse Studente-Noodlenigingsfonds in te samel en het groot getalle studente 'n verskeidenheidskonsert ten behoewe van "noodlydende Duitsland" bygewoon (MV, 17 Mei 1945; DM, 6 Sept. 1946).

Die studente was steeds gewillig om nie-akademiese en veral pret- en ontspanningsaktiwiteite in diens van 'n hoër ideaal te stel. Dit geld ook Juniordag, wat reeds sedert die laat dertigerjare die karakter van 'n lentefees begin aanneem het (SS, Mrt. 1938; vgl. ook Kapp, 1975:167).

Die dag het in die teken van (soms uitspattige) studentepret gestaan en aan sommige die geleentheid gebied om hulself swak te gedra, maar reeds in 1942 is berig dat die geld wat ingesamel is vir die Kinderwelvaartvereniging geskenk is (DM, 12 Sept. 1941; SS, Okt. 1942; DM, 3 Sept. 1943). Die nut van Juniordag as geleentheid waaraan studente saam kon werk én fondse insamel vir verdienstelike sake (w.o. die Langenhovengedenksaal [SS, Mrt. 1945]) het op die ou end swaarder geweeg as die kritiek daarop (Booyens,

1966:386; DM, 6 Sept. 1946). Reeds teen 1947, sê Booyens (1966:368,369),

> is in verantwoordelike studentekringe die ideaal gekoester van 'n jaarlikse studenteonderneming waarby die studentegemeenskap as geheel betrek sou word en waaruit die een of ander verdienstelike saak finansieel bevoordeel sou word.

Dit het ten grondslag van die Maties se jool/karnaval met sy sterk gemeenskapsbetrokkenheid gelê. Dit het ook ten nouste aansluiting gevind by die Maties se ondersteuning van die Reddingsdaadbond, wat op sigself 'n selfhelpaksie was, en hernieude pogings om op 'n geordende wyse geld vir die Langenhoven-gedenksaalfonds in te samel (MV, 14 Apr. 1948).

Selfhelp asook finansiële en ander hulp aan volksgenote was steeds 'n intrinsieke deel van die studente se kulturele aktiwiteite en is meestal geïntegreer by die handhawing en opbou van die eie kultuur.

**5.2.5 Bevordering van die Afrikaanse taal, sang, musiek en toneel.** Afrikanernasionaliste se stryd om ten minste gelyke status vir Afrikaans te verkry, is in die veertigerjare veral op moedertaalonderrig toegespits. Die argument dat God die Afrikaner sy taal gegee het en dat die kind geregtig is om in sy Godgegewe taal onderwys te ontvang is telkens geopper (Moodie, 1975:242) - veral in die lig van die regerende Verenigde Party se beleid van dubbelmediumonderwys (Malan, 1964:214,215;).

Op universitêre vlak was die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat in 'n stryd gewikkel om, in pas met die Christelik-nasionale uitgangspunt, dié inrigting volledig Afrikaans te maak - en daarin het hulle die morele steun van die Stellenbossers geniet (SR, 7 Sept. 1943). 'n Monstervergadering het sy "volmondige" en "daadwerklike" steun aan UKOVS-studente gegee in hul "bittere stryd vir

die handhawing van hulleself, hulle Christelike en Afrikanerbeginsels" (DM, 15 Okt. 1943). Die besluit het gelui:

1. Hierdie monstervergadering van studente van die Univ. van Stellenbosch aanvaar die beginsel van Christelike en nasionale onderwys vir alle Afrikanerstudente in alle provinsies van die Unie.
2. Op grond hiervan sê hierdie studente-unie sy steun toe aan ons mede-Afrikanerstudente aan die U.O.V.S in hul stryd om bogenoemde beginsel.

Die Stellenbosse studente het die Kovsies alle sukses toegewens in hul pogings om 'n "vrye Afrikaanse universiteit" tot stand te bring en bygevoeg dat "tot tyd en wyl dit verwesenlik word, nooi ons hul uit om 'n akademiese onderdak op Stellenbosch te soek en sê ons morele sowel as ons daadwerklike steun toe waar ons kan, indien hul hierheen mag kom".

Ter motivering van die mosie is 'n memorandum voorgehou waarin 'n uiteensetting gegee is van wat met "Christelike en Nasionale onderwys" bedoel is. Hieruit blyk veral die aard van die nasionalisme van die Stellenbosse studenteleiers. Die memorandum het o.m. gelui:

In die Suidpunt van Afrika is 'n volk gebore wat deur die Allerhoogste in aansien geroep is en wat hier te lande 'n eie aard, taak en bestemming het. Hierdie Volk, die Afrikanervolk, glo in sy voortbestaan as kulturele eenheid. Hierdie kulturele eenheid is in sy wese Christelik omdat die skeppers en oorspronklike draers van hierdie kulturele gemeenskap in hul wese Christelik was.

Die memorandum het voorts gewys op die "noodsaak" van die jeug om "te drink uit die beker van ons volk se ideale en strewe en dat hulle die nodige voorligting moet kry ten opsigte van die rigting wat hul voorvaders ingeslaan het".

Einde 1943 het die UKOVS-raad afgesien van die sg. "50-50 taalmedium-beginsel" en het die UOVS 'n volwaardig Afrikaanse inrigting geword (DM, 3 Mrt. 1944).

Die stryd van Afrikaners so ver weg as in Durban en Pietermaritzburg het ook die aandag van die Maties geniet. By 'n vergadering van alle primariusse is bv. standpunt ingeneem teen wat beskou is as pogings om die Hoërskool Port Natal (Durban) en die Hoërskool Voortrekker (Pietermaritzburg) dood te wurg (DM, 28 Apr. 1944). Die studenteleiers het verder daad by die woord gevoeg en 'n moedertaalstrydfonds in die lewe geroep.

Maar ook op Stellenbosch was Afrikaans nog nie in alle departemente die voertaal nie en het prof. D.L. Scholtz groot waardering ontvang vir sy pogings om Afrikaans in die dept. geologie tot sy reg te laat kom (SS, Okt. 1941).

Die Stellenbosse studente het hulle aktief daarvoor beywer dat die rugby-intervarsity tussen hulle en die Universiteit van Kaapstad "deurgaans" deur die SAUK ook in Afrikaans uitgesaai word (SR, 4 Apr. 1939). Hiertoe het die SAUK ingestem en desdoende kon die SR-voorsitter, Jan Haak, verslag doen dat dit wel vir die eerste keer gebeur het dat die wedstryd ook volledig in Afrikaans uitgesaai is (SR, 3 Mei 1939; SS, Mei 1939).

Later in die jaar is besluit om voortaan die universiteitslied by intervarsities net in Afrikaans te sing (SR, 19 Sept. 1939). Maar hierteen het die intervarsitykomitee kapsie gemaak, waarop die SR sy besluit van 1939 moes herbevestig - weliswaar met 'n skrale 10 stemme teen 9 nadat die voorsitter sy beslissende stem uitgebring het (SR, 17 Mei 1940).

Intussen het taalbewustes beswaar gemaak teen die feit dat soveel van die Maties se intervarsityliedjies Engels is en dat die Maties se dirigent "byna uitsluitlik" Engels gepraat het (SS, Mei 1939). Dit was vir die een briefskrywer onaanvaarbaar aangesien Stellenbosch "by uitstek vandag die volksuniversiteit van die Afrikaanssprekendes" is.

Voorts is oorspronklike Afrikaanse liedjies bepleit (SS, Mei 1939; SS, Mrt. 1940). Teen 1948 het die SR geldpryse uitgeloof vir studente wat nuwe studenteliedjies skep (SS, Apr. 1948).

Die studente is telkens aangemoedig om hul taal te handhaaf, aangesien die geesdrif vir Afrikaans wat deur die Voortrekkereeufees van 1938 opgewek is "blykbaar geen blywende invloed op ons spreektaal gehad (het) nie" (SS, Mei 1939). In die lig daarvan is beroepe op die studente gedoen om suiwer taal te besig (SR, Sept. 1939; DM, 3 Mei 1946; DM, 9 Aug. 1946), terwyl klagtes ook opgeduik het oor die gebruik van Engelse woorde in Afrikaanse stukke in die *Stellenbosse Student* (DM, 22 Mei 1942; SS, Aug. 1942).

Buite-instansies is ook by geleentheid aangespreek: Die SR het besighede op Stellenbosch genader en aangedring op Afrikaans in bioskoopadvertensies (SR, 19 Sept. 1939); die SR het 'n winkel aangespreek omdat Afrikaans op 'n plakkaat 'n "ondergeskikte posisie" gegee is (SR, 28 Jul. 1942); en in 'n hoofartikel het die *Stellenbosse Student* (Apr. 1948) oor "saketaal" aangevoer dat die advertensies, biljette en pamflette van "sogenaamde suiwer Afrikaanse firmas... beslis 'n skreiende skande" is.

Maar die Stellenbosse studente se taalnasionalisme was veral ook sigbaar in hul musiek, sang en toneelaktiwiteite. Daardeur het hulle nie net die Afrikaanse kultuur bewustelik bevorder nie, maar ook geld ingesamel waardeur konkrete steun aan 'n verskeidenheid projekte gegee is. Booyens (1966:394) meen dit was

> een van die treffendste verskynsels van die Stellenbosse studentelewe: die wyse waarop hy oor baie jare heen sy pret en spel kon sublimeer tot 'n klinkende kultuurdaad. Daarom kan ons van die Stellenbosse Boereorkes (sic), die Jan Pierewieters, die Jool en Rugby in dieselfde asem praat as van die Reddingsdaadfonds, die Voortrekkermonumentfonds, die Fonds vir Droogtegeteisterdes en die Langenhoven-gedenksaalfonds.

Die Stellenbosse Boerorkes het reeds in 1933 sy eerste konsertreis onderneem en daardeur Afrikaanse musiek bevorder en geld ingesamel. Teen 1939 was die orkes landwyd bekend en is gereeld stewige bedrae aan sake van Afrikanerbelang geskenk. Vroeg 1940

is berig dat die orkes 2 000 pond aan die Reddingsdaadfonds oorbetaal het (SS, Mrt. 1940); die winter van 1941 het die orkes sy twintigste toer onderneem en 6 000 pond vir die Voortrekker-monumentfonds en 4 000 vir die Reddingsdaadbond ingesamel (DM, 1 Aug. 1941); en die volgende jaar verwys die SR-voorsitter na die "skitterende werk van die Stellenbosche Boereorkes (sic), ten behoewe van Afrikanersake" (SS, Mrt. 1941). Dié Afrikanersake het ingesluit: die Winburgmonument, die Hildebrandgedenkteken op Darling, die Sarel Cilliers-standbeeld op Kroonstad, die Kruger-sterftehuis in Clarens, Switserland, die Dirkie Uys-fonds en organisasies soos die FAK, ATKV en ACVV (Van Blerk, 1986:805).

Die eerste week van Oktober 1941 is Reddingsdaadweek landwyd gehou - ook op Stellenbosch waar die ANS sterk leiding geneem het en oom Pietie le Roux en sy Stellenbosse Boerorkes 'n prominente aandeel aan gehad het. Die vieringe het 'n "Boere-Eisteddfod" in die Konserwatorium ingesluit waardeur Afrikaanse sang en musiek vanselfsprekend voorop gestel is, asook tablo's, wat uitstaande episodes uit die Afrikaner se volksverlede simbolies voorgestel het, en volkspele (Van Blerk, 1986:802). Die week se aktiwiteite op Stellenbosch het 1 150 pond vir die Reddingsdaadfonds opgelewer.

Teen 1944 het die orkes reeds op 250 dorpe opgetree, aan 250 000 mense vermaak verskaf in die teken van die orkes se leuse, *Ons eie*, en 23 000 pond ingesamel (Booyens, 1966:394; Le Roux, 1984:55; DM, 1 Sept. 1944). Die toere het jaarliks voortgegaan (vgl. DM, 7 Jun. 1946).

Die Jan Pierewiet-geselskap het sedert 1938 volkspele, -sang en -musiek landwyd bevorder. Terwyl die gewone populêre danspassies en -musiek van die tyd op danspartye gesien en gehoor is, het die Pierewieters plattelandse Afrikaners aan hul eie bekend gestel - of dan, in die geval van volkspele, 'n dansvorm wat deur die Afrikaners aangepas en hul eie gemaak is. Demonstrasies van tradisionele danse soos die polka, settees en vastrap is aangevul deur

eenbedrywe, sang en 'n voorstelling van 'n outydse huweliksfees (DM, 7 Sept. 1945).

Einde 1939 en in 1941 het die Pierewieters met veral hul konserttoere groot bedrae vir die Langenhoven-gedenksaal ingesamel, en teen einde 1946 is reeds 2 000 pond aan dié fonds oorbetaal (SS, Mrt. 1940; SS, Okt. 1941; DM, 1 Aug. 1941; DM, 2 Aug. 1946). Nog toere het in die jare 1942-48 gevolg, onder meer na die Rand (Van Blerk, 1986:809, 810, 812).

Die bevordering van volkspele, wat die eerste deel van 'n tipiese Jan Pierewiet-konsert behels het, het ook op Stellenbosch plaasgevind. In 1941 is 'n volkspelekursus gehou wat heelwat belangstelling onder die studente gaande gemaak het (SS, Mrt. 1942). Dit is by geleentheid met volkspele-aande opgevolg waar opbrengste nogmaals vir die Langenhoven-gedenksaalfonds geoormerk is (DM, 17 Sept. 1943).

Daardeur het die Pierewieters veel bygedra tot die oplewing in belangstelling in volkspele. Meer nog: die geselskap het, aldus Van Blerk (1986:813), 'n unieke bydrae tot die Stellenbosse musieklewe en, in breër verband, die Afrikaanse kultuurlewe gelewer.

Tydens die reeds genoemde Reddingsdaadweek van Oktober 1941 het die entoesiastiese sing van volksliedere op die Coetzenburg-pawiljoen op 'n herlewing in die belangstelling in volksang gedui (Gericke, 1977:7).

Sang onder die Stellenbosse studente het in die veertigerjare drie ander belangrike inspuitings gekry: die stigting van 'n universiteitskoor onder dr. Gawie Cillié jr.; die begin van die jaarlikse sangfees en die oprigting van 'n Kweekskoolkoor. Veral die eerste twee het 'n regstreekse en bewuste bydrae gelewer tot die bevordering van die Afrikaanse lied.

Nadat verskeie universiteitskore deur die jare bestaan het, is dr. Cillié in die loop van 1940 gevra om weer 'n universiteitskoor te begin (Gericke, 1977:17). Dit realiseer begin 1941. Buiten vir opera-

en gewyde musiek, het die koor uit die staanspoor ook volksmusiek in sy program ingesluit (Cillié, 1994).

Weens die oorwig oorsese musiek, het Cillié komponiste gevra om oorspronklike werke te skep vir uitvoering deur die koor, 'n versoek waaraan enkeles gehoor gegee het (Cillié, 1994). Cillié en Chris Lamprecht het verwerkings van Afrikaanse volksliedere begin maak wat deur die koor uitgevoer is en deur koorlede verder bekend gestel is.

Die ontstaan van 'n jaarlikse sangfees het selfs meer studente aktief en op 'n georganiseerde wyse by sang betrek. Nadat die universiteitskoor in 1944 aan 'n sangfees van die Paul Roos-gimnasium deelgeneem het, besluit die SR twee jaar later om self 'n sangfees te reël - ten bate van hulpbehoewende Nederlandse studente (McLachlan, 1977; SR, 15 Apr. 1946).

Die eerste sangfees is met groot sukses in die lente van 1946 gehou met sowat 300 studente wat deelgeneem het. Die geld wat by dié geleentheid ingesamel is, is vir die bestryding van tering aangewend (DM, 6 Sept. 1946; DM, 21 Sept. 1946). Maar deur latere sangfeeste is finansieel tot die ACVV en Langenhoven-gedenksaalfonds bygedra (Cillié, 1994).

Die jaarlikse sangfees het die groeiende belangstelling in Afrikaanse volksmusiek - wat na die verskyning van die FAK-sangbundel in 1937 teruggevoer kan word - verder gestimuleer (vgl. Gericke, 1977:15). Die tweede sangfees is, in die lig van die eerste een se sukses, "op veel groter skaal" aangepak (Van Blerk, 1986:561-566).

Mense soos dr. Con de Villiers het nie net leiding aan die studentedirigente gegee nie, maar ook met Afrikaanse vertalings, verwerkings en toonsettings reusewerk gedoen (Booyens, 1966:391; McLachlan, 1977; Van Blerk, 1986:568; De Kock, 1994:30). Daarmee is die sleutelrol van kunstige en entoesiastiese dosente bevestig in die begeleiding van die studente in hul volksgerigte kultuuraktiwiteite.

Die Kweekskoolkoor het ook onder leiding van dr. Gawie Cillié gestaan en het in 1946 landwyd begin toer - ses jaar voordat die universiteitskoor in vakansies begin reis het (Cillié, 1994). Die Kweekskoolkoor se eerste toer (van 2 800 myl) was volgens *Die Matie* 'n groot sukses en 1 200 pond is ingesamel (DM, 2 Aug. 1946). Gehore is nie net bewus gemaak van goeie kerkmusiek nie, maar is voorts op ligter toneelstukke en musieknommers vermaak (Cillié, 1994).

**5.2.6 Verenigingslewe en volksfeeste.** Studente het die verenigingslewe nie meer na wense ondersteun nie. Daarvoor was dit reeds teen 1939 te gespesialiseerd en oorgeorganiseerd, onderlinge koördinasie het geskort en gevolglik was daar, aldus *Die Matie*, 'n gebrek aan "doelbewuste samewerking tot die handhawing van die Idee van Stellenbosch (SS, Apr. 1939; SS, Mei 1939; SS, Mrt. 1941; DM, 1 Aug. 1941; vgl. ook Booyens, 1966:390).

Daar was duidelike tekens van laksheid en min geesdrif buite die kleiner groepies wat die kern van die veertigtal verenigings gevorm het (SS, Okt. 1940; DM, 15 Aug. 1941; SS, Okt. 1941; DM, 20 Mrt. 1942; SS, Nov. 1942).

Die ou leerskole van debatvoering en openbare optrede en uitstuurders van toneelgroepe, nl. die twee debatsverenigings, was in 'n oorlewingstryd teen nuwer verenigings (soos fakulteitsverenigings en een vir fotografie) en die rolprentteater gewikkel en samesmelting was onafwendbaar (SS, Jun. 1940; SS, Aug. 1940; SS, Nov. 1942; SR, 26 Nov. 1945).

Tog het die *aktiwiteite* wat eers die lewensbloed van die tradisionele verenigings was en waardeur die studente hul taal en kultuur vroeër bevorder het en 'n bydrae tot die daarstelling en ontwikkeling van die Afrikaans-nasionale diskoers gelewer het, nie noodwendig verdwyn nie. Daarvan getuig die reeds genoemde aktiwiteite van die kore en musiek-, sang- en dansgroepe en die

jaarlikse sangfees, hoewel lg. gebeurtenis ook 'n sterk algemeen-kulturele inslag had (kyk 5.3.4.).

Terwyl studentetoneel gesukkel het (SS, Okt. 1940; DM, 15 Mrt. 1946), het studente hul talente, insluitende hul toneelvaardigheid, in die jaarlikse Stellenbosse kunswedstryd - wat teen 1942 soveel as 1 400 studentedeelnemers getrek het - ten toon gestel (DM, 5 Jun. 1942; DM, 4 Jun. 1943; DM, 24 Mei 1946). Dr. Con de Villiers het nogmaals vir Afrikaanse vertalings gesorg (DM, 24 Mei 1946).

Die voortgesette aktiwiteite van 'n Bantoestudiekring was tekenend van dié tipe gespesialiseerde vereniging: slegs 'n klein groepie het deur bywoning van dié vereniging se vergaderings hulself probeer toerus om op die terrein van die rassevraagstuk hul verantwoordelikheid na te kom. Maar terselfdertyd het 'n ideaal geleef om die studentemassa op 'n intellektuele vlak in dié saak, wat vir Afrikanernasionaliste van kardinale belang was, geïnteresseerd te kry (SS, Okt. 1940; SS, Nov. 1942).

Volksfeeste het, nes die ernstiger verenigingsaktiwiteite, nie altyd aftrek gekry nie (SS, Okt. 1941). *Die Matie* het wel sy bes gedoen om die viering, betekenis en belang van Heldedag onder die studente se aandag te bring (DM, 10 Okt. 1944; DM, 12 Apr. 1946; 16 Aug. 1946). Die blad het vroeër ook kapsie gemaak teen die feit dat die dag nie op almanakke as Heldedag aangedui is nie (DM, 11 Aug. 1944) - hoewel dit eers ná die NP se bewindsoorname in 1948 as vakansiedag erken is (Kapp, 1975:110).

N.P. van Wyk Louw se *Die dieper reg* is reeds in 1941 met groot sukses in die Stellenbosse stadsaal deur 'n groep senior studente opgevoer (Van Heerden, 1988:28), en in 1946 is dit weer op die planke gebring. Op 10 Oktober skryf *Die Matie* dat by die viering van Heldedag daar veral twee uitstaande historiese feite is waaraan herinner behoort te word. Die een is "die lyding en sterwe van duisende Boerevrouens en -kinders in die Britse konsentrasiekampe

gedurende die Engelse Oorlog van 1899-1902". Die ander is die rol van uitstaande leiers soos Paul Kruger in die Afrikanervolk se stryd.

Die viering van Heldedag het deur die jare 'n sterk politieke kleur gehad en het dus om daardie rede aanleiding tot meningsverskille gegee.

Op 'n monstervergadering in Augustus 1945 is gerapporteer dat die SR 'n Heldedagkomitee benoem het wat as verteenwoordigend beskou kan word van die hele studente-unie sowel as die publiek (MV, 10 Aug. 1945). Tog kon steeds geen eenstemmigheid tussen die ANS-feeskomitee en dié van die SR en Reddingsdaadbond bewerk word nie (MV, 24 Aug. 1945).

**5.2.7 Sport.** Sportaktiwiteite - veral mededinging met ander universiteite - is regstreek deur die politieke klimaat van die oorlogsjare beïnvloed en daarby betrek.

Pogings is deur sommige Afrikaanse universiteite aangewend om 'n Afrikaanse sportunie daar te stel, maar dit het nie veel geesdrif by die Stellenbossers opgewek nie (DM, 7 Aug. 1942). Intussen is voortgegaan met normale ligaverpligtinge.

Toe die WP-rugbyunie egter besluit om hekgelde aan die sg. Ouma-fonds (vir soldate) te gee, was die teerling gewerp en het die Afrikaanse klubs, insluitende die Universiteit van Stellenbosch, weggebreek en hul eie unie gestig (Craven & Jordaan, 1955:68; Craven, 1959:192,193). Die Matieafrigter, mnr. A.F. (Oubaas Mark) Markötter, het op die wegbreekvergadering verklaar: "I have no religion. I have no politics. My religion and my politics are rugby" - waarmee hy waarskynlik meer oor sy eie toewyding aan rugby as die nasionalistiese inslag van Matierugby meegedeel het.

Weens die breuk in WP-rugbygeledere het die tradisionele intervarsity tussen die Maties en Ikeys in 1943 en 1944 in die slag gebly (DM, 12 Mrt. 1943; SS, Jun. 1943). Wel het die Maties in dié jare met die Afrikaanse Ikeys en die studente van die Potchefstroomse Universiteitskollege kragte gemeet - laasgenoemde

wedstryd ter wille van "Nasionale lotsgemeenskaplikheid; volkskulturele kontakte en prikkel; en voetbalspeel soos Boereseuns!" (Booyens, 1966:365; MV, 28 Feb. 1944; DM, 14 Mei 1943; DM, 21 Mei 1943; 23 Jun. 1943).

Nou is rugby volledig ingetrek in die Afrikanernasionalistiese diskoers en het die speel van rugby teen (en soos) "Boereseuns" 'n hoë prioriteit gekry - altans by die meer begeesterde Afrikanernasionaliste.

In 1945 is die volbloed-intervarsity met die Ikeys hervat - tot groot vreugde van die Maties (Booyens, 1966:365; DM, 10 Mei 1964). En 'n paar maande later aanvaar die SR 'n konsepgrondwet vir 'n liggaam wat skakeling tussen UK en US ten doel had (SR, 7 Aug. 1945).

Sportbetrekkinge het klaarblyklik 'n sentrale plek in interuniversitêre betrekkinge ingeneem en dit gevolglik beïnvloed en selfs bepaal. Te midde van die versplinterde universitêre (sport-)betrekkinge, het Afrikaanse universiteite op die Maties se uitnodiging op Stellenbosch byeengekom om 'n gemeenskaplike standpunt te formuleer alvorens in Johannesburg met Wits en ander Engelssprekende universiteite gepraat sou word (MV, 10 Aug. 1945).

Na afloop van dié konferensie het 'n monstervergadering van Stellenbosse studente met 59 stemme teen vier besluit om sportbetrekkinge met alle universiteite te handhaaf wat die basis onderskryf waarop in Johannesburg ooreengekom is (MV, 24 Aug. 1945). Dit het behels dat geen nie-blanke aan 'n interuniversitêre sportbyeenkoms sou deelneem sonder die verlof van alle universiteite of kolleges wat aan die betrokke byeenkoms deel had nie.

Die klein getal studente wat die betrokke vergadering bygewoon het, dui op min belangstelling oor dié saak. Tog het die studenteleiers dit as belangrik genoeg beskou om ondanks die Johannesburgbyeenkoms weer betrekkinge met Wits te verbreek (MV, 2 Nov. 1945).

Hoewel die oorlogspolitiek nou tot die verlede behoort het, was daar dus steeds 'n sterk politieke dimensie: daar is, soos in die verlede, slegs met blankes meegeding. En dit was vir die Engelssprekende universiteite onaanvaarbaar. Vandaar dan ook dat sportbetrekkinge met die Universiteit van Kaapstad nogmaals in gedrang gekom het, behalwe as die "beginsel van kleurapartheid" gehandhaaf word (MV, 2 Nov. 1945).

Apartheid in sport het nou die sentrale kwessie geword wat die studente landwyd in twee kampe gejaag het. Interuniversitêre betrekkinge was, volgens die SR-voorsitter vir 1945, M.S. Louw, chaoties (MV, 6 Mrt. 1946).

Teen die winter van 1946 het die Maties nogmaals sportapartheid as voorwaarde vir voortgesette betrekkinge tussen die Universiteit van Stellenbosch en ander universiteite gestel (MV, 8 Mei 1946). Teen dié agtergrond skryf *Die Matie* (23 Aug. 1946) op die vooraand van 'n intervarsity met die Universiteit van Pretoria: "Sport om die sport" - dit bly ons leuse! Kleurapartheid op sportgebied, soos oral elders - daarvoor sal ons tot die einde veg!! Ons bou saam aan 'n nasie!!"

Die motiewe oorlewing en ideologie het hiermee gewys dat dit op alle lewensterreine moes geld en gekommunikeer word. Die era van apartheid het in alle erns begin.

## 5.3 Vorme van kommunikasie

Wesenlik dieselfde kommunikasievorme is in die jare 1939-1948 as in die vorige twee tydvakke benut, maar die emosie van die oorlogsjare en bestaan van die OB het 'n nuwe dimansie tot die studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme gevoeg.

Sang (veral by wyse van kore, in teenstelling met groepsang) het opgang gemaak, die Jan Pierewiet-geselskap (sang, toneel en tradisionele danse) het op die toneel verskyn, en die Stellenbosse Boerorkes het selfs sterker na vore getree.

'n Groter verskeidenheid publikasies is weens die ideologiese verskille in studentegeledere gepubliseer. Maar daar was ook beperkinge. Weens die bestaan van krygswet in die oorlogsjare, moes 'n mate van versigtigheid noodwendig aan die dag gelê word oor wat gesê of gepubliseer is.[7] So is 'n mosie op 'n monstervergadering oor "die huidige politieke krisis" (d.w.s. die stryd tussen die HNP en OB) bv. teruggetrek "op grond van die oproep deur die politieke leiers", nl. dat die kwessie nie in die openbaar gestel moet word nie (MV, 1 Sept. 1941).

Studente het by wyse van 'n fietsbetoging hul standpunt by geleentheid gestel (klaarblyklik teen die stadsraad), maar dié het meer op vermaak as erns gedui (hoewel die verkeersbeampte se fiets in die proses beskadig is en die SR daarvoor moes betaal) (SR, 27 Mei 1940). Ernstiger was die protesvergadering teen die viering van die Britse koning se verjaarsdag as vakansiedag, die doelbewuste verontagsaming van die bidstond om twaalfuur elke middag wat regstreeks met steun vir die regerings se oorlogspoging beskou is, en deelname aan para-militêre parades van die OB. Die OB-lidmaatskap van baie studente het ook beteken dat hulle deur die kenmerkende OB-saluut hul lojaliteit teenoor die beweging en waarvoor hy gestaan het, gekommunikeer het (vgl. Thom, 1980:102).

**5.3.1 Amptelike besluite.** Monstervergaderings was formeel gesproke nog altyd by uitstek die geleentheid waar die studentemassa kollektief 'n amptelike standpunt kon inneem. Sommige monstervergaderings, bv. dié waar die studente hulle teen deelname aan die oorlog uitgespreek het, is goed bygewoon (vgl. SS, Mei 1940), maar meer dikwels is gekla oor die gebrek aan belangstelling. Trouens, klagtes daaroor het "soos 'n refrein deur berigte in studenteblaaie en die jaarverslae van S.R.-voorsitters" geklink." Dit het dikwels maar sukkel-sukkel gegaan om 'n kworum te verseker, tensy die vergadering gereël is om 'n saak van algemene of nasionale belang of 'n moedswillige mosie te behandel" (Booyens, 1966:362;

vgl. ook MV, 1 Mrt. 1940; MV, 8 Mrt. 1940; MV, 15 Mrt. 1940; MV, 31 Mrt. 1941; MV, 7 Mrt. 1944; MV, 14 Mrt. 1946; MV, 8 Mei 1946; MV, 16 Sept. 1947; MV, 10 Mrt. 1948). Die studenteraad is selfs by geleentheid byeengeroep om spesifiek die swak bywoning van monstervergaderings te bespreek (SR, 27 Aug. 1946).

Desondanks is 'n groot aantal monstervergaderings in die jare 1939-1948 gehou waar politieke en administratiewe sake bespreek is. In 1939 en 1940 is monstervergaderings selfs maandeliks gehou, maar dié gebruik is in 1941 ingekort (MV, 1 Sept. 1941). Teen 1948 het die kwessies opgedroog wat vroeër tot monstervergaderings aanleiding gegee het, en is net twee van dié vergaderings gehou.

As verkose verteenwoordigers van die studente het die studenteraad op 'n deurlopende basis vergader om nie net administratiewe sake te behartig nie (soos soms in vroeëre tydvakke aan die orde was), maar ook om leiding te gee en standpunt in te neem oor aktuele sake.

In 1944 het *Die Matie* (toe nog met sterk OB-simpatieë) gewys op die lae stempersentasie van 51,7% in die SR-verkiesing en 'n nuwe bedeling bepleit wat belangegroepe verteenwoordiging in die SR sou gee (DM, 10 Mrt. 1944). Die partypolitieke verdeling is egter eerder verdiep deurdat NP-studente laat blyk het dat hulle die volgende SR-verkiesing op 'n partygrondslag wou aanpak. Dit was lynreg in stryd met die OB-standpunt wat partypolitieke verdelings afgekeur het, vandaar onttrekking van OB-gesindes, onder leiding van S.P. Botha, aan die verkiesing en *Die Matie* (16 Mrt. 1945) se verwysing na die HNP-benadering as 'n "skandvlek" op die naam van 'n Afrikaneruniversiteit.

Bun Booyens en 'n groep gematigdes het hulle ook sterk teen die verpolitisering van die SR-verkiesing uitgespreek. In 'n verklaring wat op 'n monstervergadering voorgelees is, het hulle die "jongste verskynsel van politieke agitasie en organisasiewerk"

verwerp en hul name van die SR-benoemingslys gehaal (MV, 15 Mrt. 1945).

Vanweë dié onttrekkings is al twintig oorblywende benoemdes sonder stemming tot die SR verkies (MV, 22 Mrt. 1945). Met verskeie bekende studentefigure uit die SR, is altesame agt kandidate vir die voorsitterskap benoem en Martin Louw uiteindelik verkies.

Hierdie gebeure moes noodwendig die verteenwoordigendheid van en belangstelling in die SR aantas en moet in gedagte gehou word by die beoordeling van die gewig van dié SR se uitsprake. Dit moet ook gelees word teen die agtergrond van die feit dat SR-verkiesings tradisioneel 'n sterk koshuisstryd tussen die twee groot manskoshuise, Wilgenhof en Dagbreek, behels het (Möller, 1994).

Die studentepolitiek het ná die oorlog veel van sy vuur verloor en om dié rede het die stempersentasie van SR-verkiesings betreklik laag gebly (vgl. DM, 22 Mrt. 1946). Dít op sigself was 'n barometer van studentemening.

**5.3.2 Publikasies.** Waar die studentelewe in die dertigerjare deur die *ad hoc*-verskyning van die vernuwende *Pro Libertate* verlewendig is, het die inisiatief in die oorlogsjare vanuit nasionaal-sosialistiese oord gekom. Hoewel die *Stellenbosse Student*, as amptelike blad van die studente-unie, van 1940-46 maandeliks verskyn het, het dit dalk te swaar op literêre bydraes gesteun (aangehelp deur kontantpryse vir bydraers) en "konsekwent gestruikel in dié sin dat dit ten opsigte van inhoud en toon te veel na die gewigtige, serieuse kant oorgehel het" (Booyens, 1966:373; vgl. ook SS, Jun. 1939; SS, Apr. 1940).

Te midde van die emosie en politieke verwarring van die oorlogsjare, was daar dus 'n gaping vir 'n weeklikse studentenuusblad. *Die Matie*, 'n inisiatief van die ANS, het dié gaping gevul en later die mondstuk van die hele studente-unie geword.

Aanvanklik was *Die Matie* geen ideologiese konkurrent vir die *Stellenbosse Student* nie: die ANS was die grootste en aktiefste studentevereniging op daardie tydstip en is hartlik deur die *Stellenbosse Student* verwelkom (SS, Aug. 1941). Verwelkomingswoorde het ook gekom van die kanselier en leier van die HNP, dr. D.F. Malan, die rektor, dr. R.W. Wilcocks en die SR-voorsitter, Theo Pauw (DM, 1 Aug. 1941).

Die ANS en SR was in daardie stadium nog "één van sin en hart" (Booyens, 1966:377), maar die vraag is uit die staanspoor gevra wat die onderskeie terreine sou wees (SS, Aug. 1941). Die voor die hand liggende verdeling op daardie tydstip was:

> Die *Student* sou die orgaan van die Studente-unie wees, die kanaal vir wye meningsuiting en die publikasiemiddel vir letterkundige en populêr-wetenskaplike artikels. Die A.N.S. was "die vertolker van 'n gedagtestroming" en *Die Matie* sou hom by die werksaamhede van hierdie vereniging bepaal (Booyens, 1966:377).

Met die politieke waterskeiding wat in *Die Matie* se verskyningsmaand sou plaasvind deurdat dr. Malan aangedring het dat die OB hom van die politieke terrein weerhou, moes die goeie betrekkinge tussen *Die Matie* en die *Stellenbosse Student* noodwendig in die gedrang kom.

*Die Matie* se toon het spoedig sy OB-simpatie verraai en teen middel 1942 het 'n monstervergadering die universiteitsenaat selfs versoek om *Die Matie* te verbied, 'n stap wat nie deur die meer intellektuele *Stellenbosse Student* onderskryf is nie (DM, 15 Mei 1942; SS, Jun. 1942).

Die versoek om die opskorting van *Die Matie* se publikasie is deur die senaat geweier, waarna die blad in skerp taal sy propaganda voortgesit het (DM, 19 Jun. 1942; DM, 31 Jul. 1942). Dit het verhoudinge tussen *Die Matie* en die *Stellenbosse Student* vertroebel (vgl. SS, Mei 1942).

Intussen het *Pro Libertate* weer sy verskyning gemaak en "sosiale en persoonlike vryhede" gepropageer - op so 'n wyse dat hy hom onmiddellik die gramskap van die SR op die hals gehaal het (SS, Okt. 1942). *Die Matie* het ook kortstondig opposisie van *Werda*, 'n publikasie van die Nasionale Jeugbond, gekry waarin die HNP sy standpunt teenoor dié van die OB gestel het (DM, 9 Okt. 1947).

Na beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog versag *Die Matie* sy propagandistiese toon aansienlik, hoewel hy voorlopig steeds die OB-standpunt uitgedra het (vgl. DM, 29 Mrt. 1946). Die blad staak egter publikasie in 1946, maar die naam *Die Matie* het voortgeleef deurdat die SR - na vroeëre suggesties in dié rigting - 'n eie tweeweeklikse nuusblad vir die studente-unie daargestel het (SS, Okt. 1945; SR, 2 Sept. 1946; MV, 16 Sept. 1946; Booyens, 1966:379). Daarmee is die behoefte aan 'n gereelde nuusblad gevul en die sukkelbestaan van die *Stellenbosse Student* ten opsigte van genoeg bydraes van gehalte ondervang deurdat dié blad nou minder gereeld kon verskyn (SS, Mei 1941; SS, Nov. 1943; SS, Mei 1945; MV, 6 Aug. 1946; SR, 8 Sept. 1948).

Die ideologiese stryd in die studentelewe het nie net uit die verskyning van die verskillende studentepublikasies geblyk nie; veral die inhoud van die publikasies het die mededingende interpretasies van Afrikanernasionalisme weerspieël. Die koms van die SR-gesanksioneerde *Die Matie* het 'n einde aan dié stryd beteken.

Uit twee tipiese studente-aktiwiteite, nl. intervarsity (met die Ikeys) en Juniordag, het verskeie publikasies met 'n meestal humoristiese inslag gespruit: die *Maties se peper* verskyn in 1939 as intervarsityblad, waarna soortgelyke blaaie jaarliks volg; Juniordag bring weer *Die Juniorblad* en later Juniordaguitgawes van die *Stellenbosse Student* voort (Booyens, 1966:364,365,368). In die kommunikasie van Afrikanernasionalisme het lg. blaaie egter geen rol gespeel nie.

**5.3.3 Kultuurlewe**. Studente het in dié tydvak steeds deur hul kultuuraktiwiteite gekommunikeer - veral waar die aktiwiteite dikwels deel was van die aktiwiteite van die Afrikaans-Nasionale Studentebond met sy uitdruklike nasionalistiese grondslag en doelwitte.

Die Stellenbosse studente se lidmaatskap van en verhouding met ander ANS-gesinde universiteite en kolleges het tot groot hoogte in regstreekse verband met hul nasionalisme gestaan. Die beskrywing van die verbintenis met die ANS (en die meningsverskille wat daarmee saam gekom het) was dus van meer belang as blote kampuspolitiek.

Die studente het wel ook, soos in die vorige era, deur hul kultuuraktiwiteite gekommunikeer: deur musiek, sang en (volks)danse het die studente gesê hoe hulle oor hul taal en kultuur gevoel het. Selfs hul sportaktiwiteite was nie vry van nasionalistiese ondertone nie. Trouens, die mededinging met ander universiteite het in die teken van die verskillende interpretasies van Afrikaner-nasionalisme gestaan en moet dus aandag kry.

Die aktivisme van die OB en ANS het gesorg dat volksgerigte kultuuraktiwiteite as vorme van kommunikasie 'n besondere plek in die studentelewe ingeneem het.

**5.3.4 Samevatting.** Die stormagtigheid van die jare 1939-1948 is noodwendig in die studente se kommunikasie van Afrkanernasionalisme gereflekteer - nie slegs in die inhoud daarvan nie, maar ook die vorme wat gebruik is.

Protes teen die owerheid - by wyse van die moedswillige verontagsaming van die openbare bidstonde vir die oorlogspoging of klandistiene luister na Radio Zeesen, die vertoon van politieke vlae soos 'n Unievlag sonder die Union Jack en die verf van Nazi-tekens, het die tydperk gekenmerk.

Die onverdraagsame klimaat in die studentepolitiek, wat aangevuur is deur die verskyning van *Die Matie* met sy propagandistiese inslag, het 'n andersoortige kommunikasiepatroon verseker.

Hoewel dit ná die oorlog verander het, was die simboliek steeds deel van die politieke diskoers: vandaar die oorwinningsoptog van in wit geklede studente in 1948 na dr. D.F. Malan se huis op Stellenbosch nadat die NP-oorwinning 'n voldonge feit geword het.

---

1 Die saak is in Oktober 1939 op 'n ekonomiese volkskongres in Bloemfontein bespreek, waarna 'n ekonomiese instituut as voortsettingskomitee van die kongres tot stand gekom het. En op 12 Februarie 1940 stig die instituut die Reddingsdaadbond (Kapp, 1975:144,145; Pelzer, 1980:127). Die doelwitte van dié organisasie het ingesluit die bevordering van ekonomiese selfstandigheid, bevordering van die belange van die Afrikanerwerker en die mobilisasie van die Afrikaner se kapitaal-, spaar- en koopkrag, verlening van hulp aan Afrikaners om tegniese en handelsopleiding te ontvang.

2 Net in die Vrystaat is in die provinsiale verkiesing van 1943 téén dié stelsel gestem - volgens Kruger (1973a:553) geen getroue weerspieëling van die Afrikaner se standpunt nie omdat die oorlog toe nog alles oorheers het.

3 Tog was daar enkele mylpale uit dié tydvak wat binne die ontwikkelingsgang van Afrikanernasionalisme as positief aangestip kan word: die oprigting van 'n Afrikaanse verspreidingsmaatskappy, Volksbioskope Edms. Bpk., die eerste gebruik van 'n Afrikaanse roman (deur Langenhoven) as basis vir 'n rolprent (*Donker spore*), en die aanbied van 'n uitsluitlik Afrikaanse voorprogram in 1946 in Pretoria (Le Roux & Fourie, 1982: 32,33,36). In die geheel beskou was dit 'n skrale oes wat deels deur die gebrek aan toerusting en film weens die oorlogstoestande veroorsaak is.

4 Die besluit is op 'n tegniese punt teruggehou in afwagting van 'n beslissing deur 'n arbitrasiehof, maar dié hof het uiteindelik geen beslissing gevel nie (SR, 28 Okt. 1940).

5 Die gebruik van die woord liberalisme moet gelees word teen die agtergrond van o.a. dr. P. J. Meyer se boekie *Die vooraand van ons vrywording* waarin liberalisme as die Afrikaner se grootste en magtigste vyand bestempel is. Meyer (1941:7,8,25) het geskryf dat die liberalisme "die indiwidu as die uitgangspunt, die middelpunt en as die eindpunt van die lewe" beskou;

daarteenoor staan die "organiese volksgemeenskap", 'n "piramidiese ordening van volksgebonde enkelinge met aan die spits die leiers wat op natuurlike wyse daardie plek op grond van hul besondere gawes en daadkrag verwerf".

[6] Anti-oorlogsgesinde Afrikaners se "neutrale" of pro-Duitse standpunt is in Mei 1940 onder ernstige druk geplaas deurdat die Duitsers die neutrale Holland binnegeval het. *Die Burger* se versigtige hoofartikel daaroor het skerp reaksie van lesers ontlok wat gemeen het 'n ondubbelsinnige afwysing van die Duitse optrede van pas sou gewees het (Muller, 1990:589,590).

[7] Teen middel 1940 moes alle koerante bv. onderneem om selfsensuur toe te pas (Muller, 1990:589,596,597).

# 6

# *Verdere interpretasie, verantwoording en slotgevolgtrekkings*

Stellenbosse studente het in die tydvak 1902-1948 'n eie Afrikaner-nasionalistiese stem laat hoor wat op 'n verskeidenheid van wyses gekommunikeer is. Hierdie woord-en-daadkommunikasie van nasionalisme het plaasgevind binne 'n breër volks- en landsverband met 'n gepaardgaande regstreekse verband tussen politieke, sosiale en kulturele strominge en gebeure.

Twee dominante motiewe kan in die kommunikasie, soos hier sistematies beskryf is, geïdentifiseer word, nl. dié van *oorlewing* en van *ideologie*. Die markmotief figureer selde, hoewel geld vir "volksake", d.w.s. in diens van die oorlewing en ideologie van die volk, wel steeds 'n faktor was.

Die **basiese vertrekpunt** van die **oorlewingsmotief** binne 'n volksnasionalistiese paradigma is dat die enkeling slegs binne

volksverband kan oorleef (kyk 2.1.2.1). Daarom is die individu se hoogste lojaliteit aan die volk (en sy leiers) verskuldig en staan die volk se identiteit en eenheid voorop. Die **motief** is die lojale *bou, bewaar en verdediging van die volk.* Dit het tot groot hoogte gegeld vir die studente se kommunikasie in die tydvak 1902-1924.

Die **ideologiemotief** - wat as belangrikste vertrekpunt het dat slegs die streng nakoming van amptelike ideologie die triomf daarvan en toepassing van gepaardgaande waardes kan verseker - sluit, *soos dit hier beskryf is*, ten nouste aan by die oorlewingsmotief.

Die ideologiemotief word deur die **bou, bewaring en verdediging van die "amptelike" ideologie** gekenmerk. Soos met die oorlewingsmotief, word 'n hoë premie op kohesie en konformiteit geplaas.

Aangesien die genoemde twee motiewe sterk ooreenkomste toon en gelyktydig kan voorkom, word dit telkens gelyklopend bespreek.

## 6.1 1902-1924. Verdere interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese teorie vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.

Die studente se kommunikasie (deur woord en daad) het, in pas met die woordeskat van die oorlewingsmotief, *steun ingesluit vir volksleiers en pogings om die volk en sy instellings te bewaar en uit te bou.* Voorbeelde hiervan was hul steun vir:

* Smuts en die Het Volk-party en later vir Hertzog en sy Nasionale Party (3.2.1);

* Die 1914-rebelle en die daaropvolgende Helpmekaarbeweging (3.2.1);

* Die totstandkoming en uitbou van die Universiteit van Stellenbosch as Afrikaanse "volksuniversiteit" (3.2.3);

* Die erkenning, uitbou en bewaring van Afrikaans (ook as universiteit- en kerktaal) en 'n omvattende nasionale (volks-)kultuur (kyk 3.2.4);

* Die uitbou van Afrikaanse sang en musiek (kyk 3.2.6);

* Die opbou van die volk deur middel van toneel, met as neweproduk die genereer van geld vir volksake (kyk 3.2.5);

* Die opvoeding van die volk deur middel van openbare redevoering (kyk 3.2.5);

* Die daarstelling van standbeelde en skilderye van volkshelde (kyk 3.2.7);

* Fondsinsamelings ten bate van volksgenote in nood (kyk 3.2.8); en

* Skakeling met volksgenote by ander universiteite (kyk 3.2.9).

Hierdie woord-en-daad-kommunikasie was wel in hoofsaak tekenend van die oorlewingsmotief se woordeskat, maar uit die motivering en inhoud daarvan blyk dat dit Afrikanernasionalisme as lewensvisie of ideologie (in 'n breë sin van die woord) ten grondslag had.

Meer in die besonder kan ook gekyk word of (en in watter mate) die studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie *instrumenteel was in die daarstelling en onderhouding van simboliese vorme van dominansie* (oor ander).

In die jare 1902-1924 het die Afrikanernasionalistiese kommunikasie klaarblyklik veral die opbou van 'n Afrikaanse kultuur teenoor 'n dominante Britse kultuur in die oog gehad. Hoewel 'n "amptelike" ideologie nie formeel voorgehou is nie, was daar geen twyfel dat die meeste studente hulle as Afrikanernasionaliste, met name Hertzog-Nasonaliste, beskou het nie.

Hulle het bepaalde waardes aangehang wat hulle beskou het as in stryd met sowel die *imperialistiese* Britse ryk as dié van die *minder beskaafde* swartman. As sodanig was daar 'n stryd te stry met die oog op die oorwinning van "ons" waardes oor "hulle" s'n.

Onderliggend daaraan was 'n bewuste poging tot die daarstelling van "'n positiewe selfbeeld deur middel waarvan mense individueel en in groepsverband hulself (kon) verbeeld en verwesenlik" (Van Niekerk, 1987:28).

Hierdie positiewe ideësisteem of lewensvisie, met sterk Christelik-Calvinistiese ondertone, het reeds ideologiese tendense (in die strenger sin van die woord) getoon, soos uit die volgende blyk:

* Die ondersteuning van eers Smuts (voor 1910) en later Hertzog, waardeur *ipso facto* steun gegee is aan die uitsluiting van swartmense uit die nasionale politieke stelsel. Die posisie van Kleurlinge was enigsins ingewikkelder, maar ook vir hulle is 'n toekoms apart van die blanke in die vooruitsig gestel.

* Steun vir die Universiteit van Stellenbosch as 'n blanke, Afrikanervolksuniversiteit. Alle gekleurdes was daarvan uitgesluit.

* Steun vir die uitbou van Afrikaans as taal, wat ten nouste vervleg was met die oorkoepelende politiek-sosiale strewes van die volk. Dit het gekleurdes uitgesluit, ook Afrikaanssprekende gekleurdes.

In die jare net na die Anglo-Boereoorlog was die steeds ontwikkelende Afrikanernasionalisme allereers positief op die bewaar en ontwikkeling van die eie gerig. Nasionaalgesinde Afrikaners het bowendien oor beperkte staatsmag beskik om ander te onderdruk, maar het wel as blankes 'n bepaalde magsposisie beklee.

Betekenisgewende kommunikasie het plaasgevind binne 'n paradigma waarin die blanke se posisie van dominansie oor die gekleurde as vanselfsprekend aanvaar is. Daarvan getuig die soms

neerhalende verwysings na gekleurdes en die gebrek aan debat oor politieke en ander regte vir gekleurdes.

Hier was dus ook al tekens van 'n psigologiese dominansie oor gekleurdes, al was dit onbewustelik.

'n Verdere kenmerkende aspek van die **oorlewings-woordeskat** is die klem op en *aansporing tot toegewyde en doelgerigte optrede ten einde die waargenome bedreiging die hoof te bied.* Relevante uitsprake en optrede was o.m. die volgende:

* Die studente is by herhaling aangespoor tot toegewyde en doelgerigte ondersteuning van standpunte en optrede ter steun van die opbou van die volk en téén dit wat as 'n bedreiging ervaar is. Vgl. in dié verband: Tobie Muller se oproepe tot nasionalisme as "godsdienstige plig" (p.75); Eben Dönges se verwerping van die "afgode" van die vorige "regime" (p.75); die SR se aanmoediging tot aksie: "Daar is 'n stryd te stry, daar is werk" (p.78); die klemlegging op "die roeping van elke student... om absoluut volksbewus te word... (en) sy standpunt in te neem as 'n sterk skakel van (sic) die volksketting" (p.85); H. F. Verwoerd se herhaalde pleidooie tot groter betrokkenheid by volksake (pp.86,101,103); pleidooie vir die gebruik van goeie, suiwer Afrikaans, want "die opbou van ons moedertaal, van ons hele kultuur... is die enigste redmiddel" teen "oplossing" in 'n "vreemde Britse beskawing" (p.93); die regstreekse koppeling van Afrikaans en patrioties-wees en die sing van Afrikaanse liedere met die nakoming van "pligte" (p.103); en die oproep deur die SR tot die studente om hul "morele verpligtinge" t.o.v. die dra van Matiekleure na te kom (p.109).

Hierdie oproepe het terselfdertyd reeds 'n oproep tot steun van Afrikanernasionalisme verteenwoordig; die ideologie dra die stryd om oorlewing. Die einddoel van Afrikanernasionalisme is reeds in 1919 verwoord as die totstandkoming van 'n "vrije republiek"; die "superioriteit" van "blanke bloed" is besing en segregasie - onder

meer in die bioskoop - met gekleurdes is gepropageer). Daardeur is die alledaagse toepassing van die ideologie geïllustreer.

'n Verdere element wat in sowel die woordeskat van die oorlewingsmotief as dié van die ideologiemotief voorkom, is die *benutting van alle beskikbare kommunikasiemiddele.*

Die Stellenbosse studente het inderdaad 'n verskeidenheid middele ingespan - formeel sowel as informeel - om die waargenome bedreiging teen die volk af te weer en/of die ideologie van Afrikanernasionalisme te propageer. Daarom is gebruik gemaak van publikasies, optogte, petisies, toneel, sang, musiek, debatte, ens.

**Volksleiers**, wat in terme van die oorlewingsmotief steun verdien omdat hulle as beskermers van die volk beskou sou kon word, is by herhaling openlik deur die studente ondersteun en/of gehuldig. Dié volksleiers het ingesluit: Paul Kruger (p.102), J.B.M. Hertzog (p.77), Tobie Muller (p.75), Jan F.E. Celliers (p.89), die rebellegeneraals Muller, Conroy, Kemp en De Wet (p.100), M.T. Steyn (p.107), en Christiaan de Wet (p.108).

Hulle is nie gesteun bloot omdat hulle Afrikaners was nie, maar veral omdat hulle die nasionalistiese Afrikaner se strewe om te oorleef verwoord en gesimboliseer het; voorts omdat hulle Afrikanernasionaliste was, d.w.s. ideologiese leiers wat moes sorg dra (of in die verlede gepoog het) dat die Afrikaner 'n "regmatige" dominante posisie in hul "eie" vaderland verkry.

Die **pers**, met name *Die Burger*, is as 'n vennoot in die oorlewingstryd beskou. Meer nog: die blad was die prominentste propageerder van Afrikanernasionalisme en moes teen ideologiese konkurrente beskerm word. Daarom het die studente die koerant, wat in 1915 op Stellenbosch gestig is, se verskyning uitbundig begroet deur die verbrand van opposisiekoerante. Nasionaalgesinde studente het in *Die Burger* 'n nasionale en Nasionaalgesinde medestryder gevind in alle sake wat die Afrikanernasionalis na aan die hart gelê het. Dit het ingesluit steun vir die 1914-rebelle en vir die geldinsameling om die rebelle se boetes mee te betaal en steun vir

die stigting van die Universiteit van Stellenbosch. Die studente se voorspraak vir Afrikaans het eweneens saamgeval met dié van *Die Burger*, hoewel die blad vanweë die sensitiwiteit van die Hollands/Afrikaans-kwessie versigtiger was, moontlik ook vanweë die redakteur, dr. D.F. Malan, se versigtige geaaardheid.

Saam met *Die Burger* het die studente in C.J. Langenhoven 'n besondere sielsgenoot en vennoot gevind. Uiteindelik was die nasionaalgesinde studente en *Die Burger* een van sin en hart: die Afrikaner moes fisiek oorleef en politiek gemobiliseer word om staatkundig 'n dominante plek in te neem - ten einde ook staatkundig te oorleef.

Die studente se publikasies, met name die *Stellenbosse Kwartaalblad, Stellenbosse Universiteitsblad* en later die *Stellenbosse Student*, het nooit gereeld genoeg verskyn om werklik nuusblaaie te wees nie. Daarom was tydige nuus buitendien nie ter sprake nie; wel is deurgaans artikels geplaas wat opbouend geag is vir die volk se stryd om oorlewing, of ten minste nie die moreel van die lojale lede van die volk sou ondermyn nie. Onder lg. groep val die talle artikels van akademiese en filosofiese aard. In die besluit oor wat **kommunikasiewaardig** was, het die redaksies van die studenteblad dus steeds in terme van die oorlewingsmotief opgetree.

Meer bepaald is inligting (in die vorm van artikels en veral ook redaksionele hoofartikels) geplaas wat Afrikanernasionalisme versterk het deur *deurlopende* steun te gee aan of positiewe beriggewing te plaas oor die Afrikaner se politieke en ekonomiese nasionalisme, segregasie, die Universiteit van Stellenbosch as volksuniversiteit, die bevordering van Afrikaans as taal, Afrikaanse toneel, debatte en toesprake wat inhoudelik in diens van die opbou van 'n nasionaalgesinde volk gestaan het, Afrikaanse sang en musiek, eie monumente en simbole, volksopvoeding en hulpverlening aan volksgenote en ander met wie die nasionaalgesinde Afrikaner gesimpatiseer het, en verenigings en organisasies wat in diens van die nasionale Afrikanersaak gestaan het.

Die keuse om Afrikaanse toneelstukke soos *Die hoop van Suid-Afrika* en *Die pad van Suid-Afrika* op te voer, Afrikaanse liedere soos *Die stem van Suid-Afrika, Land, volk en taal* en *Segelied* te sing en ook daarmee op die platteland te toer en dit aan duisende volksgenote bekend te stel, was doelbewuste pogings om 'n bepaalde inhoud en koers aan die Afrikaner se (kulturele) oorlewingstryd te gee.

Die opeenvolgende studenteblaaie was altyd in die studente se besit - eers as publikasie van die twee dominante verenigings, nl. die twee debatsverenigings, en vanaf 1913 as besit van die hele studente-unie. As sodanig was die blaaie inderwaarheid **volksbesit**.

Die **beheer oor die blaaie** het gevolglik by die verkose redaksies en studenteraad berus, maar uiteindelik by die studente self. Dieselfde geld die verenigings en geselskappe wat die Afrikaanse kultuur deur o.m. toneelopvoerings, sang en musiek bevorder het.

Sensuur is nie opsigtelik toegepas nie, maar in die geval van uitgaande inligting het die SR pertinent as hekwagter opgetree.

Ingevolge Schillinger se beskrywing van die oorlewingsmotief word nie sterk klem op **vermaak, kuns en reklame** geplaas nie. Die Stellenbosse studente het egter 'n hoë prioriteit aan nie-kommersiële kuns en vermaak gegee aangesien gestreef is na die opbou van 'n omvattende volkskultuur. Die studente se groeiende liefde vir die bioskoopteater het negatief op die Afrikaans-gesentreerde verenigingslewe ingewerk en was daarom op die lange duur belangrik.

Gewoonlik word **volksvreemdes se uitsprake** en standpunte ingevolge die oorlewingsmotief van die volk weerhou en inligting wat die volk nie raak nie as onbelangrik beskou. Dit is onderskeidelik omdat dit die oorlewing van die volk in die gevaar kan stel, of omdat dit gewoon nie ter sake is nie. In terme van die ideologiemotief word beheer noukeuriger toegepas.

Die Stellenbosse studente het in terme van beide motiewe opgetree: 'n Swart Amerikaner (d.w.s. 'n *volksvreemde*) is as spreker afgewys, waarskynlik omdat gasvryheid aan hom in stryd was met hul rassegevoelens en uitdruklike beleid van segregasie. Die universiteit se mees prominente oud-student, Jan Smuts, is egter as spreker op die kampus verwelkom, hoewel sy politieke standpunte in daardie stadium waarskynlik in stryd was met dié van die meerderheid van studente. Ook studente met ideologies afwykende standpunte is geakkommodeer, moontlik omdat dit in dié stadium nog min genoeg voorgekom het en dus geen wesenlike bedreiging ingehou het nie.

Die Stellenbosse studente se aanvanklike lou houding jeens die oorwegend Engelssprekende Nusas kan in terme van bg. verklaar word, maar die Maties het in 1924 tog lid van Nusas geword. Pogings is aangewend om kontak tussen Afrikaanse studente te bevorder, maar interuniversitêre kontak was in die jare voor 1925 nog in sy kinderskoene.

Die relatiewe geografiese afsondering van die Stellenbosse studente is vererger deur die gebrek aan effektiewe, vinnige kommunikasiemiddele (waarby ingeslote vervoer), massamedia soos die radio en skraal koerante met beperkte nuusdekking. Waar die studente betreklik min blootstelling aan die invloed van "volksvreemdes" gehad het, was dit nie nodig om oormatige aandag aan hulle te gee nie.

In die geheel beskou kan tot die gevolgtrekkking gekom word dat die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente in die jare 1902-1924 deur die oorlewingsmotief gedomineer is. Tog is die ideologiemotief duidelik waarneembaar en vorm dit meermale die agtergrond waarteen die oorlewingsmotief waargeneem en verstaan kan word.

Gegee die sterk ooreenkomste tussen die oorlewingsmotief en die **ontwikkelingsmodel vir die media**, kan verwag word dat die

studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme wel ook ooreenkomstig die ontwikkelingsmodel plaasgevind het.

In die besonder kan die volgende ooreenkomste en verskille aangestip word:

* **Voorrang van nasiebou (2.2.1).** Die ontwikkelingsmodel se kenmerkende klem op "nasiebou" kom deurlopend en prominent by die studente se volksnasionalistiese kommunikasie voor. Dit het ingesluit die stryd teen onkunde en armoede, die bou van 'n politieke bewussyn, ekonomiese ontwikkeling en die bevordering van 'n volkskultuur en -taal.

* **Kritiek nie geduld (2.2.2).** Hoewel kritiek in 'n mate geduld is, het die studente in hul kommunikasie van Afrikanernasionalisme voorrang aan die "positiewe" gegee (soos hulle dit verstaan het) en is die gesag van volksleiers aanvaar.

* **Inligting nie neutraal (2.2.3).** Inligting in al sy vorms is gebruik om die volk se doelwitte te probeer verwesenlik. Daarom is alle studente tot verantwoordelike optrede in diens van die volk aangemoedig. Die wyse waarop die studente sang, musiek en toneel ingespan het, was volledig in pas met die eise van die ontwikkelingsmodel.

* **Die reg tot sensuur (2.2.4).** Sensuur en 'n mate van inperking van vryheid van spraak (en uitdrukking) is deur die studente toegepas. Gegee die groot mate van eensgesindheid en kohesie, het dit slegs enkele kere voorgekom.

Dit blyk dat die heersende etos van die studente een was wat 'n hoë premie geplaas het op 'n geïntegreerde siening van wat hulle as hul roeping as Afrikaners beskou het, nl. om 'n "sedelik-nasionale" stryd te voer waardeur die Afrikanervolk volkome selfstandig sy plek naas

ander volke sou kon inneem. Dit het daarom gegaan om 'n eiesoortige Afrikaanse wyse van dink, doen en sê; 'n kultuur wat, soos *Die Huisgenoot* dit gestel het, teen "verbastering" gesout sou wees (Muller, 1990:269).

Oproepe tot groter entoesiasme is wel gedoen en relativeer enige onrealistiese beeld wat kan ontstaan van 'n studentekorps wat *en masse* aan alle aspekte van die studentelewe meegedoen het en almal met dieselfde entoesiasme as die leierskorps besiel sou gewees het.

Tog is dit duidelik dat die meerderheid Stellenbosse studente in die tydperk 1902 tot 1924 op die een of ander wyse deel gehad het aan die daarstelling en onderhouding van 'n steeds ontwikkelende Afrikanernasionalistiese diskoers.

## 6.2 1925-1938. Verdere interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese teorie vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.

Die kommmunikasie van die Stellenbosse studente het ook in die jare 1925-1938 in die teken van Afrikanernasionalisme gestaan. Die voorwaarde was steeds die entoesiasme en talent van leidende studente wat die wisselende geesdrif (of gebrek aan) van die gewone student moes transendeer.

Die inhoud van die studente se kommunikasie is weer eens deur die motief oorlewing en toenemend ook die ideologiemotief oorheers, maar eienskappe van die markmotief kan nou meer dikwels bespeur word. Weens die ineengestrengeldheid van die oorlewing- en ideologiemotiewe, kan hulle binne 'n volksnasionalistiese paradigma nie altyd afsonderlik gehou word. Aandag word daarom spesifiek gegee aan die deurlopende verweefdheid van die twee dominante motiewe.

Die studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme het, in ooreenstemming met die *woordeskat van die oorlewingsmotief*, steun ingesluit vir eie nasionale simbole en volksleiers asook

pogings om die Afrikanervolk se taal, kultuur en instellings te bewaar en uit te bou. Die onderliggende nasionalistiese *ideologie* (in die breë en enger sin van die woord) het al hoe sterker waarneembaar geword nadat die Afrikaner geleidelik sy voete gevind het en begin kyk het na die uitoefening van politieke mag met die oog op 'n permanenter veiligstelling van sy toekoms.

Voorbeelde van die studente se optrede in terme van die woordeskat van die oorlewingsmotief met sy onderliggende rigting-gewende nasionalistiese visie was:

* Steun vir 'n eie Suid-Afrikaanse vlag en volkslied (4.2.1);

* Verset teen enige pogings om die eer van die Voortrekkers of helde en heldinne uit die Anglo-Boereoorlog te na te kom (4.2.1) en aktiewe verering van die Voortrekkers voor en veral tydens die eeufeesviering van die Groot Trek (4.2.3);

* Steun (by wyse van 'n adres) aan 'n leier soos dr. D.F. Malan (4.2.3)

* Steun vir die Afrikaans-Nasionale Studentebond, hoewel nie sonder voorbehoude nie (ANS) (4.2.2).

* Voortgesette ondersteuning van die gedagte van Stellenbosch as "volksuniversiteit", maar gepaard daarmee 'n kritiese besinning oor wat dit werklik behels (4.2.4);

* Daadwerklike ondersteuning van volksgenote in nood (4.2.5);

* Finansiële steun vir die daarstelling van volksmonumente (4.2.5);

* Bewaar en uitdra van Afrikaanse kultuurvorme soos tradisionele danse, musiek en sang (4.2.5 en 4.2.7);

* Opvoer van Afrikaanse toneelstukke en hou van kultuuraande (4.2.6);

* Die aanmoediging van Afrikaanse letterkunde deur die hou van werkaande (4.2.7);

* Handhawing en uitbou van die Afrikaanse taal, selfs binne die Engelsgeoriënteerde Nusas en op en langs die sportveld (4.2.2, 4.2.8, 4.2.9).

Bogenoemde stappe om die Afrikaanse taal en kultuur uit te bou het vanselfsprekend beteken dat 'n hoë premie op *volksidentiteit* geplaas is. Dit het saamgeval met stappe deur die Nasionale Party-oorheersde regering van genl. J.B.M. Hertzog (1924-1933) om die Afrikaner en sy nasionale strewes tereg te laat kom.

Hoewel daar 'n onmiskenbare nasionalistiese onderbou aanwesig was (d.w.s. 'n lewensvisie of ideologie in die breër sin van die woord), het die *bou, bewaar en verdediging van die volk* nou 'n ander (ideologiese) dimensie begin bykry: bewuste regeringspogings om die rassekwessie "op te los" en 'n beleid van segregasie deur te voer.

Tog was hier nog geen omvattende meesterplan op die tafel nie. In die jare dertig het mense soos Nic Diederichs en Piet Meyer egter die denke hieroor in radikaler (hoewel toe nog filosofies belade) terme begin giet en die buitelyne van 'n omvattende apartheidsfilosofie daargestel.

In terme van bg. kon die Stellenbosse studentekultuur (en dus ook die studente se kommunikasie) moontlik al hoe meer instrumenteel wees in die *daarstelling en onderhouding van simboliese vorme van dominansie.* In hoeverre dit gerealiseer het blyk o.m. uit die volgende:

* Die Stellenbosse studente se deelname aan die vlagdebat wat deelname deur gekleurdes volledig uitgesluit het.

* Voortgesette steun, soos in die vorige tydvak, vir die konsep van 'n blanke volksuniversiteit en die as vanselfsprekende uitsluiting van gekleurdes (ook Afrikaanssprekende Kleurlinge) uit die Afrikaner se taal-en-kultuur-arena.

* Die studente het hul vroeëre formele besluite ter steun van segregasie opgevolg deur bioskoopteatersegregasie te handhaaf, te vra vir verskerpte segregasiemaatreëls op treine en deur vas te skop teen die aandrang van Engelssprekende universiteit op die toelating van gekleurdes tot Nusas.

* Die segregasiegedagte is verhef tot die vlak van intellektuele bespreking deur die daarstelling van 'n "Naturelle-Vraagstuk Studie Vereniging". Buiten vir sprekers soos die Nasionale minster E.G. Jansen (die vereniging se heel eerste genooide spreker), is mense soos genl. Jan Smuts en die liberale, anti-integrasiegesinde prof. Edgar Brooks ook genooi.

Daarmee het die studente kennelik afgewyk van die ideologiemotief se kenmerkende verwerping van insette van volksvreemdes of afwykendes en eerder die *verdraagsaamheid* getoon wat by die markmotief tuishoort.

Hierdie voorbeeld van bereidheid om na ander menings te luister, het gekom ná jare van Nusasverkiesings en "parlement-sittings" waar meningswisseling met andersdenkendes bewustelik aangemoedig is. Teen 1931 was dié oopgesprek-benadering op 'n hoogtepunt en is dit as bewys voorgehou dat die US "tot 'n bewuswording" gekom het van "sy pligte as 'n universiteit" .

In dié gees het 'n groep studente die blad *Pro Libertate* in 1932 gepubliseer waarin pertinent ruimte vir billike kritiek sou wees

- iets wat veral ná die noodgedwonge bedanking van die hoofredakteur van die *Stellenbosse Student* die vorige jaar nie meer as vanselfsprekend beskou kon word nie. Die naskokke van die Plessissaak was steeds voelbaar.

Die invloed van die ANS en sy sterk ideologiese benadering het metterwyl beslissend bygedra tot die verskuiwing weg van verdraagsaamheid - maar nie voordat die Stellenbossers die bykans ongehoorde gedoen het om die uitsprake van die ANS-leier, Nic Diederichs, openlik te bevraagteken nie.

Nadat die Stellenbossers uiteindelik finaal hul dubbele verbintenis tot Nusas en die ANS laat vaar het, het die studente-unie, in die tipiese styl van die ideologiemotief, die redakteur van die *Stellenbosse Student* se afwykende standpunte verwerp, wat sy bedanking onvermydelik gemaak het. Die land was nou op die vooraand van die Voortrekkereeufeesjaar (1938) en die Stellenbosse studente toenemend in die greep van 'n ideologiesgetinte heldeverering van die Voortrekkers.

Terselfdertyd was daar 'n groeiende onverdraagsaamheid teenoor "volksvreemdes", soos blyk uit die deelname aan protesoptrede teen Joodse immigrasie. Dié mense is as 'n struikelblok in die pad van die bereiking van die Afrikaner se politieke ideale beskou.

In ooreenstemming met die *oorlewingsmotief* se woordeskat van ***aansporing tot toegewyde en doelgerigte optrede ten einde die waargenome bedreiging die hoof te bied*** asook die ***ideologiemotief*** se eis dat ideologiese ***tekortkominge in eie geledere en die mislukkings van ander ideologieë uitgewys moet word,*** is die Stellenbosse studente meermale oor hul pligte en roeping aangespreek.

Voorbeeld hiervan is: *Pro Libertate* se oproep op studente om by die ANS aan te sluit (hoewel outomatiese lidmaatskap deur die studente-unie verwerp is; die *Stellenbosse Student* en individuele studente se herhaalde oproepe tot volksdiens ("Gaan ons die volk

dien, en onvoorwaardelik dien?") (p.186), bewaring van die eie en handhawing van die US as volksuniversiteit ("Laat Stellenbosch weer opnuut aan die buitewêreld toon , dat hy nog steeds die volks-universiteit is") (p.186); die gedragskode van die Stellenbosse Boerorkes wat onder die leuse *Ons eie* alle gebruike wat as onafrikaans beskou is (soos rook en die gebruik van rooi naellak verbied het) (p.191); die identifisering van studente se gebrek aan vertroudheid met Afrikaanse volksliedere en -liedjies en die verskynsel dat studente tydig en ontydig "goedkoop straatliedjies" sing (p.194); aanmoediging om by kultuuraktiwiteite betrokke te raak eerder as net daaroor te praat; Afrikaans suiwer te gebruik en ander selfs te berispe as hulle Engels op treine en in winkels gebruik (p.201); en om as roepingsbewuste kultuurdraer en -leier 'n bouer te word "wat sy Eie-ek toemessel in die Nasiemonument" (p.202).

Hier gaan dit wel enersyds om oorlewing van taal en kultuur, maar ook om die vestiging en handhawing van 'n ideaaltipiese Afrikaansheid wat uiting was van 'n volksnasionalisme wat gekleurdes pertinent uitgesluit het van politieke mag en volle menseregte in 'n "Afrikanerland".

'n Verdere element in die woordeskatte van die oorlewings- en ideologiemotiewe, is die *benutting van alle beskikbare kommunikasiemiddele*. Die studente het, soos in die vorige tydvak, steeds gebruik gemaak van publikasies en protes- en gewone vergaderings, maar toneel het getaan as medium vir die kommunikasie van hul nasionalisme. Nou is toneel eerder, in terme van die markmotief, gebruik om eie fondse aan te vul, hoewel *Afrikaanse* stukke meermale opgevoer is.

In die plek daarvan is Afrikaanse sang, musiek en tradisionele danse deur die Stellenbosse Boerorkes en die Jan Pierewieters gebruik om die volk te vermaak en op te bou. En in die Voortrekkereeufeesjaar het studente deur die kweek van baarde en die dra, by geleentheid, van Voortrekkerdrag hul verering van Afri-

kanerhelde en assosiasie met die onderliggende Afrikanervolks-nasionalisme getoon.

In die vorige tydvak, waar die oorlewingsmotief gedomineer het, is volkleiers met verbintenisse met die Anglo-Boereoorlog en/of Rebellie by herhaling vereer. In die tydvak 1925-1938 is helde en heldinne met sodanige verbintenis weer 'n paar keer vereer, o.a.: Emily Hobhouse en ander heldinne uit die Anglo-Boereoorlog, Paul Kruger en Langenhoven. Lg. het het as lewende held steeds die verering van die studente geniet, terwyl helde uit die vorige tydvak nou in die NP-kabinet van genl. Hertzog opgeneem is en by geleentheid feestelik ontvang is. Dr. Malan het as aktiewe politikus 'n adres van die studente ontvang, wat 'n betekenisvolle uitsondering vir die dertigerjare was. Ander verering was hoofsaaklik die Voortrekkers beskore, veral vanweë die eeufeesvieringe van 1938.

'n Opvallende anomalie was die ontvangs van die (Britse) Prins van Wallis vroeg in die tydvak (1925). Die klimaat in die dertigerjare sou 'n herhaling van sodanige besoek kwalik moontlik gemaak het.

In *Die Burger* het die nasionaaldenkende studente in die jare 1925-1938 'n getroue medestryder gehad. Meer nog: *Die Burger* was 'n vormer van die Afrikanernasionalistiese ideologie, met name sy rassebeleid, en die houding jeens koalisie en samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party. Die drieledige verbintenis tussen party, pers en studente het op Stellenbosch 'n besondere kombinasie gevorm.

Die studente se eie publikasies het nie in alle opsigte hierby ingepas nie. Anders as *Die Burger*, wat as dagblad met ander Afrikaans- en Engelssprekende blaaie moes meeding en noodwendig tydig moes wees met sy nuus én in noue voeling met sy lesers bly, was dit nie nodig of moontlik vir die *Stellenbosse Student* nie. Tog het die blad in die vaarwater van die studentepolitiek beland; vandaar die bedanking in 1931 en 1937 van sy redakteurs en die verskyning van 'n aanvullende blad, *Pro Libertate*.

Die *Stellenbosse Student* het wel oor die jare heen 'n stroom *kommunikasiewaardige* artikels en briewe geplaas waarin die Afrikanernasionalisme in al sy manifestasies gereflekteer en ondersteun is.

Kwessies wat so onder die studente se aandag gehou is, het items ingesluit oor die Afrikaner se politieke en ekonomiese nasionalisme; die Stellenbosse studente se betrekkinge met Nusas en die ANS; die herdenking van die Voortrekkereeufees; hulpverlening aan volksgenote, die bou van eie monumente en die bevordering van Afrikaanse musiek, sang en danse; die gebruik van debatte en toneel, sprekers en kultuurdae om Afrikanernasionalisme te bevorder; kuns en letterkunde; die handhawing van Afrikaans; en sport.

Die keuse van sang, musiek en dansvorme deur die Stellenbosse Boerorkes en die Jan Pierewietgeselskap het volledig in terme van die Afrikaner se oorlewingstryd geskied deurdat alle klem op die eie geplaas is - selfs tradisionele Boere-aanspreekvorme is in die geledere van die Boerorkes gebruik.

Die *Stellenbosse Student* was die *eiendom* van die studente-unie, maar die name van *Pro Libertate* se redaksie en borge is geheim gehou. Die Stellenbosse Boerorkes is deur mnr. Pietie le Roux gestig en het onder sy beheer gebly. Hoewel die lede van die orkes meestal studente was, was die orkes nooit die eiendom van die studente-unie nie en het dit nooit 'n dispuut veroorsaak nie. Die Jan Pierewietgeselskap se posisie was wel later problematies, maar dié dispuut het nog nie in 1938 ter sprake gekom nie.

Beheer oor die inhoud van die *Stellenbosse Student* was in die dertigerjare ter sprake, maar die uiteindelike mag het by die studente-unie self gelê en is nie betwis nie.

Die **beheer** oor uitgaande inligting, wat tipies in terme van die oorlewings- of ideologiemotiewe gedoen word, het wel by geleentheid tot 'n dispuut aanleiding gegee. Hier was dit duidelik 'n geval dat sommige studente die heersende ideologie verwerp het en deur uitsluiting "gestraf" moes word.

Die studente het sedert 1929 graag in hul vrye tyd na klankrolprente gekyk, 'n formidabele attraksie wat die toneellewe noodwendig moes raak: nou moes toneelopvoerings - wat in die twintigerjare nog lewenskragtig was - as *vermaak* met die klankrolprent meeding. Die studentetoneel het gevolglik in die dertigerjare 'n afsonderlike, gespesialiseerde aktiwiteit geword, wat weer die "vermaaklikheidskarakter" van die debatsverenigings nadelig geraak het. Waar die debatsverenigings nog toneelstukke opgevoer het, was die winsmotief belangrik. Daarmee het die aard en doel van studentetoneel 'n merkbare verandering ondergaan - van oorlewings- en ideologiegedrewe aktiwiteit tot markgeoriënteerde handeling.

Die Dramatiese Vereniging het egter in terme van die oorlewingsmotief ten minste een Afrikaanse toneelstuk per jaar opgevoer. Vroeër het die Afrikaanse Kultuurvereniging kultuuraande en werkaande gehou waar studente vermaak is terwyl bewustelik na die uitbou van die Afrikaanse kultuur gestreef is. Teen die middeljare dertig word minder van die AKV verneem as in die twintigerjare.

Die uitsprake van "volksvreemdes" of diegene wat in stryd met die heersende ideologie is, word in terme van die oorlewings- en ideologiemotiewe beperk. In die twintigerjare is by geleentheid na *volksvreemdes* as sprekers geluister, en is aan Nusasdebatte deelgeneem waar juis ook met sg. volksvreemdes in debat getree is. In die dertigerjare verdwyn dié kontak en skaar die Stellenbosse studente hulle toenemend by die ANS-studente van die noorde ter uitsluiting van kontak met Engelssprekendes. Die afwys van kontak met gekleurde Nusaslede was juis een van die geskilpunte met Nusas.

Die strenger houding jeens afwykende standpunte hou klaarblyklik verband met die radikale formulering van Afrikanernasionalisme sedert die vroeë dertigerjare, maar ook die ideologiese konkurrensie tussen die gesuiwerde Nasionaliste en Afrikaanse koalisieondersteuners met hul suidelike persorgaan *Die Suiderstem* sedert 1936.

In die geheel beskou, is die Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionlisme in die tydvak 1925-1938 dus deur die oorlewingsmotief gedomineer, maar nadat politieke mag blote oorlewing vanselfsprekender gemaak het, het die klem toenemend op die beveiliging van die Afrikaner se posisie op lang termyn geval. Daardeur het die ideologiemotief sterker na vore getree, hoewel die apartheidsgedagte nog nie in detail uitgespel is nie.

Moontlik vanweë die groter selfvertroue van Afrikaner-intellektuele, het die kenmerke van die markmotief hier en daar opgeduik, hoewel vryer denke nie net met 'n ekonomiese vryemarkstelsel verbind kan word nie.

Aangesien die oorlewingsmotief sterk ooreenkomste met die ontwikkelingsmodel vir die media toon, toon die beskryfde kommunikasie in dié hoofstuk vanselfsprekend ook sterk ooreenkomste met genoemde model. Tog is dit nie so opvallend as by die tydvak 1902-1924 nie. Die hoofkenmerke is:

* **Voorrang aan nasiebou (2.2.1).** Die kenmerkende strewe na nasiebou was steeds prominent in die studente se nasionalistiese diskoers. Daar is egter nou ook tekens dat die studente hul energie toenemend aan hul eie loopbane begin wy het.

* **Kritiek nie geduld nie (2.2.2).** 'n Veel groter mate van intellektuele worsteling en debatte met andersdenkendes kom in hierdie tydvak voor. Selfs waar die studente hulle, ná sekere kritiek, uiteindelik volledig binne die ANS-dampkring bevind het, was dit nie sonder voorbehoude nie. Tog is kritiek deur leiers in eie kring nie geduld nie en is op konformiteit aangedring.

* **Inligting nie neutraal nie (2.2.3).** Inligting is nie as neutraal beskou nie, vandaar die optrede teen redakteurs wat afgewyk het van heersende meerderheidstandpunte. Studentetoneel het metterwyl nie

meer so 'n boodskap as vroeër gedra nie, maar sang en musiek het teen 1938 besonder sterk na vore getree as draers van die Afrikanernasionalistiese boodskap.

* **Die reg tot sensuur (2.2.4).** Sensuur is, soos aangetoon, by geleentheid streng toegepas.

Die Stellenbosse studente het dus op 'n doelbewuste wyse deelgeneem aan die daarstelling en instandhouding van 'n eie Afrikaansnasionale diskoers. Invloede van buite en die intellektuele rypwordingsproses, veral sedert die vroeë dertigerjare, het dié tydvak egter merkbaar anders gemaak as die vorige een. Na die stigting van die ANS, het sake egter weer in 'n mate tot 'n doelbewuste, eenvormige volksnasionalisme teruggekeer.

Die eeufeesviering van die Groot Trek het dié tendens bevestig, hoewel stemme steeds opgegaan het teen 'n verstarde siening van die Afrikaner se roeping.

Intussen het die rassekwessie sterk na vore getree, maar by gebrek aan 'n omvattende visie daaroor, het die studente se kommunikasie op die oog af nie veel tekens getoon van ideologie in die eng sin van die woord nie. Dat dit 'n onderliggende motief van Afrikanernasionalime was, kan egter nie ontken word nie.

Die studente se nasionalisme val dus nie soseer op as 'n opsigtelike deurlopende poging van betekenisgewing waardeur verhoudings van dominansie daargestel en in stand gehou word nie, maar gegee die fundamentele vertrekpunte van die blanke Unie van Suid-Afrika asook die beginsels van die Nasionale Party en ander volksorganisasies (wat gekleurdes pertinent uitgesluit het), kan die studente se nasionalisme nie buite dié raamwerk geplaas of verstaan word nie.

## 6.3 1939-1948. Interpretasie aan die hand van Schillinger se dinamiese teorie vir perssisteme en die ontwikkelingsmodel vir die media.

Die tydvak 1939-1948 is gekenmerk deur die hewige stryd in nasionale Afrikanergeledere oor wat die aard en inhoud van hul Afrikanernasionalisme moes wees - 'n keuse tussen 'n demokratiese, konstitusionele nasionalisme en 'n totalitêre nasionaal-sosialisme.

Maar ondanks verskille, was die *oorlewing* van die Afrikanervolk onderliggend aan beide benaderings. Daarom is dit nogmaals hier problematies om die motiewe oorlewing en ideologie heeltemal los van mekaar te maak - veral as die begrip ideologie in 'n breër sin gebruik word.

Die klem het reeds in die vorige tydvak duidelik begin wegskuif van dominansies deur die *oorlewingsmotief* (met die klem op die bou, bewaar en verdedig van 'n bedreigde volk) na die *ideologiemotief* (met die klem op die bou, bewaar en verdediging van 'n ideologie). In die jare 1939-1948 het die ideologiemotief selfs sterker gedomineer.

Teen 1948 kan die kenmerkende van die markmotief hier en daar bespeur word, waarskynlik in reaksie op die alte sware klem op ideologiese suiwerheid. Hierdie geskille het o.m. voortgespruit uit die verskillende sieninge van die basis vir (volks-)*kohesie en konformiteit* en hoe dit afgedwing moet word, indien enigsins.

Aanvanklik was die studente nie soseer in fyn onderskeidinge tussen die Nasionale Party, Afrikanerparty en Ossewa-Brandwag geïnteresseer nie en het hulle enige versoeningspoging in nasionale Afrikanergeledere gesteun. Waar die Voortrekkereeufeesviering van 1938 die emosionele grondslag vir eenheid in nasionale Afrikanergeledere verskaf het, het die oorlogskwessie politieke eenheid 'n wesenlike moontlikheid gemaak.

Die Stellenbosse studente het dan ook op entoesiastiese, goed bygewoonde monstervergaderings hul duidelik téén oorlog met Duitsland uitgespreek. Hul onderliggende anti-Britse gevoel is

verder weerspieël in hul aandrang om die verjaarsdag van die Britse monarg nie met 'n (gedwonge) vakansiedag te vier nie, maar klasse gewoonweg by te woon.

In dié atmosfeer is pro-oorlogsentimente nie geduld nie. Daarom is "met verontwaardiging" kennis geneem van sommige dosente se "georganiseerde propagandaveldtog" ten gunste van die pro-oorlogstandpunt.

'n Telegram ter steun van die studente aan die PUK vir CHO, wat skade gely het weens 'n "brutale aanval" deur soldate, was vanselfsprekend; so ook lidmaatskap van die OB en die georganiseerde protes teen die daaglikse bidpouse ter steun van die oorlogspoging.

Die hegte Stellenbosse studentegemeenskap is egter metterwyl deur die groeiende onmin tussen Malan se HNP en Van Rensburg se OB soos nooit tevore nie in twee (nasionalistiese) kampe gejaag. Die sg. leierskapbeginsel het die saak op die spits gedryf: die Stellenbosse ANS-leiding het geweier om Van Rensburg se leiding te aanvaar, waarna 'n heelwat kleiner groep die gesuiwerde ANS op Stellenbosch voortgesit het.

Die "dislojales" se optrede is as "muitery" beskryf en die reg om te kritiseer en "dwars te trek", verwerp (p.230). Want, het *Die Matie* as ANS-blad aangevoer, in 'n "Christelik-Nasionale Republiek sal die indiwidu (sy) vryhede... prysgee" (p.230). Hier bereik dié vorm van volksnasionalisme 'n hoogtepunt.

Hoewel die Stellenbosse studente in den breede ten gunste van kohesie en konformiteit was (soos ook blyk uit hul voortgesette beoefening van ontgroening), het dit vir die meerderheid nie 'n slaafse prysgawe van indiwiduele vryhede beteken nie. Daarom is die ANS-OB-standpunt verwerp en 'n "gematigder" volksnasionalisme voorgestaan.

Anders gestel: die ANS-weergawe van Afrikanernasionalisme het veel strenger op ideologiese suiwerheid gestaan en absolute lojaliteit geëis; die nasionaal-sosialisme was vir dié studente die enigste weg waarlangs die Afrikaner kon triomfeer.

Maar ook die gematigder nasionalisme van die HNP-gesindes het outoritêre trekke getoon toe die studente se groepskohesie en leier (Malan) deur *Die Matie* in die gedrang gebring is. Vandaar die poging om *Die Matie* te verbied of, ten minste, aan bande te lê.

Die Stellenbosse studente was dit nietemin steeds eens oor die "breë beginsels van die Afrikanervolk, sy godsdiens, taal en vryheidstrewe" (p.233). Daarvan getuig die herhaalde pogings om die onmin in studentegeledere by te lê.

Genoemde vryheidstrewe het 'n Afrikanerrepubliek as einddoel gehad, waarin die blanke nie deur swartmense oorheers sou word nie. So gestel, sou dit as 'n positiewe nasionalisme getipeer kan word. Die verhouding met swartmense het egter vir OB-ANS-gesindes as vertrekpunt gehad die "meerderwaardigheid van die witman" (p.237). Die SR self het beleidstandpunte van vroeër herbevestig deur hom by herhaling ten gunste van "kleursegregasie" uit te spreek.

Verder is by monde van 'n monstervergaderingbesluit op 'n omvattende ondersoek na die kleurvraagstuk aangedring. Self het die studente akademies (bv. in 'n sg. Bantoe-studiekring) oor die saak besin, dog nie nagelaat om aandag te gee aan die alledaagse toepassing van die apartheidsideologie nie. So is gevra vir:

* Aparte dienste (bv. by poskantore);

* Segregasie by die dorpsbiblioteek; en

* Aparte universiteite vir blankes en swartmense.

Verder is op segregasie op die sportveld aangedring, en is dié saak tot die sjibolet in universitêre betrekkinge verhef.

Hierdeur is meegewerk aan die daarstelling van 'n omvattende apartheidsideologie, hoewel die aspek van dominansie versag is deur verwysings na "waardige voortbestaan as aparte groepe" en

die noodsaak om "'n groter deel van ons land vir sy (die naturel se) bewoning en ontwikkeling af te sonder" (p.250).

Die blote wyse waarop eensydiglik besluit is hoe die rassevraagstuk gehanteer moet word, verraai die vertrekpunt van meerderwaardigheid en dominansie oor die swartmense en ander gekleurdes; gevolglik kan dit as 'n manifestasie van ideologie in die enger sin van die woord beskryf word.

Die Stellenbosse studente het egter 'n breër nasionalisme voorgestaan waarin die klem swaar op die positiewe bou, bewaar en verdediging van die volk geplaas is. Daar is gevolglik met toewyding gewerk om die voortbestaan van die volk te verseker deur op 'n wye front sy eie kultuur en staatsbestel uit te bou. Dié woord-en-daad-kommunikasie van Afrikanernasionalisme het steun vir die volgende sake gemanifesteer:

* 'n Onafhanklike standpunt rakende die oorlog met die Spilmoondhede (5.2.1).

* 'n Rassebeleid wat ten doel sou hê die veiligstelling van die toekoms van die Afrikanervolk (5.2.2).

* Die behoud en uitbou van die Universiteit van Stellenbosch as volksuniversiteit, asook steun aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in sy stryd om 'n volwaardige Afrikaanse instelling te word (5.2.3 en 5.2.5);

* Skakeling met ander Afrikaanse studente landwyd (5.2.1);

* Die versterking en beveiliging van die ekonomiese posisie van die Afrikaner, veral onder vaandel van die Reddingsdaadbond en die leuse nasiediens en nasieliefde(5.2.4);

* Fondsinsameling, via die optrede van o.a. die Stellenbosse Boer-orkes en die Jan Pierewietgeselskap, ten bate van minderbevoorregtes (veral dié in volksverband) en die daarstelling van 'n Langenhovengedenksaal (5.2.4 en 5.2.5);

* Die verbetering van die posisie van die blanke werker, veral in die lig van die waargenome bedreiging van die kommunisme en die kapitalisme (5.2.4);

* Die bevordering van Afrikaans op skool- en universiteitsvlak, Afrikaanse sang en musiek, Afrikaans as radiotaal en reklametaal, (5.2.5);

* Die inkorporering van sport in die (Afrikaanse) nasiebouproses (5.2.7).

As deel van bg. *woordeskat* is steun aan volksleiers gegee. Weens die stryd tussen die HNP en OB, was dié steun egter nie so ondubbelsinnig as voorheen nie: botsende ideologieë het opponerende leiers na vore gestoot (5.2.1).

Selfs die viering van Heldedag was weens die stryd tussen die HNP- en OB-ANS-gesindes 'n bron van verdeeldheid in die studentelewe. Tog is Heldedag gereeld gevier en is die geskiedenis van die Afrikaner (insluitende die lyding van Boerevroue en -kinders in Britse konsentrasiekampe) in herinnering geroep (5.2.5).

Die studente het nie volksfeeste altyd goed bygewoon nie. *Die Matie* het egter volgehou met berigte waarin studente aangemoedig is om dit wel by te woon. Die blad het ook, in pas met die oorlewingsmotief se klem op *toegewyde en doelgerigte optrede ten einde die waargenome bedreigings teen die Afrikanervolk*, studente deurlopend aangemoedig om hul pligte as Afrikaners na te kom.

Dit het die studente gedoen deur standpunt in te neem oor die brandende politieke vraagstukke van die dag en via kul-

tuuraktiwiteite soos deelname (in groot getalle) aan die Stellenbosse kunsfees en die sangfees, en (in kleiner getalle) aan verskillende musiek- en dansgeselskappe.

Die treffendste alternatiewe (nie-verbale) vorm van kommunikasie van Afrikanernasionalisme in dié tyd was die deelname aan die paramilitêre oefeninge en gebruike van die OB, insluitende, by geleentheid, 'n optog deur die strate van Stellenbosch in wit klere en blou nekdoeke as aanloop tot 'n OB-vergadering die aand.

In geheel gesien, het die verenigingslewe grootliks versplinter en meer gespesialiseerd geraak. Waar die studente vroeër deur die bank aan een van die debatsverenigings behoort het en dié verenigings in terme van veral die oorlewingsmotief gefunksioneer het, was dit nie meer die geval nie.

Toneel het as nasionalistiese kommunikasiemedium sy plek bykans heeltemal verloor, hoewel studente in 1941 en 1946 N.P. van Wyk Louw se *Die dieper reg* met sukses opgevoer het.

Die *kommunikasiewaardigheid* van inligting is in sommige gevalle (opvallend by die ANS-beheerde *Die Matie* en die optrede van die Stellenbosse Boerorkes) gemeet aan die *ideologiese nuttigheid en korrektheid* daarvan; in die geval van die intellektuele minderheid wat Van Wyk Louw se stuk op die planke gebring het, was die motief eerder die artistieke en intellektuele waarde daarvan. Blote kommersiële oorwegings, soos deur die markmotief vereis, het nie voorgekom nie.

Waar sowel die oorlewings- as ideologiemotiewe nie 'n hoë premie op *tydigheid* plaas nie, het die ANS, by monde van *Die Matie*, 'n nuwe dimensie aan studentekommunikasie op Stellenbosch verleen. Vir die eerste keer het die studente nou 'n blad gehad wat gereeld en betreklik tydig kon berig oor nuus, én standpunte inneem.

*Beheer* oor kommunikasie is in die geval van *Die Matie* opvallend streng toegepas - intern (as eiendom van die ANS) sowel as deur die studentemassa toe die blad die grense na die oordeel van die HNP-gesindes oorskrei het.

*Kuns en vermaak* word nie, aldus Schillinger (2.1.2.1; 2.1.2.2), belangrik geag waar die oorlewingsmotief of ideologiemotief domineer nie. Soos tydens die jare voor 1939 is vermaak (bv. musiek, sang en dans) steeds deur die studente ingespan om 'n uitdruklike nasionalistiese boodskap uit te dra (5.2.5).

Die kontroleer van *uitgaande inligting* het nie spesifiek aan die orde gekom nie. Die studente se sensitiwiteit oor die saak was wel duidelik toe dosente pro-oorlog-standpunte in die pers uitgespreek het terwyl die meerderheid studente anders gevoel het.

Dat daar ook 'n sensitiwiteit was oor welke beeld na buite vertoon word, spreek uit die steeds jaloerse waaksaamheid oor die dra van Matiekleure - die simbool van studentwees aan "die volksuniversiteit".

In teenstelling met die gebruik in die jare rondom 1930, is kontak met *volksvreemdes* nie in die tydvak 1939-1948 geduld nie. As sodanig het die studente 'n geslote, ideologiese houding ingeneem waardeur die voorreg om die studente toe te spreek eksklusief vir Afrikanernasionaliste gereserveer is. In 'n vorige era het die studente veral deur hul lidmaatskap van Nusas 'n oop gesprek gehandhaaf; nou het moontlike kontak telkens weens die apartheidskwessie gestrand, hoewel sosiale kontak met die Universiteit van Kaapstad onderhou is (5.2.1).

Die Stellenbosse studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme het in die tydvak 1939-1948 merkbaar wegbeweeg van oorlewing as sodanig. Nou is dié oorlewingsdrang in ideologiese taal, styl en optrede gegiet, maar dan nie op 'n eenvormige wyse nie. Onderliggend aan sowel die HNP as die OB-ANS-alliansie was egter die vestiging van verhoudinge van dominasie: die detail kon verskil, maar vroeër of later moes 'n Afrikanerrepubliek tot stand gebring word.

Die kommunikasievorme en -inhoud het met die sterk klem op nasiebou, die afwys van kritiek, tendensieuse beriggewing in *Die*

*Matie* en pogings tot sensuur, die hoofkenmerke van die ontwikkelingsmodel (2.2) getoon:

* **Voorrang aan nasiebou (2.2.1).** Hoewel die HNP- en OB-gesindes verskil het oor politieke ideologie, het die nasionale Afrikanerdom in dié tyd 'n passie vir "nasiebou" (maar dan spesifiek in die sin van die opbou van die Afrikanervolk en die bereiking van sy politieke ideale) getoon. Die verdeeldheid tussen HNP- en OB-gesinde Afrikaners was juis die gevolg van hierdie hooggestemde strewe na vryheid - staatkundig sowel as kultureel. Die strewe na volkseenheid duik gevolglik gedurig op (kyk 5.2.1, 5.2.2).

Die studente se deurlopende aandag aan die opbou van hul volkskultuur en -taal, was in pas met die nasiebougedagte (5.2.3-5.2.7).

* **Kritiek nie geduld nie (2.2.2).** Kritiek is onderling tussen HNP- en OB-gesindes uitgespreek, maar oor die breë doelstellings van die Afrikaner was daar weinig verskille; nog minder is dit in die openbaar geopper.

* **Inligting nie neutraal nie (2.2.3).** Uit die beskrywing van Afrikanernasionalistiese kommunikasie soos in 5.2 beskryf, blyk dit dat die klem sterk op ideologiesgelade kommunikasie geval het.

* **Die reg tot sensuur (2.2.4).** Dié reg is slegs by 'n enkele geleentheid openlik deur die studentemassa opgeëis.

In die geheel gesien, het die tydvak 1939-1948 in die teken gestaan van 'n ideologiese Afrikanervolk wie se onmiddellike materiële en kulturele voortbestaan verseker is, maar nou - gegee die onsekerheid wat deur die Tweede Wêreldoorlog meegebring is - beslissend wou optree en sy toekoms as volk in sy eie staat wou verseker.

Die ideologiemotief (in 'n breë en eng sin van die woord) het gevolglik in hierdie tydvak oorheers, hoewel dié motief steeds aanwesig was en telkens saam met die oorlewingsmotief gelees moet word. Dit word inderwaarheid deur die volksnasionalistiese paradigma voorveronderstel.

## 6.4 Samevatting

Die Stellenbosse studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie is in die jare 1902-1948 oorheers deur die motiewe oorlewing en ideologie. In die mate wat die een die ander veronderstel het, is dit nie altyd moontlik om duidelike onderskeid te trek nie, maar tog kan gesê word dat die oorlewingsmotief (met ideologiese ondertone) aanvanklik (1902-1924) oorheers het. In die dertigerjare het die ideologiemotief sterker na vore gekom (gevoed deur 'n drang tot oorlewing op lang termyn). In die jare 1939-1948 het die ideologiemotief selfs sterker gefigureer, maar weer eens met die strewe na oorlewing as dryfveer.

Die oorlewingsdrang wat in die eerste periode (1902-1924) ter sprake kom, was egter meer onmiddellik van aard in die sin dat die Afrikaner - in soverre hy 'n eie volk wou wees - aktief en georganiseerd weerstand moes bied teen 'n poging tot absorpsie in 'n Britse kultuur.

Latere oorlewing het minder om die onmiddellike (fisieke) oorlewing gegaan, hoewel die ideoloë soos Meyer en Cronjé die uiteindelike ondergang van die Afrikaner as volk voorsien het sou daar nie 'n "finale oplossing" kom waarin die Afrikaner se staatkundige toekoms verseker word nie.

Hierdie dryfvere - wat die markmotief bykans geheel en al uitgesluit het - het regstreekse invloed gehad op die inhoud van die studente se kommunikasie. Dit geld ook die vorme van kommunikasie wat deur die studente ingespan is: sonder die motiewe oorlewing en ideologie kan die volgehoue omvang en diversiteit van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie nie ingedink word nie.

Die energie wat deur die studente in die nasionalistiese kommunikasie gestort is, kan slegs verklaar word deur te kyk na hul motivering - wat 'n onbewuste onderskrywing en uitleef van 'n vorm van ontwikkelingskommunikasie ingesluit het. Daarom kan gesê word dat die politiek-kulturele motiewe in regstreekse verband met sowel die inhoud as die vorme van kommunikasie staan, iets wat ook vandag van toepassing sou wees.

Uit bg. blyk dit dus dat 'n juiste kommunikasiehistoriese perspektief slegs moontlik is waar kommunikasievorme in totale kultuurhistoriese en politieke konteks geplaas word.

## 6.5 Verantwoording

Ses navorsingsvrae is in hoofstuk een aan die orde gestel, tesame met ses korresponderende doelstellings. Aan hierdie opgaaf is in hoofstukke 3, 4, en 5 voldoen, met gebruikmaking van die begrippe en teoretiese raamwerk soos in hoofstukke 1 en 2 uitgespel.

Die **navorsingsvrae** en gepaardgaande **doelwitte** was:

**6.5.1. Binne welke breër politieke, kulturele en sosiale konteks het die Stellenbosse studente opgetree?** (1.4.1). Hierdie vraag is beantwoord deur *die steeds veranderende konteks waarbinne die betrokke studente se nasionalistiese kommunikasie plaasgevind het, telkens kursories te beskryf* (1.5.1; 3.1, 4.1, 5.1).

Dit is gedoen deur primêre en sekondêre bronne rakende die politiek, kulturele lewe en media-opset van die tyd te ontgin. Die belang daarvan was dat die oënskynlik onbelangrike, alledaagse kenmerke van die studentelewe (soos hul beskeie kleredrag en gereglimenteerde sosiale lewe) deel was van en 'n verduideliking help bied vir hul meestal gedissiplineerde, doelgerigte nastrewing van Afrikanernasionalisme.

Die lastigste probleem wat in hierdie verband ondervind is, was die groot omvang van beskikbare stof (veral wat die politiek betref). Streng seleksie was dus noodsaaklik. 'n Ander probleem was

die vasstelling van werklike mediagebruik deur die studente. Verdere studie sou hieroor gedoen kon word.

Uit die kontekstualisering was dit dus moontlik om 'n verwagte duidelike verband tussen die veranderende konteks en die vorme en inhoud van die studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie waar te neem: die ontstaan en groei van twintigste-eeuse Afrikanernasionalisme in sy vele gedaantes is in die Stellenbosse studentelewe weerspieël. Vanweë die studente se entoesiasme en energie het daar ook 'n bepaalde stukrag van hulle uitgegaan, wat - tesame met die optrede en invloed van leidende dosente - van Stellenbosch 'n formidabele faktor gemaak het.

Hierby moet twee ander hoofspelers gevoeg word: die (Kaaplandse) Nasionale Party en die Nasionale Pers. Hoewel al drie deur politieke, kulturele, finansiële, tegnologiese en ander faktore beïnvloed is, het hulle saam die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme beslissend beïnvloed. As sodanig was hulle terselfdertyd die vrug én medeskeppers van die konteks, d.w.s. die raamwerk waarbinne betekenis aan die werklikheid gegee is.

Maar die losbandigheid van sommige studente, die groeiende teenwoordigheid van populêre Amerikaanse rolprente en musiek, verstrooilektuur (ook in Afrikaans), groeiende studentegetalle en 'n gepaardgaande afname in groepskohesie, asook 'n deurlopende krapperigheid tussen die oorwegend NG studente en die plaaslike NG kerkraad, bring mee dat die konteks waarbinne die studente hul Afrikanernasionalisme - met sy sterk Calvinistiese vertrekpunte - geformuleer en uitgeleef het, nie geïdealiseer of gestereotipeer mag word nie.

Die kontras tussen die toegewyde nasionalistiese studente en die ander onderstreep ook die feit dat die studente se nasionalisme geen algemene, "natuurlike" beweging was nie. Die dinamika van die beweging was steeds van leiers afhanklik - maar dan leiers wat kinders van hul tyd was en die strewes van die meerderheid studente akkuraat kon vertolk.

**6.5.2. Wat was die *inhoud* van hul nasionalistiese kommunikasie? (1.4.3).**

Hierdie vraag is beantwoord deur *die inhoud van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente kontekstueel en kwalitatief te beskryf* (1.5.3; 3.2, 4.2 en 5.2).

Met die oog op dié omvangryke deel van die studie, is alle studentepublikasies en formele besluite van studenteliggame soos die studenteraad nagegaan. Dié primêre bronne is aangevul deur inligting verkry uit persoonlike onderhoude met 'n aantal oud-studente, gepubliseerde en ongepubliseerde geskrifte (soos biografieë, outobiografieë, herinneringe en akademiese verhandelinge en proefskrifte), aanvullende koerant- en tydskrifberigte en -artikels, en diverse argivale bronne soos programme.

Daardeur is nie net 'n betreklik volledige beeld verkry van die studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme nie, maar ook die konteks en beweegredes vir bepaalde optrede wat nie in formele registers opgeteken is nie.

Alle belangrike gebeure en uitsprake is, waar enigsins moontlik, aan kruiskontrole onderwerp, waardeur die akkuraatheid daarvan bevestig kon word (1.6.6). Hierdie kruiskontrole (of triangulasie) word weerspieël in die bronverwysings.

Die driefase-beskrywing van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse student vir die tydperk 1902-1948 (te wete 1902-1924, 1925-1938 en 1939-1948), het geblyk 'n sinvolle praktiese indeling te wees, veral as dit steeds as 'n soepel indeling gehanteer word wat slegs 'n raamwerk is waarbinne ander verklarings ook sou kan gedoen word.

Opsommend kan die inhoud van die studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie beskryf word as 'n deurlopende, doelgerigte, omvattende en dikwels selfstandige mede-skepping, herskepping en instandhouding van Afrikanernasionalisme in wisselende gedaantes.

Daardeur het die Stellenbosse studente in die tydvak 1902-1948 'n eiesoortige en belangrike rol gespeel in die *mede*bepaling van die selfstandigwording van die Afrikaner op kulturele, intellektuele en politieke gebied. Laasgenoemde het met die oorwinning van 1948 'n beslissende mylpaal behaal wat dertien jaar later met die daarstelling van 'n republiek voltrek is.

Kenmerke van die studente se Afrikanernasionalistiese kommunikasie, was die wyse waarop volksverbondenheid telkens gerelativeer is deur kritiese distansie - veral waar 'n meer emosionele interpretasie van Afrikanernasionalisme in breër volksverband na vore getree het.

Waar laasgenoemde benadering in die gedaante van nasionaal-sosialisme in die vroeë veertigerjare sterk aanhang op Stellenbosch verwerf het, is dit tog ook uiteindelik beslissend verwerp. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die studente nooit 'n algeheel homogene massa was nie en altyd "afwykende" stemme ingesluit het, soos telkens aangetoon is.

In sowel hul verbondenheid as in hul kritiese distansie, het die (meerderheid) Stellenbosse studente se kultuur 'n kenmerkende *volksversorgende* dimensie vertoon (1.2.2). Maar terselfdertyd het hulle, waar in gebreke gebly is om ideologie in sy magsgedaante af te wys, bewustelik of onbewustelik kultuur as magsinstrument misbruik.

Daarin het die studente hul steeds by die Kaaplandse Nasionale Party van dr. D.F. Malan en die Nasionale Pers (met name *Die Burger*) geskaar, in so 'n mate dat nie slegs van 'n simbiotiese verhouding tussen party en pers gepraat kan word nie, maar ook tussen studente, pers en party.

In die lig van die pas bespreekte drie navorsingsvrae en daaruitspruitende doelwitte, kan die *eerste sentrale teoretiese stelling* (2.3.1) gevolglik bevestig word, te wete:

Die *inhoud* en vorme van 'n volk se kommunikasie/diskoers - dus ook dié van die Afrikanervolk (w.o. die meeste Stellenbosse studente) in die tydperk 1902-1948 - kan in terme van sy politieke, sosiale en kulturele *konteks* begryp word.

**6.5.3. Watter *vorme* van kommunikasie is deur die studente gebruik om hul Afrikanernasionalisme te help skep, onderhou, herstel en te herskep?** (1.4.2).

Hierdie vraag is beantwoord deur *die vorme wat die Stellenbosse studente se kommunikasie in die tydvak 1902-1948 aangeneem het kontekstueel te beskryf en te analiseer* (3.2, 4.2 en 5.2).

Die vorme van kommunikasie waarmee die studente hul bedien het, het veral verband gehou met tegnologiese en finansiële realiteite, maar ook Stellenbosch se relatiewe afsondering en klein studentegetalle. En onderliggend aan alles was die nasionalistiese motivering om, sonder vergoeding en soms met groot opofferings, simboliese vorme te skep waardeur die nasionalistiese gedagte gedien is.

Die publikasie en posisie van studenteblaaie in 'n klein tydskrifformaat (eers die *Stellenbosch Studentekwartaalblad* en later die *Stellenbosse Student*) en sedert die veertigerjare ook 'n koerant, *Die Matie*, weerspieël die belangrike rol van die tipomedia in dié jare. Van 'n eie radiostasie was byvoorbeeld geen sprake nie. Die SAUK het eers in die dertigerjare tot stand gekom en het in sy beginjare maar min Afrikaanse programme uitgesaai. Televisie het vier dekades later gevolg, dus lank na 1948.

Dit was vir die studente vanselfsprekend en noodsaaklik om op ander, nie-tegnologiese en soms nie-verbale, wyses te kommunikeer. Massavergaderings waartydens formele besluite geneem is, besluite deur monstervergaderings en verkose studenterade, protes- en oorwinningsoptogte, versoekskrifte, toneelopvoerings, sang, musiek en dans, kleredrag, die kweek van baarde, verering van

volkshelde en aktiewe steun aan sake wat binne die volksnasionalistiese konteks ondersteuning verdien het, was die belangrikste vorme.

Sommige van hierdie kommunikasievorme word in hierdie studie as woord-en-daad-kommunikasie getipeer. Die studente se kommunikasie van Afrikanernasionalisme was duidelik 'n intrinsieke deel van die studentelewe en meer dikwels ook van hul omvattende kultuurlewe. As sodanig het kommunikasie en kultuur saamgeval.

Deur hul kommunikasie is 'n bepaalde werklikheid geskep, herskep en in stand gehou. Kommunikasie is dus nie bloot gebruik om boodskappe te stuur nie, maar om waardes en interpretasies van die werklikheid met mede-Afrikanerstudente op Stellenbosch en mede-Afrikaners elders te deel (1.2.1).

Terselfdertyd is 'n regstreekse bydrae tot die vorming en instandhouding van groepsidentiteit gelewer, soos uit die beskrywing van die inhoud van die kommunikasie blyk. As sodanig het die studente se kommunikasie 'n mobiliserende funksie (McQuail,1989b) verrig as deel van die etniese mobilisasie (Giliomee & Adam, 1981).

### 6.5.4. Watter *primêre dryfvere* kan in die studente se kommunikasie aangetoon word (1.4.4)?

Hierdie vraag is beantwoord deur *die onderliggende primêre dryfvere aan die hand van duidelik omskrewe "woordeskatte" aan te toon, en te analiseer in welke mate hulle afwisselend binne die Afrikanernasionalistie kommunikasie "gedomineer" het* (1.5.4).

Opsommendergewys kan gesê word dat die oorlewingsmotief in die tydvak 1902-1924 aanvanklik sterk gedomineer het, terwyl die ideologiemotief aanvanklik sluimerend en eers metterwyl prominenter geword het. Dit kan regstreeks terugherlei word na die oorlewingstryd wat die Afrikaner ná die Anglo-Boereoorlog moes voer. Afrikanernasionalisme het in hierdie jare primêr 'n opbouende karakter vertoon - maar dan veral vir diegene wat deel was van

daardie groep. Die vertrekpunt was steeds dat Suid-Afrika 'n "witmansland" was. Soos wat meer aandag aan politieke mag gegee is, het die ideologiese sterker na vore gekom.

In die tydvak 1925-1938 het die Afrikaner politieke mag gehad en kon hy sy posisie wetlik verskans. Daardeur is vir sy onmiddellik oorlewing gesorg, maar veral in die dertigerjare het Afrikanernasionalisme geradikaliseer en het ideologie in die enger sin (d.w.s. as magsinstrument) dominanter geword. Kenmerke van die markmotief was nou hier en daar te bespeur, maar kan eerder aan intellektuele gisting toegeskryf word as 'n aanvaarding van die markmotief.

In die tydvak 1939-1948 het die ideologiemotief selfs dominanter geword, maar is die vervloeiing van die motiewe oorlewing en ideologie problematies. Die oorlewing van die volk was steeds die basis van Afrikanernasionalisme as ideologie. Ideologiese denke in die breë sin van die woord (d.w.s as verstolde lewensvisie) en ideologie in die eng sin (d.w.s. as magsinstrument) het in die oorlogsjare onmoontlik geword om by sommige Afrikanerstudente op Stellenbosch te differensieer. Schillinger se driemotief-indeling is dus, ondanks die ingeboude dinamiese aard van die teorie, nie in alle opsigte bruikbaar nie omdat dit nie duidelik genoeg uitspel wat met ideologie bedoel word nie en ook nie die noue verband tussen oorlewing en ideologie verreken nie - altans nie wanneer dit binne 'n volksnasionalistiese konteks toegepas word nie. In die verdere toepassing (6.1-6.4) is gepoog om hierdie leemte te ondervang.

In die lig van die voorafgaande, kan die *tweede* (2.3.2) *en derde* (2.3.3) *sentrale teoretiese stellings* dus slegs met voorbehoude bevestig word:

> Die drie *primêre motiewe* wat deur Schillinger (1989) geïdentifiseer is (nl. oorlewing, ideologie en markgerigtheid) kan by volksdiskoerse geïdentifiseer word en 'n verklaring help bied van die ontwikkeling daarvan, en

Weens die dinamiese aard van kommunikasiesisteme "domineer" die *primêre motiewe* afwisselend binne so 'n sisteem, dog nie op 'n deterministiese wyse nie. Dit was ook die geval by die Stellenbosse studente, 1902-1948.

**6.5.5. Kan Schillinger (1989) se *dinamiese teorie vir perssisteme* gebruik word om 'n beter begrip te verkry van die skep, onderhou, herstel en herskep van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente, 1902-1948?** (1.4.5).

Deur *Schillinger (1989) se dinamiese teorie vir perssisteme van nasiestate aan te pas en uit te brei sodat dit ook toegepas kan word op volksnasionalistiese kommunikasiesisteme en gepaardgaande kommunikasie* (1.5.5; 2.1.2), is gepoog om 'n bevestigende antwoord op hierdie vraag moontlik te maak.

In wese het die aanpassing die volgende behels:

Die eng *staatkundige* gebruik van die begrip nasie is deur volk vervang, hoewel geargumenteer is dat 'n volk ook, in sekere sin, 'n nasie kan wees. Sodanige nasie dui egter op iets anders as die eng staatkundige konnotasie wat soms daaraan verleen word. Die "woordeskat" van die onderskeie motiewe is dienooreenkomstig aangepas (2.1.2.1, 2.1.2.2 en 2.1.2.3).

'n Moontlike probleem met die toepassing van 'n "vertaalde" weergawe van Schillinger se motiewe, woordeskatte en ander kategorieë, was dat 'n nasiestaat presies afbakenbaar is, maar 'n volk nie. Vandaar die nodigheid om versigtig met die begrip volk om te gaan.

Deur gebruik te maak van die term nasionaalgesinde Afrikaners kan die probleem ondervang word.

Daarbenewens is 'n gedifferensieerde omskrywing van die begrip ideologie in hoofstuk 1 aan die hand gedoen, waarsonder die motief ideologie minder bruikbaar sou wees. Dit blyk dat die sinvolle

gebruik van Schillinger se teorie afhang van die noukeuriger omskrywing van die motiewe.

In die lig van die voorafgaande kan die *vierde sentrale teoretiese stelling* (2.3.4) bevestig word:

> Schillinger se dinamiese teorie is, in aangepaste vorm, bruikbaar in die analise van volksnasionalistiese kommunikasie (soos dié van die Stellenbosse studente, 1902-1948).

Hierby kan gevoeg word dat die aangepaste teorie besonder bruikbaar kan wees in die analise van die ontwikkeling van publikasies, persmaatskappye en uitsaaiers. Binne Suid-Afrikaanse konteks sou dit bv. op die geskiedenis van publikasies soos *Huisgenoot* en *Die Burger*, persmaatskappye soos Nasionale Pers en Perskor, en die SAUK toegepas kan word.

**6.5.6. Is die *ontwikkelingsmodel* vir die media aanvullend bruikbaar by die verklaring van die Afrikanernasionalistiese kommunikasie van die Stellenbosse studente?** (1.4.6)

Hierdie vraag is beantwoord deur *die ontwikkelingsmodel vir die media (vgl. Hachten, 1992, en McQuail, 1989a:111-123) te benut in die tipologisering van die onderhawige Afrikanernasionalistiese kommunikasie* (1.5.6; 6.1-6.3).

Vanweë die sentrale plek van nasiebou (en wat daarmee gepaard gaan)(2.2) in die ontwikkelingsmodel én in die ontplooiing van Afrikanernasionalisme, was die toepassing van die model buite sy normale kader eintlik voor die hand liggend.

Deur die model hier buite die kontemporêre Derdewêreldse konteks te gebruik waarbinne dit normaalweg toegepas word, is aangetoon dat dit in die beskryf en verklaar van ander nasionalistiese diskoerse eweneens van nut kan wees.

Aangesien Schillinger self aangedui het dat tipologieë naas haar model gebruik kan word in die verklaar van mediasisteme (2.1),

kan die ontwikkelingsmodel en die aangepaste model (2.2.2.1, 2.1.2.2 en 2.1.2.3) eweneens saam gebruik word, soos in hierdie studie aangetoon is (3.4, 4.4 en 5.4). Daar is ook geargumenteer dat die ontwikkelingsmodel, wat tipies op mediasisteme toegepas word, wyer gebruik kan word om ook ander kommunikasievorme te help tipologiseer.

Die *vyfde sentrale teoretiese stelling* kan gevolglik bevestig word, nl.:

> 'n Volksnasionalistiese kommunikasiesisteem en kommunikasie (soos dié van die Stellenbosse studente in die tydperk 1902-1948) kan deels in terme van 'n (aangepaste) *ontwikkelingsmodel* vir die media beskryf en begryp word (2.3.4).

## 6.6. Ten slotte

Die doel van die ondersoek was om *'n bydrae tot kommunikasie-historiese kennis en insig* te lewer. Deur die optekening van 'n faset van Suid-Afrikaanse kommunikasiegeskiedenis, het die studie bevestig dat die begryp van die inhoud en betekenis van (die Stellenbosse studente se) woord-en-daad-kommunikasie, gesetel is in die detail-beskrywing van partikuliere handelinge - in dié geval van opeenvolgende geslagte studente, individueel en in groepsverband.

Die klem is dus nie eensydiglik op mondelinge of skriftelike kommunikasie geplaas nie, maar ook op ander (nie-verbale) kommunikasiehandelinge - insluitende "kultuur". Daarmee is nie net gepoog om 'n ruim kommunikasiebegrip tot sy reg te laat kom nie, maar ook die slaggat te vermy waarin historici meer dikwels trap deur die klem te veel op idees eerder as dade te laat val (vgl. Tuchman, 1991:40).

Ondanks die gebruikmaking van Schillinger se sg. dinamiese teorie, is nie soseer gepoog om herhalende patrone (of sisteme) te identifiseer nie; daarvoor is menslike optrede te onvoorspelbaar en herhaal 'n gegewe stel omstandighede hulself nooit presies nie (Tuchman, 1991:249).

Die studie het herbevestig dat daar steeds ruimte gelaat moet word vir historiese ondersoeke waarin min (of selfs geen) teoretiese konstruksies op die stof afgedruk word nie. Daardeur is aangesluit by 'n gevestigde (maar nie eksklusiewe) benadering tot historiografie.

Tog moet benadruk word dat die blote keuse en ordening van historiese stof reeds interpretasies behels, vandaar die verwysing na hoofstuk 6 se interpretasie as "verdere interpretasie". Verder: deur die gebruik van bepaalde begrippe en denkraamwerke word voorwetenskaplike aannames en selfs teorie reeds in 'n mindere of meerdere mate by die historiografiese proses indra.

Tog is daar 'n belangrike nut in 'n teoreties minder belaste optekening van geskiedkundige feite: ander navorsers kan makliker ander teoretiese verklarings op *dieselfde* opgetekende stof toepas - iets wat onmoontlik is wanneer interpretasie te ineengestrengel raak met die historiese stof en die historiografiese proses in 'n intellektueel stimulerende dog tendensieuse inlê van feite verval.

'n Verdere pluspunt van kommunikasiegeskiedenis wat nie te swaar teoreties belas is nie, is gevolglik dat dit as 'n korrektief kan dien op navorsers wat kies om historiese feite bloot *ter illustrasie* of *eksemplaries* in te span in hul navorsing.

Historiese navorsing kan en moet dus naas ander vorme van navorsing as 'n eiesoortige en selfstandige benadering erken word. Dit kan bv. nie bloot as 'n verlenging van (ander) kwalitatiewe navorsingsmetodes beskou word nie.

Die studie het voorts die noodsaak en noodwendigheid van 'n interdissiplinêre benadering tot kommunikasiehistoriografie onderstreep: sonder uitvoerige gebruikmaking van die werk van bv. politieke en kulturele geskiedskrywers, sosioloë en antropoloë, is die skryf van kommunikasiegeskiedenis haas onmoontlik. Kommunikasie-, kultuur- en politieke geskiedskrywing lê naas mekaar en oorvleuel selfs tot groot hoogte. Die kunsmatige uitmekaarhou daarvan is onwys, maar die spesifieke fokus van kommunika-

siegeskiedenis moet vanselfsprekend nie in die proses in die slag bly nie.

Anders gestel: die bestudering van kommunikasie moet steeds in sy ryke konteks geskied. 'n Veelheid van invalshoeke en benaderingswyses is moontlik en moet geakkommodeer word. Die bestudering van die verskynsel kommunikasie as deel van menslike optrede en geskiedenis kan net by sodanige inklusiewe benadering baat vind.

# *Bronnelys en afkortings*

**Afkortings:**

**Die volgende afkortings word vir bronne gebruik:**

| | |
|---|---|
| DM | *Die Matie* |
| DSB | *Notules van die Damestudentebond* |
| MV | *Notule van monstervergaderings van die studente van die Universiteit van Stellenbosch* |
| PL | *Pro Libertate* |
| SR | *Notules van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch (ook genoem Verteenwoordigende Studenteraad)* |
| SS | *Stellenbosse Student* |
| SSK | *Stellenbosch Studenten Kwartaalblad/ Stellenbosch Students' Quarterly* |
| SUB | *Stellenbosch Universiteitsblad* |
| UKSR | *Notules van die uitvoerende komitee van die Studenteraad* |
| VCDS | *Notules van die Victoria College Debating Society* |
| VSB | *Notules van die Vrouestudentebond van die Universiteit van Stellenosch* |

**Notules van Stellenbosse studenteliggame:**

*Notules van die Studente Verteenwoordigende Raad, Universiteit van Stellenbosch, 1902-1948.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

*Notules van studentemonstervergaderings, Universiteit van Stellenbosch, 1902-16; 1939-1948.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

*Notules van die vergaderings van die Vroue-Studentebond, Universiteit van Stellenbosch, 1921-1934.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

*Notules van die uitvoerende komitee van die Studenteraad, Universiteit van Stellenbosch, 1936-1945; 1946-1948.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

*Notules van die Victoria College Debating Society/ Universiteitsdebatsvereniging, Universiteit van Stellenbosch, 1902-1948.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

*Notules van die Stellenbosch College Cadet Corps, 1883-1899.* J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

**Tydskrifte en koerante:**

*Stellenbosch Students' Quarterly/ Studenten Kwartaalblad,* 1903-1917.

*Stellenbosch Universiteitsblad,* 1918-1923.

*Die Stellenbosse Student,* 1923-1948.

*Die Stellenbosse Oud-Student,* April 1931-Junie 1947

*Die Matie,* 1941-1948

*Matieland,* 1957-1995

**Van die volgende publikasies is slegs spesifieke uitgawes geraadpleeg:**

*Die Burger*

*Die Huisgenoot*

*Polumnia*

*Wapenskou*

**Ongepubliseerde herinneringe:**

MöLLER, G.S.J. 1990. *Die Matie se eerste krisis - 'n greep uit die studentepolitiek van die jare 1940-42.* Ongepubliseer. Geleen van outeur, Bloubergstrand.

VAN JAARSVELD, A.Z.A. s.a. *Snoer.* Tweede van drie ongepubliseerde manuskripte herinneringe. Geleen van prof. Bun Booyens, Stellenbosch.

**Diverse:**

ATV. 1925. *Statute van die Afrikaanse Taalvereniging.* Stellenbosch. J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

HELDEDAGPROGRAM, 10 Oktober 1916. J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch. 216.7(1).

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. 1938 *Wat die Universiteit van Stellenbosch u aanbied.* Werwingsbrosjure. J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch. 216.2 US.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. 1995. Studentegetalle per brief beskikbaar gestel deur hoof van bedryfstasistiek, Universiteit van Stellenbosch, mnr. N. Grobbelaar.

**Persoonlike onderhoude:**

BLIGNAULT, A. 1977. Persoonlike onderhoud, Kaapstad. Aantekeninge in besit van outeur.

CILLIé, G.G. 1994. Persoonlike onderhoud, Stellenbosch. Aantekeninge in besit van outeur.

CILLIé, P.J. 1977. Persoonlike onderhoud, Kaapstad. Aantekeninge in besit van outeur.

CRAVEN, D.H. 1977. Persoonlike onderhoud, Stellenbosch. Aantekeninge in besit van outeur.

DE KLERK, W.A. 1994. Persoonlike onderhoud, Paarl. Aantekeninge in besit van outeur.

FRONEMAN, G.v.L. 1977. Persoonlike onderhoud, Pretoria. Aantekeninge in besit van outeur.

JOUBERT, G. 1977. Persoonlike onderhoud, Kaapstad. Aantekeninge in besit van outeur.

MARAIS, B.J. 1977. Persoonlike onderhoud, Pretoria. Aantekeninge in besit van outeur.

McLAGHLAN, P. 1977. Persoonlike onderhoud, Stellenbosch. Aantekeninge in besit van outeur.

MöLLER, G.S.J. 1977. Persoonlike onderhoud, Kaapstad. Aantekeninge in besit van outeur.

MöLLER, G.S.J. 1994. Persoonlike onderhoud, Bloubergstrand. Aantekeninge in besit van outeur.

SCHOLTZ, J.J.J. 1977. Persoonlike onderhoud, Kaapstad. Aantekeninge in besit van outeur.

VAN TONDER, M. 1977. Persoonlike onderhoud, Johannesburg. Aantekeninge in besit van outeur.

VENTER, F.A. 1977. Persoonlike onderhoud, Strand. Aantekeninge in besit van outeur.

**Boeke, verhandelings, proefskrifte; tydskrif- en tydskrifartikels:**

ALBERTYN, J.R., DU TOIT, P. & THERON, H.S. 1947. *Kerk en stad.* Stellenbosch: Pro Ecclesia.

ANNONIEM. 1973. Langenhoven-Gedenkaand - Stellenbosch 12 Augustus 1932. *Matieland*, Augustus 1973.

ANNONIEM. 1983. 1938 se mooiste baard. *Matieland*, 1:83.

ANNONIEM. 1985. *'n Boekie vir Piet.* Kaapstad: Tafelberg.

APPEL, A. 1985. *Die Oosterlig, 1937-1948. 'n Pershistoriese studie.* Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

BARNARD, P. 1979. *Ons Vaderland, 1915-1932: 'n empiriese studie.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

BASSON, J.L. 1980. *J. G. Strijdom. Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948.* Pretoria: Wonderboom-uitgewers.

BENNETT, R. s.a. *Reminiscences of the Cape government telegraphs.* Cape Town: SA Newspaper Company.

BEUKES, W.D. (red.) 1992. *Oor grense heen.* Kaapstad: Tafelberg.

BINGE, L.W.B. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel.* Pretoria: Van Schaik.

BLIGNAULT, A. 1976. Van Kiss me Quick tot die systoep. *Matieland*, April 1976.

BOOYENS, B. 1966. Studentelewe - die jongste tydperk. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966. Honderd jaar van hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 359-405.

BOOYENS, B. 1969. *Die lewe van D.F. Malan.* Kaapstad: Tafelberg.

BOOYENS, B. 1974. Stellenbosch vereer 'n eie profeet. *Matieland*, April 1974.

BOOYENS, B. 1975. *Danie Craven.* Kaapstad: Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

BOOYENS, B. 1995. *Die Universiteit van Stellenbosch biblioteekdiens, 1895-1995*. Stellenbosch: J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

BOOYENS, B. 1983. *"Ek heb geseg!"* Kaapstad: Human en Rousseau.

BOSHOFF, A. 1993. *Betsie Verwoerd, die vrou*. Pretoria: Afrikaner-Volkswag.

BOSSERT, C.T. s.a. *Die kultuur-historiese betekenis van Die Brandwag (1910-1922)*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BOTHA, M.E. 1970. *Partikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur met verwysing na die ATKV (SAS en H), 1930-1964*. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

BOTHA, M.E. 1971. *Sosio-kulturele metavrae: 'n ensiklopediese-wysgerige ondersoek na enkele grondbegrippe in die colologie en ander sosio-kulturele wetenskappe*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

BOUWS, J. 1950. *Woord en wys van die Afrikkaanse lied*. Kaapstad: HAUM.

BREISACH, E. 1983. *Historiography. Ancient, medieval & modern*. Chicago: The University of Chicago Press.

BREYTENBACH, W.J. 1987. Nasionalisme in Afrika. In: Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.v.d.P. & Van Niekerk, A.A., reds., *Moderne politieke ideologieë*. Johannesburg: Southern. Pp. 197-230.

BROODRYK, J.J. 1991. *Stellenbosse akademici en die politieke problematiek in Suid-Afrika, 1934-1948*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

BROWN, G. & YULE, G. 1983. *Discourse analysis*. Cambridge: Cambridge Universty Press.

BUNTING, B. 1986. *The rise of the South African reich*. IDAF. Plek van uitgawe onbekend.

BURGERS, M.P.O. 1939. *Die mens Langenhoven* Kaapstad: Nasionale Pers.

CAREY, J.W. 1989. *Communication as culture.* Boston: Unwin Hyman.

CHRISTIANS, C.G. & CAREY, J.W. 1989. The logic and aims of qualitative research. In: Stempel, G.H. & Westley, B.H., eds., *Research methods in mass communication*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall. Pp.354-374.

CILLIé, P.J. 1980a. *Tydgenote.* Kaapstad: Tafelberg.

CILLIé, P.J. 1980b. *Eet jou rape eerste.* Kaapstad: Tafelberg.

CILLIERS, A.C. 1973. *Lewensavontuur. Studiejare in Suid-Afrika en Duitsland.* Kaapstad: Tafelberg.

CLUVER, G. 1971. Dagbreek reminiscences. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 44-52.

COETZEE, J.A. 1969. *Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika, 1652-1968.* Pretoria: Transvaalse Uitgewersmaatskappij.

CONRADIE, W.F. 1971. Geheime radiosender in Dagbreek? In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 74-79.

CRAVEN, D.H. & JORDAAN, P. 1955. *Met die Maties op die rugbyveld 1880-1955.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

CRAVEN, D.H. 1959. *Oubaas Mark.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

CRONJé, G. 1945. *'n Tuiste vir die nageslag: die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstuk.* Johannesburg: Publicité.

CROWLEY, D. & HEYER, P. 1991. *Communication in history.* New York: Longman.

CRWYS-WILLIAMS, J. (ed.) 1989. *South African despatches. Two centuries of the best in South African journalism.* Johannesburg: Ashanti.

DAVENPORT, T.R.H. 1988. *South Africa. A modern history.* Bergvlei: Southern.

DAVIS, H. 1983. *Die politieke en joernalistieke impak van die Sondagkoerant Die Beeld, 1965-1970.* Ongepubliseerde M Joernalistiek-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

DE BEER, A.S. 1993a. Qualitative research in journalism: the quest for validity and objectivity. *Communicatio,* 19(1):80-87.

DE BEER, A.S. (ed.) 1993b. *Mass media for the nineties. The South African handbook of mass communication.* Pretoria: J.L. van Schaik.

DE BEER, A.S. & STEYN, E. 1993. The National Party and the media: a special kind of symbiosis. In: Louw, P.E., ed., *South African media policy: debates of the 1990s.* Bellville: Anthropos.

DE FLEUR, M.L. & DENNIS, E.E. 1991. *Understanding mass communication.* Boston: Houghton Mifflin.

DE KLERK, W.A. 1960. Só onthou ek Matieland. *Matieland,* Desember 1960.

DE KLERK, W.A. 1975. *The puritans in Africa.* London: Rex Collins.

DE KLERK, W.A. 1979. *Tyd van vernuwing.* Kaapstad: Tafelberg.

DE KLERK, W.J. 1972. Die instelling van die Calvinisme op die huidige kultuursituasie. In: De Klerk, W.J., Duvenhage, B. & Van Wyk, J.H., reds., *Roeping en werklikheid.* Potchefstroom: Potchefstroom Herald. Pp. 235-261.

DE KOCK, C.J. 1994. *Die wêreld van Con de Villiers - 'n kultuurhistoriese oorsig.* Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

DE KOCK, W.J. 1973. Die Anglo-Boere-oorlog, 1899-1902. In: Muller, C.F.J., red., *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica. Pp. 293-322.

DE KOCK, W. 1982. *'n Wyse van spreke.* Kaapstad: Saayman & Weber.

DE KOCK, W.J. 1963. Só onthou ek Matieland. *Matieland,* April 1963.

DE VILLIERS, C. 1993. Chameleon of the ether. In: De Beer, A.S., ed., *Mass media for the nineties*. Pretoria: J.L. van Schaik. Pp.125-150.

DE VILLIERS, D. en J. 1977. *Paul Sauer*. Kaapstad: Tafelberg.

DE VILLIERS, D.C. 1965. Die wonderwerk van agt-en-veertig. In: Scannell, samesteller, *Keeromstraat 30*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 203-212.

DE WIT, C.H. 1981. *Die Burger as regeringsmondstuk, 1924-1928*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

DE WITTE, T. 1939. *Langs die Pad van Suid-Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.

DEGENAAR, J.J. 1976. *Moraliteit en politiek*. Kaapstad: Tafelberg.

DEGENAAR, J.J. 1977. The concept of a volksuniversiteit. In: Van der Merwe, H.W. & Welsh, D., eds., *The future of the university in Southern Africa*. Cape Town: David Philip. Pp.148-171.

DEGENAAR, J.J. 1987. Afrikaner-nasionalisme. In: Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.v.d.P. & Van Niekerk, A.A., reds., *Moderne politieke ideologieë*. Johannesburg: Southern. Pp.231-260.

DEKKER, G. 1960. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasou.

DIEDERICHS, N. 1936. *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

DIEDERICHS, P. 1993. Newspapers. The fourth estate - cornerstone of democracy. In: De Beer, A.S., ed., *Mass media for the nineties*. Pretoria: J.L. van Schaik. Pp. 71-100.

DIEDERICHS, P.D. 1990. *An overview : history of the printed press in South Africa*. Pretoria: Dept of Foreign Affairs.

D'OLIVEIRA, J. 1977. *Vorster die mens*. Johannesburg: Perskor.

DOMMISSE, H. 1976. *Die dramaturg en sy gemeenskap*. Johannesburg: Perskor.

DREYER, H.H. 1965. Unieke verjaarsdag - en 'n woeste aanval. In: Scannell, J.P., samesteller, *Keeromstraat 30.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 187-191.

DRY, P.J.F. 1939. *Ons Klijntji, sy historiese agtergrond; sy ontstaan; sy betekenis vir ons kultuur.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

DU PLESSIS, E.P. 1964. *'n Volk staan op.* Kaapstad: Human & Rousseau.

DU PLESSIS, I.D. 1975. *Aantekeninge uit Tuynstraat.* Kaapstad: Tafelberg.

DU PLESSIS, J.H.O. 1943. *Die Afrikaanse pers: 'n studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse pers as sosiale instelling.* Ongepubliseerde DPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

DU TOIT, J.F. 1971. Die Dagbreekse vlaghysing. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 38-39.

DU TOIT, P.S. & VENTER, G.S. 1966. Die Universiteit van Stellenbosch word 'n werklikheid . In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966 Honderd jaar hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 62-70.

DU TOIT, P.S. 1966a. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966 Honderd jaar hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 71-97.

DU TOIT, P.S. 1966b. Ander akademiese bedrywighede. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966 Honderd jaar hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 173-183.

DU TOIT, P.S. 1966c. Fakulteite wat bygekom het tot 1953. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966 Honderd jaar hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 125-143.

DUVENHAGE, S.C.W. 1973. *Die opstandige student.* Potchefstroom: Pro rege-pers.

ESTERHUYSE, W.P. 1987. Samevatting - Die funksies van ideologie. In: Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.v.d.P. & Van Niekerk, A.A., reds.,

*Moderne politieke ideologieë.* Johannesburg: Southern. Pp. 309-322.

EYSSEN, S. 1964. US se eerste twee studentetoere. *Matieland*, Augustus 1964.

FARRELL, T.B. 1989. Beyond science: humanities contribution to communication theory. In: Berger, C.R. & Chaffee, S.H., eds., *Handbook of communication science.* London: Sage. Pp.123-139.

FAK. 1983. *FAK-sangbundel.* Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

FLETCHER, J. 1994. *The story of theatre in South Africa. A guide to its history from 1780-1930.* Cape Town: Vlaeberg.

FRONEMAN, J.D. & DE BEER, A.S. 1993. The Afrikaans press: heading for demise or a constructive role in a plural-democratic South Africa? *Communicatio,* 19(2):52-64.

FRONEMAN, J.D. & MULLER, P. 1988. Kan die ossewa weer seëvier? *Insig*, Junie 1988:22,23.

FRONEMAN, J.D. 1989. *'n Beeld van die kerk in die pers. 'n Joernalistieke ondersoek na kerklike beriggewing in die dagblad Beeld in 1982.* Ongepubliseerde M Joernalistiek-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

FRONEMAN, J.D. 1992. Die openbare kommunikasie van Afrikaner-nasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1924. *Ecquid Novi,* 13(2):142-175.

FURLONG, P.J. 1991. *Between crown and swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era.* Johannesburg: Witwatersrand University Press.

GELDENHUYS, F.E. O'B. 1982. *In die stroomversnellings.* Kaapstad: Tafelberg.

GERICKE, M. 1977. *Die sangbelewenis van die Stellenbosse student.* Ongepubliseerde Hons.-BA-seminaar. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

GILIOMEE, H. & ADAM, H. 1981. *Afrikanermag. Opkoms en toekoms.* Stellenbosch: UUB.

GOUDZWAARD, B. 1984. *Idols of our time.* Downers Grove, Illinois, VSA: Inter-varsity Press.

GREEN, G.A.L. 1947. *An editor looks back - South African and other memories, 1883-1946.* Cape Town: Juta.

GROBBELAAR, P.W. 1974. Kultuur en beskawing. In: Grobbelaar, P.W., red., *Die Afrikaner en sy kultuur.* Deel I: *Mens en land.* Kaapstad: Tafelberg. Pp. 5-48.

GROENEWALD, C.J.O. 1981. *Toesprake deur prof. dr. D. F. Malherbe.* Bloemfontein: NALN.

GROENEWALD, E.P. 1962. Só onthou ek Matieland. *Matieland*, April 1962.

GRONUM, M.A. 1971. Die herinneringe van M.A. (Charlie) Gronum. In: Booyens, B. en Oosthuysen, K., reds., *Dagbreek, 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 17-18.

GROSSKOPF. J.F.W. 1918. Die nuwe Stellenbosch. In: Brümmer, N.J. en J. J. Smith, reds., *Gedenkboek van het Victoria-Kollege.* Kaapstad: De Nationale Pers. Pp. 176-183.

GRUNDELINGH, A. 1995. Playing for power. Rugby, Afrikaner nationalism and masculinity in South Africa. In: Grundelingh, A., Odendaal, A. & Spies, B., *Beyond the tryline. Rugby and South African society.* Randburg: Ravan Press. Pp. 106-135.

GUTSCHE, T. 1972. *The history and social significance of motion pictures in South Africa, 1895-1940.* Cape Town: Howard Timmins.

HAAK, J.F.W. 1943. Die A.N.S. gedurende die afgelope dekade. *Wapenskou*, Junie 1943.

HACHTEN, W.A. 1992. *The world news prism.* Ames, Iowa: Iowa State University Press.

HEARD, T. 1990. *The Cape of Storms.* Johannesburg: Ravan.

HEESE, J.A. 1973. *Slagtersnek en sy mense.* Kaapstad: Tafelberg.

HEYMANS, C.S. 1981. *Die politieke en ideologiese strominge en -aktiwiteite in en om die Afrikaanse Studentebond (1948-1980).* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

HIEBERT, R.E., UNGURAIT, D.F. & BOHN, T.W. 1991. *Mass media VI.* New York: Longman.

HOFMEYR, I. 1987. Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity. In: Marks, S. & Trapido, S., *The politics of race, class & nationalism in twentieth century South Africa.* Essex: Longman. Pp. 95-123.

HOFMEYR, J.D.J. 1971. Dagbreek: terugblik en 'n brief. In: Booyens, B. & Oosthuysen, K. reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 91-93.

HSIA, H.J. 1988. *Mass communication research methods: a step-by-step approach.* Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

HUGO, A.M. 1966. Stellenbosch, 1866-1939. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-1966. Honderd jaar van hoër onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp. 263-358.

JACKSON, G.S. 1993. *Breaking the story. The South African press.* Oxford: Westview Press.

JANSEN, N. 1989. *Philosophy of mass communication.* Kaapstad: Juta.

JOUBERT, D. 1972. *Teer-en-veer in 1932. Rondom die Lamont-saak.* Kaapstad: Tafelberg.

JOWETT, G. 1975. Towards a history of communication. *Journalism history,* 1975(2):34-37.

KAMFER, D. 1963. *Die elfde uur.* Kaapstad: Tafelberg.

KANNEMEYER, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur.* Kaapstad: Academia.

KANNEMEYER, J.C. 1986. *D.J. Opperman: 'n biografie.* Kaapstad: Human & Rousseau.

KANNEMEYER, J.C. 1995. *Langenhoven. 'n Lewe.* Kaapstad: Tafelberg.

KAPP, P.H. 1975. *Ons volksfeeste.* Kaapstad: Tafelberg.

KEET, B.B. & TOMLINSON, G. 1925. *Tobie Muller.* Kaapstad: Nasionale Pers.

KENNEY, H. 1980. *Architect of apartheid. H.F. Verwoerd - an appraisal.* Johannesburg: Jonathan Ball.

KENISTON, K. 1971. *Youth and dissent.* New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.

KINGHORN, J. (red.). 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

KOTZé, D.J. (red. voors.) 1969. *Professor H.B. Thom.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

KOTZé, D.J. 1966. Stellenbosch se bydrae. In: Thom, H.B., red. sameroeper, *Stellenbosch 1866-l966. Honderd jaar van hoër Onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 437-529.

KOTZé, D.J. 1968a. *Positiewe nasionalisme.* Kaapstad: Tafelberg.

KOTZé, D.J. 1968b. Die geskiedenis van Wilgenhof. In: Potgieter, O., red., *Wilgenhof Gedenkboek 1903-1967.* Stellenbosch: Wilgenhof. Pp. 15-30.

KRUGER, D.W. 1973a. Die bewind van die Verenigde Party, 1939-1948. In: Kruger, D. W., red., *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasou. Pp. 529-559.

KRUGER, D.W. 1973b. Die bewind van generaals Botha en Smuts, 1910-1924. In: Kruger, D. W., red., *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasou. Pp. 478-509.

KRUGER, D.W. 1973c. Die bondgenootskap tussen Nasionalisme en Arbeid, 1924-1933. In: Kruger, D. W., red., *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasou. Pp.510-528.

KRUGER, J. 1974. Afrikaans en die pers. In: Kok, B., red., *Afrikaans - ons pêrel van groot waarde.* Johannesburg: FAK. Pp. 248-261.

LABUSCHAGNE, E.J. 1949. *Die kultuurhistoriese betekenis van Die Huisgenoot.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LANGENHOVEN, C.J. 1921. *Die pad van Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasionale Pers.

LANGENHOVEN, C.J. 1973a. U dienswillige dienaar In: *Versamelde werke,* deel 12. Kaapstad: Tafelberg.

LANGENHOVEN, C.J. 1973b. U dienswillige dienaar In: *Versamelde werke,* deel 15. Kaapstad: Tafelberg.

LANGENHOVEN, C.J. 1973c. *...die erwe van ons vaad're.* Kaapstad: Tafelberg.

LE ROUX, A. I. 1974. *Ontwikkelingstendense in die Suid-Afrikaanse radiokommunikasie.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

LE ROUX, A.I. & FOURIE, L. 1982. *Filmverlede. Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse speelfilm.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

LE ROUX, F.J. 1985. *'n Eeu van onreg.* Kaapstad: Human & Rousseau.

LE ROUX, W.G. 1984. *Oom Pietie en sy mense.* Paarl. Uitgegee deur outeur.

LESTER-MASSMAN, E. 1991. The dark side of comparative research. *Journal of communication inquiry,* 15(2):92-106.

LIEBENBERG, B.J. 1973. Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910-1931. In: Muller, C.F.J., red., *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica. Pp. 344-370.

LIEBENBERG, B.J. 1973. Van die statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961. In: Muller, C.F.J., red., *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academia. Pp. 371-401.

LOOTS, P.J. 1978. 'n Klein valetjie... *Matieland,* Augustus 1978.

LOUW, P.E. 1993. *South African media policy.* Bellville: Anthropos.

LOUW, E. & BOTHA, J. 1993. The captivating power of fleeting images. In: De Beer, A.S., ed., *Mass media for the nineties.* Pretoria: J.L. van Schaik. Pp. 151-170.

LOUW, N.P. van Wyk. 1939. *Berigte te velde.* Pretoria: J.L. van Schaik.

LOUW, N.P. van Wyk. 1975. *Lojale verset.* Kaapstad: Tafelberg.

MALAN, F.S. 1933. *Ons kerk en die Du Plessis-saak.* Kaapstad: Nasionale Pers.

MALAN, M.P.A. 1964. *Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en sy prestasies 1914-1964.* Kaapstad: Nasionale Party.

MALHERBE, F.E.J. 1977. *Agter die oomblik.* Johannesburg: Perskor.

MALHERBE, M. 1964. Só onthou ek Matieland. Nog steeds 'n ryke bron. *Matieland,* April 1964.

MALHERBE, M. 1979. Amateurtoneel. In: Smuts, F., red., *Stellenbosch drie eeue.* Stellenbosch: Stadsraad van Stellenbosch. Pp.401-403.

MANOIM, I.S. 1983. *The Black press 1945-1963.* Unpublished MA thesis. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

MARAIS, B. 1933. Verenigingslewe op Stellenbosch. *Die Stellenbosse Oud-Student,* Apr. 1933

MARAIS, B.J. 1971. Matieland: Nusas en A.N.S. *Matieland,* Desember 1971.

MARAIS, B.J. 1979. Prof. Ben onthou... *Matieland,* Augustus 1979.

MARAIS, E.N. 1951. Jopie Fourie en ander gedigte. In: Nienaber, P.J., samesteller, *Jan Celliers. Ons volksdigter.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

McLACHLAN, P. 1983. *Slechte mensen zingen niet.* Kaapstad: Tafelberg.

McLELLAN, D. 1989. *Ideology.* Milton Keynes, Engeland: Open University Press.

McQUAIL, D. 1989a. *Mass communication theory.* London: Sage.

McQUAIL, D. 1989b. Functions of communication: a nonfunctionalist overview. In: Berger, C.R. & Chaffee, S.H., eds., *Handbook of communication science.* London: Sage. Pp.327-349.

MEIRING, P. 1974. *Jan Smuts die Afrikaner.* Kaapstad: Tafelberg.

MEIRING, P. 1977. *Die kerk op pad na 2000.* Kaapstad:

MEIRING, P. 1987. *Die Transvaler: 50 jaar.* Johannesburg: Perskor.

MEIRING, P. s.a. *Ds. P.G.J. Meiring: die lig op sy pad.* Pretoria: PMP-uitgewers.

MERVIS, J. 1989. *The fourth estate.* Johannesburg: Jonathan Ball.

METROWICH. F.C. 1929. *The development of higher education in South Africa.* Cape Town: Maskew Miller.

MEYER, P.J. [1941]. *Die vooraand van ons vrywording. Die Afrikanerdom één en verdeeld.* Johannesburg: Afrikaans-Nasionale Jeugbeweging

MEYER, P.J. 1984. *Nog nie ver genoeg nie.* Johannesburg: Perskor.

MILLER. R.B. 1993. Science and society in the early career of H.F. Verwoerd. *Journal of South African Studies,* 19(4):1-29.

MöLLER, G.S.J. 1960. Só onthou ek Matieland. *Matieland,* Augustus 1960.

MöLLER, G.S.J. 1971. Geestelike en geestestrominge. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 54-58.

MöNNIG, H.O. 1931. Herinneringe. *Die Stellenbosse Oud-Student,* Apr. 1931.

MONTGOMERY, J.W. 1962. *The shape of the past. An introduction to philosophical historiography.* Ann Arbor, Michigan: Edwards Brothers, Inc.

MOODIE, T.D. 1975. *The rise of Afrikanerdom: power, apartheid and Afrikaner civil religion.* Berkeley: University of California Press.

MULLER, C.F.J. 1990. *Sonop in die suide.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

MULLER, W.A. 1973. *Dr. H.F. Verwoerd se joernalistieke bydrae tot die republikeinse idee.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria

NAUDé, L. 1969. *Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die mynwerkers.* Pretoria: Nasionale Raad vir Trustees.

NEPGEN, C.C. 1938. *Die sosiale gewete van die Afrikaansprekende.* Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

NICOL, W. 1960. Só onthou ek Matieland. *Matieland*, Desember 1960.

NIENABER, G.S. 1968. *Louis Henri Meurant. 'n Vroeë Afrikaanse joernalis.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

NIENABER, G.S. en P.J. 1941. *Die geskiedenis van die Afrikaanse beweging.* Pretoria: Van Schaik.

NIENABER, P.J. (samesteller). 1951. *Jan Celliers. Ons volksdigter.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

NIENABER, P.J. 1975. *Eerste sooie.* Johannesburg: Perskor.

NORD, D.P. 1989. The nature of historical research. In: Stempel, G.H. & Westley, B.H., eds., *Research methods in mass communication.* New Jersey: Prentice-Hall. Pp. 290-315.

OLMESDAHL, D.B. 1980. *The history of telecommunication in South Africa, 1873-1887.* Ongepubliserde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

OPPERMAN, D.J. 1953. *Digters van dertig.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

PELZER, A. N. 1980. *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar.* Kaapstad: Tafelberg.

PIENAAR, E.C. 1936. Jan F.E. Celliers. In: Nienaber, P.J., samesteller, *Jan Celliers, ons volksdigter*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

PIENAAR, E.C. 1938. *Werda!* Kaapstad: Nasionale Pers.

PIENAAR, E.C. 1951. Langenhoven het die volk leer lees. In: Nienaber, P.J., samesteller, *Langenhoven, die volkskrywer.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. Pp.55-58.

PIENAAR, S.W. 1979. *Getuie van groot tye.* Kaapstad: Tafelberg.

PINNOCK, D. 1991. Popularise, organise, educate and mobilise: Culture and communication in the 1980s. In: Tomaselli K. & Louw, P.E.,

eds., *The alternative press in South Africa.* Bellville: Anthropos, pp.133-154.

PINNOCK,D. 1991. Popularise, organise, educate and mobilise: Culture and communication in the 1980s. In: Tomaselli, K. & Louw, P.E., eds., *The alternative press in South Africa.* Bellville: Anthropos. Pp. 133-154.

POHL, A. Neethling. 1974. *Dankbaar die uwe.* Kaapstad: Human & Rousseau.

POSMEESTER-GENERAAL. 1935. Die Poskantoor, 1910-1935. In: *Jaarverslag van die Posmeester-generaal.* Pretoria: Staatsdrukker.

POTTER, E. 1975. *The press as opposition. The political role of South African newspapers.* London: Chatto & Windus.

PRETORIUS, G. 1959. *Man van die daad - 'n biografie van Bruckner de Villiers.* Kaapstad: HAUM.

PRETORIUS, L. 1979. Die Victoria-Kollege en die universiteit In: Smuts, F., red., *Stellenbosch drie eeue.* Stellenbosch: Stadsraad van Stellenbosch. Pp.368-372.

RAATH, A.W.G. & LOUW, R.M. 1993. *Vroueleed. Die lotgevalle van die vroue en kinders buite die konsentrasiekampe 1899-1902.* Bloemfontein: Oologsmuseum van die Boererepublieke.

RABE, L. 1985. *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Ongepubliseerde M Joernalistiek-tesis.

RAUTENBACH, C.H. 1975. *Versamelde geskrifte.* Kaapstad: HAUM.

REES, M. & DAY, C. 1980. *Muldergate.* Johannesburg: Macmillan.

RICHARD, D. 1985. *Moedswillig die uwe.* Johannesburg: Perskor.

RICHARD, D. 1986. *Tussen bid en droom.* Pretoria: Constantia.

RIES, A. & DOMMISSE, E. 1982. *Broedertwis.* Kaapstad: Tafelberg.

RIES, A. & DOMMISSE, E. 1990. *Leierstryd.* Kaapstad: Tafelberg.

ROSENTHAL, E. & NEAME, L.E. 1956. *Today's news today. The story of the Argus Company*. Johannesburg: Argus.

ROSENTHAL, E. 1974. *You have been listening...* Johannesburg: Purnell.

ROTHMAN, A., MURRAY, A., SCHLENGEMAN, E.A. & BUHR, J. 1924. *Retrospectemus - 'n weerspieëling van die laaste vyftigjaar, 1874-1924*. Stellenbosch: Universiteits-Debatsvereniging.

SAKER, H. 1980. *The South African flag controversy 1925-1928*. Kaapstad: Oxford University Press.

SCANNELL, J.P. (samesteller). 1965. *Keeromstraat 30*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

SCHILLER, D. 1993. Back to the future: prospects for study of communication as a social force. *Journal of communication*, 43(4):117-124.

SCHILLINGER, E. 1989. *A dynamic theory of world press motivation*. Presented at the 1989 annual convention of the Association for Education in Journalism and Mass Communication (AEJMC), Washington DC.

SCHLESINGER, P. 1987. On national identity: some conceptions and misconceptions criticized. *Social Science Information*, 26(2):219-264.

SCHOEMAN, B.M. 1977. *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*. Pretoria:

SCHOLTZ, G.D. 1974. *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*. Eerste band. Johannesburg: Perskor.

SCHOOMBEE, E. 1931. *'n Beoordeling van Die Huisgenoot as tydskrif gedurende sy bestaan as maandblad (Mei 1916-Oktober 1923)*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

SCHUDSON, M. 1991. Historical approaches to communication studies. In: Jensen, K.B. & Jankowski, N.W., eds., *A handbook of qualitative methodologies for mass communication research*. London: Routledge. Pp.175-189.

SERFONTEIN, J.H.P. 1970. *Die verkrampte aanslag.* Kaapstad: Human & Rousseau.

SHARP, J. 1989. Ethnic groups and nation: the apartheid vision in South Africa. In: Boonzaier, E. & Sharp, J., eds., *South African keywords.* Cape Town: David Philips. Pp.79-99.

SHAW, G. 1975. *Some beginnings - The Cape Times (1876-1910).* Cape Town: Oxford University Press.

SIEBERT, F.S., PETERSON, T. & SCHRAMM, W. 1956. *Four theories of the press.* Urbana, Illinois: University of Illinois.

SLABBERT, S. 1992. Die veranderlike konstantes van die Afrikaanse vrouetydskrif. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 32(3):193-208.

SLABBERT, F. van Z. 1988. Total immersion. *Leadership SA,* 7(4):95-99.

SMITH, J. 1963. "Ikeys, ons kry julle jammer!" Hoe die Stellenbosse voetballiedere ontstaan het. *Matieland,* April 1963.

SMITH, M.Y. 1989. The method of history. In: Stempel, G.H. & Westley, B.H., eds., *Research methods in mass communication.* Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall. Pp. 316-330.

SPIES, S.B. 1973. Heropbou en unifikasie, 1902-1910. In: Muller, C.F.J., red., *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica. Pp. 323-343.

ST LEGER, F.Y. 1975. *The African press in South Africa.* Unpublished PhD thesis. Grahamstown: Rhodes University.

STACKS, D.W. & HOCKING, J.E. 1992. *Essentials of communication research.* New York: Harper Collins.

STARTT J.D. & SLOAN, W.D. 1989. *Historical methods in mass communication.* Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

STEINMEYER, J. 1946. *Spykers met koppe.* Kaapstad: Nasionale Pers.

STENT, S. & B. 1972. *The forthright man.* Cape Town: Howard Timmins.

STEVENS, J.D. & GARCIA, H.D. 1980. *Communication history.* London: Sage.

STEYN, F. 1943. Dekade bestaan van die A.N.S.: Terugblik deur Oud-A.N.S.-ser. *Wapenskou*, Junie 1943.

STEYN, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal.* Kaapstad: Tafelberg.

STEYN, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikaner-nasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938.* Kaapstad: Tafelberg.

STULTZ, N. M. 1974. *Afrikaner politics in South Africa, 1939-1948.* Berkeley: University of California Press.

SWANEPOEL, C.J. 1983. 'n Vertraagde dankie. *Matieland*, 3:83.

SWITZER, L. & SWITZER, D. 1979. *The Black press in South Africa and Lesotho.* Boston: G.K. Hall.

TERBLANCHE, F.H. 1991. Nie verbale gedrag: kommunikasie, toegeskryfde kommunikasie en nie-kommunikasie. *Communicare*, 10(2):22-40.

TERBLANCHE, F.H. 1994. Die aard en gemeenskapskulturele dimensie van nie-verbale boodskapverkeer met spesifieke verwysing na emblematiese gedrag. *Communitas*, 1 (1994):32-54.

THERON, E. 1983. *Sonder hoed of handskoen.* Kaapstad: Tafelberg.

THOM, H.B. 1971. Dagbreek binne die groot geheel. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 22-30.

THOM, H.B. 1980. *D. F. Malan.* Kaapstad: Tafelberg.

THOMPSON, J.B. 1990. *Ideology and modern culture.* Stanford, California: Stanford University Press.

TOMASELLI, K. & LOUW, P.E. 1991. *The alternative press in South Africa.* Bellville: Anthropos.

TOMASELLI, K. 1983. *Ideology and cultural reproduction in South African cinema.* Unpublished PhD thesis. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

TOMASELLI, K., TOMASELLI, R. & MULLER, J. 1987. *Narrating the crisis: hegemony and the South African press.* Johannesburg:

TOMLINSON. F.R. 1988. *My deelname aan sport.* SWD Drukwerk BK.

TUCHMAN, B. 1991. *Practising history.* London: Papermac.

TYSON, H. 1993. *Editors under fire.* Sandton: Random House.

VAN BLERK, B.E. 1986. *Die musieklewe van Stellenbosch 1679-1950.* Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

VAN DEN BERG, J. 1974. Afrikaans en die radio. In: Kok, B., red., *Afrikaans ons pêrel van groot waarde.* Johannesburg: FAK. Pp. 206-223.

VAN DEN HEEVER, C.M. 1935. *Die Afrikaanse gedagte.* Pretoria: J.L. van Schaik.

VAN DER MERWE, D.F. 1971. Tydens die tweede 'Dagbreek-wêreldoorlog'. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch: Dagbreek. Pp. 68-73.

VAN DER MERWE, J.H. 1933. Studentetydskrifte op Stellenbosch. *Die Stellenbosse Oud-Student*, Sept. 1933.

VAN DER WALT, N.G.S. 1968. *Die republikeinse strewe: Dryfvere en probleme binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek 1902-1961.* Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DEVENTER, A. 1991. *Afrikaner nationalist politics and anti-communism, 1937-1945.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

VAN EEDEN, A. 1981. *Die Huisgenoot as gesinstydskrif van 1916 tot 1978.* Ongepubliseerde DLitt et Phil-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

VAN HEERDEN, E. 1988. *Die ligtende trein.* Kaapstad: Tafelberg.

VAN JAARSVELD, F.A. 1976. *Van Van Riebeeck tot Vorster.* Johannesburg: Perskor.

VAN JAARSVELD, F.A. 1978. *Omsingelde Afrikanerdom.* Pretoria: HAUM.

VAN NIEKERK, A.A. 1987. Die begrip ideologie: geskiedenis en konseptuele analise. In: Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.v.d.P. & Van Niekerk, A.A., reds., *Moderne politieke ideologieë.* Johannesburg: Southern. Pp. 3-33.

VAN PEURSEN, C.A. 1975. *Cultuur in stroomversnelling.* Amsterdam: Elsevier.

VAN REENEN, R. 1973. *Heldin uit die vreemde. Die verhaal van Emily Hobhouse.* Kaapstad: Tafelberg.

VAN REENEN, R. 1984. *Emily Hobhouse. Boer War letters.* Kaapstad: Human & Rousseau.

VAN SCHALKWYK, J. 1932. "1899-1904". *Die Stellenbosse Oud-Student,* Apr. 1932.

VAN SCHOOR, A.M. 1979. *Notes from my diary.* Pretoria: Makro.

VAN WYK, A. 1983. *Die Keeromstraat-kliek.* Kaapstad: Tafelberg.

VAN ZYL, D.J. 1965. Bloedigste kongres van die Nasionale Party In: Scannell, J.P., samesteller, *Keeromstraat 30.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel. Pp.192-196.

VAN ZYL, M. E. 1978. *Die geskiedenis van Het Westen en Die Volksblad, 1904-1925.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

VENTER, C.N. 1966. *Kultuur-en-versorgingswetenskap: veldverkenning van die kultuurhistoriese en kenteoretiese grondslae.* Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VENTER, F.A. 1971. Dit was glorieryke dae op Stellenbosch. In: Booyens, B. en K. Oosthuysen, reds., *Dagbreek 1921-1971.* Stellenbosch, Dagbreek. Pp. 63-68.

VERWOERD. W. 1988. Só het 1948 se Maties destyds dié politieke gebeurtenis beleef. *Matieland,* 1:88.

VILJOEN, J.H.M. 1953. *'n Joernalis vertel.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

VOSLOO, T. (red.) 1975. *Schalk Pienaar - 10 jaar politieke kommentaar.* Kaapstad: Tafelberg.

WESSELS, A. 1987. *Plaasseun en nyweraar.* Johannesburg: Perskor.

WESSELS, J. 1979. *Die samehang van koerant en politieke party struktureel en analities belig.* Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

WIID, J.A. 1973. Weeropbou, 1902-1908 *In:* Kruger, D.W., red.. *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasou. Pp. 434-462.

WILLIAMS, F. 1989. *The new communication.* Belmont, California: Wadsworth.

WILLIAMS, R. 1993. Texts and discourses. In: De Beer, A.S., ed., *Mass media for the ninetees.* Pretoria: J. L. van Schaik. Pp. 343-368.

ZIETSMAN, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.